# DIE POLITIEKE LOOPBAAN VAN MARGARET BALLINGER

deur

FRANCES ALEXANDER MOUTON

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes
vir die graad D. Phil.
in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte,
Universiteit van Pretoria

April 1990

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Margaret Ballinger
(Ballinger-versameling, Universiteit van die Witwatersrand)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## INHOUDSOPGAWE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| VOORWOORD | | viii |
| HOOFSTUK I | : MARGARET BALLINGER : DIE VROEë JARE EN VORMING VAN HAAR LIBERALE DENKE, 1894 - 1936 | 1 |
| HOOFSTUK II | : 'N MERKWAARDIGE OORWINNING : MARGARET BALLINGER SE VERKIESING TOT OOS-KAAPSE NATURELLEVERTEEN-WOORDIGER, 1937 | 25 |
| | - Die ontwikkeling van Suid-Afrika se rassebeleid tot 1936 | 25 |
| | - Die Naturelleverteenwoordigingswet van 1936 | 33 |
| | - Die debat oor deelname aan die naturelleverteenwoordigingstelsel | 36 |
| | - Ballinger se nominasie | 40 |
| | - Die ander kandidate | 43 |
| | - Die verkiesingstryd | 47 |
| | Die uitslag | 57 |
| | - Slot | 59 |
| HOOFSTUK III | : SEGREGASIE EN DIE JARE VAN HOOP, 1937 - 1948 | 60 |
| | - Ballinger en haar kollegas, hul doelwitte en taktiek | 60 |
| | - Pogings van Ballinger om segregasie te beveg en om die lewensomstandighede van die swarte te verbeter | 72 |
| | - Ballinger en die parlementêre partye | 86 |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

| | | | Bladsy |
|---|---|---|---|
| | - | Faktore wat Ballinger se taak as naturelleverteenwoordiger bemoeilik het | 92 |
| | - | Ballinger, die NVR en swart militantheid | 96 |
| | - | Ballinger en die buite-parlementêre politiek | 103 |
| | - | Die vestiging van Ballinger se reputasie as 'n uitstaande parlementariër | 109 |
| | - | Die einde van die era van hoop | 120 |
| | - | Samevatting | 123 |
| HOOFSTUK IV | : | DIE APARTHEIDSVERKIESING VAN 1948 IN DIE OOS-KAAPSE NATURELLE-KIESKRING | 125 |
| | - | Die motivering vir die NP se deelname aan die verkiesing | 125 |
| | - | Die nominasie van P.J. Schoeman | 126 |
| | - | Die verkiesingstryd | 131 |
| | - | Die apartheidsideologie in die verkiesingstryd | 141 |
| | - | Verkiesingstrategie | 143 |
| | - | Die uitslag en sy betekenis | 144 |
| HOOFSTUK V | : | DIE BALLINGER-SAAK : DIE POGING VAN DIE NASIONALE PARTY OM DIE BALLINGERS TE ONTSETEL | 146 |
| | - | Die motivering vir die aanslag op die Ballingers se parlementêre status | 146 |
| | - | Die regsbasis van die petisie | 148 |
| | - | Die indiening van die petisie en die besware teen die Ballingers se registrasie as kiesers | 150 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bladsy

- Die Ballingers veg terug 154
- Die hofsaak 157
- Die uitspraak en gevolge van die regsgeding 158

HOOFSTUK VI : APARTHEID EN DIE JARE VAN WANHOOP, 1948 - 1960 160

- Die ontwikkeling van die apartheidstaat 162
- Ballinger en haar mede-naturelleverteenwoordigers ná 1948 168
- Kampvegter teen apartheid 176
- Ballinger en die NP 192
- Ballinger, die buite-parlementêre politiek en die Liberale Party 195
- Ballinger se verhouding met die Arbeiders, VP en Progressiewe Party 205
- Ballinger as parlementariër in die era van apartheid 217
- 1960 - Die jaar van onrus 224
- Samevatting 232

HOOFSTUK VII : DIE TEëSINNIGE LEIER : MARGARET BALLINGER EN DIE LIBERALE PARTY VAN SUID-AFRIKA 234

- Ballinger se stormagtige termyn as leier 234
- Ballinger se lojaliteit aan die Liberale Party 243
- Die laaste jare : 1960 - 1968 247

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bladsy

HOOFSTUK VIII "NOZIZWE" - MOEDER VAN DIE VOLK : MARGARET BALLINGER EN HAAR KIESERS 250

- Ballinger se kontak met haar kiesers 250
- Ballinger as verteenwoordiger van haar kiesers 254
- Ballinger se aansien onder haar kiesers 256
- Ballinger se verhouding met die ANC 258
- Die effek van die militante swart nasionalisme op Ballinger se posisie as 'n naturelle-verteenwoordiger 260
- Die toenemende verwydering tussen Ballinger en haar kiesers 267

HOOFSTUK IX : DIE SKADUJARE, 1960 - 1980 273

HOOFSTUK X : SLOTBESKOUING 277

BRONNELYS 284

OPSOMMING 307

SUMMARY 309

---o0o---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## FOTO's, ILLUSTRASIES, KAARTE EN SPOTPRENTE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Margaret Ballinger | ii |
| 2. | Margaret Ballinger, 1914 | 4 |
| 3. | Prof. W.M. Macmillan | 6 |
| 4. | William en Margaret Ballinger, 1949 | 23 |
| 5. | Kaapse Naturellekieskringe, 1937 | 50 |
| 6. | D.B. Molteno en G.K. Hemming | 62 |
| 7. | D.M. Buchanan, K.C | 65 |
| 8. | "Mrs Margaret Ballinger (Cape Eastern Native Representative). Even the habitual non-listeners pay attention to what she has to say" | 112 |
| 9. | Dr. P.J. Schoeman | 127 |
| 10. | Kaapse Naturellekieskringe, 1948 | 133 |
| 11. | W.H. Stuart | 171 |
| 12. | W. Stanford, M. Ballinger en L. Lee-Warden | 175 |
| 13. | P.A. Moore | 208 |
| 14. | Op sleeptou | 210 |
| 15. | Margaret se liefling | 211 |
| 16. | "It is a good thing Mrs Ballinger is going, She's a whole Parliamentary team in herself" | 229 |
| 17. | "When Ballinger goes" | 231 |


---o0o---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## VOORWOORD

'n Kenmerk van die Suid-Afrikaanse politieke geskiedskrywing is die feit dat biografieë hoofsaaklik oor die groot staatsmanne, die premiers of kabinetslede handel. Die gewone parlementslid wat blanke kiesers verteenwoordig en nooit kabinetsvlak bereik het nie, word meestal geïgnoreer. Enkele uitsonderings in dié verband is T. Wilks se Douglas Mitchell, J. Strangwayes-Booth se studie oor Helen Suzman, A cricket in the thorn tree, E. Alexander se boek oor haar man Morris Alexander en H.C. Hopkins se werk oor die lewe van senator C.A. van Niekerk, Maar één soos hy. Dieselfde geld die naturelleverteenwoordigers wat kragtens die Naturelleverteenwoordigingswet van 1936 die swartes tot 1960 in die Suid-Afrikaanse Parlement verteenwoordig het. Hulle was werksaam in uitsonderlike omstandighede wat nie vir die konvensionele blanke parlementariër gegeld het nie. Só het hulle byvoorbeeld reusagtige kiesafdelings met swart kiesers in 'n blanke parlement waarvan die lede oorwegend segregasioniste was, verteenwoordig. Aansluitend daarby was hulle onbetrokke by die blanke partypolitiek wat die Parlement jare lank oorheers het. Ondanks hierdie unieke posisie van die naturelleverteenwoordigers is daar, afgesien van D. Scher se Donald Molteno. "Delizintaba - He-who-removes-mountains" (Johannesburg, 1979) en C.A. Higgs se M.A.-verhandeling, The political thought and career of Edgar H. Brookes (Queens University, 1984) feitlik niks oor hulle geskryf nie.

Opvallend in hierdie verband is die geval van Margaret Ballinger wat tydens haar merkwaardige parlementêre loopbaan van 23 jaar (1937 tot 1960) as die Oos-Kaapse naturelleverteenwoordiger in die Volksraad 'n internasionale reputasie as 'n merkwaardige en briljante parlementariër, 'n hardwerkende verteenwoordiger van haar kiesers en 'n onvermoeide en onwrikbare opponent van enige politieke en rasse-onverdraagsaamheid opgebou het. Dit was veral haar stryd as 'n kampvegter vir die regte van Suid-Afrika se swartmense en die filosofie van liberalisme wat haar 'n legende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

in haar eie leeftyd gemaak het. Daarby was Ballinger die eerste leier van die Liberale Party van Suid-Afrika en die eerste vrou wat 'n politieke party in Suid-Afrika aangevoer het. Nieteenstaande hierdie prestasies en die hoë aansien wat sy geniet het, het Ballinger se politieke loopbaan, buiten 'n oorsigtelike artikel van D.M. Scher[1], en P.H. Butterfield se artikel in die Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel 5, ongemerk in die wetenskaplike geskiedskrywing verbygegaan.

In werke oor Suid-Afrika se rassebeleid word haar loopbaan gewoonlik tot 'n voetnota beperk. Sy word byvoorbeeld nie eers vermeld nie in die Readers Digest se Illustrated history of South Africa, wat as "The real story" van die Suid-Afrikaanse geskiedenis voorgehou word. Dit geld ook C. Walker se Women and resistance in South Africa, waarin sy net terloops vermeld word. 'n Belangrike rede vir die feit dat Ballinger geïgnoreer word, is die omwenteling in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing die afgelope aantal jare en die verskuiwing van die klem na die buite-parlementêre terrein. In die proses het 'n blinde kol ontwikkel ten opsigte van die rol van parlementariërs soos die naturelleverteenwoordigers in die stryd teen apartheid. Hierdie studie is daarom nie net 'n poging om 'n opvallende leemte in die Suid- Afrikaanse politieke geskiedskrywing oor een van Suid-Afrika se moedigste en bekwaamste parlementariërs te vul nie, maar ook om die unieke posisie van 'n naturelleverteenwoordiger in die Suid- Afrikaanse politiek te ontleed. Ballinger se loopbaan bied hierdie geleentheid aangesien sy die enigste naturelleverteenwoordiger was wat die stelsel van sy instelling tot afskaffing meegemaak het. Daar sal dus gepoog word om te bepaal waarom sy haar in die eerste plek verkiesbaar gestel het, wat sy beoog het om te bereik, hoe sy haar taak benader het, wat die frustrasies verbonde aan hierdie onnatuurlike opset in die Suid-Afrikaanse politiek was, wat die verhouding met haar

---

1 D.M. Scher: Teaching and making history: The remarkable career of Margaret Ballinger, (Kleio, vol. xiii, 1981), pp. 32-40.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kiesers was, en wat sy uiteindelik bereik het. Met hierdie studie word dus beoog om die loopbaan van 'n unieke en komplekse indiwidualis te ontleed, iemand wat alles in haar vermoë gedoen het om haar ideaal van 'n veelrassige en demokratiese Suid-Afrika te verwesenlik.

In dié studie word ook Ballinger se posisie as 'n Suid-Afrikaanse liberaal ontleed en lig gewerp op die nuanses binne die liberale kamp. Alhoewel sy vermeld word in werke oor die Suid-Afrikaanse liberalisme, soos in P. Lewsen: Voices of protest, J. Butler, R. Elphick, en D. Welsh (reds.): Democratic liberalism in South Africa, J. Robertson: Liberalism in South Africa 1948-1963, en P.B. Rich: White power and the liberal conscience, bestaan daar geen diepte-ontleding van Ballinger se liberalisme en hoe dit haar politieke optrede beïnvloed het en van die ander vorme van liberalisme verskil het nie. Tydens haar politieke loopbaan is sy byvoorbeeld as Suid-Afrika se bekendste liberaal beskou. Maar in werklikheid het sy in 'n komplekse verhouding met die Suid-Afrikaanse liberale "establishment" gestaan. Sy was byvoorbeeld nooit deel van die liberale hoofstroom nie, maar 'n randfiguur wat tot 1943 as té radikaal en ná 1953 weer as té konserwatief beskou is. Hierdie studie bied 'n verduideliking waarom haar verhouding met die Liberale Party stormagtig was en waarom sy, alhoewel haar politieke optrede op die beginsels van liberalisme gebaseer was en sy dit ook gepropageer het, 'n politieke alleenloper buite die liberale "establishment" was.

Ook word aantygings van revisioniste soos M. Legassick, P.B. Rich (kyk voetnotas 2 en 3) en swart militantes teen Suid-Afrikaanse liberale soos Ballinger weerlê. Hulle beskou hierdie liberale nie as kampvegters vir vryheid en geregtigheid nie, maar as meelopers van die beleid van blanke oorheersing. Volgens hulle het 'n liberaal soos Ballinger met haar betrokkenheid by die stelsel van naturelleverteenwoordiging legitimiteit aan segregasie verleen en bygedra om die *status quo* van blanke oorheersing te handhaaf. Hul aanklag is dat sy meegehelp het om die illusie te handhaaf dat die swartes wél politieke verteen-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

woordiging geniet het, waarmee gepoog sou word om die swarte polities apaties te hou. Oor die aktiwiteite van die blanke liberale het Legassick hom soos volg uitgelaat:

> "Most of their activities can be simply interpreted in terms of social control, and many of the reforms they advocated were intended to resolve the contradictions of segregation rather than challenge its premises."[2]

Rich steun hierdie aanname, terwyl hy ook aanvaar dat die blanke liberale deurentyd probeer het om die swart versetpolitiek tot hul eie voordeel te manipuleer en sodoende te verhoed dat dit té radikaal word en hul eie bevoorregte blanke lewenswyse kon bedreig.[3] In sy resensie van Scher se boek oor Molteno was dit ook een van die belangrikste aanklagte van Peter Horn teen die blanke liberale.[4]

Hierdie afleiding, tesame met die standpunt dat blanke liberale soos Ballinger slegs meelopers van segregasie was, word tans deur talle anti-apartheidsaktiviste klakkeloos aanvaar,[5] alhoewel dié interpretasie van die waarheid verwyder is. In werklikheid is Legassick en Rich se aannames, soos D. Welsh tereg daarop wys in sy resensie van Rich se boek, op veralgemenings gebaseer.[6] Die rol van die naturelleverteenwoordigers word veroordeel sonder dat hul optrede in die Parlement ontleed word.

----------------------

2 M. Legassick: Race, industrialization and social change in South Africa: The case of R.F.A. Hoernlé, (African Affairs, vol. 75, 1976), p. 239.

3 P.B. Rich: White power and the liberal conscience.

4 P. Horn: Donald Molteno and South African liberalism, (Social Dynamics, vol. 5, nr. 2, 1979).

5 N. Alexander: Aspects of non-collaboration in the Western Cape 1943-1963, (Social Dynamics, vol. 12, nr. 1, 1986), p. 7.

6 Forum: Liberalism in South Africa, (Social Dynamics, vol. 10, nr. 1, 1984).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Deur 'n deeglike ondersoek van Ballinger se politieke loopbaan sal getoon word dat die aantygings nie op haar van toepassing is nie, en dat haar politieke loopbaan in diens gestaan het van haar gehegtheid aan die ideaal van 'n demokratiese en regverdige Suid-Afrika.

Daar word ook gekyk na watter invloed die houding teenoor die vrou in professionele verband op Ballinger se politieke loopbaan uitgeoefen het, en wat sy vir vroueregte bereik het alhoewel sy nooit 'n aktiewe feminis was nie.

Vir die doeleindes van hierdie proefskrif is grootliks op argiefmateriaal staatgemaak. Van groot waarde was die omvangryke Ballinger-versameling wat tussen die Universiteite van die Witwatersrand en Kaapstad verdeel is. Die navorsing is deur die raadpleging van Ballinger se vriende en tydgenote se versamelings aangevul. Dit behels versamelings van persone soos D.B. Molteno, L. Marquard, J.D. Rheinallt Jones, A.B. Xuma, J.C. Smuts, M.D.C. De Wet Nel, E.G. Jansen, W.M. Macmillan en W. Holtby. Aansluitend daarby is dokumente van politieke partye soos die Nasionale Party, die Verenigde Party en die Liberale Party by onderskeidelik die Instituut vir Eietydse Geskiedenis, die biblioteek van die Universiteit van Suid-Afrika en van die Universiteit van die Witwatersrand geraadpleeg. Daar is ook op groot skaal van parlementêre debatte en koerantberigte gebruik gemaak, terwyl persoonlike mededelinge en korrespondensie met Ballinger se vriende en tydgenote van onskatbare waarde was. Ongelukkig kon geen prominente kieser of swart ondersteuner van haar opgespoor word nie.

Ballinger se posisie as 'n onafhanklike politikus wat afsydig van die blanke partypolitiek was, het die navorsing oor haar loopbaan bemoeilik. Sy word byvoorbeeld nie in talle van haar tydgenote, soos 'n J.G.N. Strauss, H.F. Verwoerd, J.S. Marwick, G.H. Nicholls of J.H. Hofmeyr se versamelings vermeld nie omdat sy nie by party-intriges of die stryd tussen die blanke poli-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tieke partye betrokke was nie. Dit geld ook outobiografieë van voormalige politici en studies oor die Suid-Afrikaanse politiek waarin sy soms net terloops vermeld word.

'n Verdere probleemgebied is die gebrekkige inligting oor Ballinger se vroeë jare. In die brand van 1931 by die Universiteit van die Witwatersrand is dokumente oor haar uit hierdie tydperk vernietig, en omdat sy geen kinders gehad het nie, is daar geen lewende onmiddellike familie om die nodige biografiese materiaal te voorsien nie. Daar is dus talle vrae oor haar vroeë jare wat onbeantwoord sal bly. Dit geld veral ten opsigte van haar verhouding met haar ouers en die grondlegging van haar liberale beginsels.

Om moontlike verwarring te voorkom, wil ek die gebruik van die woord naturelle in die teks verduidelik. Die term swartmense word in die reël gebruik, behalwe as na "naturelleverteenwoordigers", "naturelleverteenwoordiging", "naturellevraagstuk" en "naturellereservate" verwys word omdat dit destyds die gebruiksvorm was. Die term "rassevraagstuk" dui op blank-swart verhoudinge en nie op die Afrikaner-Engelssprekende verhoudinge waarvoor dit in die vroeë dekades van dié eeu gebruik is nie.

Weens die unieke aard van Ballinger se politieke loopbaan is sowel 'n chronologiese as tematiese benadering gevolg. Haar loopbaan word grootliks chronologies bespreek, maar twee aspekte daarvan word as temas in afsonderlike hoofstukke behandel: haar verhouding met haar kiesers en dié tussen haar en die Liberale Party. (Die stigting van die party word wél in die chronologiese hoofstukke bespreek.) Weens Ballinger se besonderse posisie as naturelleverteenwoordiger vereis eersgenoemde 'n hoofstuk op sigself. Net so is haar verhouding met die Liberale Party as tema in een hoofstuk behandel aangesien haar leierskap en aktiwiteit in die Liberale Party weinig met haar parlementêre optrede te doen gehad het en dit 'n belangrike aanduiding van haar komplekse verhouding met Suid-Afrikaanse liberalisme was.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ek betuig graag my dank aan almal wat bereid was om my vir onderhoude te woord te staan. Dit geld ook die hulpvaardige personeel van die biblioteke van die Universiteite van Kaapstad, die Witwatersrand, Pretoria, Suid-Afrika, die Hull Central Library, Rhodes House (Oxford), Killie Campbell Africana-biblioteek, die Staatsbiblioteek, die Instituut vir Eietydse Geskiedenis, asook die Sentrale en Natalse Argiefbewaarplek. Die ondersteuning en hulp van mev. A. Cunningham en mej. M. Pickover van die Universiteit van die Witwatersrand word besonder hoog gestel. Ook 'n woord van dank aan dr. D.H. Heydenrych, wat die tema voorgestel het en vir sy leiding. Aan al diegene wat belangstelling in my navorsing getoon het, veral Aline, Japie Brits, John Lambert, Albert Grundlingh en At van Wyk, wil ek ook my waardering uitspreek.

F.A. Mouton
April 1990

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| AAC | All-African Convention |
| ANC | African National Congress |
| COD | Congress of Democrats |
| CYL | Congress Youth League |
| FOA | Society of the Friends of Africa |
| ICU | Industrial and Commercial Workers' Union |
| INEG | Instituut vir Eietydse Geskiedenis |
| JGR | Johannesburgse Gesamentlike Raad vir Blankes en Swartes |
| JLG | Johannesburg Liberal Group |
| KPSA | Kommunistiese Party van Suid-Afrika |
| LP | Liberale Party |
| LV | Lid van die Volksraad |
| NCW | National Council of Women |
| NP | Nasionale Party |
| NVR | Naturelle Verteenwoordigende Raad |
| PAC | Pan-Africanist Congress |
| SAB | Sentrale Argiefbewaarplek |
| SAIR | Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge |
| SALA | South Africa Liberal Association |
| SAP | Suid-Afrikaanse Polisie |
| UK | Universiteit van Kaapstad |
| UNISA | Universiteit van Suid-Afrika |
| UW | Universiteit van die Witwatersrand |
| VN | Verenigde Nasies |
| VP | Verenigde Party |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# HOOFSTUK I

## MARGARET BALLINGER : DIE VROEë JARE EN VORMING VAN HAAR LIBERALE DENKE, 1894 - 1936

Violet Margaret Livingstone Ballinger[1] is op 11 Januarie 1894 in Glasgow, Skotland, gebore as die derde en jongste kind van Lillias en John Hodgson, 'n handelsreisiger.[2] Ongeag haar Skotse afkoms het Margaret, ofte wel Peg of Peggy, soos sy onder haar vriende bekend gestaan het, reeds van haar geboorte af noue bande met Suid-Afrika gehad. Haar vader het reeds in die tagtigerjare van die negentiende eeu na Suid-Afrika gekom en 'n burger van die Vrystaatse Republiek geword. Tydens die Anglo-Boereoorlog het hy hom as 'n lid van die Ierse Regiment by die Boeremagte geskaar. In die verloop van die oorlog is hy krygsgevange geneem en 18 maande op St. Helena aangehou. Sy betrokkenheid in hierdie oorlog was altyd 'n bron van trots vir Ballinger. Ironies genoeg sou sy later deur sommige Nasionale Party (NP) -Volksraadlede as 'n Boerehater uitgekryt word. Ná die oorlog is John Hodgson teen sy wil na Skotland gerepatrieer. Weens die vooroordele teenoor hom ná sy steun aan die Boere kon hy nie aanpas nie en het hy in 1904 met sy gesin na Suid-Afrika geïmmigreer. Met hul aankoms het die Hogdson-gesin hulle as brandarm immigrante in Port Elizabeth gaan vestig. Om kop bo water te hou, het John Hodgson as boekhouer en sekretaris gewerk. Die gesin het hul na 'n ruk in Steytlerville in die Karoo gaan vestig waar Hodgson die skoolsekretaris was. Ná twee jaar is hulle terug na Port Elizabeth aangesien die vader sy gesin beter onderwysgeleenthede wou bied.[3] In Port Elizabeth

----------------------

1 Ten einde verwarring te voorkom, sal daar deurgaans in hierdie hoofstuk, selfs in die tydperk vóór haar huwelik, na Margaret Ballinger verwys word.

2 Universiteit van die Witwatersrand, Ballinger-versameling, (hierna slegs UW/Ballinger) A1.2.1: Afskrif van Margaret Ballinger se geboortesertifikaat.

3 R. Segal: Political Africa, a who's who of personalities and parties, p. 26; D. Marais: The voice of ten million, (Milady, Julie 1955); Sunday Times, 15 Mei 1960, (Margaret Ballinger's 23 year career as an MP ends).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het Ballinger haar laaste kinderjare in 'n beskermde en politiek-bewuste huisgesin ("Scottish Radical Stock", soos sy na haar ouers verwys het) in die tradisies van die Kaapse liberalisme deurgebring. Hierdie liberale atmosfeer, gegrond op die beginsels van gelykheid voor die reg, geen kleuronderskeid, politieke verdraagsaamheid en die reg van die individu, het 'n blywende effek op haar lewe en veral haar latere politieke loopbaan uitgeoefen. Haar intense besorgdheid oor die lot en regte van die Suid-Afrikaanse swarte, wat in haar politieke loopbaan so 'n belangrike rol sou speel, het dus tydens haar jeug 'n aanvang geneem.[4] Die liberale atmosfeer waarin Ballinger groot geword het, was in skerp teenstelling met die rassebeleid van segregasie wat in Suid-Afrika gegeld het.

Soos die bekende liberaal, prof. R.F.A. Hoernlé, dit opgesom het:

> "The fundamental fact in the South African scene is the domination of Whites over Blacks .... To maintain this domination is the deepest aim of South African Native Policy."[5]

Ballinger sou haar lewe daaraan wy om hierdie rassebeleid te beveg.

Haar belangstelling in die opheffing van die minderbevoorregtes was moontlik ook die gevolg van haar vader se swak finansiële posisie. Toe John Hodgson in 1927 oorlede is, het hy 'n boedel van slegs £240 nagelaat.[6]

Persoonlikheidsgewys het Ballinger, behalwe in haar verhouding met vriende, in 'n effens teruggetrokke persoon met 'n sterk

-----------------------

4 M. Ballinger: <u>From union to apartheid. A trek into isolation</u>, p. 37; P. Lewsen: Cape Liberalism in its terminal phase, p. 33, in D.C. Hindson (red.): <u>Working Papers In South African Studies</u>, vol. II.

5 P. Lewsen: <u>Voices of protest</u>, p. 20.

6 Natalse Argiefbewaarplek (NAB). Boedel van John Hodgson, no. 368/1927.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

karakter en wil ontwikkel. Sy was dus 'n persoon wat bereid was om te veg vir dit waarin sy geglo het.

Ballinger het haar skoolopleiding in Port Elizabeth voltooi toe sy in 1910, ongeag haar Presbiteriaanse agtergrond, aan die Holy Rosary Convent gematrikuleer het. Die stadsraad se goue medalje vir die beste matrikulant is daarop aan haar - die eerste meisie om dit te ontvang - vir haar prestasies toegeken.[7] Haar briljante akademiese loopbaan het hierna 'n aanvang geneem toe sy na afloop van haar matriekjaar vir 'n jaar na die Hugenote-kollege op Wellington gegaan het om die intermediêre eksamen van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop af te lê.[8] Daarna het sy in 1912 by die Rhodes-Universiteitskollege in Grahamstad vir 'n graadkursus met Geskiedenis as haar hoofvak geregistreer.[9] Sy het baanbrekerswerk verrig toe sy een van die eerste inwonende dames van die universiteitskoshuise geword het. By Rhodes het sy met die later bekende liberale historikus W.M. Macmillan as dosent kennis gemaak. Dit sou tot 'n vennootskap van 20 jaar lei en 'n belangrike invloed op haar denkwyse uitoefen. Sy was volgens Macmillan 'n merkwaardige student. Sy was byvoorbeeld die enigste student in haar klas van 1913 wat die honneursgraad in Geskiedenis met lof kon verwerf. Een van haar uitgestofte klasmaats was Albertus Geyer, die latere redakteur van Die Burger en Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen.[10] Ballinger se prestasie het haar die Queen Victoria Scholarship besorg om verder aan Oxford te studeer. Die daaropvolgende jaar

-----------------------

7 Holy Rosary Convent, commemorative magazine 1867-1982, p. 41; UW/Ballinger, A1.1: The Ballingers - An appreciation by Robin Spence.

8 Argief van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Kaapland), Hugenote-Kollege-versameling: KBA-V20-8/1: Toelatingsregister 1907-1926.

9 R.F. Currey: Rhodes University 1904-1970, a chronicle, p. 45.

10 W.M. Macmillan: My South African years, p. 115; UW/Ballinger, B2.16.1 (Lêer 1): Getuigskrif van W.M. Macmillan, 10 Oktober 1933.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Margaret Ballinger, 1914
(V.M.L. Ballinger-versameling, Universiteit van Kaapstad)

het sy by Somerville College, Oxford, vir haar M.A. in Geskiedenis geregistreer. 'n Mede Suid-Afrikaner wat terselfdertyd saam met sy moeder by Oxford aangemeld het, was die briljante J.H. Hofmeyr. Die besorgde mev. Hodgson, wat Margaret begelei het, het die dominerende mev. Hofmeyr gevra om 'n beskermende ogie oor haar dogter te hou. Hierdie reëling het Ballinger, wat haar eie wil gehad het, se goedkeuring beslis nie weggedra nie. Die gevolg was dat sy haar teen mev. Hofmeyr se dominering en indringerigheid verset het.[11] Mev. Hofmeyr se persoonlikheid was 'n moontlike rede waarom daar tydens hul studentejare geen hegte of blywende vriendskap tussen die twee jongmense ontwikkel het nie.

Ballinger was aktief betrokke by haar kollege se studente-aktiwiteite en sy het haar veral in Somerville se studenteparlement onderskei. In 1916 was sy daarin die leier van die parlementêre opposisie, terwyl sy later in die jaar premier geword het. Haar liberale beginsels het in haar parlementêre optrede duidelik na vore getree. Sy het byvoorbeeld in 1915 'n mosie ondersteun dat steenkoolwerkers nie vir die duur van die oorlog verbied moes word om te staak nie. Sy het dan ook die individuele regte van die mynwerker beklemtoon.[12] Ook op akademiese terrein het sy haar onderskei en in 1916 is Somerville College se Edith Coombsprys vir Geskiedenis aan haar toegeken.[13]


In 1917 het Ballinger haar finale eksamen vir die M.A.-graad afgelê en 'n tweedeklas-slaagpunt behaal. Met haar terugkeer na Suid-Afrika in dieselfde jaar is sy in die vakante pos van lektor in beheer van Rhodes se Geskiedenisdepartement, wat vroeër deur Macmillan beklee is, aangestel. Macmillan is intussen as die departementshoof vir Geskiedenis by die Universiteit van die

----------------------

11 A. Paton: <u>Hofmeyr</u>, pp. 56, 63; V. Brittain: <u>The women at Oxford</u>, pp. 144, 251.

12 Amptelike uitknipselboek van Somerville College (Somerville-argief).

13 Akademiese rekord van V.M.L. Hodgson (Somerville-argief).



Prof. W.M. Macmillan
(Universiteit van die Witwatersrand)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Witwatersrand (Wits) aangestel. Ballinger het haar pos onder moeilike omstandighede tot aan die einde van 1919 behou tot dit in 'n professoraat omskep is. Aangesien die universiteitsowerhede vroue nie geskik beskou het om so 'n pos te vul nie, is prof. I.J. Rousseau in hierdie hoedanigheid aangestel. Daarna het Ballinger in Junie 1920 na Johannesburg verhuis om 'n jaar lank op te tree as die waarnemende hoof van die Geskiedenisdepartement van Wits in die afwesigheid van Macmillan wat met verlof was. Ná Macmillan se verlof verstryk het, het sy egter aangebly en in 1921 'n permanente pos by die Universiteit aanvaar. By twee verdere geleenthede, in 1926 en 1933, het sy weer as waarnemende departementshoof opgetree. Sy het in 1926 en 1927 in dieselfde hoedanigheid in die Departement Ekonomie opgetree.[14] As dosent het Ballinger haar stempel afgedruk as bekwaam, deeglik en logies, alhoewel soms vervelig.[15] As 'n navorser was sy net so deeglik en hardwerkend en ondanks haar swaar werklas[16] en die gebrekkige geleenthede om Geskiedenisnavorsing in Suid-Afrika te publiseer, het sy wél 'n aantal publikasies die lig laat sien. Dit was naamlik artikels soos, "The Hottentots in South Africa to 1828. A Problem in Labour and Administration" (South African Journal of Science, 1924), "The Origin of the Cape Franchise", "The Extension of the Cape Franchise" en "The Cape Franchise and the North", wat in 1925 in die Cape Times verskyn het. In 1930 is 'n lesing van haar, "The Urban Native : A Plea for the Study of History" deur die Christian Students Association of South Africa gepubliseer, terwyl die artikel "Britain as Trustee in Africa" in die Political Quarterly van Julie-September 1932 gepubliseer is. Aansluitend daarby het sy 'n bydrae, "Holland in Africa" in E. Eyre (red.): "European

----------------------

14 UW/Ballinger, B2.16.1 (Lêer 1): Aansoek van M.L. Hodgson vir die vakante pos van Geskiedenisdepartementshoof, 19 Desember 1933; Sunday Times, 15 Mei 1960, (Margaret Ballinger's 23 year career as an MP ends).

15 B.K. Murray: Wits, the early years, p. 128.

16 W.M. Macmillan: My South African years, p. 217.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Civilisation, its Origin and Development", 1939, vol. viii, gelewer. Buiten hierdie publikasies het Ballinger in 1924 die manuskrip vir 'n Geskiedenishandboek vir publikasie voorgelê. Weens ekonomiese redes is dit egter nie aanvaar nie.[17]

Buiten haar werksaamhede as 'n dosent was Ballinger ook die eerste hoof van die Universiteit se dameskoshuis vanaf 1922 tot 1924. Sy het egter ná voortdurende botsings met J.H. Hofmeyr, toe rektor van die Universiteit, en sy dominerende moeder, uit hierdie hoedanigheid bedank. Hierdie gebeure en nog talle ander botsings by Wits het 'n blywende invloed op hul vriendskap uitgeoefen en dit was een van die redes waarom twee van Suid-Afrika se leidende liberale nooit sou saamwerk nie.[18]

Die mees uitstaande kenmerk van Ballinger se akademiese loopbaan by Wits was haar assosiasie met die bekende professor Macmillan. Saam het hulle 'n gedugte paar gevorm wat vir hul departement se hoë akademiese reputasie en liberale karakter verantwoordelik was. Hierdie assosiasie met Macmillan sou ook 'n blywende effek op haar politieke denke en loopbaan uitoefen. Sy was nie 'n oorspronklike denker soos Macmillan nie, maar eerder 'n dissipel van hom en haar politieke filosofie was op sy idees gebaseer.[19] Hier kan veral na haar ekonomiese benadering tot die politiek verwys word (kyk bv. pp. 73-75). Macmillan het altyd aangevoer dat ekonomiese oorwegings, en nie ras of kleur nie, die belangrikste faktor in die Suid-Afrikaanse geskiedenis was.[20]

-----------------------

17 UW/Ballinger, B2.16.1 (Lêer 1): Aansoek van M.L. Hodgson vir die vakante pos van Geskiedenisdepartementshoof, 19 Desember 1933.

18 A. Paton: Hofmeyr, pp. 113-114.

19 Vir meer inligting oor prof. Macmillan en sy denke kan die toepaslike hoofstuk in C. Saunders: The making of the South African past. Major historians on race and class geraadpleeg word.

20 H. Macmillan: 'Paralyzed conservatives'. W.M. Macmillan, The social scientists, and "the common society", 1923 - 1948, (Conference to mark the centenary of W.M. Macmillan, 4 - 5 October 1985, Institute of Commonwealth Studies, University of London.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Net soos Macmillan was sy ook 'n sosiaal-demokraat wie se sosialisme op die model van Fabianisme gebaseer was.[21] Die "Fabian Society" is in 1883 in Brittanje gestig en was 'n sosialistiese organisasie wie se hoofdoel die rekonstruksie van die samelewing op sosialistiese beginsels was. Die organisasie het alle revolusionêre metodes verwerp en hul vertroue in propaganda, opvoeding en samesprekings geplaas.[22] Haar Fabianisme was aanvullend tot haar liberale beginsels. Die Fabianistiese filosofie van 'n evolusionêre proses deur die bevoorregtes om die minderbevoorregtes se posisie te verbeter en 'n beter samelewing daar te stel, was 'n sentrale tema van haar politieke beginsels. 'n Gevolg van hierdie benadering was dat sy van die meerderheid Suid-Afrikaanse liberale verskil het wat liberalisme in terme van die Lockeaanse tradisie as die weerhouding van staatsinmenging in die optrede van die individu beskou het. Haar sosiaal-demokratiese benadering het behels dat die staat as 'n instrument aangewend moes word om die sosio-ekonomiese posisie van die minderbevoorregtes te verbeter.[23] Hierdie sienswyse van Ballinger het haar links van die liberale hoofstroom in Suid-Afrika geplaas.

Om Ballinger se posisie as 'n liberaal te evalueer, vereis dat die Suid-Afrikaanse liberalisme eers in perspektief geplaas moet word. Die Suid-Afrikaanse liberalisme was 'n produk van die negentiende-eeuse Britse liberalisme wat veral in die Kaapkolonie inslag gevind het. Dit het die beginsels van 'n parlementêre regering, die oppergesag van die reg, die vryheid van denke en spraak en die regte van die individu as basiese uitgangspunte gehad.[24] Hierdie liberale beginsels het Alan Paton, een van Suid-Afrika se bekendste liberale, soos volg beskryf:

-----------------------

21 Umlindi we Nyanga, 15 Maart 1941, (Woman MP in the news).

22 E.J. van Rensburg: Fabianisme (Ongepubl. B.A. Hons.-referaat, Universiteit van Pretoria, 1983).

23 R.J. Haines: Dr. Edgar H. Brookes and the liberalism of the 1930's, (Ongepubl. B.A. Hons.-skripsie, Universiteit van Natal, 1975), pp. 68-69.

24 J. Robertson: Liberalism in South Africa 1948-1963), p. 5.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

> ".... a generosity of spirit, a tolerance of others, an attempt to comprehend otherness, a commitment to the rule of law, a high ideal of the worth and dignity of man, a repugnance for authoritarianism and a love of freedom."[25]

Soos reeds gemeld, was dit die beginsels waarmee Ballinger groot geword het en waaraan sy lojaal gebly het. Die belangrikste kenmerk van die Kaapse liberalisme wat sy ten volle ondersteun het, was die beginsel van 'n gekwalifiseerde stemreg sonder 'n kleurslagboom en met beskawingspeil as norm. Dit het sy as die oplossing vir Suid-Afrika se komplekse rassevraagstuk beskou. Die Kaapse liberalisme het egter 'n groot terugslag beleef toe die Kaapse stemreg nie met Uniewording na die res van Suid-Afrika uitgebrei is nie (kyk pp. 25-26). Ná 1910 het die Kaapse liberalisme toenemend steun verloor[26], terwyl segregasie deur wetgewing versterk is. Daar was nietemin steeds verskeie parlementslede, veral in die Suid-Afrikaanse Party en later die Verenigde Party (VP), wat hulleself as liberale beskou het en die tradisionele liberale beginsels van die minimum regeringsinmenging ten opsigte van die regte van die individu, die oppergesag van die reg, die onafhanklikheid van die regbank en die onaantasbaarheid van die grondwet aangehang het. Hierdie liberale, soos byvoorbeeld M. Kentridge, H. Lawrence, V.L. Egeland, F.S. Malan[27] en selfs J.H. Hofmeyr, het 'n paternalistiese houding teenoor die swarte ingeneem, naamlik dat hulle meer regverdig behandel moes word, terwyl bestaande swart regte, soos die Kaapse stemreg, behou moes word. Teen die *status quo* van blanke voogdyskap het hulle hul nie uitgespreek nie, terwyl sekere aspekte van segregasie na hul mening selfs tot die voordeel

----------------------

25 R.J. Haines: Dr. Edgar H. Brookes and the liberalism of the 1930's, p. I.

26 E.H. Brookes: The colour problems of South Africa, pp. 82-83.

27 P. Kallaway: F.S. Malan, the Cape liberal tradition, and South African politics 1908-1924, (Journal of African History, vol. XV, nr. 1, 1974), pp. 113-129; L. Egeland: Bridges of understanding, p. 111.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die swarte beskou is. In sy identifisering van twee liberale denkstrome verwys Saul Dubow na hierdie liberale as die

> "... universalist-inclined liberal stream .... committed to the abstract principles of market-economics and bourgeois democratic rights."[28]

Die tweede liberale denkstroom omskryf Dubow soos volg:

> ".... a pluralist-informed liberal variant .... characterised by a pragmatic tradition of welfarism representing itself as the protector or guardian of 'native interests'."[29]

Hierdie laasgenoemde groep liberale het 'n deeglike studie van die swarte en sy behoeftes gemaak en hulle aktief beywer om die swarte se sosio-ekonomiese posisie en die *status quo* in Suid-Afrika te verander. Dit is in hierdie tweede stroom dat Ballinger haar bevind het, behalwe dat haar "welfarism" nie op pragmatisme nie, maar op haar Fabianisme gebaseer was. Wat haar van die eerste stroom vervreem het, was dat sy alle vorms van segregasie verwerp het. Net soos Macmillan het sy gevoel dat segregasie in 'n twintigste-eeuse Suid-Afrika prakties onmoontlik was weens die onlosmaaklike ineenstrengeling van blank en swart in 'n gesamentlike gemeenskap. Die swarte moes dus stelselmatig by alle aspekte van die gemeenskap betrek word, terwyl die Kaapse stemreg na die res van Suid-Afrika uitgebrei moes word.[30] Deur 'n stadige evolusionêre proses sou Suid-Afrika dus in 'n meer regverdige en demokratiese gemeenskap omskep word. Hierdie benadering het haar van die meerderheid blanke Suid-Afrikaners vervreem wat enige vorm van politieke regte vir die swarte as 'n bedreiging vir hul voortbestaan beskou het, en gevolglik persone wat sulke regte gepropageer het as verfoeilik verwerp het.[31]

----------------------

28 Forum: Liberalism in South Africa, (<u>Social Dynamics</u>, vol. 10, nr. 1, 1984), p. 89.

29 <u>Ibid</u>., p. 89.

30 H. Macmillan: 'Paralyzed conservatives'. W.M. Macmillan, the social scientists and the 'common society', 1923-1948, pp. 1, 8; Brief van A.S. Vil-Nkomo aan <u>Umteteli wa Bantu</u>, 8 Mei 1937; <u>Rand Daily Mail</u>, 11 Oktober 1934, (Betrayed by white woman).

31 R.F.A. Hoernlé: <u>South African native policy and the liberal spirit</u>, pp. 103-104.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die gevolg hiervan was dat sy geen tuiste by die blanke politieke partye kon vind nie. Vir haar was hulle almal onaanvaarbaar weens hul segregasionistiese standpunte. Dit het ook verhoed dat sy by die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty, die enigste party waarin sy 'n belangstelling getoon het, kon aansluit.[32] Die Kommunistiese Party van Suid-Afrika (KPSA), die enigste nie-segregasionistiese party, was net so onaanvaarbaar aangesien sy kommunisme met sy diktatuur van die proletariaat as 'n totalitêre ideologie verwerp het.

Ballinger het dus geen politieke magsbasis gehad waarvan sy kon poog om haar politieke beginsels te implementeer nie. Die gevolg hiervan was dat sy haar tot die Johannesburgse Gesamentlike Raad vir Blankes en Swartes (JGR) moes wend om segregasie te beveg. Die Gesamentlike Rade se hoofdoel was die bevordering van rasseverhoudings tussen blank en swart en om die lewensomstandighede van die swarte te verbeter.[33]

Buiten die reeds gemelde verskil oor staatsinmenging om die posisie van die minderbevoorregte te verbeter, het Ballinger se vriendskap met en lojaliteit teenoor Macmillan en haar steun vir sy ekonomiese benadering haar mettertyd ook van haar eie liberale denkstroom vervreem. Dit was die gevolg van 'n bittere twis tussen Macmillan, ondersteun deur Ballinger, en meer konserwatiewe liberale soos R.F.A. Hoernlé en J.D. Rheinallt Jones wat van mening was dat die oplossing vir Suid-Afrika se rassevraagstuk in nie-politiese wetenskaplike antropologiese navorsing geleë was. Dit het ook die grondslag gevorm van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge (SAIR) wat in 1929 gestig is.[34]

----------------------

32 House of Assembly debates, 17 Junie 1955, kol. 8126-8127.

33 J.W. Horton: South Africa's joint councils: Black-White co-operation between the two world wars, (Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, Nr. 4, 1972), pp. 29-44.

34 P.B. Rich: White power and the liberal conscience, pp. 54-58; C. Saunders: The making of the South African past, p. 56; S. Dubow: Race, civilization and culture: the elaboration of segregationist discourse in the inter-war years, p. 78 in S. Marks, S. Trapido (reds): The politics of race, class and nationalism in twentieth-century South Africa.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Daar was ernstige verskille tussen die sogenaamde ekonomiese en antropologiese benadering, wat mettertyd enige samewerking onmoontlik gemaak het. 'n Belangrike beswaar van die antropologiese benadering teen Macmillan se ekonomiese standpunt was dat dit té simplisties was om Suid-Afrika se probleme te verklaar. Hieroor het Edgar Brookes, 'n prominente konserwatiewe liberaal, hom in 1933 soos volg uitgelaat:

> "The realism of what we may call the 'economic school' of writers on native policy, their very honesty and accuracy, their laudable passion for statistics and their relentless clarity of vision, tend to make them a little inappreciative of the ideals and sentiments, wise or foolish, noble or perverted, which are sometimes so powerful among the masses of South Africa as to lead them to approve of policies directly and demonstrably contrary to their own economic interests."[35]

'n Verdere beswaar van Brookes teen die ekonomiese benadering was dat dit radikalisme onder Johannesburgse studente aangemoedig het en hy het hom soos volg daaroor uitgelaat:

> ".... general tendency of student opinion under the inspiration of the economic theorists, is to go further than the theorists themselves, and the strongest student groups of this type are communistic or semi-communistic .... seem to speak the language of Johannesburg with the accent of Moscow."[36]

Vir Macmillan was die antropologiese benadering weer gevaarlik aangesien hy van mening was dat dit slegs ammunisie aan segregasioniste kon verskaf, terwyl hy ook die konsep van "rasseverhoudinge" verwerp het. Volgens hom het hierdie konsep die indruk geskep dat kleur, en nie ekonomiese faktore nie, die belangrikste skeidingsfaktor in Suid-Afrika was wat met 'n spesiale tipe diplomasie tussen wit en swart oorbrug moes word.[37] Oor sy eie

----------------------

35 E.H. Brookes: The colour problems of South Africa, p. 110.

36 Ibid., p. 111.

37 J. Butler, E. Elphick, D. Welsh (reds.): Democratic liberalism in South Africa, p. 140.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

en die antropologiese benadering het Macmillan hom soos volg uitgelaat:

> "The provision of 'bread' even without butter, was more urgent than the long quest to 'understand the native mind'."[38]

Dit was egter die taktiek wat teen segregasie aangewend moes word wat die antropologiese en ekonomiese benadering as onderskeidelik "konserwatief" en "radikaal" sou onderskei. Macmillan het aangevoer dat Suid-Afrikaanse liberale nie net intellektueel by Suid-Afrika se rassevraagstuk betrokke moes raak nie, maar 'n duidelike politieke standpunt moes inneem. Volgens hom was Suid-Afrika se probleme die gevolg van 'n slegte regering en administrasiestelsel en die oplossing daarvoor was polities, naamlik om slegte wette met goeie wette te vervang. Dit kon vermag word deur ".... political action to force reform".[39] Liberalisme moes hom dus prakties laat geld. Om dit te vermag moes die Gesamentlike Rade en die SAIR 'n duidelike politieke standpunt teen segregasie inneem.[40] Die SAIR was nie bereid om dit te aanvaar nie. Die Instituut het sy nie-politiese navorsingsbeleid as 'n langtermyn-opvoedingstaak beskou om die blanke se reaksionêre standpunt ten opsigte van rasseaangeleenthede te verander. 'n Aktiewe politieke standpunt sou hierdie opvoedingstaak slegs benadeel.[41]

----------------------

38 H. Macmillan: 'Paralyzed conservatives'. W.M. Macmillan, the social scientists and 'the common society', 1923-1948, p. 9.

39 W. Macmillan: <u>My South African years</u>, pp. 214-216.

40 H. Macmillan: 'Paralyzed conservatives'. W.M. Macmillan, the social scientists and the 'common society', 1923-1948, p. 19.

41 E.H. Brookes: <u>R.J., In appreciation of the life of John David Rheinallt Jones and his work for the betterment of race relations in Southern Africa</u>, p. 14.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ballinger was krities teenoor hierdie benadering van die SAIR en sy het die Instituut van paternalisme teenoor die swartes beskuldig. Wat volgens haar nodig was, was 'n minder fatsoenlike organisasie wat nie net op teepartytjies en samesprekings moes konsentreer nie, maar onafhanklike swart denke en opposisie teen onderdrukkende wetgewing moes aanmoedig. Die gevolg van hierdie verskille was dat Ballinger en Macmillan die SAIR as té konserwatief verwerp het, terwyl die Instituut op sy beurt die twee historici as té radikaal beskou en geïgnoreer het.[42]

Die verskille tussen die twee strome was ook persoonlik van aard. Macmillan was seergemaak deur die feit dat hy as die voorste navorser oor die swarte se sosio-ekonomiese posisie nie by die stigting van die SAIR betrek is nie. Hy was ook ontevrede dat sy departement by Wits met fondse afgeskeep is terwyl die Departement Bantoestudies met sy antropologiese inslag bevoordeel is. Dit het daartoe bygedra om sy verhouding met Rheinallt Jones, wat 'n deeltydse dosent in Bantoestudies en die bewegende krag agter die SAIR was, te vervreem.[43] Ballinger was weer van mening dat professor Hoernlé, 'n hoogleraar by Wits en 'n prominente lid van die SAIR, 'n vendetta teen haar gevoer het en dat skinderstories van hom en sy vrou, ook 'n lektor by Wits, daarvoor verantwoordelik was dat haar aansoek om Macmillan as departementshoof op te volg, onsuksesvol was (kyk p. 20). Die gevolg hiervan was 'n vervreemding en gebrekkige samewerking met die Hoernlés.[44]

Alhoewel die "konserwatiewe" en "radikale" liberale dieselfde doelwit gehad het, naamlik 'n regverdige en demokratiese Suid-

-----------------------

42 Holtby-versameling, Hull Central Library, Lêer 4-13: V.M.L. Hodgson aan W. Holtby, 12 Oktober 1932.

43 B.K. Murray: Wits, the early years, pp. 278-279; Holtby-versameling, Lêer 4.13: V.M.L. Hodgson aan W. Holtby, 12 Oktober 1932.

44 Holtby-versameling, Lêer 4.12: W.G. Ballinger and W. Holtby, 25 Oktober 1933; UW/SAIR, B3.13: W.G. Ballinger aan L. Saffery, 16 Desember 1939.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Afrika deur middel van 'n gekwalifiseerde stemreg, het die verskil in hul taktiek en persoonlike geskille enige samewerking verhinder. Die stryd tussen die twee groepe was later van so 'n aard dat Macmillan onsuksesvol gepoog het om die JGR 'n politieke standpunt te laat inneem en die Raad as 'n magsbasis te gebruik om opposisie teen die SAIR se groeiende houvas op die Suid-Afrikaanse liberalisme te koördineer.[45] Die konserwatiewe element in die JGR het dit egter verhoed en die Raad het selfs by die SAIR geaffillieer. Ballinger het hierdie optrede ten sterkste geopponeer en sy was so ongelukkig daaroor dat sy dit oorweeg het om as lid van die Raad te bedank.[46]

Margaret se reputasie as 'n radikaal is in hierdie tydperk verder versterk deur haar assosiasie met die bekende vakbondleier William Ballinger. Dit, plus haar groter betrokkenheid by die vakbondwese, het haar nog verder van die SAIR en dus die hoofstroom van Suid-Afrikaanse liberalisme vervreem. Hoe sterk die persepsie was dat sy 'n radikaal was, blyk uit 'n opmerking van die <u>Manchester Guardian</u> se Suid-Afrikaanse korrespondent:

> "Mrs Ballinger belongs to the Left Wing, but is rather a Radical Socialist than a Communist."[47]

Alhoewel sy nie so radikaal was as wat die <u>Manchester Guardian</u> voorgehou het nie, was sy wél links van die deursnee liberale Suid-Afrikaner. Selfs onder die voorsitterskap van Macmillan het Margaret en William Ballinger die JGR as té konserwatief beskou.[48]

-----------------------

45 R.J. Haines: Politics of philanthropy and race relations: The Joint Councils of South Africa, 1921-1955, (Onvoltooide D.Phil., Universiteit van Londen, 1989), p. 195.

46 Holtby-versameling: M. Hodgson aan W. Holtby, 12 Oktober 1932.

47 <u>Manchester Guardian</u>, 6 Augustus 1937, (The native elections in South Africa).

48 London Group On African Affairs, Rhodes House, Oxford, Houer 1, Lêer 1: W.G. Ballinger aan W. Holtby, 4 Januarie 1933; W.G. Ballinger aan F.S. Livie-Noble, 2 Mei 1932; W.M. Macmillan: <u>My South African years</u>, p. 227.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ballinger se "radikalisme" tesame met die vervreemding tussen haar en die SAIR, wat toenemend die werksaamhede van die JGR beheer het, het tot gevolg gehad dat sy 'n geïsoleerde en geïgnoreerde randfiguur in die Suid-Afrikaanse liberalisme geword het. William het hom byvoorbeeld in 1933 soos volg oor die JGR in hierdie tydperk uitgelaat:

> "The Joint Council movement is steady becoming a wishy washy, mamby pamby social service organization. Mrs H. [Margaret] and myself are desolated because we cannot get them to deal with real live issues."[49]

Hierdie isolasie is verskerp deur Macmillan se besluit in 1933 om Suid-Afrika permanent te verlaat, 'n daad wat Margaret heftig ontstel en ontnugter het.

> "What a colossal idiot he is about it. I can't imagine what has happened to him to make him act so untrue to type - but perhaps that is only my ignorance of the real man."[50]

Oor die uitwerking van Macmillan se optrede op die sosiaal-demokratiese liberalisme het William Ballinger hom soos volg uitgelaat:

> "Macmillan has certainly made a mess of things here by resigning his appointment and the left-wing in all parts of this scattered country are in the doldrums."[51]

Teen 1933 was Ballinger net so mismoedig oor haar isolasie en die gebrek aan enige sukses met haar pogings om segregasie te beveg dat sy dit self ook oorweeg het om Suid-Afrika te verlaat.[52] Waar Macmillan Suid-Afrika wél verlaat het, het sy

----------------------

49 London Group on African Affairs-versameling: W.G. Ballinger aan W. Holtby, 4 Januarie 1933.

50 Holtby-versameling: V.M.L. Hodgson aan W. Holtby, 7 November 1933.

51 Ibid., W.G. Ballinger aan W. Holtby, 14 Februarie 1934.

52 Holtby-versameling, Lêer 4.13. M. Hodgson aan W. Holtby, 7 November 1933; M. Hodgson aan N. Leys, 23 Augustus 1933; M. Perham: African apprenticeship, p. 131.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

egter van besluit verander en die res van haar lewe aan die ideaal van 'n ware Suid-Afrikaanse demokrasie gewy.

Ballinger se pogings om haar vir hierdie ideaal te beywer is egter bemoeilik deur haar politieke en intellektuele isolasie. In die afwesigheid van 'n Suid-Afrikaanse organisasie wat haar kon ondersteun, het sy en William hulle tot die Society of the Friends of Africa (FOA), 'n Britse organisasie, gewend. Hierdie organisasie is in 1934 op aandrang van Winifred Holtby, die bekende Britse outeur en vriend van die Ballingers, gestig om William met sy werksaamhede in Suid-Afrika behulpsaam te wees.[53] William was dan ook die Suid-Afrikaanse sekretaris van die FOA, wat uit Brittanje befonds is. Dit het nie net aan die Ballingers 'n magsbasis verskaf vir hul stryd om die konserwatisme en houvas van die SAIR oor liberalisme in Suid-Afrika te beveg nie, maar ook vir hul pogings om die sosio-ekonomiese posisie van die swarte te verbeter. Die FOA het hom veral daarop toegespits om die swart vakbondwese te bevorder en swart arbeiders tydens loongeskille van hulp te wees. Die Ballingers het ook deur die FOA gepoog om die ekonomiese bedingingsmag van die swarte te verbeter deur die stigting van koöperatiewe verenigings vir verbruikers.[54]

In hierdie tydperk het Ballinger begin om 'n reputasie as 'n kampvegter vir die regte van swartmense op te bou. As 'n aktiewe lid van die JGR het sy gepoog om swart besighede op te hef en die lot van die swart gesin, veral die kleuter, deur middel van kleuterskole, te verbeter. Daarby was sy 'n onvermoeide opponent van alle diskriminerende wette en die gereelde woordvoerder van

-----------------------

53 UW/Ballinger, F2.2 (Lêer 3): The society of the Friend of Africa: Origin and history; M. Macmillan: Champion of Africa. The second phase of the work of W.M. Macmillan, 1934-1974, p. 83.

54 P.B. Rich: White power and the liberal conscience, p. 48; Holtby-versameling: M. Hodgson aan W. Holtby, 13 Februarie 1935; M. Hodgson aan W. Holtby, 31 Januarie 1934.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

deputasies na munisipale owerhede oor swart griewe.[55] Verder was sy 'n stigterslid van die Association of European and African Women en op haar inisiatief is die Margaret Ballinger-Huis, 'n hersteloord vir siek swart kinders, in 1936 gestig.[56] Aansluitend daarby het Margaret Ballinger ook ander take verrig, soos om swart skoliere met hul matrikulasie-eksamens te help.[57]

In teenstelling met talle liberale het sy haar nie net met tee-partytjies vir beter rasseverhoudinge of met die filosofering oor Suid-Afrika se rassebeleid besig gehou nie, maar aktief in die swart gemeenskap betrokke geraak om die posisie van die swarte te verbeter. Hieroor het die liberale tydskrif The Forum hom later soos volg uitgelaat:

> "... she believed that liberalism was better expressed through practical work than through argument in the drawing-room and lecture hall."[58]

Dat sy nie net 'n tee- en simpatie-liberaal was nie het haar hoë aansien onder die swartes besorg en dit was 'n belangrike motivering vir haar nominasie en latere verkiesing as naturelleverteenwoordiger.

Afgesien haar stryd namens die swartmense het Margaret Ballinger ook as kampvegter vir vroueregte op die kampus van Wits na vore getree. In 1922 het sy byvoorbeeld beswaar daarteen aangeteken dat die vroulike personeel wat dieselfde werk as die mans verrig het, laer salarisse ontvang het. 'n Paar jaar later, in 1927, was sy weer die woordvoerder van die Universiteit se Lecturers Association se deputasie na die universiteitsraad in verband met die diskriminerende loonskale tussen die twee geslagte op die

----------------------

55 Umteteli wa Bantu, 8 Mei 1937, (The coming elections); M. Perham: African apprenticeship, pp. 130-132.

56 D. Haggei: The story of African self help, (Ongepubliseerde toespraak).

57 UW/Ballinger, A2.3: West Africa, 27 Oktober 1951, (Symbol from South Africa).

58 Margaret Ballinger. Crisis-point in a brilliant career, (The Forum, 10 November 1950).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

personeel.[59] In 1932-1933 was sy ook die president van die Association of University Women. Diskriminerende universiteitsreëls teenoor vroue sou Ballinger nog talle frustrasies in die toekoms besorg.

Toe Macmillan in 1933 as departementshoof bedank, het hy gehoop dat Ballinger sy opvolger sou wees en haar dus ten sterkste aanbeveel.[60] Tot haar teleurstelling is sy tweede uit 39 aansoeke geplaas, met prof. Leo Fouché van die Universiteit van Pretoria as die suksesvolle kandidaat. Die rede waarom Ballinger nie die pos gekry het nie, was weer eens die gedagte dat 'n vrou nie vir so 'n pos geskik was nie, terwyl genl. J.C. Smuts se steun aan Fouché ook 'n klaarblyklike invloed uitgeoefen het.[61]

'n Verdere diskriminerende regulasie wat Ballinger sou konfronteer, was die reëling wat bepaal het dat getroude dames nie 'n permanente doserende pos kon aanvaar nie. Hierdie probleem het ná haar ontmoeting met William Ballinger, bekende Skotse vakbondleier wat as 'n raadgewer vir die Industrial and Commercial Worker's Union (ICU) na Suid-Afrika gekom het, na vore getree. Tussen hulle het 'n hegte vriendskap ontwikkel wat tydens hul gesamentlike besoeke aan en navorsing in die Britse protektorate versterk is. Daarbenewens was hul bekende gesamentlike publikasies <u>Britain in Southern Africa: No. 1 Basutoland (1931)</u> en <u>No. 2 Bechuanaland (1932)</u> ook die produkte van hul besoeke aan hierdie gebiede. Dit was juis tydens 'n besoek aan Betsjoeanaland dat William Ballinger ernstig siek geword het weens long- en borsprobleme wat hom 18 maande lank feitlik in 'n invalide

----------------------

59 B.K. Murray: <u>Wits, the early years</u>, pp. 328-329.

60 UW/Ballinger, B2.16.1 (Lêer 1): Getuigskrif van W.M. Macmillan, 10 Oktober 1933.

61 B.K. Murray: <u>Wits, the early years</u>. pp. 269, 330, 333; W.M. Macmillan: <u>My South African years</u>, p. 246; Holtby-versameling, Lêer 4.12: W.G. Ballinger aan W. Holtby, 14 Februarie 1934.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verander het. Gedurende hierdie tydperk het Margaret hom in haar huis geneem en verpleeg tot hy sy gesondheid herwin het.[62] Volgens 'n gesamentlike vriend, die bekende Britse outeur Vera Brittain, was dit onvermydelik dat hierdie twee persone met hul Skotse afkoms, humanistiese ideale, asketiese lewenswyse en gebrek aan enige emosionele geluk in hierdie tydperk tot mekaar aangetrokke sou raak.[63] Veral vir Margaret het William Ballinger 'n raadgewer en steunpilaar geword en 'n persoon wat haar liefde kon beantwoord. In teenstelling met Brittain se mening was hierdie verhouding nie so maklik verklaarbaar of aanvaarbaar vir talle van Margaret se vriende nie. 'n Kenmerk van hul verhouding was dat Margaret die sterkere was en William totaal gedomineer het.[64] Dit sou mettertyd tot heelwat spanning in hul huwelik aanleiding gee. William Ballinger was ook 'n moeilike persoon om mee oor die weg te kom en sy gereelde botsings en vetes met mense het talle van Margaret se vriende verdryf. Daarby is hy ook deur talle van hulle as 'n onverfynde en 'n uiters vervelige persoon beskou. William het op sy beurt weer minderwaardig teenoor Margaret se vriendekring gevoel en hulle van sameswering agter sy rug verdink en dus 'n antagonistiese en ontaktvolle houding teenoor hulle ingeneem.[65]

Daarby was Margaret en William Ballinger se agtergrond en opvoeding ook heeltemal verskillend. William Ballinger se optrede en houding was die gevolg van sy arbeidersklasagtergrond wat drasties van dié van Margaret en haar vriende verskil het. Hy is op 21 September 1894 in Birmingham gebore waarna sy gesin na Skotland verhuis het. Sy gesin het 'n moeilike bestaan gevoer, wat met sy vader se dood nog verder verswak het. Slegs 14 jaar oud en die oudste van ses kinders, moes hy noodwendig uitspring en gaan werk om sy gesin te versorg. William het dus enige geleent-

----------------------

62 UW/Ballinger, C2.7.1 (Lêer 1) kan vir die korrespondensie oor Margaret se verpleging van William geraadpleeg word.

63 V. Brittain: Testament of friendship, p. 251.

64 Holtby-versameling, 4.10: Dr. N. Leys aan W. Holtby, 4 Augustus 1936; 13 Januarie 1935.

65 Onderhoud met mev. Dawn Haggei, sekretaris van mev. Ballinger (1941-1944), 4 Augustus 1986; Onderhoud met mev. H. Jaff, 7 Augustus 1986; Korrespondensie met O.D. Wollheim, 14 Augustus 1986.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

heid vir verdere geleerdheid ter wille van sy gesin opgeoffer. Mettertyd het hy 'n ambag aangeleer en homself verder geskool met buitemuurse lesings by die Glasgowse Universiteit. Polities het William 'n toegewyde lid van die vakbondwese en die Arbeidersparty geword en is hy as dorpsraadslid en sekretaris van die Trades and Labour Council vir Motherwell verkies. William Ballinger was dus 'n selfgemaakte persoon wat vir alles wat hy bereik het op eie stoom aangewese was en hy wou hom voortdurend self bewys.[66]

'n Huwelik was egter nie die onmiddellike gevolg van die Ballingers se romanse nie aangesien Margaret besef het dat sy haar permanente aanstelling by die Universiteit sou verloor. Nie sy of William kon dit bekostig nie aangesien hy 'n karige bestaan ná die verbrokkeling van die ICU gevoer het. Ten einde laas het hulle tot die revolusionêre stap vir die dertigerjare oorgegaan om te besluit om saam te woon.[67] Tydens 'n besoek aan Brittanje het hulle egter besluit om tot die groot stap oor te gaan en hulle is op 12 September 1934 in die eg verbind.[68]

Om hierdie verwikkeling van die Universiteit te weerhou, het die huwelik in die geheim plaasgevind en was selfs die Ballingers se vriende nie eers daarvan bewus nie. Teen Januarie 1935 het die Ballingers egter genoeg van die geheimhouding gehad en die universiteit van hul huwelik meegedeel.[69] Daarop is sy deur die universiteitsowerheid in kennis gestel dat haar dienste in terme

-----------------------


66 UW/Ballinger, A1.3.1: Curriculum vitae van W.G. Ballinger, 1937; P.L. Wickins: The ICU of Africa, pp. 167-168; V. Brittain: Testament of friendship, pp. 242-243.

67 B.K. Murray: Wits, the early years, p. 331.

68 V. Brittain: Testament of friendship, p. 252.

69 W. Holtby-versameling, 4.13: M. Hodgson aan W. Holtby, 6 Januarie 1935.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



William en Margaret Ballinger, 1949
(V.M.L. Ballinger-versameling, Universiteit van Kaapstad)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die diensvoorwaardes aan die einde van 1935 beëindig sou word.[70] Buiten hierdie bepaalde diensvoorwaarde het faktore soos William se politieke aktiwiteite, Margaret se "radikale" liberalisme in die Geskiedenisdepartement en hul saamblyery ook 'n bydrae gelewer tot die Universiteit se besluit om haar permanente dienste te beëindig.[71]

Ballinger het egter besluit om haar gedwonge uittrede nie gedweë te aanvaar nie maar om terug te veg en haar loopbaan te red. Mettertyd het haar stryd deel geword van die Suid-Afrikaanse feministiese beweging se veldtog teen diskriminasie op grond van geslag toe die League of Women Voters haar te hulp gesnel het.[72] Op aanbeveling van die League of Women Voters het sy tot by die Minister van Opvoeding, haar ou kennis, J.H. Hofmeyr, geappelleer om haar pos te behou. Al haar pogings was egter vrugteloos en haar dienste is wél aan die einde van 1935 beëindig.[73] Ballinger sou egter nog tot die einde van 1937 in 'n tydelike hoedanigheid aan die Universiteit doseer. Tussen haar en die universiteit was daar egter 'n permanente verwydering wat nooit oorbrug is nie. Latere jare het sy eregrade van die Universiteite van Rhodes en Kaapstad ontvang, maar Wits het haar nooit vereer nie.

Die verlies van die akademie was egter die wins van die Suid-Afrikaanse politiek. In 1936 is die Naturelleverteenwoordigingswet aanvaar wat vir sewe blanke verteenwoordigers namens die swartes in die Parlement voorsiening gemaak het. As 'n persoon wat haar as 'n kampvegter namens die swarte onderskei het en oor genoegsame tyd beskik het, het sy haar laat oortuig om haar in die Oos-Kaapse naturellekieskring verkiesbaar te stel.

-----------------------

70 UW/Ballinger: B2.16.1 (Lêer 1): H.R. Raikes aan M. Ballinger, 23 Januarie 1935.

71 B.K. Murray: Wits, the early years, pp. 332-333.

72 B. Solomon: Time remembered, pp. 86-87.

73 B.K. Murray: Wits, the early years, p. 332.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# HOOFSTUK II

## 'N MERKWAARDIGE OORWINNING : MARGARET BALLINGER SE VERKIESING TOT OOS-KAAPSE NATURELLEVERTEENWOORDIGER, 1937

Margaret Ballinger se verkiesing as naturelleverteenwoordiger in 1937 was een van die hoogtepunte van haar politieke loopbaan. Nieteenstaande talle struikelblokke soos haar gebrek aan politieke ervaring en haar posisie as 'n blanke vrou met 'n swart kieserskorps het sy 'n merkwaardige oorwinning behaal. Die verkiesing was die eerste wat ingevolge die Naturelleverteenwoordigingswet van 1936 plaasgevind het.

### Die ontwikkeling van Suid-Afrika se rassebeleid tot 1936

Om Ballinger se kandidatuur en loopbaan as 'n naturelleverteenwoordiger in behoorlike perspektief te plaas, behoort dit teen die agtergrond van Suid-Afrika se rassebeleid van segregasie sedert Uniewording beskou te word. Segregasie het nie net die skeiding van rasse beteken nie, maar ook die oorheersing deur 'n blanke minderheid oor 'n swart meerderheid behels. Hierdie beginsel van blanke baasskap is met Uniewording in die Suid-Afrikaanse grondwet, die Suid-Afrika-Wet, ingebou. Daarmee is 'n kleurblinde stemregstelsel, wat sedert 1853 met die instelling van verteenwoordigende bestuur in die Kaapkolonie gegeld het, drasties ingekort. Die Cape Constitution Ordinance van 1853 het 'n konstitusie daargestel wat vir 'n kleurblinde gekwalifiseerde stemreg vir Britse burgers voorsiening gemaak het. Dit het in die praktyk behels dat die Kaapse swartes op 'n gekwalifiseerde basis hul stemreg kon uitoefen en hulle ook as kandidate beskikbaar kon stel.[1] In Natal kon swartes ook as kiesers kwalifiseer, maar die stemregkwalifikasies was so streng dat weinig

-----------------------

1 J.L. McCracken: The Cape Parliament 1854-1910, pp. 62-70; D.R. Edgecombe: The non-racial franchise in Cape politics, 1853-1910, (Kleio, vol. x, Junie 1978), p. 21.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

daaraan kon voldoen. Daarteenoor het die noordelike republieke van die Transvaal en die Vrystaat se konstitusies enige swart deelname aan die politieke proses verbied. Hierdie toedrag van sake het ná die republieke se nederlae in die Anglo-Boereoorlog en hul daaropvolgende omskepping as Britse kolonies bly voortbestaan.[2] Tydens die Nasionale Konvensie van 1908-1909 vir eenheidswording het hierdie verskille tussen die noorde en die suide duidelik geblyk. Die noordelike kolonies wou die Kaapse stemregstelsel nie aanvaar nie, terwyl die Kaapkolonie nie daarvan wou afstand doen nie en dit selfs na die noordelike gebiede wou uitbrei. Toe dit blyk dat die verenigingsbeweging op die rots van die swart stemreg kon skipbreuk ly, is op 'n kompromis besluit.[3]

Hiervolgens kon elke provinsie sy eie stemregstelsel handhaaf, maar die swart Kaapse kiesers kon hulle slegs vir die provinsiale rade en glad nie meer vir die Parlement verkiesbaar stel nie. Verder is beslis dat die Kaapse stemreg deur artikel 35 van die Suid-Afrika-Wet verskans sou word. Volgens hierdie Wet kon die stemregstelsel slegs deur 'n twee-derde-meerderheid in die gesamentlike sitting van beide huise van die Parlement deur 'n wysigingswetsontwerp gewysig word.[4] Hierdie kompromis het egter nie almal tevrede gestel nie. F.S. Malan, 'n afgevaardigde van die Kaapkolonie, het byvoorbeeld die onvermoë van die Konvensie om finale uitsluitsel oor die swart stemreg te gee soos volg gekritiseer:

------------------------

2 F.B. Bridgman: The native franchise in the Union of South Africa, (Ongepubl. Ph.D., Yale University, 1939), pp. 84-86, 94-95.

3 L.M. Thompson: The unification of South Africa 1902-1910, pp. 212-223.

4 D.J.P. Haasbroek: Die ontstaan van die nie-blanke stemreg en die verskansing daarvan in die Suid-Afrika-Wet van 1909, (Ongepubl. D.Phil., Universiteit van Stellenbosch, 1957), p. 168.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

> "It had taken a hundred years of strife and tears to bring the Europeans to Unification. By not facing squarely the disagreement over the Natives they were once again heading for a struggle and tears and suffering. People spoke about the necessity to unite the white races first and then to tackle the Native franchise question, but a Union of this kind would not be a genuine Union. The germs of discord would continue to exist."[5]

Vir talle inwoners van die noordelike provinsies was die kompromis net so onaanvaarbaar aangesien die Kaapse stemreg as 'n bedreiging vir die blanke se voortbestaan beskou is.

Die oorgrote meerderheid blankes was nie net ten gunste van politieke segregasie nie, maar ook van rasseskeiding op alle terreine. Blankes was byvoorbeeld afkerig van sogenaamde swart indringing van "blanke gebiede". Die gevolg hiervan was die Naturelle Grond Wet van 1913 wat op die Lagden-kommissie van 1903-1905 se bevindinge gebaseer is. Volgens die Kommissie moes algehele gebiedskeiding tussen wit en swart toegepas word aangesien die deurmekaarwoon van wit en swart wrywing veroorsaak en gebiedskeiding die enigste manier was om dit uit te skakel. Duidelik omskrewe grondgebied moes aan die swartes toegeken word waar hulle apart van blankes kon woon. Kragtens die Naturelle Grond Wet is ongeveer 7.5 % van Suid-Afrika se totale oppervlakte as naturellereservate afgebaken en 'n verbod is geplaas op die verkoop van "blanke grondgebied" aan swartes en "swart grondgebied" aan blankes.[6]. Hierdie Wet was die eerste neerslag van territoriale gebiedskeiding in Suid-Afrika en sou een van die belangrikste hoekstene van segregasie wees. Dit was egter nie net die Naturelle Grond Wet van 1913 wat op die Lagden-kommissie se bevindinge gebaseer is nie, maar feitlik alle segregasionistiese

-----------------------

5 J.F. Preller (red.): Die konvensie - dagboek van sy edelagbare Francois Stephanus Malan 1908-1909, p. 57.

6 C.M. Tatz: Shadow and substance in South Africa: A study in land and franchise affecting Africans 1910-1960, pp. 17-22.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wetgewing daarna. Verskeie aspekte van die latere apartheidstelsel kan dan ook na dié Kommissie herlei word.[7]

Die Naturelle Grond Wet was slegs op die plattelandse swarte gemik en dit was eers met die verslag van die Stallard-kommissie van 1921 dat die fokus op die verstedelikte swarte geplaas is. Stallard se bevinding was dat die swarte slegs 'n tydelike stedelike inwoner was in soverre hy die belange van die blanke kon dien. Die meeste van die Stallard-kommissie se bevindinge is in die Naturelle (Stadsgebiede) Wet van 1923 en sy talle wysigings vervat.[8] Die belangrikste bepaling was dat stedelike swartes slegs tydelike besoekers was met 'n tuiste op die platteland. Die gevolge hiervan was omvattend. Weens sy tydelike status sou die swarte geen politieke of burgerlike regte in 'n "blanke gebied" kon geniet nie. Lae swart lone is ook daardeur geregverdig omdat aangevoer is dat die swarte se stedelike loon slegs 'n aanvulling tot sy plattelandse inkomste was. Net so is aangevoer dat die swarte geen reg op 'n pensioen kon geniet nie aangesien swart tradisies vir die versorging van bejaardes voorsiening gemaak het. Verder het sy tydelike status ook die voorsiening van 'n lae gehalte behuising behels. Kragtens die Naturelle (Stadsgebiede) Wet is wit en swart woongebiede ook gesegregeer, terwyl streng instromingsbeheer deur paswette toegepas is.

Ná die bewindsoorname van die Pakt-regering in 1924 het J.B.M. Hertzog, 'n uitgesproke voorstander van rasseskeiding, dit hom ten doel gestel om die rassevraagstuk deur middel van segregasie op te los. Dié beleid is dus uitgebrei en verskans, veral op die industriële gebied, waar die beleid van "beskaafde (blanke) arbeid" toegepas is. Hiervolgens is blanke werkers teen die mededinging van swart werkers beskerm. Dit het gelei tot werkafbakening ten gunste van die blanke terwyl die swarte in die

------------------------

7 C.M. Tatz: Shadow and substance, pp. 6, 11, 14.

8 T.R.H. Davenport: The triumph of colonel Stallard: The transformation of the Natives (Urban Areas) Act between 1923 and 1937, (Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, nr. 2, November 1970, pp. 77-96.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

meeste nywerhede ongeskoolde, laagbesoldigde werk verrig het. Hierdie beleid het aan duisende armblankes 'n beter bestaan verskaf, maar dit was ten koste van die swarte wat verder verarm het.[9]

Die afdwinging van segregasie is deur die Naturelleadministrasiewet van 1927 en die Wysigingswet op Oproerige Byeenkomste van 1930 moontlik gemaak. Eersgenoemde het die Goewerneur-Generaal die opperhoof van al die swartes gemaak en vir streng regulering van die swartes voorsiening gemaak. Die Goewerneur-Generaal kon byvoorbeeld hoofmanne aanstel, stamgrense bepaal, die samestelling van stamme verander, stamme en individue verskuif, alle regsprosedures ten opsigte van swartes beheer en selfs die kleredrag van swartes bepaal. Verder kon hy ook in terme van die Wet persone straf wat antagonisme tussen die verskillende rasse aangemoedig het. Die Wysigingswet op Oproerige Byeenkomste het die Minister van Justisie die reg gegee om 'n persoon wat volgens sy mening vyandigheid tussen rasse aangemoedig het, sonder die reg tot 'n verhoor of die reg tot appèl uit 'n bepaalde gebied te verwyder.[10]

Hertzog se groot vrees was egter die Kaapse stemreg, wat volgens hom die ondergang van die blanke in Suid-Afrika kon beteken.[11] Die Nasionale Konvensie van 1908-1909 het syns insiens 'n fout begaan om die Kaaplandse swartes toe te laat om hul stemreg met Uniewording te behou, aangesien hierdie stemreg mettertyd die skeidslyn tussen wit en swart sou uitwis en die swartes uiteindelik die meerderheid kiesers sou word. Hy het dit as sy taak gesien om die fout te herstel. Dit het hy in 1926 probeer bereik met behulp van vier wetsontwerpe:

-----------------------

9 C.F.J. Muller (red.): Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis, p. 424.

10 R.F.A. Hoernlé: South African native policy and the liberal spirit, p. 9; T.R.H. Davenport: South Africa. A modern history, pp. 294-295.

11 D. Joubert: Die Kaapse stemreg. Verteenwoordiging vir swart en bruin in 1936, p. 51; C.M. Tatz: Shadow and substance, pp. 43-44.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

a) Die Wetsontwerp op die Volksraadverteenwoordiging van Naturelle, wat beoog het om die stemgeregtigde swartes in Kaapland saam met die swartes van die noordelike provinsies op 'n aparte kieserslys te plaas. Hulle sou sewe verteenwoordigers (blankes) in die Volksraad kon verkies.

b) Die Unie Naturelleraads Wetsontwerp, wat vir 'n Naturelleraad van 50 swart lede voorsiening gemaak het.

c) Die Naturelle Grond Wysigings Wetsontwerp het vir die uitbreiding van die grondgebied, wat kragtens die Naturelle Grond Wet toegeken is, voorsiening gemaak. Dit was ook 'n poging om die swartes vir die inkorting van die Kaapse stemreg te vergoed.

d) Die vierde wetsontwerp het beoog om die stemreg van die bruinmense uit te brei na die noordelike provinsies.

Genl. J.C. Smuts, leier van die Suid-Afrikaanse Party en die amptelike opposisie, het die wetsontwerpe geopponeer aangesien hy die Kaapse stemreg wou behou, maar ook weens partypolitieke redes. Met sy oog op die blanke kieserskorps het hy byvoorbeeld die idee van aparte naturelleverteenwoordiging gekritiseer as 'n poging om die invloed van die blanke te ondermyn. Hierdie teenstand het Hertzog egter nie ontmoedig nie en hy het met sy pogings voortgegaan om die wetsontwerpe deurgevoer te kry. Telkens is die wetsontwerpe in gewysigde vorm voor die Parlement gebring, om dan weer na parlementêre kommissies verwys te word.

In die tydperk toe Hertzog onsuksesvol was in sy pogings om die verpligte twee-derde-meerderheid te verkry, het hy egter voortgegaan om die blanke se greep op die Suid-Afrikaanse politiek op 'n ander wyse te beveilig. Kragtens die Vrouestemregwet van 1930 is die stemreg slegs na blanke vroue uitgebrei. Die Wet tot Wysiging van die Stemreg van 1931 het weer opvoedkundige toetse vir blanke manlike kiesers in Kaapland en Natal afgeskaf, terwyl die swartes aan hierdie opvoedkundige toetse moes voldoen. Hierdie twee wette het meegebring dat die krag van die Kaapse naturelle-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

stem aansienlik verswak is. Gepaardgaande daarmee is ongeveer 5 000 swart kiesers oor 'n tydperk van vyf jaar deur die strenger toepassing van stemregkwalifikasies ontkieser.

Eers nadat Hertzog en Smuts hul partye in 1934 in die Verenigde Party saamgesmelt het, was Hertzog seker van 'n twee-derde-meerderheid. Talle oud-Sappe het Hertzog eintlik gesteun, maar uit lojaliteit teenoor Smuts kon hulle nie vóór samesmelting vir hom stem nie. Liberale soos M. Alexander, J.H. Hofmeyr en C.A.W. Coulter was dus 'n klein geïsoleerde groep in die Parlement. Hertzog het intussen die wetsontwerpe oor die Kleurlingstemreg teruggetrek aangesien dit duidelik was dat daar in sy eie party 'n groot groep was vir wie die wetsontwerp onaanvaarbaar was. Die ander drie wetsontwerpe is in twee wetsontwerpe gekonsolideer, naamlik die Naturelleverteenwoordigingswetsontwerp en die Naturelletrust en Grond-wetsontwerp wat aan die Volksraad voorgelê is. Die Naturelleverteenwoordigingswetsontwerp het nou in plaas van sewe verteenwoordigers vir slegs vier in die Senaat en 'n Naturelle Verteenwoordigende Raad voorsiening gemaak. Die wetsontwerp is egter ná die eerste lesing teruggetrek en vervang met 'n wetsontwerp wat vir 'n verdere drie verteenwoordigers in die Volksraad en twee lede in die Kaapse Provinsiale Raad voorsiening gemaak het. Hierdie toegewings het op die aandrang van die Oos-Kaapse LV's geskied. Aangesien Hertzog ten alle koste sy twee-derde-meerderheid wou verkry, was hy bereid om die kompromis te aanvaar. Hierdie kompromis was wél vir die oorgrote meerderheid parlementslede aanvaarbaar. Alhoewel die NP-lede die wetsontwerp gesteun het, was hulle tog ontevrede omdat dit nie ver genoeg gegaan het nie. Vir die NP, onder leiding van dr D.F. Malan wat geweier het om Hertzog met samesmelting te volg, was die naturelleverteenwoordigers in die Volksraad onaanvaarbaar aangesien dit 'n bedreiging vir die blanke se voortbestaan was. Daarbenewens wou hulle die kleurlinge van die kieserslys verwyder sien. Enkele liberale, soos C.A.W. Coulter, (Dominiumparty), F.S. Malan, M. Alexander, en J.H. Hofmeyr (VP) het die wetsontwerp weer weens sy segregasionistiese grondslag geopponeer. Hofmeyr het 'n briljante toespraak gelewer waarin hy die wetsontwerp as onregverdig en met 'n minderwaardige status vir die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

swarte veroordeel het. Die oorgrote meerderheid parlementslede was dit egter eens met Hertzog dat die afskaffing van die Kaapse stemreg noodsaaklik was en is die wetsontwerp met 168 stemme teenoor 11 aanvaar. Dit was 42 stemme meer as die 147 stemme wat vir die verpligte twee-derde-meerderheid nodig was. Slegs Hofmeyr en ander liberaaldenkendes, asook die Dominiumparty het daarteen gestem.[12] Nieteenstaande die feit dat die Dominiumparty 'n segregasionistiese party was, het dié Party die wetsontwerp geopponeer omdat dit as 'n verbreking van 'n plegtige belofte met Uniewording beskou is.[13] Met die aanvaarding van die wetsontwerp is die Lagden-kommissie se aanbeveling van totale politieke segregasie, wat deur die Nasionale Konvensie verwerp is, wél aanvaar.

Na die Naturelleverteenwoordigingswet is die Naturelletrust en Grond-wetsontwerp deurgevoer. Hiervolgens is die swartes se grondgebied uitgebrei, aangesien 'n verdere 7,2 miljoen morg grond aan hulle toegeken is. Saam met die grond wat die Naturelle Grond Wet afgebaken het, het die swartes se grondgebied

------------------------

12 Vir Hertzog se jarelange pogings om die Kaapse swarte van die gemeenskaplike kieserslys te verwyder, raadpleeg M. Lacey: Working for Boroko, pp. 52-83; H.B. Kruger: Die politieke aspekte van Generaal J.B.M. Hertzog se naturellebeleid vanaf unifikasie tot aan die einde van sy parlementêre loopbaan, (Ongepubl. D.Phil., Universiteit van Suid-Afrika, 1976), pp. 293-300; Vir die SAP en Smuts se houding t.o.v. die Kaapse stemreg raadpleeg J.M. Krikler: The South African Party and Cape franchise 1926-1936, (Ongepubl. B.A. Hons.-skripsie, Universiteit van Kaapstad, 1980) en J.T. Cameron: An analysis of Smuts's attitude towards Hertzog's 'native bills' from 1926 to 1936, (Ongepubl. M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1982); S.L. Barnard, A.H. Marais: Die Verenigde Party: Die groot eksperiment, pp. 28-32; L. Egeland: Bridges of understanding, p. 84; A. Paton: Hofmeyr, pp. 218-232; B. Cloete: Die lewe van senator F.S. Malan (president van die senaat), pp. 405-415. Vir die debatte en aanvaarding van die Wet, kyk na Dian Joubert: Brandpunte nr. 5, Die Kaapse stemreg. Verteenwoordiging vir swart en bruin in 1936; C.M. Tatz: Shadow and substance, pp. 77-83.

13 Universiteit van die Witwatersrand, E.T. Stubbs-versameling (hierna UW/Stubbs): J.S. Marwick, C.W.A. Coulter, E. Stubbs en G.R. Richards aan C.F. Stallard, 26 Januarie 1948.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nou 12 % van Suid-Afrika se oppervlakte beslaan. Hertzog het gehoop dat hierdie reservate uitgebrei en ontwikkel sou word en die meerderheid swartes hul mettertyd in hierdie gebiede sou vestig. Hier sou hulle die ruimte hê om ekonomies, polities en andersins te ontwikkel. Saam met die Naturelleverteenwoordigingswet en die Naturelle (Stadsgebiede) Wet met sy talle wysigings het die Naturelletrust en -Grondwet die hoekstene van segregasie en die VP se rassebeleid gevorm.

Buiten gebrekkige politieke regte en gebiedskeiding het segregasie 'n lae lewenstandaard vir die swarte tot gevolg gehad. Die naturellereservate was oorbevolk en verarm wat gelei het tot grootskaalse verstedeliking, wat bemoeilik is deur instromingsbeheer deur middel van passe, en die gebruik van die trekarbeidstelsel vir oorlewing. Die swak werktoestande en lae lone van swart plaasarbeiders op die "blanke" plase het ook verstedeliking verhaas. In die stede het die swartes in haglike krotbuurte gewoon of, in die geval van trekarbeiders, in kampongs wat soos tronke gelyk het en geadministreer is. Aansluitend daarby het die trekarbeidstelsel gesinsverbrokkeling aangemoedig.[14] Dit was hierdie omstandighede wat Ballinger as 'n naturelleverteenwoordiger wou beveg.

**Die Naturelleverteenwoordigingswet van 1936**

Kragtens Wet nr. 12 van 1936 is die 10 599 swart kiesers[15] van die Kaapprovinsie op die reeds genoemde aparte kieserslys in drie kieskringe ingedeel. Hiervolgens kon die swart stemgeregtigde Kaapse kieser direk drie blanke verteenwoordigers in die kieskringe Wes-Kaap, Oos-Kaap en Transkei tot die Volksraad verkies.

------------------------

14 London Group on African Affairs, Houer 1, Lêer 1: M. Ballinger: Social and economic problems of the non-Europeans.

15 Buitengewone Staatskoerant, 25 November 1937. Verslag van die sewende afbakeningskommissie, p. 589.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Verder is ook vir die direkte verkiesing van twee blanke verteenwoordigers in die Kaapse Provinsiale Raad voorsiening gemaak. Die swart kiesers van die res van Suid-Afrika sou voorts by wyse van indirekte verkiesing van vier blanke senatore in die Parlement verteenwoordig word. Suid-Afrika is in vier enorme kiesgebiede, naamlik Natal, Transvaal en die Vrystaat gekombineerd, die Transkei, en die Kaapprovinsie sonder die Transkei ingedeel. Alle swart mans ouer as 18 jaar wat geregistreerde belastingbetalers was, kon aan die verkiesing vir senatore deelneem. Die verkiesing self was 'n ingewikkelde indirekte kommunale stelsel. Die senatore is deur 'n kieskollege verkies wat uit stemeenhede saamgestel is. Die stemeenhede was onderskeidelik hoofmanne wie se gebiede buite die jurisdiksie van plaaslike rade geval het, plaaslike rade, stedelike adviesrade en spesiaal saamgestelde verkiesingskomitees. Elke stemeenheid se stemme was gelykwaardig aan die aantal geregistreerde belastingbetalers in die eenheid se area. Hierdie stemme is as 'n blokstem uitgebring. Byvoorbeeld, as 'n adviesraad of 'n verkiesingskomitee uit sewe lede sou bestaan en vier sou hulle steun aan kandidaat A toewys, sou die totale aantal kiesers van die eenheid as 'n blokstem, byvoorbeeld 20 000, aan die bepaalde kandidaat toegewys word. Die idee was natuurlik dat 'n stemeenheid die wil van die kiesers moes weerspieël. Die verkiesing self het oor twee rondes plaasgevind. Eerstens was daar die nominasieronde, waar kandidate eers hulle steun onder die kiesers moes bewys. Dit het 'n minimum van 2 000 stemme behels voordat 'n persoon hom in die tweede ronde as 'n kandidaat verkiesbaar kon stel. Die Transkei se verkiesingsproses was heelwat eenvoudiger aangesien die 81 lede van die Verenigde Algemene Raad van die Transkeigebiede, oftewel die Bunga, 'n Senator sou verkies.[16]

Die stemregkwalifikasies vir die aparte kieserslys is deur die <u>Cape Constitution Ordinance</u> van 1853, soos gewysig in 1892,

-----------------------

16 Buitengewone Staatskoerant, 23 April 1936. <u>Die Naturelleverteenwoordigingswet</u>, Wet nr. 12 van 1936; D.B. Molteno: The representation of natives Act, (New Africa pamphlet no. 4, <u>Political representation of Africans in the Union</u>, South African Institute of Race Relations, 1942), pp. 5-10.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

bepaal. Hiervolgens moes 'n potensiële swart kieser aan sekere opvoedkundige en eiendoms- of inkomstekwalifikasies voldoen. Hy moes manlik en ouer as 21 jaar wees, sy naam, beroep en adres kon skryf en 'n vaste eiendom van minstens £75 in waarde besit of 'n inkomste van meer as £50 per jaar verdien om as 'n kieser te kwalifiseer. Dit het beteken dat die meerderheid stemgeregtigde swartes van die verstedelikte middelklas was, persone soos onderwysers, klerke, predikante, joernaliste en enkele beroepsmense. Hulle was dan ook die mees polities bewuste en ingeligte segment van die swart gemeenskap. Gevolglik was hulle 'n gesofistikeerde kieserskorps wat hoë eise aan enige kandidaat in 'n naturelleverkiesing gestel het.[17]

As parlementslede sou die naturelleverteenwoordigers al die regte, bevoegdhede, voorregte en immuniteit van parlementariërs kragtens die Suid-Afrika-Wet geniet. Die enigste verskil was dat hulle nie deel kon vorm van provinsiale kieskolleges om senatore te verkies nie.[18] As kandidate moes die naturelleverteenwoordigers ook aan dieselfde vereistes as kandidate vir die normale parlementêre verkiesings voldoen. Die enigste addisionele vereiste vir die naturelleverteenwoordigers in die Volksraad was dat die kandidaat twee jaar in die Kaapprovinsie woonagtig moes wees.[19] 'n Verdere spesiale bepaling was dat die naturelleverteenwoordigers ongeag enige ontbinding van die Volksraad hulle setels vyf jaar lank sou behou.[20] Die idee was klaarblyklik dat die "blanke" en "swart" politiek van mekaar "geskei" moes word.[21]

-----------------------

17 J. Lewin: The electoral system in practice, (New Africa pamphlet, nr. 4, Political representation of Africans in the Union, South African Institute of Race Relations, 1942), pp. 5-10.

18 Buitengewone Staatskoerant, 23 April 1936, Die Naturelleverteenwoordigingswet, Wet nr. 12 van 1936, Artikels 14.2 en 13C.

19 Ibid., Artikel 14.1.

20 Ibid., Artikel 14.1.

21 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 46.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die Naturelleverteenwoordigingswet het ook vir 'n Naturelle Verteenwoordigende Raad (NVR) voorsiening gemaak. Die NVR het uit twaalf verkose en vier benoemde lede, asook uit vyf hoofnaturellekommissarisse bestaan, met die Sekretaris van Naturellesake as die voorsitter. Die blanke amptenare kon aan die debatte deelneem, maar het geen stemreg geniet nie. Die voorsitter het wél die bepalende stem met 'n staking van stemme gehad. Die NVR sou een keer per jaar vergader en kon slegs in 'n adviserende hoedanigheid oor alle voorgestelde swart wetgewing 'n mening uitspreek.

Alle wetgewing rakende swartes moes aan die NVR vir oorweging en verslaggewing voorgelê word. Op sy beurt kon die NVR ook wetgewing wat in die belang van die swarte beskou is by die Parlement of die provinsiale rade aanbeveel. Alle verslae van die Raad moes aan die Parlement voorgelê word en indien nodig ook aan die onderskeie provinsiale rade.[22] Alhoewel die NVR 'n plaasvervanger vir die verlies van politieke regte van swartes in die Kaapprovinsie was, is dit in retrospeksie duidelik dat die NVR as 'n buffer tussen die blankes en die swartes moes dien. Die Raad was 'n veiligheidsklep waar swart leiers skadeloos stoom kon afblaas.

### Die debat oor deelname aan die naturelleverteenwoordigingstelsel

Na die aanvaarding van die Naturelleverteenwoordigingswet het die vraag by opponente van die stelsel ontstaan of die nuwe sisteem geboikot moes word en of dit tot die voordeel van die swartes aangewend moes word. Veral die All African Convention (AAC) wat in Desember 1935 as 'n teenvoeter teen Hertzog se wetsontwerpe gestig is, was oor hierdie kwessie ernstig ver-

------------------------

22 C.M. Tatz: Shadow and substance, pp. 96-97.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

deel.[23] Die jonger en heethoofdiger lede wou die stelsel in sy geheel verwerp, terwyl die ouer en konserwatiewer garde dit met al sy gebreke tog wou gebruik om die swarte se posisie te verbeter. Die laasgenoemde houding het Albert Luthuli, later president van die African National Congress (ANC), treffend opgesom:

> "Let us try to milk this almost dry cow. Let us once more put to the test the white man's declared good faith."[24]

Ten einde laaste het die organisasie wél besluit om onder protes van die nuwe stelsel gebruik te maak en bevoegde blanke liberale as kandidate te nomineer.[25]

Hierdie besluit het weer die probleem vir talle blanke liberale geskep of dit moreel regverdigbaar sou wees om hulle in 'n stelsel verkiesbaar te stel wat hulle net kort vantevore hand en tand beveg het. Dit was 'n stryd wat Ballinger as 'n hoogtepunt van haar lewe beskou het:

> "I still think it was the biggest, most effective and most satisfying liberal struggle ever seen in South Africa, even though it ended in defeat."[26]

Weens haar afkeer van enige vorm van segregasie en haar wantroue in kommunale verteenwoordiging, was Ballinger aktief in hierdie stryd betrokke. Sy het saam met William gepoog om die blanke liberale te oortuig om swart opposisie teen die Hertzog-wette aan te moedig. Hiermee was sy onsuksesvol aangesien die meerderheid liberale gevrees het dat dit 'n moontlike anti-blanke bewus-

------------------------

23 D. Molteno: The betrayal of native representation, (Pamphlet), pp. 9-10; R.J. Haines: The opposition to general J.B.M. Hertzog's segregation bills, 1925-1936: A study in extra-parliamentary protest, (Ongepubl. M.A.-verhandeling, Universiteit van Natal, 1978), pp. 265-266.

24 A. Luthuli: <u>Let my people go</u>, p. 87.

25 P. Walshe: <u>The rise of African nationalism in South Africa</u>, pp. 123-124.

26 <u>Sunday Times</u>, 15 Mei 1960, (Margaret Ballinger's 23 year career as an MP ends).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

syn tot gevolg kon hê.[27] Ná 1931 was sy egter nie meer so prominent in die stryd betrokke nie. Sy was byvoorbeeld oorlaai met werk by Wits. In 1933 moes sy as waarnemende departementshoof in die afwesigheid van Macmillan optree. Hoe ooreis sy was, blyk uit 'n brief van H. Raikes, rektor van die Universiteit, aan Macmillan:

> "In my opinion the strain of the work she has been doing for you is excessive and she is in urgent need of a holiday."[28]

Sy het ook saam met William die protektorate in hierdie tydperk besoek. Daarna moes sy 'n siek William verpleeg, terwyl sy in 1934 haar langverlof in Brittanje deurgebring het. Die Ballingers het tog gepoog om swart verset teen die Hertzog-wette te mobiliseer en William was die enigste blanke wat die AAC-konferensie van 1935 toegespreek het.[29]

Wat het Ballinger, as 'n onvermoeide opponent van kommunale verteenwoordiging, oortuig om haar as 'n naturelleverteenwoordiger verkiesbaar te stel? Die belangrikste faktor was haar voortgesette politieke isolasie in haar pogings om segregasie te beveg. Die FOA was te swak en te klein om enige uitdaging vir die SAIR te wees. Haar werk by die FOA het ook nie besonderse vrugte afgewerp nie.[30] Haar isolasie is vererger toe sy haar aanstelling by die universiteit verloor het. Daarmee het sy haar enigste geleentheid verbeur om die blanke jeug positief oor Suid-Afrika se rasseprobleem te beïnvloed. Die stelsel van naturelleverteenwoordiging, hoewel sy dit in beginsel nie goedgekeur het nie, het aan haar op daardie tydstip 'n unieke geleentheid gebied om

------------------------

27 R.J. Haines: The opposition to general J.B.M. Hertzog's segregation bills, 1925-1936: A study in extra-parliamentary protest, pp. 147-148.

28 W.M. Macmillan-versameling (In mev. Macmillan se private besit): H.R. Raikes aan W. Macmillan, 9 Augustus 1933.

29 R.J. Haines: The opposition to general J.B.M. Hertzog's segregation bills, 1925-1936: A study in extra-parliamentary protest, p. 220.

30 P.B. Rich: White power and the liberal conscience, p. 247.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

uit haar isolasie te breek en sitting te verkry in die hoogste wetgewende liggaam, waar sy haar idees oor 'n regverdige en demokratiese stelsel kon verkondig. Dit was nie net Ballinger wat so gevoel het nie, maar ook haar mentor, prof. W.M. Macmillan:

> "At the time I left South Africa the parliamentary opportunities which they [die Ballingers] now took advantage of were not open, or perhaps I might have been able to carry on the fight in that way."[31]

Ballinger se besluit om van die naturelleverteenwoordigingstelsel gebruik te maak, het haar filosofie om van alle geleenthede, hoe beperk ook al, gebruik te maak om segregasie te beveg, bevestig. 'n Segregasionistiese instelling kon dus aangewend word om segregasie af te takel.[32] Soos Ballinger dit gestel het:

> "Only those who do not believe in this communal type of representation can work it."[33]

Hieroor het sy haar verder soos volg uitgelaat:

> ".... African leaders and White liberals alike decided to try to use the new machinery, designed to support segregation, to propagate our view of the alternative and the right road for South Africa."[34]

Volgens 'n revisionis soos Rich het hierdie optrede van Ballinger slegs legitimiteit aan 'n segregasionistiese en onderdrukkende instelling verleen.[35] Teoreties gesproke is hierdie siening korrek, maar die swakheid in die argument is dat die historiese konteks waarin dié besluite geneem is, nie in ag geneem is nie. Dit was een van die weinige geleenthede wat vir die liberale beskikbaar was om segregasie te beveg. Dit het nie van hulle "agents of social control" gemaak nie en dit was ook nie

------------------------

31 W.M. Macmillan: <u>My South African years</u>, p. 247.

32 E. Brookes: <u>A South African pilgrimage</u>, p. 72.

33 J. Butler, R. Elphick, D. Welsh (reds.): <u>Democratic liberalism in South Africa</u>. p. 110.

34 M. Ballinger: <u>From union to apartheid</u>, p. 43.

35 Forum: Liberalism in South Africa, (<u>Social Dynamics</u>, vol. 10, nr. 1, 1984), pp. 67-68.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n poging om die swartes 'n rat voor die oë te draai deur hulle onder die indruk te bring dat die naturelleverteenwoordigers genoegsame politieke verteenwoordiging vir hulle was nie. Net soos die swartes, was die blanke liberale bewus van Hertzog se motief met die stelsel van naturelleverteenwoordiging, naamlik:

> "... my veiligheid eis dat die naturel slegs 'n mate van politieke regte sal kry, slegs op dié wyse, wat bestaanbaar is met die blanke en sy beskawing in Suid-Afrika."[36]

Alhoewel Peter Horn sy ongeloof daaroor uitspreek[37], het swart leiers en hul organisasies saam met die blanke liberale besluit om van 'n segregasionistiese instelling gebruik te maak om segregasie te beveg. Selfs die heelwat meer militante KPSA het dieselfde redes as die liberale aangevoer vir hul gebruikmaking van die stelsel van naturelleverteenwoordiging.[38] Ballinger het dus geen bedekte motiewe gehad nie behalwe haar ideaal om haar vir 'n regverdige en demokratiese Suid-Afrika te beywer.

**Ballinger se nominasie**

Intussen kon die AAC geen konsensus oor geskikte kandidate vir die verkiesing in Junie 1937 bereik nie en het die ANC in Desember 1936 besluit om Margaret Ballinger vir die Oos-Kaap te nomineer.[39] Dit het op aandrang van eerw. J.A. Calata,[40] invloedryke sekretaris-generaal van die ANC, geskied.[41] Sy optrede was gemotiveer deur sy bewondering vir en erkenning van Ballinger se pogings om die lewensomstandighede van die swarte te

-----------------------

36 D. Jouberg: Die Kaapse stemreg, p. 57.

37 P. Horn: Donald Molteno and South African liberalism, (Social Dynamics, vol. 5, nr. 2, 1979), p. 64.

38 B. Bunting: Moses Kotane: South African revolutionary, p. 146.

39 P. Walshe: The rise of African nationalism in South Africa, pp. 251, 256.

40 G.M. Gerhart, T. Karis: From protest to challenge, Vol. 4, Political profiles 1882-1964, p. 16.

41 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 47.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verbeter en haar stryd as 'n kampvegter vir hul regte. Sy was ook 'n bekende figuur in die Oos-Kaap. In 1929 het sy byvoorbeeld 'n deeglike sosio-ekonomiese studie van die Ciskei gedoen[42] (die bevindinge is nooit gepubliseer nie), terwyl sy in die dertigerjare saam met William koöperatiewe verenigings in die Oos-Kaap probeer vestig het.[43] Haar verbintenis met William, wat in hierdie tydperk 'n prominente figuur in Suid-Afrika was, was ook 'n moontlike rede vir haar nominasie. Haar nominasie vir die Oos-Kaap was egter nie 'n suiwer plaaslike aangeleentheid nie, maar 'n poging om haar in die Volksraad te kry as 'n verteenwoordiger vir alle Suid-Afrikaanse swartes.

Die AAC het intussen sy eie kandidaat, adv. Will Stuart van Port Elizabeth, op 20 Januarie 1937 vir die Oos-Kaapse kieskring genomineer - 'n nominasie wat entoesiasties deur hom aanvaar is.[44]

Ballinger was egter glad nie entoesiasties oor haar eie nominasie nie aangesien sy geen parlementêre ambisies gehad het nie, alhoewel sy eenmaal aan 'n vriendin, Winifred Holtby, verklaar het dat die aanlokkingskrag van die parlementêre salaris haar van standpunt kon laat verander.[45] Toe die Arbeidersparty haar egter 'n veilige setel aangebied het, was haar gebrek aan parlementêre ambisie 'n belangrike rede waarom dit van die hand gewys is.[46] Ná die aanvaarding van die Naturelleverteenwoordigings-

------------------------

42 P.B. Rich: White power and the liberal conscience, p. 34.

43 J. Howard Pim-versameling, Universiteit van die Witwatersrand: W.G. Ballinger aan H. Pim, 14 Februarie 1933.

44 Brief van W.H. Stuart in die Imvo Zabantsundu, 6 Februarie 1937; Kyk ook na die AAC se lys van aanbevole kandidate vir swart kiesers, Imvo Zabantsundu, 13 Februarie 1937.

45 Holtby-versameling, 4.13: M. Ballinger aan W. Holtby, 13 Februarie 1935.

46 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 44.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wet het sy aanvanklik daarin belanggestel om haar as 'n naturelleverteenwoordiger verkiesbaar te stel. Ballinger het dan ook gevoel dat sy so 'n verkiesing kon wen.[47] Die gretigheid van talle blanke liberale om hul vir hierdie setels beskikbaar te stel, het egter klaarblyklik Ballinger se entoesiasme gedemp om haarself verkiesbaar te stel. Die gedagte van 'n taai verkiesingstryd het haar afgeskrik. Boonop het sy dit onomwonde aan Macmillan gestel dat sy haar slegs op uitnodiging verkiesbaar sou stel.[48] Toe sy uitgenooi is, wou sy aanvanklik nie die nominasie aanvaar nie, maar is mettertyd oorreed. Later sou sy erken dat dit in werklikheid op haar afgedwing is.

> "As far as I was concerned, I was pressed into a job I did not want."[49]

Drie redes kan vir Ballinger se besluit aangevoer word om haar beskikbaar te stel. Ten eerste het Calata haar persoonlik in Johannesburg kom spreek om haar te oorreed.[50] Tweedens het sy besef dat die bevoegde blanke liberale wat hul wél verkiesbaar wou stel in die Transvaal woonagtig was. Dus was hulle deur die Kaapse residensiële kwalifikasie van twee jaar as kandidate uitgeskakel. Gevolglik het 'n aantal twyfelagtige Oos-Kaapse liberale kandidate na vore getree wat die stelsel van naturelleverteenwoordiging as 'n gerieflike instrument vir hul parlementêre ambisies wou uitbuit. As een van die weinige Johannesburgse liberale wat aan die Kaapse residensiële kwalifikasie voldoen het, was daar dus heelwat druk op haar om haar verkiesbaar te stel om sodoende die setel van opportuniste te weerhou.[51] (Die

------------------------

47 London Group on African Affairs, Houer 1, Lêer 1: M. Ballinger aan F.S. Livie-Noble, 15 September 1936.

48 W.M. Macmillan-versameling: M. Ballinger aan W. Macmillan, 20 Desember 1936.

49 Sunday Times, 15 Mei 1960, (Margaret Ballinger's 23 year career as an MP ends).

50 W.G. Ballinger-versameling, Universiteit van Kaapstad (hierna slegs UK/W.G. Ballinger), G2.IV.3; J.A. Calata aan M. Ballinger, 7 September 1960.

51 Sunday Times, 15 Mei 1960, (Margaret Ballinger's 23 year career as an MP ends).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verkiesing in die Oos-Kaap was dus nie 'n verlenging van die twis tussen die "konserwatiewe" en "radikale" liberale nie.) Die derde, maar beslis die belangrikste, rede was dat William druk op haar geplaas het. Hy het 'n brandende ambisie gehad om in die Parlement te eindig en hy was selfs tydens die naturellesenaats-verkiesing 'n kandidaat vir die Transvaal- Vrystaat-kiesgebied. Sy ambisies het hy op sy vrou oorgedra en haar uiteindelik oortuig om haar verkiesbaar te stel.[52] Later sou Ballinger erken dat sy die ontstaan van haar parlementêre loopbaan aan hom te danke gehad het.[53]

Terwyl Ballinger gewik en weeg het of sy die nominasie moet aanvaar, het haar kanse om te wen begin vervaag aangesien haar opponente reeds met hul veldtogte begin het. Selfs ná sy die kandidatuur aanvaar het, kon sy nie onmiddellik met haar veldtog begin nie. Ballinger het nog steeds in 'n tydelike hoedanigheid aan Wits gedoseer en spesiale verlof moes eers georganiseer word. Aansluitend daarby het die ANC haar ook van geen organisatoriese hulp voorsien om met haar veldtog te begin nie.[54]

## Die ander kandidate

Will Stuart het nie op hom laat wag nie en hy was reeds teen einde Februarie besig met sy veldtog. Hy het 'n reeks suksesvolle vergaderings oor die hele Oos-Kaap toegespreek met die gepaardgaande mosies van vertroue.[55] In werklikheid het Stuart se veldtog reeds in Julie 1936 begin toe hy hom aktief beywer

------------------------

52 Onderhoud met dr. P. Lewsen, 1 September 1986.

53 The Cape Argus, 22 Julie 1974, (Death of senator Ballinger).

54 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 47.

55 Umlindi we Nyanga, 15 Maart 1937, (All African convention candidates receive overwhelming support in border and Glen Grey).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het om as 'n AAC-kandidaat genomineer te word.[56] Die belangrikste faktore in Stuart se guns was sy onberispelike parlementêre liberale agtergrond en sy familiebande met die prominente Kaapse familie, die Schreiners. Hy was 'n kleinneef van bekende liberale soos W.P. Schreiner, voormalige Kaapse premier, senator Theophilus Schreiner, en die skryfster Olive Schreiner, almal persone wat groot aansien onder die swartes geniet het. As 'n LV vir Temboeland (1915-1924) was Stuart 'n sterk eksponent van die Kaapse liberale tradisie in die Suid-Afrikaanse Parlement. Dit was juis hierdie liberale denkwyse wat die blanke kiesers van Temboeland van hom vervreem het en 'n bydraende faktor tot sy nederlaag in 1924 was.[57] Gedurende Hertzog se verskillende pogings om die swartmense van die Kaapse gemeenskaplike kieserslys te verwyder, was hy ook 'n uitgesproke teenstander daarvan.[58]

Verder het Stuart die steun van die invloedryke Jabavu's in die Oos-Kaap geniet. Beide prof. D.D.T. Jabavu, president van die AAC en bekende opvoedkundige, asook sy broer, A.M. Jabavu, lid van die Ciskeise Bunga, tesourier van die Cape Native Voters Convention en redakteur van die swart Oos-Kaapse mondstuk die Imvo Zabantsundu,[59] het Stuart se kandidatuur entoesiasties gesteun. Daarby het Stuart ook die steun van die Independent Industrial and Commercial Workers' Union van Clements Kadalie in Oos-Londen geniet. Hierdie steun, tesame met sy liberale agtergrond, het hom dus die aanvanklike gunsteling gemaak om die ver-

------------------------

56 Macmillan-versameling: M. Ballinger aan W. Macmillan, 13 Julie 1936.

57 South African who's who 1925-26, p. 220; R.J. Bouch: The South African Party and the National Party in the Eastern Cape 1919-1924, (Ongepubl. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand, 1979), pp. 128-131, 140; Umlindi we Nyanga, 15 Mei 1937, (William Hemming Stuart); W.H. Stuart: The Schreiners (Ongepubl. familiegeskiedenis, in die besit van mev. J.M. Stuart).

58 The Natal Advertiser, 27 Januarie 1927, (The native bills, roundly condemned by Adv. W. Stuart).

59 G.M. Gerhart, T. Karis: From protest to challenge, Vol. 4, Political profiles 1882-1964, pp. 39-41.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kiesing te wen. Aansluitend daarby was hy 'n gesoute politikus wat 'n veteraan van talle verkiesings was.[60] Dit het hom 'n verdere voorsprong op Ballinger gegee aangesien hy al van verkiesingstegnieke vergeet het waarvan sy nog moes kennis neem. Stuart was ook 'n persoon wat nie sou skroom om van enige taktiek, wettig of onwettig, gebruik te maak om verkies te word nie. In 1935 het hy byvoorbeeld deur politieke vuilspel die Dominiumparty se nominasie vir 'n tussenverkiesing in Port Elizabeth-Noord verkry.[61]

Dit was hierdie tipe optrede tesame met bewerings dat hy oneerlik was wat die meerderheid blanke liberale wantrouig teenoor hom gemaak het. Sy eie party het hom trouens daarvan verdink dat hy partyfondse verduister het. Die Dominiumparty het hom dan ook ná die tussenverkiesing versoek om die party te verlaat.[62] Ballinger het verder beweer dat Stuart erken het dat 'n parlementêre salaris 'n belangrike motivering vir sy kandidatuur was.[63] Verantwoordelike leiers soos die Jabavus en die AAC was klaarblyklik onbewus van Stuart se donkerder sy aangesien dit nooit geopenbaar is nie. Talle blanke liberale was wél daarvan bewus en hulle het gehoop dat Ballinger hom sou verslaan voor hy die reputasie van Suid-Afrikaanse liberalisme enige skade as 'n naturelleverteenwoordiger kon berokken.[64]

Buiten Stuart en Ballinger het nog drie ander kandidate, naamlik J. Stewart, Frank Brownlee en J.W. Duncan, na vore getree. Stewart was 'n "politieke dier" wat as lid van die Arbeidersparty 'n stadsraadslid, burgemeester, LPR en LV vir Oos-Londen

------------------------

60 B.M. Schoeman: Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976, pp. 63, 92, 121, 141, 215.

61 Universiteit van Suid-Afrika, C.F. Stallard-versameling: C.A.W. Coulter aan C.F. Stallard, 20 November 1935.

62 *Ibid*., C.A.W. Coulter aan C.F. Stallard, 28 November 1935; W.H. Stuart aan C.F. Stallard, g.d.

63 Macmillan-versameling: M. Ballinger aan W. Macmillan, 20 Desember 1936.

64 UK/Ballinger, A3.174: M. Ballinger aan S. Msimang, 24 Junie 1937.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(1919-1924) was.[65] Hy was 'n ervare politikus wat in 1929 en 1933 in sy pogings tot 'n hertoetrede tot die Parlement gefaal het.[66] Sy kandidatuur was dus 'n vorm van politieke opportunisme aangesien hy geen liberale agtergrond ten opsigte van swart aangeleenthede gehad het nie; die verkiesing het 'n laaste geleentheid vir 'n terugkeer tot die Volksraad gebied.

Frank Brownlee het, in teenstelling met Stuart en Stewart, geen politieke agtergrond gehad nie. Wat wel in sy guns getel het, was sy familienaam wat reeds drie geslagte aan die ontwikkeling van swartes in die Oos-Kaap gekoppel was. Sy oupa was 'n sendeling en sy vader, die legendariese Charles Brownlee, was die eerste Sekretaris van Naturellesake in die Kaapkolonie. Frank Brownlee het self in die Oos-Kaap grootgeword, kon Xhosa vlot praat en was jare lank 'n magistraat en naturellekommissaris in die Transkei. Van 1933 tot 1935 was hy die president van die Natalse en Transvaalse Appèl- en Egskeidingshof vir Naturelle. Daarby was hy 'n kenner van swart tradisies, gewoontes en wette. Brownlee het aansien onder die swartes geniet en het as Maduna (Indoena) onder hulle bekend gestaan; hy was 'n uiters geskikte persoon om as 'n naturelleverteenwoordiger op te tree. Ballinger se verkiesingsagent, Ethelreda Lewis, bekende liberaal en outeur van die boek Trader Horn het Brownlee ná Ballinger as die geskikste kandidaat beskou.[67]

Die vierde kandidaat was J.W. Duncan, 'n onbekende faktor in die verkiesing. Hy was 'n welgestelde en vooraanstaande boer en hoteleienaar van Whittlesea met geen agtergrond as politieke kampvegter of verteenwoordiger van die swarte nie. Faktore in sy

-----------------------

65 East London centenary 1848-1948, official souvenir brochure, p. 83; Parlementêre register 1910-1961, p. 116.

66 B.M. Schoeman: Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976, pp. 166, 194.

67 UW/Ballinger: B.2.16.2, E. Lewis aan F. Brownlee, 19 Maart 1937; D.W. Krüger, C.J. Beyers (red.): Dictionary of South African biography, vol. III, p. 113.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

guns was dat hy vlot Xhosa kon praat en aansien in die Queenstown- en Whittlesea-omgewing onder die swartes geniet het. Hy het as Dilizintaba ('n prysnaam wat beteken 'om die berg te breek') onder hulle bekend gestaan.[68] Sy kandidatuur moet ook gesien word as 'n poging deur die boere van die Oos-Kaap om hul verteenwoordiging in die Parlement aan te vul met 'n persoon wat na hul belange sou omsien.[69] Afgesien van Brownlee was al Ballinger se opponente dus opportuniste wat liberalisme as 'n dekmantel gebruik het om hul eie persoonlike ambisies deur middel van die naturelleverteenwoordigingstelsel te bevredig.

**Die verkiesingstryd**

Die stryd tussen die kandidate sou nie 'n ideologiese botsing wees nie, maar eerder 'n keuse tussen persoonlikhede, aangesien al die kandidate hul op 'n liberale platform as opponente van segregasie verkiesbaar gestel het. Aansluitend daarby het die partypolitiek ook nie na die naturelleverkiesing deurgesyfer nie omdat die kandidate onafhanklikes sonder enige partyverband was.

Ballinger het uiteindelik eers op 15 Maart, nege dae vóór nominasiedag op 24 Maart, met haar veldtog begin.[70] Die aanvanklike voorsprong van Stuart en Stewart is deur die teenwoordigheid van Ballinger se briljante verkiesingsorganiseerder, A.Z. Tshiwula, geneutraliseer. Tshiwula is deur Calata by Ballinger aanbeveel, veral weens sy voormalige amp as Algemene Sekretaris van die ANC in die Kaapprovinsie, wat behels het dat hy takke vir die organisasie in dié provinsie en Transkei moes stig.[71]

-----------------------

68 Brief van J.R. Dalamba in The Daily Representative, 5 Mei 1937.

69 The Daily Representative, 1 Mei 1937, (Queenstown, past, present and future); UW/Ballinger: B2.16.2, Historical incident becomes political hoodoo.

70 The Daily Representative, 13 Maart 1937, (Representation of natives).

71 UW/Ballinger: C2.7.3 (Lêer 1): A.Z. Tshiwula aan W.G. Ballinger, 4 Maart 1937; T.D. Mweli Skota: The African yearly register, p. 275.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tshiwula het Ballinger in sy private hoedanigheid gehelp en is deur haar besoldig. Hy was 'n organiseerder by uitstek, wat haar hele veldtog gehanteer en gekoördineer het. Hy het die toerplan vir vergaderings gereël en die onderskeie verkiesingskomitees oor die hele kieskring aangestel, gelaai met prominente en gesiene persone wat hy persoonlik geken het. (Tshiwula was ook 'n gerespekteerde persoon in die swart gemeenskap.) Buiten sy organisatoriese vermoëns het hy ook 'n vriend en vertroueling van Ballinger geword deur haar voortdurend aan te moedig en te inspireer. So kon hy byvoorbeeld die swarte se psige en optrede tydens die verkiesing aan haar verklaar. Tshiwula se enigste tekortkoming, as dit so genoem kan word, was dat hy nie 'n bekwame tolk was nie.[72] Met Tshiwula wat die organisatoriese sy van die veldtog beheer het, kon Ballinger haar onverdeelde aandag aan haar vergaderings en toesprake bestee. In 'n adviesbrief van F. Meyours aan Ethelreda Lewis, as Ballinger se agent, het Meyours dit onomwonde gestel dat die kandidaat met die beste organisasie die verkiesing sou wen.[73] Sonder die teenwoordigheid van Tshiwula sou die Ballinger-kandidatuur heelwat probleme ondervind het. Hy het 'n onverbeterlike veldtog daargestel wat 'n noodsaaklikheid was weens die uitgestrektheid van die kieskring.

Die Oos-Kaapse kieskring, alhoewel die kleinste van die drie kieskringe, was enorm in vergelyking met 'n blanke setel. Dit het 'n reusedriehoek met Aliwal-Noord in die noorde, Oos-Londen in die ooste en Port Elizabeth in die weste gevorm. Oor die hele gebied was 4 020 kiesers versprei[74] met die volgende sentra as die vernaamste konsentrasiepunte van kiesers:[75]

------------------------

72 M. Ballinger: From union to apartheid, pp. 47-48; Kyk Tshiwula se briewe aan Margaret Ballinger, UW/Ballinger: B2.16.2, 18 April 1937, 19 April 1937, 21 April 1937, 24 April 1937, 25 April 1937, 27 April 1937.

73 UW/Ballinger: B2.16.2, F. Meyours aan E. Lewis, 3 April 1937.

74 Imvo Zabantsundu, 6 Februarie 1937, (Cape native voters).

75 UW/Ballinger: B2.16.2, F. Meyours aan E. Lewis, 3 April 1937.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

| | |
|---|---|
| Port Elizabeth ............................ | 831 |
| Oos-Londen ................................ | 577 |
| Queenstown ................................ | 572 |
| King William's Town ....................... | 406 |
| Glen Grey ................................. | 395 |
| Uitenhage ................................. | 187 |
| Albanie ................................... | 175 |
| Fort Beaufort ............................. | 121 |
| Keiskammahoek ............................. | 188 |
| Middeldrift ............................... | 123 |
| Victoria-Oos .............................. | 166 |
| Aliwal-Noord .............................. | 58 |
| Cathcart .................................. | 39 |
| Peddie .................................... | 67 |
| Stockenstrom .............................. | 22 |

Om al die kiesers te bereik, het Ballinger ongeveer 100 vergaderings toegespreek[76] en ongeveer 3 000 kilometers oor slegte paaie gereis.[77] Op aandrang van Tshiwula, wat al haar vergaderings bygewoon het, het sy selfs die kleinste gehuggies besoek om kiesers se steun te werf.[78] Orals is sy met groot entoesiasme en die gepaardgaande mosies van vertroue ontvang.[79] Hoe uitmergelend die veldtog was, blyk uit die straf wat die Ballingers se motor tydens die verkiesing ondergaan het. Die

-----------------------


76 Imvu Zabantsundu, 5 Junie 1937, (Mrs Ballinger's strenuous campaign.

77 V. Brittain: Testament of friendship, p. 255.

78 UW/Ballinger: B2.16.2, A.Z. Tshiwula aan Margaret Ballinger, 19 April 1937.

79 The Daily Representative, 6 April 1937, (Increased wages for natives); Daily Dispatch, 3 April 1937, (Native election; Mrs W.G. Ballinger at location); UW/Ballinger: B2.16.2, L.H. Kaplan aan m. Ballinger oor 'n vergadering in Grahamstad, 23 Maart 1937.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

voertuig se skokbrekers het naamlik drie maal gebreek, twee bande moes vervang word en die motor se stuurstang het gebreek.[80]

William Ballinger het intussen sy volle gewig by sy vrou se veldtog ingegooi ná sy rampspoedige kandidatuur in die noorde: tot sy skok en ontnugtering het hy in die nominasieronde van die senaatsverkiesing slegs vierde uit vyf kandidate geëindig met 'n skamele 4 557 stemme teenoor die voorloper, J.D. Rheinallt Jones se 305 333 stemme.[81] Weens sy gebrekkige steun, het hy hom aan die verkiesing onttrek en al sy energie in Margaret se veldtog gestort.[82] Hy het, behalwe sy morele bystand, ook as 'n gereelde spreker opgetree en sodoende heelwat belangstelling vir haar verwek jeens sy bekendheid as 'n vakbondleier.[83] 'n Verdere voordeel van sy mislukte kandidatuur was finansieel van aard, aangesien dit vir die Ballingers onmoontlik was om twee verkiesings gelyktydig te veg.[84] Vir slegs Margaret se veldtog is die onkoste op £350 beraam.[85]

Ballinger se veldtog het intussen van krag tot krag gevorder. Etlike redes, buiten Tshiwula se goeie organisasie, kan vir hierdie wending aangevoer word. So was sy, ongeag die gebruikmaking van 'n tolk, 'n dinamiese en meesleurende spreker.[86]

------------------------

80 UW/Ballinger: F2.2 (Lêer 1), W.G. Ballinger aan C. Johnson, 17 Junie 1937.

81 E. Roux: <u>Time longer than rope</u>, p. 295.

82 UK/W.G. Ballinger, C2.II.1.3: W.G. Ballinger aan C. Johnson, 26 April 1937.

83 <u>The Bantu World</u>, 15 Mei 1937, (Mrs Ballinger's election campaign).

84 UK/V.M.L. Ballinger, A3.174: M. Ballinger aan S. Msimang, 24 Junie 1937.

85 UK/W.G. Ballinger, C2.11.1.3: W.G. Ballinger aan C. Johnson, 26 April 1937.

86 <u>The Bantu World</u>, 5 Junie 1937, (Mrs Ballinger's inspiring election campaign).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Verdere faktor in haar guns was die feit dat sy die enigste vroulike kandidaat was. Oorspronklik is geredeneer dat dit teen haar sou tel omdat die swart manlike kiesers nie vir 'n vrou sou stem nie. Daarby is 'n gerug versprei dat die swartes haar nie moes steun nie aangesien sy 'n moontlike tweede Nongqause van die sogenaamde Xhosa-selfmoordfaam kon wees.[87] Ballinger se reaksie op die bepaalde gerug was eenvoudig, maar effektief. Dit was naamlik dat 'n vrou, koningin Victoria, die swartes politieke regte in Suid-Afrika gegee het, maar dat die mans van Suid-Afrika dit van hulle ontneem het en dat sy haar sou beywer om dit weer te herstel.[88] Hierdie argument het inslag by die swartes gevind, met die gevolg dat meer nuuskieriges en entoesiastiese ondersteuners na haar vergaderings gelok is. Daarby het Ballinger ook by die swart vrouens van die Oos-Kaap aansluiting gevind. Alhoewel die vrouens geen stemreg geniet het nie, het hulle wel groot invloed in die swart gemeenskap uitgeoefen.[89] Op die aandrang van Tshiwula het sy spesiale vergaderings vir slegs die swart vrou gereël waar sy haar veral op die sosio-ekonomiese posisie van die swart gesin toegespits het. Daar het sy sake aangeroer soos die lot van die swart trekarbeider se agtergeblewe gesin, swart onderwys, kleutersorg vir swart kinders en die posisie van die swart moeder.[90] Hierdie opregte besorgdheid van Ballinger oor die swart gesin het haar aansien en prestige verder vergroot.

------------------------

87 UW/Ballinger: B2.16.2, Historical incident becomes political hoodoo; "Nongquase as political hoodoo", brief van J.J.S. Mandleni in The Daily Representative, 10 Mei 1937.

88 UW/Ballinger: B2.16.2, Brief van T.B. Lujiza aan M. Ballinger, 26 April 1937; Ibid., Verkiesingspamflet uitgereik deur E. Lewis.

89 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 51.

90 The Bantu World, 15 Mei 1937, (Mrs Ballinger's election campaign); The Bantu World, 29 May 1937, (Native elections, women's prayers for success); Brief van Sol Rulashe in die Umteteli wa Bantu, 13 Maart 1937.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ballinger se verkiesingsmanifes het ook sterk inslag by die swartes gevind. Hiervolgens het sy haar beywer vir:

(i) Die uitbreiding van die bestaande swart politieke regte in die Kaapprovinsie na die res van Suid-Afrika met die uiteindelike doel van gelyke politieke regte vir alle Suid-Afrikaners

(ii) Die reg tot grondaankope vir swartes

(iii) Gelyke opvoedingsfasiliteite vir alle rasse

(iv) Pensioene vir swartes

(v) Minimum-lone vir swartes

(vi) Steun vir swart boere

(vii) Die afskaffing van belasting op swartes jonger as 21 jaar

(viii) 'n Meer relevante belastingstelsel vir swartes om hul gesinne finansieel te beskerm

(ix) Die beëindiging van die trekarbeidstelsel

(x) Die beskerming en verbetering van die swart gesin se posisie deur middel van beter lone en behuising.[91]

Hierdie doelstellings het Ballinger met groot sukses by haar talle vergaderings oorgedra. Sy het geen wilde beloftes van onmiddellike veranderinge gemaak as sy verkies sou word nie. As 'n verkose naturelleverteenwoordiger sou sy haar eerder beywer om die blanke se bevooroordeelde persepsie van die swarte stelselmatig te verander.[92] Aansluitend daarby het die weerhouding

------------------------

91 UW/Ballinger: B2.16.2, Margaret Ballinger se verkiesingsmanifes, 1937; UK/V.M.L. Ballinger, D4.1: Brief van Margaret Ballinger aan die kiesers van die Oos-Kaap.

92 <u>Daily Dispatch</u>, 1 Junie 1937, (Native election, Mrs Ballinger's candidature).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van enige persoonlike aanvalle op haar opponente ook 'n groot indruk op die kiesers gemaak. 'n Verdere faktor in haar guns was dat sy nie net 'n paternalis soos haar opponente was, wat hulle net vir die regverdige behandeling van die swarte uitgespreek het nie, maar haar aktief vir gelyke politieke regte vir alle Suid-Afrikaners beywer het.[93]

Intussen het Ballinger se opponente nie stil gesit nie. Will Stuart was veral aktief in die stryd. Dat Stuart vol selfvertroue was, blyk daaruit dat hy sy eie veldtog afgeskeep het om sy vrou en seun se verkiesing vir onderskeidelik die Senaat en Volksraad in die Transkei te steun.[94] Nieteenstaande sy selfvertroue was Stuart egter nie verhewe bo politieke smeertaktieke ten opsigte van Ballinger se kandidatuur nie. Volgens Tshiwula en William Ballinger het Stuart en sy vrou, 'n voormalige dosent en kollega van Ballinger by Hugenote en Rhodes, gerugte oor haar akademiese kwalifikasies en beweerde kommunistiese affiliasies versprei.[95] In werklikheid was sy steun nie so omvattend as wat hy gedink het nie. Sy nominasie deur die AAC het nie beteken dat alle aanhangers van die organisasie hom sou steun nie want daar was interne verdeeldheid oor die onderskeie kandidate.[96] Aansluitend daarby het Stuart in 'n onaangename dispuut oor sy vrou en seun se kandidatuur in die Transkei betrokke geraak. Die nominasies van beide hul opponente, W.T. Welsh vir die Senaat en G.K. Hemming vir die Volksraad deur die AAC was omstrede aangesien die organisasie dit nooit bevestig het nie.[97] Die Stuarts

------------------------

93 Buiten Frank Brownlee se verkiesingsmanifes (Umlindi we Nyanga, 15 Mei 1937) kon die ander kandidate se manifeste nie opgespoor word nie. Koerantberigte van hul vergaderings bevestig egter hul paternalisme teenoor die swarte.

94 UW/Ballinger: B2.16.2, A.Z. Tshiwula aan M. Ballinger, 19 April 1937.

95 Ibid., 19 April 1937; UW/Ballinger: F2.2 (Lêer 1), W.G. Ballinger aan C. Johnson, 17 Junie 1937.

96 Umlindi we Nyanga, 5 Junie 1937, (Bantu voters, remember June 8th).

97 Brief van Will Stuart in die Daily Dispatch, 7 April 1937.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het hul opponente dus nie as amptelike kandidate van die AAC beskou nie en hulself beskikbaar gestel. Die gevolg was 'n onaangename korrespondensie-oorlog in die <u>Daily Dispatch</u>[98] wat sommige AAC-ondersteuners van Stuart ontnugter het.[99]

Naas Ballinger en Stuart was James Stewart die prominentste kandidaat met 'n dinamiese en aggressiewe veldtog. Volgens die <u>Umlindi we Nyanga</u> was sy verkiesingsorganisasie ook die indrukwekkendste.[100] Hier het sy organiseerders soos W.M. Rubusana, seun van die voormalige swart LPR vir Temboeland en H.D. Tyamzashe, joernalis en voormalige ampsdraer van die ICU,[101] 'n belangrike rol vertolk. Tyamzashe was veral 'n energieke briefskrywer aan koerante waarin hy die AAC se keuse van kandidate gekritiseer het. Stewart se steun was meesal in die Oos-Londen-omgewing gesentreer. Ongeag al sy pogings om verkies te word, het één belangrike faktor al sy pogings getorpedeer. Dit was naamlik sy politieke verlede as 'n lid van die Arbeidersparty tydens die pakt-regering met die gepaardgaande onderdrukkende kleurslagboomwette en die "beskaafde arbeidsbeleid" van die tydperk wat die lot van die Suid-Afrikaanse swarte nog verder verswaar het. R.H. Godlo, redakteur van die <u>Umlindi we Nyanga</u>, het deur middel van die koerante die swartes op Stewart se verlede gewys en hul aangeraai om een van die ander kandidate te steun.[102]

Die twee ander kandidate, J.W. Duncan en Frank Brownlee, het geen impak op die verkiesing gemaak nie en dit was spoedig duide-

------------------------

98 Briewe gedateer 1, 12, 15, 17 en 21 April in die <u>Daily Dispatch</u>.

99 UW/Ballinger: B2.16.2, Brief van T.B. Lujiza aan M. Ballinger, 26 April 1937; Universiteit van die Witwatersrand/ A.B. Xuma-versameling (hierna slegs UW/Xuma), ABX370424, R.T. Bokwe aan A.B. Xuma, 24 April 1937.

100 <u>Umlindi we Nyanga</u>, 5 Junie 1937, (Bantu voters, remember June 8th).

101 G.M. Gerhart, T. Karis: <u>From protest to challenge, Vol. 4, Political profiles 1882-1964</u>, pp. 160-161.

102 <u>Umlindi we Nyanga</u>, 5 Junie 1937, (Bantu voters, remember June 8th).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

lik dat nie een van die twee 'n kans op oorwinning gestaan het nie. Duncan het tog 'n aantal vergaderings toegespreek waar hy vriendelik ontvang is.[103] Tshiwula, wat 'n fyn waarnemer was, het ook bevind dat Duncan groot steun in die Glen Grey-distrik onder die swartes geniet het.[104] Van die hoë verwagtinge met betrekking tot Frank Brownlee het egter niks tereg gekom nie. Hy het laat tot die verkiesing toegetree en sy veldtog was gedisorganiseerd.[105] Die verkiesing het dus hoofsaaklik 'n stryd tussen Ballinger en Stuart gebly met Ballinger se veldtog wat van krag tot krag gevorder het. Selfs Oos-Londen, wat 'n gevaarsone vir haar was, is mettertyd geneutraliseer. Hierdie hawestad se teenkanting teen haar was uniek aangesien die ou twiste van die gewese ICU hier neerslag gevind het. Beide Kadalie (pro-Stuart) en Tyamzashe (pro-Stewart), wat prominente voormalige leiers van die ICU was, het hul ná die verbrokkeling van die vakbond in Oos-Londen gevestig. Hulle was altwee bittere opponente van William Ballinger as die oud-adviseur van die ICU, aangesien hulle hom vir die verbrokkeling van die vakbond verantwoordelik gehou het; hulle het dus die swartes van Oos-Londen beïnvloed om Margaret weens haar verbintenis met hom nie te steun nie. Gelukkig vir Ballinger was Theo Lujiza,[106] ook 'n voormalige beampte van die ICU, 'n inwoner van Oos-Londen. Hy was 'n briljante tolk en het tydens haar vergaderings in die hawestad met groot sukses haar toesprake aan die plaaslike inwoners oorgedra. Sodoende is die ergste teenkanting teen haar deur sy toedoen geneutraliseer.[107]

------------------------

103 The Bantu World, 13 Maart 1937, (Mr J.W. Duncan's candidature); Brief van G. Mbambe in die Daily Dispatch, 1 Junie 1937.

104 UW/Ballinger: B23.16.2, A.Z. Tshiwula aan M. Ballinger, 30 Maart 1937.

105 Ibid., 19 April 1937.

106 G.M. Gerhart, T. Karis: From protest to challenge, Vol. 4, Political profiles 1882-1964, p. 160-161.

107 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 48.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Verdere faktore wat Ballinger se veldtog ekstra momentum verskaf het, was die wye steun wat sy van buite die Oos-Kaap verkry het. So het die FOA haar finansieel gesteun,[108] terwyl 'n sakeman in mynmateriaal £200 vir haar veldtog geskenk het.[109] As die enigste vrouekandidaat het die Suid-Afrikaanse National Council of Women (NCW), asook ander vroue-organisasies haar ook ondersteun.[110] Verder het sy landswye aanhang onder die Suid-Afrikaanse swartes geniet wat die Oos-Kaapse koerante met briewe ten gunste van haar kandidatuur gebombardeer het. Daarmee is druk op die Oos-Kaapse kiesers geplaas om haar te verkies aangesien sy al die swartes van Suid-Afrika moes verteenwoordig.[111]

**Die uitslag**

Na die lang en uitputtende veldtog het verkiesingsdag op 8 Junie 1937 aangebreek sonder dat enige van die vyf kandidate sonder enige twyfel van die oorwinning verseker kon wees. Hierdie onsekerheid kan aan die unieke aard van die destydse swart politiek toegeskryf word. So byvoorbeeld was mosies van vertroue tydens 'n vergadering geen aanduiding van steun vir 'n kandidaat nie. Al die kandidate het mosies van vertroue verkry aangesien die swart gehoor daardeur hul dank aan die kandidaat wou betoon omdat hy/sy hulle toegespreek het.[112] Verder was van die swart steun onpeilbaar aangesien baie van die swartes aan die gunste-

------------------------

108 V. Brittain: Testament of friendship, p. 255.

109 UK/W.G. Ballinger: C2.II.1.3, W.G. Ballinger aan C. Johnson, 26 April 1937.

110 The Daily Representative, 13 Maart 1937, (Representation of natives).

111 Brief van Sibusisiwe Makanya in die Umteteli wa Bantu, 8 Mei 1937; UW/Ballinger: B2.16.2, Brief van J.C.P. Mavimbela in The Daily Representative, 14 April 1937.

112 Umlindi we Nyanga, 15 Mei 1937, (Electoral and local affairs in Bolatwa).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ling of wenner se kant wou wees.[113] Swart steun is ook deur die onsmaaklike gebruike uit die tydperk van die blanke politiek en die gemeenskaplike kieserslys beïnvloed deurdat talle van die swart organiseerders en kiesers se steun deur omkopery verkry en behou moes word. 'n Gevolg daarvan was dat talle voorvalle van oorlopery na ander kandidate deur ondersteuners voorgekom het. Ballinger het self so 'n bloutjie geloop toe een van haar prominente ondersteuners en 'n komiteelid vir Middeldrift sy steun aan Stewart toegesê het.[114] Tshiwula het egter deur middel van sy streng kontrole oor die Ballinger-veldtog alle persone uitgeskakel wat deur persoonlike gewin gemotiveer was.

Op 8 Junie het die swart kiesers van die Kaap entoesiasties na die stembusse gestroom,[115] en dit het geblyk dat dit slegs 'n stryd tussen Ballinger en Stuart was. Weens die uitgestrektheid van die kieskring is die uitslag eers op 12 Junie bekend gemaak. 'n Uitgeputte Ballinger was die nuwe LV met 'n naelskraapse oorwinning oor Stuart met 'n meerderheid van 157 stemme, ná 'n hoë stempersentasie van 75 %. Die uitslag was soos volg:[116]

| | |
|---|---|
| Violet Margaret Ballinger .................. | 1 118 |
| William Hemming Stuart ..................... | 961 |
| James Walker Duncan ........................ | 368 |
| James Stewart .............................. | 280 |
| Frank Harold Brownlee ...................... | 143 |

Ballinger se oorwinning is met groot blydskap deur die swartes en liberale blankes van Suid-Afrika ontvang. A.M. Jabavu was die enigste uitsondering wat nie sy teleurstelling kon verwerk dat

-----------------------

113 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 48.

114 Kyk na die korrespondensie van 26 en 28 Mei en 2 Junie 1937 in die Daily Dispatch.

115 The Daily Representative, 9 Junie 1937, (The native elections); Daily Dispatch, 9 Junie 1937, (Steady polling at East London).

116 Die Staatskoerant, 18 Junie 1937, p. 852.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sy vriend Stuart die onderspit moes delf nie. In sy bevoegdheid as redakteur van die Imvo Zabantsundu het hy gevolglik die swart kiesers van die Oos-Kaap op 'n bedekte wyse van dislojaliteit teenoor die AAC beskuldig. Verder het hy Ballinger daarvan beskuldig dat sy tot verdeeldheid onder die naturelleverteenwoordigers aanleiding sou gee.[117] Hierdie suur druiwe van Jabavu het hom egter slegs die argwaan van Ballinger en ander swartes op die hals gehaal.[118] Ballinger se oorwinning was vir Stuart ook 'n bitter pil om te sluk en hy het met 'n appèl teen die uitslag op grond van haar beweerde nie-voldoening aan residensiële kwalifikasies as kandidaat gedreig. Van hierdie dreigement het egter niks tereg gekom nie aangesien die verkiesingsbeampte dit summier verwerp het.[119] Ballinger sou Stuart egter nooit vir sy verkiesingstaktieke vergewe nie en het met 'n permanente antagonisme en minagting van haar kant enige toekomstige samewerking tussen hulle bemoeilik.

## Slot

Ballinger se oorwinning was een van die merkwaardigste in die Suid-Afrikaanse parlementêre geskiedenis, veral as al die hindernisse in die weg van haar kandidatuur in ag geneem word. Eerstens was Ballinger 'n blanke vrou wat haar verkiesbaar gestel het aan 'n swart manlike kieserskorps. Verder was sy oningewy in die politieke arena terwyl twee van haar opponente veteraanpolitici was. Haar veldtog het ook met 'n organisatoriese agterstand teenoor dié van haar teenstanders begin. Daarbenewens was die twee opponente weer bekende inwoners van die Oos-Kaap. Ondanks hierdie struikelblokke het sy daarin geslaag om die kieskring teen alle verwagtinge in te verower. Dit was 'n prestasie en 'n aanduiding van haar sterk wil, durf en moed. Dit was juis dié kenmerke wat Ballinger in die Volksraad sou benodig.

-----------------------

117 Imvo Zabantsundu, 19 Junie 1937, (Bantu assembly elections in the Cape).

118 Imvo Zabantsundu, 3 Julie 1937, (Mrs Ballinger discusses convention irregularities).

119 UW/Ballinger, F2.2 (Lêer 1): W.G. Ballinger aan C. Johnson, 17 Junie 1937.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# HOOFSTUK III
# SEGREGASIE EN DIE JARE VAN HOOP, 1937 - 1948

Die jare tussen 1937 en 1948 was die goue jare van Margaret Ballinger se politieke loopbaan. Dit was 'n tydperk waarin sy haar reputasie as een van Suid-Afrika se bekwaamste parlementariërs gevestig het. Dit was ook 'n era waarin sy en die ander naturelleverteenwoordigers daarin geslaag het om 'n beperkte aantal verbeterings vir hul kiesers aanvaar te kry. Dit was dus vir hulle 'n era van hoop en optimisme aangesien segregasie in hierdie tydperk 'n pragmatiese beleid was wat volgens hulle mening hervorm kon word. Ondanks talle frustrasies het sy dus gevoel dat die naturelleverteenwoordigers 'n impak gemaak het, en dat Suid-Afrika stadig maar seker in 'n meer liberale rigting ten opsigte van rasseaangeleenthede beweeg het. Hierdie gevoel van nuttigheid en optimisme het egter tot 'n drastiese einde gekom met die onverwagse oorwinning van die NP in 1948.

## Ballinger en haar kollegas, hul doelwitte en taktiek

Met die aanvang van die parlementêre sitting van 1938 het Ballinger, in ooreenstemming met parlementêre tradisie, begelei deur haar ou studentekennis en toe Minister van Onderwys, J.H. Hofmeyr en S.F. Waterson, VP-LV vir Suid-Skiereiland, haar plek as die derde Suid-Afrikaanse vroue-LV ná Leila Reitz en Mabel Malherbe in die Volksraad ingeneem.[1] Ná haar beëdiging het Ballinger op die linkerkantse kruisbanke, die sogenaamde "kombuis" van die Volksraad met haar twee kollegas, D.B. Molteno (Wes-Kaap) en G.K. Hemming (Transkei) sitting geneem.[2] Molteno was 'n briljante advokaat en 'n vurige Kaapse liberaal, wat ná sy

----------------------

1 Debatte van die Volksraad, 11 Februarie 1938, kol. 2.

2 <u>The Cape Times</u>, 11 Februarie 1938, (New group in parliament); S. Haigh: <u>Strangers may be present</u>, p. 181.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verkiesing die jongste lid van die Volksraad was.[3] Hemming was 'n prokureur van Umtata en 'n kenner van die Transkei wat groot aansien onder sy kiesers geniet het.[4]

Nie een van die drie naturelleverteenwoordigers het enige parlementêre ondervinding gehad nie. In teenstelling met die beskermde lewe en vakleerlingskap van agterbankers in die NP en die VP moes die naturelleverteenwoordigers dus hul eie weg deur die parlementêre prosedure vind.[5] Weens hierdie moeilike omstandighede het die trio 'n hegte eenheid gevorm. Alle probleme is privaat opgelos, en hulle sou mekaar nooit in die openbaar korrigeer of konfronteer nie.[6] Veral tussen Ballinger en Molteno het 'n hegte vriendskap ontwikkel. Saam het hulle 'n gedugte paar gevorm wat volgens een waarnemer mettertyd kop en skouers bo die meeste ander LV's uitgestyg het.[7]

Die verskille tussen die "radikale" en "konserwatiewe" liberale het egter verhoed dat Ballinger dieselfde samewerking met Rheinallt Jones en E. Brookes as naturelleverteenwoordigers in die Senaat sou geniet. Die naturelleverteenwoordigers was dan ook in 'n sogenaamde "radikale" en "gematigde" vleuel verdeel. Die "radikale" vleuel het uit Ballinger, Molteno, senatore H. Basner en C.H. Malcomess, wat hulle met Ballinger geassosieer het, bestaan.[8] Daar was geen wesenlike verskille tussen die twee groepe nie, behalwe dat die "radikales" meer aggressief en ekono-

-----------------------

3 D. Scher, Donald Molteno. "Dilizintaba - he-who-removes-mountains", pp. 1-2.

4 B.B. Mdledle: A tribute to the late Gordon K. Hemming, M.P., (The South African Outlook. 1 Mei 1947); Korrespondensie met G. Hughes, 27 Julie 1987.

5 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 53.

6 Ibid, p. 53.

7 Onderhoud met R.M. de Villiers, voormalige parlementêre verslaggewer, 17 Desember 1986.

8 The Star, 13 November 1942, (The new natives team in Parliament).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



D.B. Molteno
(The Monitor, 14 Februarie 1947)



G.K.Hemming
(The Cape Times, 12 Maart 1946)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

mies georiënteerd in hul benadering was. 'n Gematigde, soos Edgar Brookes, was weer meer simpatiek en ondersteunend teenoor die regering. Hierdie verskille het wel tot wrywing aanleiding gegee en Ballinger het na Brookes as 'n "timid conservative" verwys.[9]

Die grootste bron van wrywing was egter nie ideologiese nie, maar persoonlikheidsverskille. Hier is Margaret veral by William se vete met Rheinallt Jones betrek. Die twee het mekaar absoluut geminag en William se weersin en venyn het ná sy nederlaag in 1937 vererger. William het byvoorbeeld uit sy pad gegaan om hom te beswadder.[10] In 1942 moes Rheinallt Jones selfs met regstappe dreig oor gerugte dat hy anti-semities was. 'n Regsgeding is vermy toe William 'n openbare apologie aangeteken het.[11] Hierdie twis sou enige samewerking tussen Margaret en Rheinallt Jones bemoeilik. Rheinallt Jones se opvolger, wat hom tot William se groot genot in die 1942-verkiesing verslaan het[12], H. Basner, het weer 'n persoonlike vete met Brookes gehad.[13] Margaret en Brookes het mettertyd hul geskille uit die weg geruim en vriende geword.

Dit was juis op aandrang van Brookes dat sy as leier van die naturelleverteenwoordigers verkies is. Dit was die gevolg van 'n memorandum wat in 1944 deur hom opgestel is. In belang van 'n effektiewer optrede deur die naturelleverteenwoordigers het Brookes voorgestel dat 'n leier verkies moes word, en dat die

-----------------------

9 UW/Ballinger, B2.8.4: E. Brookes aan D.M. Buchanan, 10 Februarie 1943.

10 UW/Xuma, ABX 390515b: W.G. Ballinger aan A.B. Xuma, 15 Mei 1939.

11 UW/Ballinger, C2.7.1 (Lêer 3): Prokureurs van Rheinallt Jones aan W.G. Ballinger, 15 Desember 1942; Apologie van Ballinger.

12 UW/SAIR, B3.13: W.G. Ballinger aan L. Saffery, 1 Desember 1942.

13 C.A. Higgs: The political thought and career of Edgar H. Brookes, pp. 44-45.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

naturelleverteenwoordigers gereeld oor hul optrede moes koukus. Brookes het Ballinger dan ook as die leier voorgestel.[14] Hiermee het hy gehoop om enige wrywing tussen die "radikale" en "gematigde" vleuels van die naturelleverteenwoordigers te voorkom. Buiten die motief vir 'n effektiewer optrede, was Ballinger se verkiesing as leier 'n aanduiding dat sy die spil was om wie die naturelleverteenwoordigers gedraai het, en dat naturelleverteenwoordiging sinoniem met haar geword het.

In werklikheid was Ballinger reeds sedert 1938 die informele leier van die naturelleverteenwoordigers in die Volksraad. So was sy 'n bron van stabiliteit vir haar twee kollegas. Daar was selfs tydperke dat sy Molteno en Hemming se werk verrig het. In Hemming se geval moes Ballinger hom van die begin af dra. In vergelyking met Molteno en Ballinger was hy 'n politieke liggewig wat nooit op sy gemak in die Volksraad was nie en weinig toesprake gelewer het.[15] Hoewel Hemming se aangename persoonlikheid hiervoor gekompenseer het, het sy swak gesondheid die las op Ballinger verhoog aangesien hy byvoorbeeld gedurende die hele 1941-sitting afwesig was.[16] Ná hierdie siekbed was hy slegs 'n passasier, met die gevolg dat Ballinger en Molteno sy pligte op hul moes neem.[17]

Hemming se dood in 1947 het nie Ballinger se werklas verlig nie aangesien sy opvolger, D.M. Buchanan, 'n teleurstelling as 'n LV

----------------------

14 UK/Molteno, C3.12.6: Memorandum van Brookes, 17 April 1944.

15 The Cape Times, 25 Maart 1947, (Funeral of Mr G.K. Hemming); Korrespondensie met mnr. G. Hughes, voormalige LV en vennoot van Hemming, 29 Julie 1987; Korrespondensie met mev. L. Martin, dogter van Hemming, 2 September 1987.

16 UK/W.G. Ballinger: W.G. Ballinger aan A. Creech Jones, 21 Mei 1941.

17 UW/Ballinger, B2.8.20 (Lêer 2): M. Ballinger aan A.Z. Tshiwula, 25 Maart 1947.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



D.M. Buchanan, K.C.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

was. Buchanan, 'n persoonlike vriend van Ballinger, was 'n briljante advokaat en 'n intense Christen-liberaal[18] wat net soos Hemming nooit op sy gemaak in die Volksraad was nie. Soos die Rand Daily Mail dit diplomaties gestel het:

> "His short Parliamentary record ... was not very impressive."[19]

Die gevolg was dat Ballinger hom ook deurentyd moes steun, tot nadeel van haar eie werksaamhede.

Selfs Molteno was soms 'n ekstra las vir Ballinger weens 'n drankprobleem wat sy werkvermoë beïnvloed het.[20] Gevolglik moes Ballinger ook van Molteno se pligte op haar neem om hom deur moeilike tye te steun.[21] Daar was dus tye waartydens Ballinger drie persone se pligte moes verrig en die naturelleverteenwoordigers se hoë parlementêre reputasie was veral aan haar te danke.

Wat Ballinger self betref, het sy haar plek in die Parlement met 'n tweeledige doelwit ingeneem. Die eerste was kragtens haar benadering om nie 'n leunstoel liberaal te wees nie en om as 'n verteenwoordiger vir haar kiesers in die Volksraad op te tree en hul behoeftes en griewe oor te dra. Tweedens het sy gehoop om die blankes se reaksionêre houding ten opsigte van rasseverhoudinge te verander. Die Parlement moes dus as 'n platform aangewend word om die blanke te oortuig om van segregasie af te sien en Suid-Afrika in 'n volwaardige demokrasie te omskep. Suid-Afrika moes dus as 'n voorbeeld dien dat 'n demokrasie wél in 'n veelrassige gemeenskap kon werk. Dit het sy deurentyd as die

-----------------------

18 M. Benson: Tshekedi Khama, pp. 63-64; The late Douglas Buchanan, (The South African outlook, 7 Oktober 1954), p. 148.

19 Rand Daily Mail, 26 November 1948, (Why Kahn won).

20 Telefoniese onderhoud met T.C. Robertson, 1 Augustus 1988; Onderhoud met R.M. de Villiers, 17 Desember 1986.

21 UW/Ballinger, F2.2 (Lêer 3): W.G. Ballinger aan C. Johnson, 1 November 1947.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

fondament van haar politieke lewe beskou.[22] Dit het nóú aangeskakel by haar standpunt dat Suid-Afrika 'n veelrassige eenheidstaat was.[23] Sy het dit by geleentheid soos volg verwoord:

> "Our society is and should be one society made up of different elements, at present at different levels of development but all entitled to the same recognition as ends in themselves, and the same protection and encouragement to be or to become full citizens of the country."[24]

Om in hierdie doelwitte te slaag, het Ballinger en haar twee kollegas in die Volksraad besluit om 'n positiewe, redelike en gematigde houding in te neem om sodoende die steun en simpatie van die Volksraad te verwerf.[25] Daar is ook besluit om prakties te wees en standpunte te vermy wat onbereikbaar was, byvoorbeeld om aan te dring op die onmiddellike algehele verwydering van segregasie. Die swarte se posisie kon slegs deur 'n stadige en stelselmatige proses verbeter word. Gevolglik is ook besluit om debatte oor emosionele aangeleenthede, soos sosiale gelykstelling of integrasie, te vermy.[26] Ballinger het selfs geweier om 'n vraag, of sy 'n kompartement op 'n trein met 'n swartvrou sou deel, onmiddellik te beantwoord as sy nie eers haar standpunt kon verduidelik nie.[27] Die rede hiervoor was dat sy 'n sterk voorstander van vrywillige assosiasie was en dat sy die verskille tussen die onderskeie rassegroepe erken het. Sy het dus gedwonge integrasie én gedwonge segregasie verwerp. Ellen Hellman het Ballinger se standpunt hieroor soos volg saamgevat:

-----------------------

22 House of Assembly debates, 19 Mei 1959, kol. 6138.

23 M. Ballinger: The constitutional and political issues, pp. 16-17, (Chaos -- or co-operation?), Pamflet uitgereik deur die Civil Rights League (1951).

24 M. Ballinger: A programme for progress towards a democratic South Africa, p. 16; (H. Spottiswoode (red.): South Africa, the road ahead.)

25 T.C. Robertson: A view from the press gallery, (Political representation of Africans in the Union), pp. 37-38.

26 P. Lewsen: Voices of protest, p. 250.

27 House of Assembly debates, 17 September 1948, kol. 1724.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

> "Neither has her appeal ever been for blanket 'equality' .... She would continue to oppose the process of differentiation, which amounted to discrimination, but she was not opposed to differentiation as such because she recognized the composite character of the population and realized that it was impossible to attempt to deal with all sections of the community in exactly the same way."[28]

Hierdie standpunt ten opsigte van sosiale segregasie was ook die produk van Ballinger en Molteno se sosial-demokratiese liberalisme. Volgens hulle was segregasie nie op die idee van rassesuiwerheid gebaseer nie, maar op die gerieflike lewensomstandighede van die blanke wat deur die uitbuiting van goedkoop swart arbeid moontlik gemaak is.[29] Gemengde treinkompartemente sou dus van weinig waarde vir die swarte wees. Die swarte se lewensomstandighede kon slegs deur sosio-ekonomiese hervormings verbeter word. Dus het Ballinger en Molteno hul op aangeleenthede soos die erkenning van swart vakbonde, pensioene, verhoogde lone, die instelling van ongeskiktheidstoelaes, 'n beter dieet en opvoedingsfasiliteite vir swartes toegespits. Arthur Barlow, VP-LV vir Hospitaal en 'n gesoute politieke waarnemer, het dan ook op die ironiese situasie gewys dat die meeste sosialistiese idees in die Volksraad nie deur die Arbeidersparty nie, maar wél deur die naturelleverteenwoordigers verkondig is.[30]

Hierdie benadering van Ballinger was ook die gevolg van die haglike omstandighede waaronder haar verstedelikte kiesers in die hawestede Oos-Londen en Port Elizabeth gewoon het. In Oos-Londen het byvoorbeeld ses uit tien swart babas in hul eerste

---

28 UK/V.M.L. Ballinger, A3.3: Dr E. Hellman: Interesting women with interesting careers.

29 Universiteit van Kaapstad, Donald Barkly Molteno-versameling (hierna slegs UK/Molteno): D1.1, Memorandum on the position of native representatives in the Senate and House of Assembly.; M. Ballinger, Native life in South African towns, (Journal Royal African Society, vol. 37, nr. 168, Julie 1938), p. 329.

30 Arthur Barlow's Weekly, 28 April 1945, (Our nine apostles of -?).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

jaar gesterf, terwyl albei stede die hoogste persentasie teringlyers in die wêreld gehad het.[31] Onder sulke omstandighede is dit dus verstaanbaar waarom Ballinger haar veral op sosio-ekonomiese sake toegespits het. Tereg verwys Martin Legassick na Macmillan en dus ook Ballinger se liberalisme as 'n welsynsliberalisme.[32] Dit het egter nie beteken dat die swarte se politieke status deur haar geïgnoreer is nie. Sy het dit onomwonde gestel dat enige sosio-ekonomiese hervormings betekenisloos sou wees as daar nie aan die swarte se politieke status aandag geskenk word nie.[33]

Die naturelleverteenwoordigers se betreklik gematigde benadering het hulle in 'n verdagte lig geplaas. M. Roth het haar in haar studie oor die NVR byvoorbeeld soos volg daaroor uitgelaat:

> "The tendency of the Native Representatives in Parliament to restrain themselves in order to make speeches to which party hacks and backbenchers could listen without taking offence and their habit of dealing with matters of black interest by always presenting their case in the light of white advantage, gave the appearance that they never acted contrary to the wishes of the United Party."[34]

Alhoewel hierdie uitspraak ietwat kras is omdat die naturelleverteenwoordigers nie so gedienstig was as wat Roth voorgee nie, is daar wel meriete in hierdie kritiek. Ballinger se gematigde benadering het tot gevolg gehad dat talle militante swartes teen die veertigerjare gevoel het dat sy kop in een mus met die VP was. Hierdie wantroue is versterk deur die feit dat sy haar van

-----------------------

31 T. Lodge: Black politics in South Africa since 1945, pp. 50, 54-56.

32 M. Legassick: "The rise of modern South African liberalism: Its assumptions and its social base", p. 15 (Institute of Commonwealth Studies, 1 Maart g.j.).

33 House of Assembly debates, 23 Januarie 1947, kol. 11067.

34 M. Roth: The Natives Representative Council, 1937-1951, (Ongepubl. Ph.D., Universiteit van die Witwatersrand, 1987), p. 187.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

swart organisasies gedistansieer het. Ballinger het haar nou slegs op parlementêre aktiwiteite toegespits en sy het glad nie meer soos vroeër swart organisasies teen blanke oorheersing probeer mobiliseer nie. Sulke aktiwiteite sou haar oorredingstaak in die Parlement bemoeilik het. Die gevolg hiervan was dat dit tot die uiteindelike vervreemding met haar kiesers bygedra het (kyk hoofstuk VIII). Sy was dus 'n slagoffer van die klassieke situasie waarin die meeste blanke liberale hul bevind het. Dit was naamlik dat hulle tussen die uiteenlopende behoeftes en standpunte van die blankes en swartes vasgevang was. Dit was 'n probleem wat sy nooit sou kon oorbrug nie.

Dit moet egter duidelik gestel word dat Ballinger se gematigde benadering in die Parlement nooit haar liberal beginsels afgewater het nie. Die regte en vryhede van die individu was altyd 'n sentrale tema van haar politieke benadering. Net soos haar besluit om van die naturelleverteenwoordigingstelsel gebruik te maak, was haar gematigde benadering 'n taktiese stap in haar stryd om segregasie te beveg en die posisie van haar kiesers te verbeter.

Hoewel sommige swartes van mening was dat Ballinger kop in een mus met die VP was, was deel van die naturelleverteenwoordigers se taktiek juis om hulle met geen politieke party te assosieer nie, maar as onafhanklikes namens hul kiesers op te tree. Sodoende is verseker dat geen partybelange hul verantwoordelikhede teenoor hul kiesers kon beïnvloed nie. Ná hulle genl. J.C. Smuts se oorlogsmosie in 1939 gesteun het, het van Ballinger se kollegas gevoel dat die naturelleverteenwoordigers hul gewig by die VP moes ingooi. Ballinger het dit egter suksesvol geopponeer deur daarop te wys dat hulle hul kiesers die beste as onafhanklikes kon verteenwoordig.[35]

Aansluitend by die besluit om as onafhanklikes op te tree, het die naturelleverteenwoordigers besluit om slegs demokratiese

----------------------

35 M. Ballinger: <u>From union to apartheid</u>, pp. 99-102; UW/Ballinger, B2.5.13: M. Ballinger aan J.A. Calata, 12 Augustus 1948; <u>Umlindi We Nyanga</u>, 16 Oktober 1939 (Attitude of African M.P.'s).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wetgewing te ondersteun. Wetsontwerpe wat as reaksionêr of as rassisties beskou is, sou ten sterkste geopponeer word. So was die drie ook die enigste LV's wat teen die anti-Indiërwetgewing van 1943, die sogenaamde "Pegging Act" gestem het.[36] Net so was hulle die enigste LV's wat die Indiërwetgewing van 1946, die "Ghetto Act", ongekwalifiseerd geopponeer het.[37] Hulle demokratiese strewe was ook 'n belangrike motivering vir hul steun aan die oorlogsmosie van September 1939 teen Nazi-Duitsland (kyk p. 78).

Hierdie demokratiese benadering het behels dat alle wetsontwerpe op meriete benader en ontleed moes word. Dit het 'n enorme werklas vir Ballinger en haar kollegas beteken omdat hulle geen studiegroepe soos in die VP of NP gehad het om hulle met die ontleding van wetsontwerpe te help nie. Hier was veral Molteno se regsagtergrond van groot waarde vir Ballinger.[38] Ondanks die harde werk verbonde aan hierdie benadering, het dit die voordeel ingehou dat Ballinger totale vryheid ten opsigte van haar optrede in die Volksraad geniet het. Daar was geen koukus wat aan haar kon voorskryf wat om te doen nie. Tereg het Arthur Barlow vir Ballinger en haar kollegas as die "Free Three" van die Volksraad beskryf.[39] Verder het hierdie taktiek ook beteken dat die naturelleverteenwoordigers meer aandag op hulle gevestig het as wat hul getalle geregverdig het.[40]

Aansluitend by die demokratiese benadering het Ballinger besluit dat die naturelleverteenwoordigers by alle wetsontwerpe se debatvoering betrokke moes raak aangesien alle wetsontwerpe swart

-----------------------

36 J. Lawrence: Harry Lawrence, p. 150; House of Assembly debates, 16 April 1943, kol. 5610.

37 P. Lewsen: Voices of protest, p. 210.

38 M. Ballinger: From union to apartheid, pp. 91-93; V.M. L Ballinger: The native representatives and the House of Assembly, (Political representation of Africans in the Union), pp. 19-22.

39 Arthur Barlow's Weekly, 24 Maart 1945 (Parliament's "free three").

40 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 93.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aangeleenthede geraak het. Soos Ballinger dit in 'n pamflet gestel het: "All Union politics are native affairs".[41]

### Pogings van Ballinger om segregasie te beveg en om die lewensomstandighede van die swarte te verbeter

Ballinger se eerste reaksie op die situasie in die Volksraad was dié van ontmoediging. As 'n persoon wat nooit in die partypolitiek betrokke was nie, was die emosionele stryd tussen die NP en die VP oor wie die ware verteenwoordigers en beskermheer van die Afrikaner was, 'n groot ontnugtering. Vir Ballinger was Suid-Afrika se grootste uitdaging die posisie van die swarte. Dit is egter eenvoudig in die Volksraad geïgnoreer of as 'n probleem van die toekoms gesien.[42] Om sake vir Ballinger te vererger, was haar eerste sitting die laaste vóór die 1938-verkiesing. Die NP en die VP het die sitting dus slegs as 'n aanloop tot die verkiesing aangewend.[43] (Die VP het die verkiesing maklik gewen deur 111 van die 150 setels te verower. Die NP het sy aantal setels egter van 20 na 27 opgestoot. Die NP se relatief goeie vertoning was 'n moontlike rede waarom die VP ná die verkiesing uit vrees dat hy meer steun aan die NP kon afstaan, nie bereid was om 'n ontspanne houding ten opsigte van segregasie in te neem nie.) Hierdie situasie het ná die verkiesing vererger. Emosionele kwessies soos die landsvlag en Volkslied het die Parlement oorheers, terwyl Suid-Afrika se rassevraagstuk geïgnoreer is. Wanneer hierdie vraagstuk wél aangeraak is, is dit uit 'n reaksionêre oogpunt deur die NP opgehaal. Ná 1939 het die NP toenemend op strenger segregasie aangedring, terwyl die VP 'n meer paaiende houding ingeneem het.[44] Dit was dus 'n geval waar die stert die hond begin swaai het. Ondanks hierdie neerdrukkende omstandighede het Ballinger alles in die stryd gewerp om die posisie van haar kiesers te verbeter.

----------------------

41 M. Ballinger: All Union politics are native affairs, (Pamflet van die Friends of Africa, 1945).

42 B.K. Long: <u>In Smuts's camp</u>, p. 96.

43 M. Ballinger: <u>From union to apartheid</u>, p. 67.

44 <u>Ibid</u>, p. 67.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ballinger se belangrikste wapen in hierdie taak was om deurentyd op die blanke se eiebelang te hamer. Tydens alle debatte het sy en haar twee kollegas daarop gewys dat segregasie die blanke geen sekuriteit sou bied nie, aangesien blank en swart afhanklik van mekaar is en mekaar se lewensomstandighede beïnvloed. Hierdie standpunt was een van die kernpunte van Ballinger se politieke filosofie en 'n gevolg van haar jarelange assosiasie met prof. W.M. Macmillan. Macmillan het altyd aangevoer dat daar 'n wedersydse ekonomiese afhanklikheid tussen wit en swart is. Hierdie standpunt het Macmillan soos volg omskryf:

> "The plain but difficult lesson for all to learn is that in the long run, what is best for the Native is best also for the European, as well as *vice versa*."[45]

Dat hierdie benadering van Macmillan wél inslag gevind het, blyk uit Ballinger se artikel in 1924 oor die Khoikhoi. In hierdie artikel, "The Hottentots in South Africa to 1828: A Problem in Labour and Administration", het Ballinger daarop gewys dat die blankes en Khoikhoi teen 1769 van mekaar afhanklik geword het.[46] Net so, het Ballinger aangevoer, het historiese en ekonomiese prosesse die blankes en swartmense afhanklik van mekaar gemaak:

> "... the interdependency of black and white has become an established, although not always acknowledged, feature of the life of both people ...."[47]

Deur op hierdie ekonomiese en historiese afhanklikheid te sinspeel, het Ballinger probeer aantoon hoe segregasie tot die blanke se ondergang aanleiding sou gee. Sy het aangevoer dat die handhawing van segregasie deur die blanke se gerieflike lewen-

----------------------

45 J. Naidoo: W.M. Macmillan: South African historian, (Ongepubl. M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1983), p. 212.

46 M. Hodgson: The Hottentots in South Africa: A problem in labour and administration, (South African Journal of Science, 1924); C. Saunders: The making of the South African past, p. 118.

47 M. Ballinger: Native life in South African towns, (Journal of the Royal African Society, Julie 1938), p. 326.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

standaard gemotiveer is. Hierdie kunsmatige hoë lewenstandaard was op goedkoop swart arbeid gebaseer, wat permanente swart armoede verseker het. Dit sou op sy beurt die ekonomie op die lang duur benadeel, met die gevolg dat die blankes ook die ekonomiese gevolge daarvan sou pluk.[48] Hieroor het sy haar soos volg uitgelaat:

> "... the colour bar and economic segregation create a rigidity which is the breeding-ground of poverty - not only black poverty, but white poverty also. When one exists, the other must exist."[49]

Om hierdie boodskap aan Suid-Afrika se blankes oor te dra, het Ballinger en Molteno gereeld private mosies oor swart aangeleenthede in die Volksraad ingedien. Sy het hierdie mosies as 'n platform vir propaganda aangewend. Hiertydens het sy met goed beredeneerde toesprake die Volksraad probeer oortuig om die swarte se posisie te verbeter ten einde die Blanke se vooruitgang te verseker. Sy het natuurlik haar kiesers se belange bó die hoë en selfsugtige lewenstandaard van die blanke geag, maar besef dat dit die enigste metode was om die posisie van haar kiesers te verbeter. 'n Goeie voorbeeld van hierdie benadering was Molteno se private mosie in 1938 dat swart hoofbelasting afgeskaf moes word. In haar sekondering van die mosie het Ballinger eers op die ondraaglike las van die hoofbelasting op die swarte gewys. Daarna het sy die nadelige gevolge van hierdie belasting op die blanke ontleed. So het sy verwys na die swaar las wat die groot aantal belastingsontduikers op die polisie en gevangeniswese geplaas het. Verder het dit, volgens haar, die koopkrag van die swartes verminder en dus die Suid-Afrikaanse ekonomie benadeel. Aansluitend daarby het die belasting swart verstedeliking aangemoedig, aangesien die swartes lone moes verdien om hul belasting te betaal. Terwyl hoofbelasting swart verstedeliking aangemoedig het, het die regering daarenteen teen groot onkoste strukture geskep om swart verstedeliking te stuit.

-----------------------

48 A.J. Friedgut: Crusader for economic common sense, (<u>The Forum</u>, 6 April 1946); M. Ballinger: The industrial colour bar in South Africa, (<u>African World</u>, November 1946).

49 D. Marais: The voice of ten million, (<u>Milady</u>, Julie 1955).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hoofbelasting het dus nie net die swarte verarm nie, maar het ook groter uitgawes meegebring as die inkomste wat dit die blankes besorg het en moes dus as 'n nuttelose maatreël afgeskaf word.[50]

In haar private mosies van 1939 (erkenning van swart vakbonde), 1943 (dat Suid-Afrika se rassebeleid in lyn met die Atlantiese Handves gebring moes word) en 1945 (hersiening van die beleid ten opsigte van swart grondbesit en die afskaffing van die trekarbeidstelsel) het sy dieselfde benadering gevolg om die posisie van haar kiesers te verbeter deur daarop te wys dat Suid-Afrika nie in 'n industriële staat kon ontwikkel indien die oorgrote gedeelte van die bevolking arm en uitgebuit was nie. Suid-Afrika se ekonomie kon byvoorbeeld nie groei met 'n ongeskoolde arbeidsmag wat lae produktiwiteit tot gevolg gehad het nie. Die oplossing was om meer fondse aan swart onderwys te bestee om meer geskoolde arbeiders daar te stel. Net so moes swart lone verhoog word om 'n gemotiveerde arbeidsmag te skep wat produktiwiteit sou verhoog. Verhoogde swart lone sou ook weer interne verbruikers vir Suid-Afrikaanse produkte skep. Indien daar nie aan dié sake aandag geskenk word nie, sou die ekonomie stagneer en blanke armoede tot gevolg hê. Slegs deur die swartes se lewenstandaard te verhoog, kon die blanke dus sy eie hoë lewenstandaarde handhaaf.[51] Net soos die meerderheid Suid-Afrikaanse liberale het Ballinger dus gehoop dat industrialisasie die verbrokkeling van segregasie tot gevolg sou hê.

Ballinger het ook deurentyd gepoog om aan te toon watter proses gevolg moes word om Suid-Afrika op 'n evolusionêre wyse in 'n demokrasie te omskep. Dit was naamlik deur die opknapping van die naturellereservate en die verwerping van die idee dat hier-

-----------------------

50 House of Assembly debates, 19 Augustus 1938, kol. 1296-1301; The Star, 20 Augustus 1938, (Hard task of private legislations); Rand Daily Mail, 20 Augustus 1938, (Sixth of native spending power goes in poll tax).

51 B.K. Long: In Smuts's camp, p. 98; The Cape Argus, 19 April 1939, (Natives in Union industries); M. Ballinger: Skilled versus unskilled labour, (South African Industry and Trade, April 1945); M. Ballinger: Killing a market, (South African Industry and Trade, September 1944).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die reservate as 'n nasionale tuiste vir die swarte kon dien. Gepaard daarmee moes die standpunt verwerp word dat die swarte hom nie permanent in die stede kon vestig nie. Verder moes trekarbeid weens die nadelige effek daarvan op die swart gemeenskap afgeskaf word. Net so moes paswette met 'n positiewe stelsel, soos registrasie vir werkvoorsiening, vervang word. Vir Ballinger was dit onaanvaarbaar en in konflik met die ekonomiese wette dat 'n persoon gearresteer kon word as hy werk in die stede gesoek het. Verder moes die swart onderwys verbeter word, aangesien die gekwalifiseerde stemreg op 'n gemeenskaplike kieserslys vir swartes oor die hele Suid-Afrika ingestel moes word. Verbeterde onderwys moes die swarte die geleentheid bied om wel as kieser te kon kwalifiseer. In terme van die ou Kaapse liberale beginsel "... equal rights for all civilized men" kon Suid-Afrika in 'n ware demokrasie omskep word.[52] Aansluitend daarby moes universiteitsopleiding aangemoedig word aangesien dit volgens haar noodsaaklik vir die oorlewing van 'n demokratiese samelewing was.[53] Gepaardgaande daarmee moes 'n aantal stappe deurgevoer word om die swarte deel te maak van 'n demokratiese samelewing. Dit was naamlik die afskaffing van hoofbelasting en die vervanging daarvan deur inkomstebelasting. Die kleurslagboom in die ekonomie moes verwyder word om beter werkgeleenthede en lone aan die swarte te verskaf. Alle wetgewing wat swart eiendomsreg buite die naturellereservate verbied het, moes herroep word, terwyl welsynsdienste vir minderbevoorregte swartes ingestel moes word.[54] Hierdie was slegs aanbevelings en sy het dit nooit as 'n dogmatiese bloudruk vir Suid-Afrika se rasseprobleme beskou nie.

Met Hertzog as premier en die NP as amptelike opposisie wat aggressief op strenger segregasie en die verwydering van die

----------------------

52 Rand Daily Mail, 12 Februarie 1943, (Woman M.P. grips attention of parliament); The Cape Argus, 6 Maart 1945, (Poverty of natives in reserves); M. Ballinger: From union to apartheid, pp. 125-126, 384.

53 Opening of "Elukhanyisweni", (The South African Outlook, 2 Junie 1941).

54 P. Lewsen: Voices of protest, pp. 103-106.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

naturelleverteenwoordigers in die Volksraad aangedring het, was daar aanvanklik geen moontlikheid dat Ballinger daarin kon slaag om segregasie te ondermyn of om iets positiefs vir haar kiesers te bereik nie. Dit moet egter vermeld word dat Hertzog se Minister van Naturellesake, H.A. Fagan, wel 'n vriendelike houding teenoor Ballinger en haar kollegas ingeneem het.

Fagan het byvoorbeeld wetsontwerpe oor swart aangeleenthede voor die eerste lesing aan die naturelleverteenwoordigers vir hul mening daaroor voorgelê. Sodoende het hy verseker dat hy die liberale wysigings van die naturelleverteenwoordigers in die wetgewing kon akkommodeer. In die Volksraad sou sy eie party, en veral die antagonistiese NP, dit onmoontlik gemaak het.[55]

In die afwesigheid van 'n bestaande party wat segregasie onomwonde sou opponeer, het talle liberale tussen 1938 en 1939 gepoog om 'n liberale party onder J.H. Hofmeyr te stig, wat weens verskille met die VP se rassebeleid uit die party se kabinet en koukus bedank het. Ballinger het aktief aan hierdie poging deelgeneem. Sy was byvoorbeeld lid van 'n deputasie wat Hofmeyr hieroor gepols het.[56] Dit was nie 'n geval dat sy Hofmeyr se leierskap so hoog geag het nie, maar eerder dat sy dit as 'n "disagreeable necessity" vir die stigting van 'n liberale party beskou het.[57] Hofmeyr se weiering om hom met 'n liberale party te assosieer het voorlopig die einde beteken van die pogings om so 'n party te skep. Die meeste liberale het hulle op Hofmeyr se aanbeveling by die VP geskaar.

Omstandighede was egter ná September 1939 meer rooskleurig vir die Suid-Afrikaanse liberalisme. In die oorlogsmosie van 4 September 1939 is Hertzog se neutraliteitsmosie met 80 stemme teenoor 67 verslaan en 'n amendament van Smuts aanvaar.[58] Daarop

-----------------------

55 E. Brookes: A South African pilgrimage, p. 80.

56 A. Paton: Hofmeyr, pp. 297, 304; M. Ballinger: From union to apartheid, p. 96.

57 A. Paton: Hofmeyr, p. 297.

58 A. van Wyk: Vyf dae, p. 117.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het Hertzog en sy volgelinge die VP verlaat en hulle tydelik by die NP geskaar. Met Smuts as premier was daar heelwat meer beweegruimte vir Ballinger se pogings om segregasie te beveg. Smuts en van sy kabinetslede was paternaliste wat gevoel het dat die swarte se lewensomstandighede verbeter moes word en hulle het dus 'n meer simpatieke houding teenoor Ballinger ingeneem. Dit kan aanvaar word dat die drang om Hertzog met 'n meer "liberale" Smuts te vervang 'n belangrike motivering vir die naturelleverteenwoordigers se ondersteuning van die oorlogsmosie was. M. Roth vertolk hierdie steun dan ook slegs as 'n refleksie van die naturelleverteenwoordigers se persoonlike ideologieë en politieke simpatie en dat hulle nie die belange van hul kiesers in ag geneem het nie.[59] Dit is nie juis nie aangesien die regte van Ballinger se kiesers die belangrikste motivering vir haar optrede was. 'n Nazi-oorwinning sou die ontwikkeling van enige regte of vryheid vir die swarte onmoontlik gemaak het.[60]

Tussen Ballinger en genl. Smuts het daar mettertyd 'n spesiale verhouding ontwikkel. Smuts het Ballinger as 'n politikus gerespekteer, terwyl Ballinger weer deur sy sjarme oorrompel is. Smuts was ook altyd simpatiek teenoor Ballinger se versoeke en sy het hierna as sy ".... generally warm liberal response" verwys.[61] (Volgens Merle Lipton was hierdie houding eerder die gevolg van Smuts se afhanklikheid van die naturelleverteenwoordigers se steun weens sy klein meerderheid in die Volksraad ná 1939.[62] In die lig van Smuts se reputasie as 'n bedrewe politikus is daar meriete in hierdie afleiding.) Ballinger het Smuts ook persoonlik as simpatiek teenoor die swarte se stygende politieke verwagtinge gevind.[63] Smuts het selfs verklaar dat hy

---

59 M. Roth: "If you give us rights we will fight": Black involvement in the Second World War, (Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, nr. 15, 1983), p. 86.

60 M. Ballinger: Die oorlog en die "halwe ape", (Trek, 21 November 1941.

61 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 77.

62 M. Lipton: Capitalism and apartheid, p. 273.

63 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 125; UW/Ballinger, B2.5.17: M. Ballinger aan R. Godlo, 23 April 1947.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

enige kritiek en aanbevelings van die naturelleverteenwoordigers verwelkom.[64] Ná Ballinger haar waarnemings oor die toenemende radikalisme in haar kieskring aan Smuts voorgelê het, het hy haar byvoorbeeld versoek om aanbevelings te maak oor watter irriterende faktore daarvoor verantwoordelik was, sodat dit verwyder kon word.[65] Smuts se vriendskap met Ballinger was van groot waarde, aangesien sy met sy steun 'n aantal verbeterings vir haar kiesers deurgevoer kon kry. Veral van belang was dat onder sy leiding die naturelleverteenwoordigers as deel van die parlementêre proses aanvaar is. Dit het ook meegebring dat staatsdiensamptenare 'n vriendelike en hulpvaardige houding teenoor Ballinger ingeneem het en haar taak as 'n naturelleverteenwoordiger vergemaklik het.

In teenstelling met haar mede-naturelleverteenwoordigers het Ballinger egter nie veel tyd vir Hofmeyr, die mees liberale lid van die VP-kabinet en Smuts se adjunk, gehad nie. Ballinger het hom as te konserwatief beskou, terwyl sy geen vertroue in sy leierskap gehad het nie. Aan Harry Oppenheimer het Ballinger dit onomwonde gestel dat Hofmeyr in teorie liberaal was, maar as sy iets prakties vir haar kiesers wou verrig, sy haar tot Smuts moes wend.[66] Op sy beurt het Hofmeyr net so 'n kritiese houding teenoor Ballinger ingeneem.[67] Hierdie gestremde verhouding was 'n gevolg van die twee se vroeë botsings by Wits. Verder was daar ook die moontlikheid van wedersydse jaloesie aangesien daar altyd mededinging tussen hulle was oor die posisie as die bekwaamste parlementariër. 'n Gevolg hiervan was dat Hofmeyr vir Ballinger nooit in enige regeringskommissies aangestel het nie. Daarteenoor is Hofmeyr se goeie vriend, Edgar Brookes, in 'n hele aantal sulke kommissies benoem en hy het op sy aanbeveling Suid-Afrika in 1947 by 'n UNESCO-konferensie verteenwoordig.[68]

----------------------

64 W.K. Hancock: The fields of force 1919-1950, p. 476.

65 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 116.

66 Korrespondensie met H. Oppenheimer, 26 Augustus 1986.

67 Onderhoud met R.M. de Villiers, 20 Augustus 1986.

68 E. Brookes: A South African pilgrimage, pp. 89, 93-94.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hierdie gespanne verhouding tussen Hofmeyr en Ballinger is 'n uitstekende voorbeeld van hoe persoonlike verskille die Liberale saak in Suid-Afrika verswak het. As 'n lid van regeringskommissies kon sy moontlik heelwat gedoen het om Suid-Afrika se rassebeleid in 'n meer liberale rigting te stuur. Die gevolg van hierdie spanning tussen twee van Suid-Afrika se voorste liberale politici was dat die swartes daaronder gely het. As 'n gedugte kombinasie kon Ballinger en Hofmeyr heelwat gedoen het om die posisie van die swarte te verbeter.

Afgesien van Hofmeyr en Smuts het C.F. Sturrock, Minister van Spoorweë, ook 'n vriendelike houding ingeneem. Verder kon Ballinger ook op die liberale steun van LV's soos B. Friedman (Hillbrow) en J.R.F. Stratford (Parktown) reken. Die oorgrote meerderheid lede van die VP het egter 'n afsydige houding teenoor die naturelleverteenwoordigers ingeneem (kyk pp. 88-90).

Onder 'n nuwe VP-bewind, tesame met Suid-Afrika se deelname aan die stryd teen Fascisme, asook die ondersteuning van die Atlantiese Handves, het Ballinger mettertyd begin glo dat segregasie afgetakel en die fondamente van 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika gelê sou word.[69] Die Atlantiese Handves is in 1941 tussen president F. Roosevelt van die Verenigde State van Amerika en premier W. Churchill van Brittanje gesluit en was 'n uiteensetting van doelstellings waarvoor in die Tweede Wêreldoorlog geveg sou word. Dit het beginsels behels soos die reg van alle volkere om hul eie regeringsvorm te verkies, verbeterde werkomstandighede, ekonomiese ontwikkeling en welsynsdienste.[70] Deneys Reitz, Minister van Naturellesake, het byvoorbeeld verklaar dat die beginsels van die Handves as die basis van hervorming in Suid-Afrika sou dien. Vir swart Suid-Afrikaners het dit geïmpliseer dat die kleurskeidslyn afgeskaf moes word, beter huisvesting voorsien moes word en volle burgerregte aan hulle toegeken

----------------------

69 M. Ballinger: From union to apartheid, pp. 106-107.

70 C.E. Black, E.C. Helmreich: Twentieth century Europe, pp. 886-889.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

moes word.[71] Hierdie optimisme is verder versterk deur Smuts se toespraak in 1942 waarin hy verklaar het dat "... segregation has fallen on evil days ..."[72], asook die tydelike opskorting van die toepassing van die paswette gedurende dieselfde jaar.[73]

Hierdie atmosfeer van optimisme het tot gevolg gehad dat Ballinger gevoel het dat liberalisme die filosofiese stryd teen segregasie gewen het.[74] Ballinger se optimisme was veral gebaseer op die bevindinge van 'n aantal regeringskommissies, wat talle van haar sienswyses gedeel het. Só byvoorbeeld het die Kommissie in verband met Landbou- en Nywerheidsbenodigdhede (1941) en die Sosiale en Ekonomiese Planneraad (1946), beide onder voorsitterskap van dr. H.J. van Eck, die ontwikkeling van die reservate aangemoedig, asook die permanensie van die swartes in die stede beklemtoon. Die kommissie het ook bevind dat die trekarbeidstelsel bekamp moes word, aangesien dit 'n vermorsing van Suid-Afrika se grootste bate, sy menslike hulpbronne, was. In die reservate het dié stelsel 'n slegte boer en in die stede 'n swak industriële werker geskep. Die belangrikste bevinding vir Ballinger was die gevolgtrekking dat die kunsmatige industriële kleurslagboom verwyder moes word en dat blank en swart in 'n ontwikkelende Suid-Afrika van mekaar afhanklik is.[75]

Die Smit-kommissie van 1942 het weer aanbeveel dat die paswette afgeskaf,[76] en swart vakbonde erken moes word,[77] terwyl stappe

-----------------------

71 P. Walshe: The rise of African nationalism in South Africa, pp. 271-272.

72 W.K. Hancock: The fields of force, 1919-1950, p. 475.

73 T.R.H. Davenport: South Africa, a modern history, p. 339.

74 Sunday Times, 15 Mei 1960, (Margaret Ballinger's 23 year career as an MP ends).

75 D. Scher: Donald Molteno, pp. 37-38; M. Ballinger: From union to apartheid, p. 108.

76 A.P. Smit, A. Wessels: Fagan en Tomlinson: Twee perspektiewe ten opsigte van verstedeliking, (Konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging, Universiteit van Stellenbosch, 1987) p. 4.

77 T. Dunbar Moodie: The South African state and industrial conflict in the 1940's (The International Journal of African Historical Studies, vol. 21, no. 1 (1988)), p. 24.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gedoen moes word om swart armoede te bekamp. Dit kon gedoen word deur die voorsiening van beter behuising, mediese dienste, pensioene, onderwysgeriewe en dieet vir die swart gemeenskap.[78]

Hierdie kommissies het dus belangrike beginsels van segregasie verwerp en Ballinger se argumente gestaaf. Dit was dus nie verbasend dat sy gevoel het dat liberalisme besig was om die stryd teen segregasie op die filosofiese terrein te wen nie.

Buiten die filosofiese terrein het Ballinger en haar kollegas wel daarin geslaag om in die praktyk die posisie van hul kiesers op die sosio-ekonomiese gebied te verbeter. So het Hofmeyr, ongeag Ballinger se kritiese houding teenoor hom, heelwat gedoen om die posisie van die swartes te verbeter. Kragtens Hofmeyr se begrotings het swartes die eerste maal vir pensioene en 'n ongeskiktheidstoelae gekwalifiseer, terwyl vir groter fondse vir swart onderwys vir byvoorbeeld die bou van skole en 'n voedingskema vir swart skoolkinders voorsiening gemaak is.[79] Só het die begroting vir swart onderwys byvoorbeeld van £909 340 in 1939 tot £4 843 000 in 1947 gestyg.[80] In die staatsdiens is swart lone ook verhoog, terwyl Minister Sturrock die swart spoorwegwerkers se lone verhoog het en vir swart pensioene voorsiening gemaak het.[81]

Hierdie toegewings was 'n gevolg van die naturelleverteenwoordigers se parlementêre argumente, maar veral van hul pleidooie agter die skerms.[82] Hieroor het Ballinger haar met trots soos volg uitgelaat:

-----------------------

78 D. Scher: Donald Molteno, p. 37.

79 M. Ballinger: From union to apartheid, pp. 111-113.

80 W.K. Hancock: The fields of force 1919-1950, p. 481.

81 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 113; Umteteli wa Bantu, 16 Maart 1946 (Progress of non-European railway staff).

82 Kyk byvoorbeeld UW/Ballinger, B2.14.12: Meeting held in the office of the Minister of Health at 10 am on the 29th March 1946. To discuss native housing problems.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

> "After we had been in Parliament two years, no service was proposed for the Whites and Coloureds which did not automatically include the Africans as well."[83]

Hier kan Ballinger se rol vermeld word om pensioene vir swart soldate te verbeter. Tydens haar voorstel ter wysiging van die resolusie in die debat oor oorlogspensioene in Januarie 1942 het sy daarop aangedring dat die pensioene van swart soldate en die bedrae vir hierdie pensioene aan die afhanklikes deur die War Pensions Act, wat blanke oorlogspensioene neergelê het, bepaal moes word. Die regering het enkele maande later wél aan hierdie versoek gehoor gegee.[84]

Ballinger se belangrikste bydrae en sukses as 'n naturelleverteenwoordiger was egter om as 'n tussenganger tussen individuele swartes met hul probleme en navrae en die regering op te tree (kyk pp. 254-255). Talle swartes se probleme is so uit die weg geruim deur haar vertoë tot die toepaslike minister of staatsamptenare. Hier het Ballinger se toegang tot simpatieke staatsamptenare 'n belangrike rol gespeel. Veral D.L. Smit, as Sekretaris van Naturellesake, en sy opvolger, W.J.G. Mears, was van groot belang. Beide sekretarisse was paternalistiese liberale en die naturelleverteenwoordigers dus goedgesind. Veral Smit was 'n ernstige hervormer wat heelwat gedoen het om die posisie van die swartes te verbeter.[85]

----------------------

83 Sunday Times, 15 Mei 1960, (Margaret Ballinger's 23 year career as an MP ends).

84 House of Assembly debates, 27 Januarie 1942, kol. 1003-1009; D. Scher: D. Molteno, pp. 28-29; L.W.F. Grundlingh: The participation of South African blacks in the Second World War, (Ongepubl. D.Litt. et Phil., Randse Afrikaanse Universiteit, November 1986), pp. 117-129, 133; Vir Ballinger se pogings om die swart soldate se lone te verhoog, kan UW/ Ballinger, B2.14.14 geraadpleeg word.

85 Vir D.L. Smit se pogings om die posisie van swartes te verbeter, kan M.M.S. Bell: The politics of administration: A study of the career of Dr D.L. Smit with special reference to his work in the Department of Native Affairs 1934-1945, (Ongepubl. M.A.-verhandeling, Rhodes Universiteit, 1978) geraadpleeg word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ballinger was egter te optimisties dat die filosofiese stryd teen segregasie gewonne was. Reeds teen die einde van 1942 is dié beleid weer eens strenger toegepas. Talle redes kan vir hierdie ommeswaai aangevoer word. Die belangrikste was dat die klein toegewings nie die aftakeling van segregasie beteken het nie, maar eerder die gevolg van enkele ministers se paternalisme was. Aansluitend daarby het die naturelleverteenwoordigers oorreageer. In sy studie oor Hofmeyr het A. Paton hom soos volg oor hierdie reaksie uitgelaat:

> "... little niggardly concessions that pleased the Joneses and the Brookeses and the Ballingers for one reason only, that they were used to nothing."[86]

Verder was die enkele toegewings ook op opportunisme gebaseer weens die oorlogsdruk in Suid-Afrika. Tussen 1939 en 1942 het die Spilmoondhede die oorhand gehad en is selfs 'n Japanese inval in Suid-Afrika gevrees. Gepaardgaande daarmee was blank Suid-Afrika verdeel oor deelname aan die oorlog met 'n groot persentasie wat pro-Duits was. Onder hierdie omstandighede kon Smuts dit nie bekostig om Suid-Afrika se swart bevolking te vervreem nie, veral nie met 'n groter aanvraag na swart arbeid weens die nywerheidsgroei in Suid-Afrika nie. Die oorgrote meerderheid swartes het juis gevoel dat hulle geen belang by die oorlogspoging gehad het nie, aangesien hulle geen regte gehad het om te verdedig nie.[87] Die verslapping van segregasie was dus 'n gevolg daarvan. Teen die einde van 1942 het die wiel egter begin draai en die Geallieerdes het die botoon begin voer. Omdat die regering dus nie meer so verleë oor swart steun was nie, is segregasie weer strenger toegepas.[88]

-----------------------

86 A. Paton: <u>Hofmeyr</u>, p. 397.

87 M. Roth: "If you give us rights we will fight": Black involvement in the Second World War, (<u>Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal</u>, nr. 15, 1983).

88 T. Lodge: <u>Black politics in South Africa since 1945</u>, p. 14; J. Robertson: <u>Liberalism in South Africa 1948-1963</u>, p. 30; E. Roux: <u>Time longer than rope</u>, pp. 305-307.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die belangrikste rede vir die strenger toepassing van segregasie was egter die naderende algemene verkiesing van 1943 met die NP wat hom toenemend op rasseaangeleenthede toegespits het en, die besef dat die verslapping van segregasie onpopulêr by die kieserskorps was en die VP heelwat steun by die stembus kon kos. Smuts het onomwonde erken dat hy nie die openbare mening ten opsigte van rasseaangeleenthede kon verbysteek nie.[89] Dat Smuts nie bereid was om enige kanse met die verkiesing te waag nie, blyk uit sy vervanging van Reitz, wat hy as te liberaal geag het, as Minister van Naturellesake deur die segregasionis Piet van der Byl.[90] Dit was in dié tydperk dat Ballinger tot haar spyt die mosie ingedien het dat Suid-Afrika se rassebeleid in lyn met die behoeftes van die swartes, asook dié van 'n moderne industriële samelewing en die bepalings van die Atlantiese Handves gebring moes word. Volgens haar was die mosie se tydsberekening verkeerd aangesien dit druk op Van der Byl geplaas het. Tydens 'n private gesprek met Ballinger het Van der Byl haar daaroor veroordeel omdat dit volgens hom 'n onregverdige uitdaging was vóór hy die werksaamhede van sy departement onder die knie gekry het. Hy het byvoorbeeld geen kennis oor naturellesake gehad nie en het erken dat sy aanstelling 'n verrassing was aangesien ses lede van die VP-koukus beter kwalifikasies vir die pos gehad het.[91] Die gevolg van die mosie was dat 'n onsekere Van der Byl 'n sterk segregasionistiese standpunt ingeneem het wat enige latere liberale aanpassing van sy kant bemoeilik het.[92] Aansluitend daarby het Smuts met sy oog op die naderende verkiesing Van der Byl ondersteun.[93]

Ballinger was dus 'n slagoffer van Smuts, die bedrewe politikus, wat sy praatjies by sy gehoor aangepas het. Alhoewel hy in libe-

----------------------

89 K. Ingham: Jan Christian Smuts, The conscience of a South African, pp. 225-226.

90 J. Butler, R. Elphick, D. Welsh (reds.): Democratic liberalism in South Africa. Its history and prospect,. p. 108.

91 P. van der Byl: Top hat to velskoen, p. 215.

92 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 121.

93 P. Walshe: The rise of African nationalism in South Africa, pp. 270-271; P. van der Byl: Top hat to velskoen, p. 216.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

rale kringe daarop gesinspeel het dat segregasie se dae getel was, het hy steeds van sy Minister van Naturellesake verwag om dit as die amptelike beleid toe te pas.[94] Hy het hom byvoorbeeld ook nie gehaas om die realistiese aanbevelings van die Smit-kommissie te implementeer nie.[95] Smuts moes die konserwatisme van blank Suid-Afrika deurentyd in gedagte hou.

**Ballinger en die parlementêre partye**

Hierdie konserwatisme het duidelik geblyk uit die NP en oorgrote meerderheid VP-LV's se antagonisme teenoor Ballinger se pogings om die posisie van haar kiesers te verbeter. Die NP se antagonisme teenoor hulle het in werklikheid reeds van die aanvaarding van die Naturelleverteenwoordigingswet gedateer. Dr. D.F. Malan, leier van die NP, het die instelling van naturelleverteenwoordigers ten sterkste geopponeer omdat hulle volgens hom slegs agitators vir die uitbuiting van swart regte sou wees.[96] Ná 1936 was dit dan ook 'n groot beswaar van die NP teen Ballinger en haar kollegas.[97] Sonder hulle, aldus die NP, sou die swartes polities apaties en tevrede gewees het. Hierdie houding het Bernard Friedman, voormalige liberale VP-LV vir Hillbrow, soos volg opgesom:

> "The Native Representatives, it appeared, were putting ideas into the heads of their Black constituents, who would otherwise have been blissfully unaware that they had any grievances .... the Native Representatives were denounced as irresponsible agitators, as whippers-up of Native unrest and as fomenters of ill-will between White and Black."[98]

----------------------

94 P. v/d Byl: The shadows lengthen, p. 66; P. v/d Byl: Top hat to velskoen, p. 216.

95 A. Wessels, M.E. Wentzel: Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling, p. 61.

96 D. Joubert: Die Kaapse stemreg. Verteenwoordiging vir swart en bruin in 1936, pp. 63-64.

97 J.J. van Rooyen: Die Nasionale Party. Sy opkoms en oorwinning - Kaapland se aandeel, p. 262; House of Assembly debates, 23 Januarie 1947, kol. 1066, 11076.

98 B. Friedman: Smuts, a reappraisal, p. 123.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die NP se antagonisme teen Ballinger was so sterk dat sy as 'n kommunis, 'n meeloper van die kommuniste of as 'n persoon met kommunistiese neigings veroordeel is.[99] In 'n artikel in 1948 oor vroue-LV's het Die Burger, die mondstuk van die NP, dit so terloops vermeld dat sy darem nie werklik 'n kommunis was nie.[100] Buiten die aanklagte van kommunisme is ook minagtend na die naturelleverteenwoordigers as die "kafferlede" verwys.[101] Die afkeer in die naturelleverteenwoordigers was so sterk dat daar geen sosiale kontak tussen die NP-lede en Ballinger was nie.[102]

'n Belangrike rede vir die NP se antagonisme teen die naturelleverteenwoordigers was laasgenoemdes se ondersteuning van die oorlogsmosie van September 1939. Hierdie optrede van Ballinger en haar kollegas in die sogenaamde blanke politiek het die NP nooit vergeet of vergewe nie.[103] Hierna was hul verwydering een van die belangrikste doelwitte van die NP. In werklikheid het die NP hom reeds tydens die 1938-verkiesing vir die verwydering van die naturelleverteenwoordigers in die Volksraad beywer.[104] In 1940[105] en 1948[106] het dr. Malan mosies vir hul verwydering uit die Volksraad ingedien. Van die NP was Ballinger dus slegs antagonisme te wagte.

-----------------------

99 House of Assembly debates, 22 September 1948, kol. 3136; Onderhoud van prof. J.P. Brits met J.E. Potgieter, voormalige LV vir Brits.

100 Die Burger, 17 Augustus 1948, (Die drie vroue in die Volksraad).

101 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 101.

102 Telefoniese onderhoud met T.C. Robertson, voormalige parlementêre verslaggewer, 1 Augustus 1988.

103 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 389; G.D. Scholtz: Dr Nicolaas Johannes van der Merwe 1888-1940, p. 367.

104 P.W. Coetzer, J.H. le Roux (reds): Die Nasionale Party, Deel 4, pp. 51-52, 149.

105 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 128.

106 House of Assembly debates, 20 Januarie 1948, kol. 71.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In vergelyking met die NP was die VP onder Smuts se leiding nie so vyandig teenoor Ballinger nie. Tog was dié party ook nie openlik vriendelik nie. Die VP was 'n segregasionistiese en konserwatiewe party met 'n klein paternalistiese element wat steeds die belange van die blanke eerste gestel het. Net soos hul geesgenote in die NP het talle VP-LV's gevoel dat sy 'n skadelike agitator onder die swartes was.[107] Volgens G.H. Nicholls, VP-LV vir Zoeloeland wat 'n vurige segregasionis en selferkende "kenner" van die swarte was, het die naturelleverteenwoordigers se optrede aan Marxistiese sosialisme gegrens.[108] Veral die VP se plattelandse ondersteuners het gevoel dat die naturelleverteenwoordigers verwyder moes word. By die Transvaalse kongres van die party in 1945 het die kiesafdeling Losberg onsuksesvol gepoog om 'n mosie dat hulle verwyder moes word, deurgevoer te kry.[109] Met die aanvang van die 1946-sitting het J.B. Wolmarans, VP-LV vir Losberg, onsuksesvol gepoog om dieselfde mosie as 'n private mosie in die Parlement in te dien.[110]

Daar was soms gevalle waar die NP en VP meegeding het om die mees antagonistiese houding teenoor Ballinger. Hier kan na die feitlik histeriese reaksie van die NP en VP na aanleiding van Ballinger se uitlating tydens 'n besoek aan Indië in 1946 verwys word. Ballinger se besoek as 'n gas van die Indiese regering[111] het toevallig met die Verenigde Nasies (VN) se veroordeling van Suid-Afrika se Indiërbeleid saamgeval. Politici van die VP en NP het Ballinger as die rede vir hierdie diplomatieke afranseling voorgehou. Ballinger het egter niks gesê wat sy nie reeds in Suid-Afrika teen segregasie geopper het

-----------------------

107 P. Lewsen: <u>Voices of protest</u>, pp. 78, 83; <u>The Guardian</u>, 8 Junie 1944, (Van der Byl policy).

108 G.H. Nicholls: <u>South Africa in my time</u>, p. 355.

109 UNISA/VP, UP Transvaal prov. head office congress (provincial), Tvl. prov. congress, 21 November 1945, p. 29.

110 <u>Umteteli Wa Bantu</u>, 26 Januarie 1946, (Parliament opens).

111 <u>The Democrat</u>, 11 Januarie 1947 (Mrs Ballinger describes India's reaction).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nie.[112] In werklikheid is die Ballingers in Indië gekritiseer omdat hulle Suid-Afrika in 'n te goeie lig geskilder het.[113] Vir die politici van die NP en veral die VP was sy en senator H. Basner, wat 'n Suid-Afrikaanse Indiese deputasie na die VN begelei het, slegs verraaiers wat Suid-Afrika in die buiteland swartgesmeer het.[114] Selfs mede-naturelleverteenwoordigers soos senator C.H. Malcomess en Molteno was besorg oor haar en Basner se aktiwiteite.[115] Gevoelens was so opgesweep dat daar gerugte van polisiebeskerming vir hul aankoms in Suid-Afrika en 'n moontlike demonstrasie in die Parlement teen hulle was.[116] Die NP het hierdie "onpatriotiese" optrede nooit vergeet nie en Ballinger se toesprake daarna gereeld met tussenwerpsels soos "wat van Indië" of "gaan na Indië" onderbreek.[117] Uit hierdie oorreaksie ten opsigte van haar uitlatings in Indië was dit duidelik dat die VP net so antagonisties soos die NP teenoor Ballinger kon wees.

Die klein liberale element in die VP wat Ballinger simpatiek gesind was, is dus eenvoudig deur die meerderheid konserwatiewes verswelg. Afgesien daarvan was liberale VP-LV's soos Stratford of Friedman aansienlik meer konserwatief as Ballinger en hul liberalisme ten opsigte van die swartes was slegs dié van paternalisme, naamlik om die swarte meer regverdig te behandel. Dit is ook interessant om daarop te let dat selfs Stratford se "liberale setel", Parktown, by die Transvaalse Provinsiale kongres van die VP in 1945 'n mosie ingedien het dat alle rondloperswartes (manlik en vroulik) in die stede aangekeer moes word en

-----------------------

112 The Natal Daily News, 22 Oktober 1946, (Union Indians and natives have the same battle to fight).

113 UW/Ballinger, F2.2 (Lêer 3): W.G. Ballinger aan C. Johnson, 1 November 1947.

114 Ibid.

115 UK/Molteno, C5.182: D. Molteno aan C.H. Malcomess, 21 Desember 1946.

116 UW/Ballinger, B2.8.20 (Lêer 2): A.Z. Tshiwula aan M. Ballinger, 10 Januarie 1947.

117 House of Assembly debates, 22 September 1948, kol. 3134-3135.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

indien geen geskikte werk vir hulle gevind kon word nie, hulle na werkkampe gestuur moes word.[118] Die VP-beheerde Johannesburgse stadsraad het weer daarop aangedring dat die aandklokreël vir swartes uitgebrei moes word, en strenger beheer oor bediendes uitgeoefen moes word, terwyl alle motors met swart bestuurders asook busse met swart passasiers ná sonsondergang van die strate verwyder moes word.[119] Dus was daar selfs op die paternalistiese terrein weinig beweegruimte vir die klein groepie liberale LV's in die party. Tereg wys Rich daarop dat liberalisme teen 1948 geen politieke magsbasis in die VP gehad het nie.[120] Ballinger het egter deurentyd gehoop dat die VP, ná sy skeuring in 1939 'n meer liberale houding sou inneem. Hierdie hoop is egter beskaam. Hierdie situasie het Hofmeyr soos volg in 'n gesprek met Ballinger saamgevat:

> "You must remember (in regard to the party) they [die VP-lede ná 1939] are the same people. I think the best we can promise you is that they won't do bad things. We can't promise you that they will do good things."[121]

Afgesien van die feit dat die VP inherent konserwatief was, kon die party ook nie bekostig om té vriendelik met Ballinger en haar kollegas te wees nie. Dit kon net ekstra skietgoed aan die NP verskaf het. Juis om hierdie rede was Smuts maar te dankbaar dat Ballinger die naturelleverteenwoordigers oortuig het om nie by die VP aan te sluit nie. Die VP kon dit nie bekostig dat dit lyk asof die party van die "kafferlede" se stemme afhanklik was nie.[122] Daarom was Smuts negatief ten opsigte van Arthur Barlow se mening dat Ballinger 'n nuttige lid vir die VP sou

----------------------

118 UNISA/VP: VP Transvaal prov. head office congress (provincial), TVL prov. congress, 21 November 1945.

119 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 120.

120 P. Rich: Liberalism and ethnicity in South African polities, 1921-1948, (African Studies, vol. 35, nr. 3-4, 1976), p. 250.

121 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 102.

122 Ibid, p. 101.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wees.[123] 'n Liberale LV, soos Ballinger, sou net 'n risiko vir die VP in terme van die NP se vurige aanslag gewees het. Weens die heftige stryd tussen die twee partye kon Ballinger nie veel steun van die VP te wagte wees nie. Tussen hierdie twee strydende partye was daar dus ook geringe beweegruimte vir Ballinger se pogings om haar namens haar kiesers te beywer. Ondanks haar talle frustrasies met die VP het Ballinger tog besef dat sy onder 'n VP- bewind wél haar kiesers se posisie kon verbeter. Alhoewel die VP konserwatief en segregasionisties was, het die party tóg liberale beginsels soos die oppergesag van die reg, die minimum staatsinmenging ten opsigte van individuele regte en die onkreukbaarheid van die grondwet ondersteun. Verder het die VP onomwonde verklaar dat bestaande swart regte nie aangeraak sou word nie. Ballinger was dus hoopvol dat die party mettertyd in 'n meer liberale rigting sou beweeg en dat politieke regte vir die swartes uitgebrei sou word.[124] So iets sou onmoontlik wees as die NP, wat op strenger segregasie aangedring het en die regte van die individu ondergeskik gestel het aan die belange van die Afrikanervolk en die staat, aan bewind was.

Die twee ander kleiner parlementêre partye, die Arbeidersparty en die Dominiumparty, was ook segregasionistiese partye en daarom kon Ballinger geen steun van hulle verwag nie.

Die konserwatisme van die blanke kieserskorps het verhoed dat Ballinger se droom van 'n meer liberale VP en dus 'n meer demokratiese Suid-Afrika verwesenlik is. Selfs nadat die VP en sy bondgenote, die Dominiumparty en Arbeiders die 1943-verkiesing met 'n gerieflike meerderheid gewen het (105 setels uit 150), het die konserwatisme van die VP-ondersteuners, maar veral die bestaande rassisme in Suid-Afrika en die toename in die aantal NP-setels tot 43, enige verslapping van segregasie onmoontlik gemaak. Elke klein toegewing aan die swartes, byvoorbeeld skool-

-----------------------

123 A. Barlow: <u>That we may tread safely</u>, p. 133.

124 J. Robertson: <u>Liberalism in South Africa 1948-1963</u>, pp. 15, 24.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

voeding, het beroering in die NP veroorsaak aangesien daar volgens hulle te veel geld op die swarte vermors is. Die NP was bitterlik gekant teen die stelsel van skoolvoeding vir swart kinders. Dit is aangevoer dat hierdie optrede verstedeliking aangemoedig het, met die gepaardgaande tekort aan plaasarbeiders op die platteland.[125] Teen 1945 was dit duidelik vir Ballinger dat rasseaangeleenthede die volgende verkiesing sou domineer.[126] Met sy oog op die 1948-verkiesing kon Smuts dit dus nie waag om 'n simpatieke houding teenoor die naturelleverteenwoordigers en die swartes se behoeftes in te neem nie. Behalwe vir die NP moes hy ook sy eie ondersteuners in gedagte hou. Talle VP-ondersteuners het net soos die NP gevoel dat té veel vir die swarte gedoen is en dat die party na die liberalisme oorgehel het. 'n Gevolg hiervan was dat talle ondersteuners, waaronder J.B. Wolmarans, LV vir Losberg, uit die VP bedank het.[127] Aansluitend daarby het Smuts deurgaans die belange van die blanke eerste gestel.

## Faktore wat Ballinger se taak as naturelleverteenwoordiger bemoeilik het

Onder hierdie omstandighede het Ballinger se benadering om die blanke te oortuig dat segregasie onuitvoerbaar was en op die ekonomiese rots sou strand, op dowe ore geval. Talle redes kan vir hierdie gebrek aan sukses toegeskryf word. So is dit 'n uitsonderlike gebeurtenis as 'n LV deur debatte tot 'n ander standpunt oorreed is. Hierdie situasie het R.H. Henderson, 'n voormalige Minister Sonder Portefeulje, soos volg opgesom:

> "There never is conversion by Parliamentary debate and never will be as long as the party system holds."[128]

----------------------

125 B.M. Schoeman: Van Malan tot Verwoerd, p. 45.

126 M. Ballinger: From union to apartheid, pp. 128-129.

127 S.L. Barnard, A.H. Marais: Die Verenigde Party, die groot eksperiment, p. 65.

128 R.H. Henderson: An Ulsterman in Africa, p. 212.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Al was 'n LV deur Ballinger se argumente oortuig, was die partystelsel so sterk dat so 'n persoon dit nie sou waag om hom teen segregasie uit te spreek nie. Daar was wel LV's wat in die wandelgange teenoor die naturelleverteenwoordigers erken het dat hul oortuig is, maar dat dit die effektiewe einde van hul politieke loopbane sou beteken as dit geopenbaar sou word.[129]

'n Verdere rede vir die mislukking van Ballinger se ekonomiese benadering was dat haar toesprake te intellektueel en dus ver bo die vuurmaakplek van die deursnee-LV was. Hulle het eenvoudig nie haar argumente begryp nie.[130] Vir die meerderheid plattelandse LV's was Ballinger se beheptheid met industrialisasie ook onaanvaarbaar. Hulle was eerder voorstanders van die nostalgiese Afrikanerdroom om na die platteland terug te keer. Net so was dit 'n onmoontlike taak om die groot aantal LV's wat boere was te oortuig dat die swarte nie net goedkoop arbeid was nie, maar ook 'n verbruiker van Suid-Afrikaanse produkte.

Die belangrikste struikelblok vir Ballinger se pogings was die feit dat alle debatte oor rasseaangeleenthede hoogs emosionele geleenthede was. Vir die meerderheid LV's was dit eenvoudig onmoontlik om rasioneel oor swart aangeleenthede te debatteer. Hierdie situasie is treffend deur die joernalis Oliver Walker saamgevat:

> "When the Native question raises its head ... then the level of debate sinks immediately and Hertzog's 'higher law' of the jungle and self-preservation rules. All the inconsistencies, the ignobleness, the catch-penny emotionalism of the street corner and the saloon bar are straightway given free play."[131]

In plaas daarvan dat haar pogings om die posisie van die swartes te verbeter die Volksraad se simpatie gewen het, het dit dus

----------------------

129 Telefoniese onderhoud met J.L. Buchanan, seun van D.M. Buchanan, die voormalige naturelleverteenwoordiger vir Transkei, 13 Julie 1988.

130 B.K. Long: In Smuts's camp, p. 99; Telefoniese onderhoud met T.C. Robertson, voormalige parlementêre verslaggewer, 1 Augustus 1988.

131 O. Walker: Kaffirs are lively, p. 105.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

slegs weersin by die meerderheid LV's uitgelok. Volgens A.C. Payne, Arbeidersparty-LV vir Germiston, was daar 'n ooglopende golf van weersin in die Volksraad waarneembaar as 'n naturelleverteenwoordiger aan die woord was.[132] Hierdie houding het Friedman soos volg saamgevat:

> "As a group (die naturelleverteenwoordigers), they were too impressive to be ignored, too effective in debate to be treated with indifference. They gained the ear of the House, but it was a resentful ear. They were extremely well briefed in their presentation of the Native case - probably too well briefed, for in their authoritative exposure of the Black man's disabilities there was much to trouble the complacency, if not the conscience, of the House. Every plea for the amelioration of the Black man's lot aroused resentment rather than sympathy."[133]

'n Goeie voorbeeld van die Volksraad se weersin in die naturelleverteenwoordigers was die sterk reaksie, so vroeg as 1938, teen die private mosie om swart hoofbelasting af te skaf. Ongeag Ballinger en Molteno se gematigde en beredeneerde toesprake, het J.J. Wentzel, VP-LV vir Christiana, onder luide toejuiging die naturelleverteenwoordigers gedreig dat hulle met hierdie "radikale" optrede die steun van die Volksraad sou verloor.[134] Onder sulke omstandighede was dit dus 'n feitlik onmoontlike taak om die Volksraad te oortuig dat segregasie afgetakel moes word.

Die frustrasie hieraan verbonde is vererger deur die feit dat die sosio-ekonomiese posisie van die swartes, nieteenstaande enkele toegewings, versleg het. Weens Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog het sterk nywerheidsgroei plaasgevind wat tot arbeidstekorte aanleiding gegee het. Hierdie tekorte is vererger deur die groot aantal blankes wat by die Weermag aangesluit het. Die gevolg hiervan was dat swart instromingsbeheer weens die aanvraag na swart werkers verslap is. Gevolglik

---

132 House of Assembly debates, 26 Januarie 1948, kol. 323.

133 B. Friedman: Smuts: A reappraisal, p. 123.

134 Rand Daily Mail, 20 Augustus 1938, (Sixth of native spending goes in poll tax); The Star, 20 Augustus 1938, (Delicate position of native M.P.'s).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het swart gesinne na die stede begin migreer. Hierdie proses is aangemoedig deur die armoede waarin die swartes hul op die platteland bevind het. Buiten die feit dat die reservate oorbevolk was en die plaaswerkers onder haglike omstandighede werksaam was, was groot gedeeltes van Suid-Afrika in die knelgreep van 'n verwoestende droogte vasgevang. Om van hierdie omstandighede te ontsnap, het duisende swartes na die stede gestroom waar die bestaande infrastruktuur nie hierdie getalle kon akkommodeer nie. Behuising was swak en onvoldoende en gevolglik was die meeste stede teen 1944 deur reuse-plakkerskampe omring. Die lewensomstandighede in hierdie kampe was uiters swak, die gesondheidsdienste was totaal ontoereikend, gesinsverbrokkeling het voorgekom en misdaad het ernstige afmetings aangeneem.[135]

Hierdie onbeheerde verstedelikingsproses het daartoe bygedra om Ballinger se taak as 'n naturelleverteenwoordiger te bemoeilik. By die blankes het dit die vrees geskep dat hulle deur swart getalle oorrompel sou word. Hierdie vrese is vererger deur Smuts se uitlatings dat die segregasiebeleid ten opsigte van stede misluk het. Die NP het hierdie vrese vir politieke doeleindes uitgebuit en die regering by elke geleentheid daaroor aangeval. Al hoe meer blankes het dus na die NP se apartheidsbeleid opgesien as 'n oplossing vir Suid-Afrika se rassevraagstuk aangesien dit vir strenger rasseskeiding voorsiening gemaak het.[136] Gevolglik is Ballinger se taak om die blankes te oortuig om segregasie af te takel feitlik onmoontlik gemaak. Dit het tot gevolg gehad dat nie net Ballinger nie, maar ook talle van haar kiesers die stelsel van naturelleverteenwoordiging begin bevraagteken het. Ballinger kon haar onsekerhede en frustrasies oor die stelsel verwerk (kyk p. 118), maar die swartes se ontevredenheid en ontnugtering daarmee het tot die verwydering tussen haar en die swart gemeenskap bygedra.

----------------------

135 T.R.H. Davenport: The Smuts government and the Africans, 1939-48, (University of London, Institute of Commonwealth Studies. Collected seminar papers, vol. v, 1974), p. 85; A. Stadler: "Birds in the cornfields: squatter movements in Johannesburg, 1944-47", in B. Bozzoli (red.): <u>Townships and protest: Studies in the social history of the Witwatersrand</u>, pp. 19-48.

136 A. Wessels, M.E. Wentzel: <u>Die invloed van relevante kommissieverslae ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling</u>, pp. 60-63.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Ballinger, die NVR en swart militantheid**

In die swart gemeenskap het die swak sosio-ekonomiese posisie tesame met die gefrustreerde verwagtinge oor die verslapping van segregasie tot groeiende swart militantheid aanleiding gegee. Die gevolg daarvan was boikotte, protesoptogte en stakings, waarvan die mynwerkerstaking van 1946 oor hoër lone die grootste was. Die staking is bloedig onderdruk met 12 sterftes en 1 200 beseerdes.[137] Hierdie toenemende swart militantheid is deur die permanente verdaging van die NVR in 1946 weerspieël. Die NVR het aanvanklik 'n uiters gematigde houding ingeneem, met die hoop dat daar positief op die Raad se versoeke gereageer sou word. Die Parlement of provinsiale rade het hul egter weinig indien ooit aan enige van hierdie versoeke gesteur. Vir diegene wat in die NVR gedien het, het dit toenemend 'n frustrerende en vernederende ondervinding geword aangesien hulle hul aktiwiteite as nutteloos beskou het. So het Paul Mosaka, 'n lid van die NVR, tereg die liggaam as 'n "speelgoedtelefoon" bestempel, waarmee niemand bereik kan word nie.[138] Daar is dus besluit om permanent te verdaag tot tyd en wyl alle diskriminerende wetgewing herroep is.[139]

Vir Ballinger was hierdie verdaging 'n groot skok, aangesien dit 'n swart verwerping van die stelsel van naturelleverteenwoordiging was en tot 'n permanente breuk tussen wit en swart aanleiding kon gee. Dit wou Ballinger verhoed, omdat dit alle pogings sou bemoeilik om Suid-Afrika in 'n volwaardige demokrasie te

----------------------

137 T. Lodge: Black politics in South Africa since 1945, pp. 16-20; P. Lewsen: Voices of protest, pp. 51-52; Die toename in swart militantheid en die gevolg daarvan op Ballinger se politieke loopbaan word deeglik in Hoofstuk VIII behandel.

138 W.K. Hancock: The fields of force 1919-1950, p. 485; Z.K. Matthews: Freedom for my people, p. 142.

139 Verbatim report of the proceedings of the Natives Representative Council, 14th and 15th August 1946, p. 74.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

omskep. Verder het sy ook gevrees dat indien die NVR van die toneel verdwyn, dit soveel makliker vir blanke Suid-Afrika sou wees om die swarte en sy probleme te ignoreer.[140] Ongeag al sy gebreke het die NVR die doel gedien om swartes se griewe te artikuleer. Sy het byvoorbeeld dit vir die behoorlike verteenwoordiging van haar kiesers as noodsaaklik beskou om so nóú moontlik met die NVR saam te werk. Só het sy die NVR-vergaderings so gereeld moontlik bygewoon. Ballinger het ook gepoog om die behoeftes en griewe van die Raad aan die Volksraad oor te dra deur die raadslede se toesprake aan te haal en die NVR-verslae, wat volgens wet by die Parlement ingedien is, toegepas te kry. Dit was 'n ondankbare taak aangesien die Volksraad geen belangstelling in die NVR se werksaamhede getoon het nie.[141] Tydens die NVR se enigste byeenkoms in Kaapstad waartydens die Parlement ook in sitting was, het slegs twee ander LV's, buiten die naturelleverteenwoordigers, die sitting as waarnemers bygewoon. Verder het sy ook deur haar rubriek in die Umteteli wa Bantu die swart gemeenskap se aandag op die Raad se werksaamhede probeer vestig.[142]

Nieteenstaande haar intense belangstelling, het Ballinger egter 'n punt daarvan gemaak om nie in die NVR se werksaamhede in te meng nie. Sy was byvoorbeeld slegs bereid om advies aan te bied as sy daarvoor genader is.[143] Tog beweer M. Roth in haar studie oor die NVR dat Ballinger 'n paternalistiese houding teenoor die raadslede ingeneem het. Volgens Roth het Ballinger dit as haar plig beskou om leiding aan die NVR te bied.[144] Hierdie aanname van Roth is foutief aangesien dit in direkte teenstelling met Ballinger se filosofie oor die pligte van 'n naturelle-

----------------------

140 M. Ballinger: From union to apartheid, pp. 201-202.

141 Ibid., pp. 166-167; M. Roth: The Natives Representative Council, 1937-1951, pp. 73, 184.

142 Umteteli wa Bantu, 4 Mei 1946, (Representative Council meets in Cape Town).

143 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 200.

144 M. Roth: The Natives Representative Council, 1937-1951, p. 186.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verteenwoordiger was. Ballinger het dit nooit van die NVR-lede of enige ander swart leier verwag om haar oor hul optredes of standpunte te raadpleeg nie.

Nieteenstaande hierdie houding is Ballinger wél deur die meeste raadslede geraadpleeg en sy het op goeie voet met hulle verkeer. Die toenemende rassespanning en swart militantheid het egter teen 1946 tot gevolg gehad dat swart leiers 'n meer afsydige houding teenoor die naturelleverteenwoordigers ingeneem het en sy nie oor die verdaging ingelig is nie. Sy was dus totaal verras deur die Raad se optrede en het gevolglik onder die wanindruk verkeer dat die verdaging van 1946 'n onbeplande, spontane optrede weens opgeboude frustrasies was.[145] Sy was ooglopend ontsteld en seergemaak deur haar onkunde aangesien sy van mening was dat die verdaging die blanke naturelleverteenwoordigers se posisie geraak het, en dat hulle darem daaroor ingelig moes gewees het.[146]

Selfs ná die verdaging van die NVR het Ballinger probleme ondervind om te bepaal wat die NVR se planne en doelwit was. Dit was nie 'n geval dat sy in die NVR se aktiwiteite wou inmeng nie, maar dat die blanke naturelleverteenwoordigers kennis moes neem daarvan in belang van hul eie werksaamhede.[147] Om te bepaal wat die NVR-lede beoog het, het Ballinger twee onsuksesvolle pogings aangewend om vergaderings tussen hulle en die naturelleverteenwoordigers te reël. Beide pogings was onsuksesvol weens niepolitiese redes. Die eerste was direk ná die verdaging, toe die NVR-lede so ontsteld was dat hulle nie tot 'n besluit kon kom nie.[148] Die tweede poging het misluk aangesien die raadslede

----------------------

145 UK/Molteno, C5.97: Memorandum on the adjournment of the Natives Representative Council, 22 Augustus 1946.

146 The Bantu World, 14 Junie 1947, (Congress plans to boycott elections).

147 UW/Ballinger, B2.14.16: M. Ballinger aan Z.K. Matthews, 31 Desember 1946.

148 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 201.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nie genoegsame fondse gehad het om so 'n vergadering by te woon nie.[149]

Ballinger het intussen alles in haar vermoë gedoen om hierdie skaakmatsituasie tussen die Raad en die regering op te los. Gevolglik het sy Smuts twee maal gaan spreek en 'n onderhoud tussen hom en 'n deputasie van die NVR gereël.[150] Die NVR het Smuts se voorstelle om die dispuut op te los egter as ontoereikend verwerp.

Dit was nie die einde van Ballinger se pogings om die situasie te beredder nie. Sy het selfs probeer om individuele raadslede te oortuig om hul werksaamhede te hervat.[151] Verder het sy prof. Z.K. Matthews, 'n prominente lid van die NVR, aangeraai om soveel publisiteit as moontlik op die NVR-kwessie te konsentreer en die dispuut selfs na die VN te verwys.[152] Daardeur het Ballinger klaarblyklik gehoop om die regering met ongunstige publisiteit tot 'n toegeefliker houding ten opsigte van die NVR te dwing. Hierdie pogings het misluk. Die NVR-lede was vasberade om nie sonder enige toegewings hul werksaamhede te hervat nie, terwyl die regering nie met 'n aggressiewe opposisie soos die NP bereid was om enige daadwerklike toegewings te maak nie. Die NVR sou nooit weer sy werksaamhede hervat nie en is in 1951 deur die NP afgeskaf.

Die toenemende swart militantheid het Ballinger so bekommerd gestem dat sy in 1947 in 'n memorandum voorstelle aan Smuts voorgelê het wat, volgens haar, swart politieke eise vir ongeveer tien jaar sou bevredig. Dit was naamlik:

-----------------------

149 UW/Ballinger, B2.14.16: M. Ballinger aan D. Molteno, 9 Januarie 1947.

150 The Bantu World, 14 Junie 1947, (Congress plans to boycott elections).

151 UW/Ballinger, B2.14.16: M. Ballinger aan R.H. Godlo, 3 September 1946.

152 UK/Ballinger, A3.76: M. Ballinger aan Z.K. Matthews, 3 Februarie 1947.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(a) Die erkenning van die permanente status van die verstedelikte swarte;

(b) Die beter opleiding van die kwynende swart arbeidsmag op die plase;

(c) Die vervanging van´die paswette deur 'n stelsel van arbeidsburo's;

(d) Betekenisvolle onderhandeling met die NVR; en

(e) Swart verteenwoordigers in Provinsiale Rade en Stadsrade.[153]

Terwyl hierdie aanbevelings toegepas word, moes die regering van 'n dinamiese propagandaveldtog gebruik maak om die blanke voor te berei vir die noodsaaklike veranderinge wat moes kom.[154] Hierdie benadering was gebaseer op Ballinger se filosofie:

> "... to hope, that the process of essential change will be fast enough to avoid revolution and slow enough to enable responsible political thinking to be done and solid foundations for a truly democratic State to be laid."[155]

Ballinger se program om Suid-Afrika in 'n ware demokrasie te omskep, het egter tussen twee stoele deurgeval. Vir die blankes was dit te radikaal, terwyl die meerderheid swartes dit onaanvaarbaar gevind het omdat dit te gematig was (kyk hoofstuk VIII). Die verdaging van die NVR was dus 'n keerpunt in Ballinger se politieke loopbaan. Daarná het sy toenemend van haar kiesers vervreemd geraak, wat haar as té gematig beskou het.

-----------------------

153 P. Lewsen: Voices of protest, p. 54; Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Smuts-versameling, Houer 271: Memorandum van Ballinger aan genl. J.C. Smuts, 14 Februarie 1947.

154 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 126.

155 M. Ballinger: A programme for progress towards a democratic South Africa, p. 15, (H. Spottiswoode (red.): South Africa, the road ahead).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dit het haar taak as 'n naturelleverteenwoordiger nog verder bemoeilik.

Boonop sou sy nie enige dank in die swart gemeenskap vir haar bemiddelingspogings verkry nie. Dit is met agterdog deur die militantes bejeën en as 'n voorbeeld van haar samewerking met die VP voorgehou. Volgens hulle wou Ballinger slegs die dispuut oplos om die swarte polities apaties te hou aangesien die NVR 'n illusie van politieke verteenwoordiging geskep het. Rich voer weer aan dat die naturelleverteenwoordigers moontlik deur die regering gebruik is in 'n poging om die gematigde en intellektuele swartes te oortuig om die werksaamhede van die NVR te hervat.[156] Hierdie gevolgtrekkings is van die waarheid verwyder. Ballinger se pogings as 'n bemiddelaar was slegs 'n produk van haar politieke filosofie om van alle geleenthede, hoe beperk ook al, gebruik te maak tot die voordeel van die swarte.[157]

Ballinger het die swart militantes ook verkeerd bewys deur die vurigste kritikus van die VP se rassebeleid te wees wat sy onvermoeid, sitting na sitting, gekritiseer het.[158] Daar was dan ook heelwat om te kritiseer: die haglike lewensomstandighede in die plakkerskampe, die paswette wat ná 1942 weer toegepas is, terwyl oorlogsmaatreël 145 alle swart stakings verbied het en dus effektief enige swart bedinging vir hoër lone voorkom het. Enige swart staking, soos die mynwerkerstaking van 1946, is dan ook met geweld onderdruk.[159] Net so was dit tot Ballinger se groot ontsteltenis deel van die regeringsbeleid om die sogenaamde "swart kolle", eiendom met swart eienaars, uit die "blanke areas" te verwyder.[160] Wat haar bloed veral laat kook het, was die regering se pogings om swart verstedeliking te reguleer deur

-----------------------

156 P.B. Rich: White power and the liberal conscience, p. 100.

157 M. Ballinger: From union to apartheid, pp. 384-385.

158 A. Barlow: That we may tread safely, p. 133.

159 T. Dunbar Moodie: The South African state and industrial conflict in the 1940's, pp. 21-61; M. Ballinger: From union to apartheid, p. 117.

160 P. Lewsen: Voices of protest, p. 46; House of Assembly debates, 26 April 1939, kol. 3571-3576.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

strenger kontrole oor die verkoop van treinkaartjies aan swartes. So moes 'n swarte eers kon bewys dat hy werk in 'n stedelike area gehad het, vóór 'n kaartjie aan hom verkoop is.[161] Dit het Ballinger laat verklaar dat die VP se metodes om segregasie toe te pas eerder in die agtiende eeu behoort het.[162] Gedurende die laaste sitting vóór die 1948-verkiesing het 'n gefrustreerde Ballinger haar soos volg oor segregasie uitgelaat:

> "... a thoroughly bad policy ... It has never worked ... I have no hesitation in saying - though I say it with sorrow - that in the last ten years it has become a harsher system ... If we do not do something to turn back the tide soon we will really have to face a Nemesis which will make all of us shudder."[163]

Smuts se biograaf, W.K. Hancock, het selfs gevoel dat Ballinger onredelik in haar kritiek was. Volgens hom het Ballinger nie rekening daarmee gehou dat Suid-Afrika in 'n oorlogsituasie of met na-oorlogse probleme te kampe gehad het nie.[164] Hierdie aanname van Hancock is nie korrek nie. Ondanks haar kritiese houding teenoor die VP se rassebeleid, het Ballinger besef met watter probleme Smuts te kampe gehad het. Dus het sy nooit 'n onredelike houding ingeneem nie. So het Ballinger in die Volksraad tydens onderhoude met VP-ministers en tydens die Volksraaddebatte erkenning verleen aan die VP se toegewings vóór sy op 'n beredeneerde wyse die tekortkominge van die party se rassebeleid gekritiseer het.[165]

----------------------

161 M. Ballinger: From Union to apartheid, pp. 117-118.

162 Ibid., p. 118.

163 P. Lewsen: Voices of protest, p. 62.

164 W.K. Hancock: The fields of force 1919-1950, pp. 477-478.

165 House of Assembly debates, 23 Januarie 1947, kol. 11066-11067; J. van der Poel (red.): Selections from the Smuts papers, vol. vi, dokument nr. 552, M. Ballinger aan Smuts, 13 Oktober 1941.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Ballinger en die buite-parlementêre politiek**

Ballinger het ook deur buite-parlementêre aktiwiteite gepoog om die swarte se posisie te verbeter. So was sy 'n aktiewe lid van die FOA wat in 1940 'n suiwer Suid-Afrikaanse organisasie onder William se leierskap geword het.[169] Die FOA het hom steeds daarop toegespits om die vakbondwese te bevorder en swartes tydens loongeskille van hulp te wees.[170] Tydens die veertigerjare het die organisasie ook 'n oplewing getoon toe Molteno en Douglas Buchanan, C.H. Stohr en W.G.A. Mears, broer van die Sekretaris van Naturellesake, betrek is en heelwat stukrag aan die organisasie se werksaamhede verskaf het. Die organisasie het byvoorbeeld haar anti-segregasionistiese pamflet <u>All Union affairs are native affairs</u>, gepubliseer. Die Ballingers het ook steeds deur die FOA gepoog om die toenemende konserwatiewe beheer van die SAIR oor liberalisme in Suid-Afrika te bekamp, en die Instituut in 'n meer liberale rigting te stoot. Hierin het die Ballingers uiteindelik misluk omdat die FOA te klein en te swak georganiseerd was om 'n werklike uitdaging vir die SAIR te wees.[171]

Ballinger het later van taktiek verander en gepoog om die SAIR van binne af te verander. Haar betrokkenheid by die Instituut was 'n aanduiding dat die stryd tussen die "konserwatiewes" en "radikale" nie meer so emosioneel was nie.

-----------------------

169 UW/Ballinger, F2.2 (Lêer 3): The society of the Friends of Africa: Origin and history; M. Macmillan: <u>Champion of Africa. The second phase of the work of W.M. Macmillan, 1934-1974</u>, p. 83.

170 P. Lewsen: <u>Voices of protest</u>, pp. 109-115.

171 P.B. Rich: <u>White power and the liberal conscience</u>, pp. 50, 74-75, 126.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sy is dan ook in Mei 1942 tot die uitvoerende komitee van die SAIR verkies.[172] Tesame met Buchanan en Molteno, wat ook in die SAIR se uitvoerende komitee was, het sy gepoog om van binne af die Instituut in 'n meer politieke rigting te stoot. Die trio het byvoorbeeld in Januarie 1943 daarop aangedring dat die SAIR van sy neutrale navorsingsposisie afstand moes doen om 'n duidelike politieke standpunt in te neem. Verder het hulle ook versoek dat die SAIR nouer met die FOA moes saamwerk. Hierdie "radikale" aanslag is egter deur die meer konserwatiewe Hoernlé en Rheinallt Jones afgeweer met die gevolg dat die SAIR sy status as 'n navorsingsinstelling gehandhaaf het.[173] Die verskil in benadering tussen Ballinger en die SAIR blyk duidelik uit haar vraag aan prof. R.F.A. Hoernlé: "Would you consider it ideological extremism to say: We believe in the democratic form of the State in which individuals are of equal value?" Hoernlé se antwoord was 'n kortaf, Ja![174] Enkele maande hierna het Ballinger weens haar swaar werklas as lid van die uitvoerende komitee bedank.[175] Alhoewel daar meriete in hierdie verskoning was, kan ook aanvaar word dat haar verskille ten opsigte van beleid met die SAIR 'n motivering vir haar optrede was.

Alhoewel sy nie die SAIR tot haar standpunt kon oortuig nie, het al hoe meer liberale haar sosiaal-demokratiese benadering begin navolg.[176] Só het die Libertas Bond, 'n Johannesburgse libe-

-----------------------

172 Universiteit van die Witwatersrand, J.D. Rheinallt Jones-versameling (hierna UW/Rheinallt Jones), AA9.13 (Lêer 1): Sekretaris van SAIR aan M. Ballinger, 13 Mei 1942.

173 P.B. Rich: <u>White power and the liberal conscience</u>, pp. 50, 74-75, 126; UW/SAIR, B3.13: The policy of the South AFrican Institute of Race Relations.

174 UW/Rheinallt Jones, AA9.14, (Lêer 1): Notule van die uitvoerende komitee van die SAIR se vergadering op 12 Januarie 1943.

175 <u>Ibid</u>., AA9.14, (Lêer 2): M. Ballinger aan die sekretaris van die SAIR, 10 Mei 1943.

176 P.B. Rich: The dilemmas of South African liberalism: White liberals, racial ideology and the politics of social control in the period of South African industrialization, 1887 to 1943, (Ongepubl. D.Phil., Universiteit van Warwick, 1979), p. 470.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

rale vereniging waarvan sy 'n prominente lid was, hom vir die volgende sosiaal-demokratiese doelstellings beywer:

> "The league would defend liberty, eliminate poverty .... to improve the lot of the poor, to revise the pass-laws, and to abolish discriminatory taxes."

Dit sou vermag word deur die openbare mening op te voed en dan tot aksie te mobiliseer.[177] Hierdie groeiende aanhang van Ballinger se sosiaal-demokratiese liberalisme, tesame met die vervaging van haar verskille met die SAIR, het egter nie die einde van haar geïsoleerde posisie in die Suid-Afrikaanse liberale denkrigting beteken nie. As 'n naturelleverteenwoordiger was sy, veral ná 1943, te besig om by die interne werksaamhede van die Suid-Afrikaanse liberalisme betrokke te wees.[178] Ballinger se parlementêre posisie deur middel van die stelsel van naturelleverteenwoordiging het ook tot gevolg gehad dat sy toenemend onafhanklik van liberale groeperinge kon optree. Dit het 'n platform verskaf waar sy haar idees en doelstellinge kon verkondig sonder dat sy enige dank of verantwoording aan die liberale "establishment" verskuldig was. Haar teruggetrokke geaardheid het ook daartoe bygedra dat sy 'n afsydige houding teenoor talle van haar geesgenote ingeneem het. Op hul beurt was talle liberale net so afsydig teenoor haar omdat haar geaardheid as norsheid en selfs kilheid teenoor hulle geïnterpreteer is. 'n Verdere beswaar, was 'n arrogante en beterweterige houding wat sy teenoor persone ingeneem het. Hierdie houding was 'n produk van haar groeiende reputasie as een van Suid-Afrika se voorste parlementariërs en bekendste liberaal.

Omdat sy polities links van die klein groepe liberale VP-LV's was, het sy ook nie nou bande met hulle geniet nie. Persoonlike verskille het ook beteken dat Hofmeyr en Ballinger hul afsydige houding teenoor mekaar gehandhaaf het. Gevolglik was sy in alle opsigte 'n politieke alleenloper.

-----------------------

177 A. Paton: Hofmeyr, pp. 303-304.

178 J. Robertson: Liberalism in South Africa, 1948-1963, p. 26.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dit het egter nie beteken dat Ballinger haar van liberale organisasies gedistansieer het nie. Sy was steeds by die JGR betrokke, het 'n lid van die SAIR gebly en was ook 'n vise-president van die Council of the Campaign for Right and Justice. Hierdie organisasie het hom vir sosiale, ekonomiese, juridiese en politieke hervormings in Suid-Afrika beywer.[179] Sy het egter weens haar groot parlementêre werklas in Oktober 1944 uit dié organisasie bedank.[180]

Nog 'n buite-parlementêre terrein waar Ballinger alles in haar vermoë gedoen het om die posisie van haar kiesers te verbeter, was as lid van die Mielieraad. Haar aanstelling deur die regering[181] in Januarie 1945 was weens haar hoë aansien as 'n parlementariër onder Suid-Afrika se blanke huisvroue. Sy was die eerste vrou wat tot die Mielieraad genomineer is.[182] Alhoewel sy nooit in vrouebewegings aktief was nie, het hierdie bewegings altyd met trots na haar as 'n vroulike LV opgesien.[183] Haar aanstelling was dus 'n poging van die regering om die kritiek van die blanke huisvroue oor die benarde voedselsituasie, veral ten opsigte van brood, in Suid-Afrika te neutraliseer. Vir Ballinger was haar aanstelling 'n bonus waardeur sy gehoop het om die lewensomstandighede van haar kiesers te verbeter. Die Raad het die mielieprys bepaal[184] en mieliemeel was die stapelvoedsel van die swarte. In dié tydperk is die Ciskei juis deur 'n verwoestende droogte getref, wat tot grootskaalse hongersnood onder die swart inwoners aanleiding gegee het.[185]

-----------------------

179 UW/Ballinger, B2.10.2: Constitution of the Council of the Campaign for Right and Justice.

180 Ibid., M. Ballinger aan L. Saffery, 11 Oktober 1944.

181 Argief van die Mielieraad: Aanstellingsbrief van Margaret Ballinger, 31 Januarie 1945.

182 Kennisgewing in die Cape Times, 9 Februarie 1945.

183 UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 3): Kaapstad-tak van die NCW aan Margaret Ballinger, 10 Mei 1944.

184 Mielieraad, 1935-1985, pp. 28-33.

185 The Guardian, 3 November 1945, (Conditions in Ciskei worsening); UW/Ballinger, E2.5: Verslag van dr. J.M. Latsky oor die effek van die droogte in die Ciskei, Mei 1945.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Van Ballinger se hoë verwagtinge om haar kiesers deur die Mielieraad van hulp te wees, het egter weinig tereg gekom weens die samestelling van die Raad. Die hoofdoel van die Mielieraad, wat in 1935 gestig is, was om die landbou te stabiliseer en die mielieboer van hulp te wees.[186] Dus het die verteenwoordigers van die produsente 'n verskanste meerderheid teenoor die verteenwoordigers van die verbruiker in die Raad gehad. Die produsente het gevolglik die Raad oorheers en die mielieprys tot hul eie voordeel bepaal. Volgens Ballinger was die Mielieraad 'n effektiewe drukgroep vir die produsent wat 'n pistool teen die regering se kop gehou het vir die handhawing van 'n kunsmatige hoë mielieprys.[187] So het die Mielieraad, ondanks die feitlike hongersnood onder 'n groot gedeelte van die swart bevolking die mielieprys in 1946 met 3s. 6d. per sak verhoog.[188] Hierdie verhoging was een te veel vir Ballinger en sy het die Minister van Landbou ingelig dat sy haar van die Raad se werksaamhede onttrek. Verder het sy die Minister ook versoek om nie haar aanstelling tot die Raad te hernu vóór die samestelling daarvan verander is nie. Ballinger het gevoel dat haar teenwoordigheid in die Raad slegs by diegene wat haar vertrou 'n illusie geskep het dat sy die verbruiker verteenwoordig.[189]

Hierdie optrede van Ballinger het haar groot publisiteit besorg, en bereik wat sy beoog het, naamlik om die werksaamhede van die Mielieraad onder die soeklig te plaas. Daardeur het sy gehoop dat die regering verplig sou word om die beheer oor die mieliebedryf in heroorweging te neem.[190] Alhoewel sy nie in hierdie doel geslaag het nie, het sy heelwat steun in die pers en van

----------------------

186 Mielieraad, 1935-1985, pp. 28-33.

187 Sunday Times, 31 April 1946, (Mrs Ballinger attacks Mealie Board).

188 Rand Daily Mail, 26 Maart 1946, (Price of maize raized by 3s.6d. a bag).

189 UW/Ballinger, B2.14.8 (Lêer 2): M. Ballinger aan mev. R. Hall, 8 April 1946.

190 Ibid.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die blanke huisvroue geniet.[191] Die NCW-tak van Springs het byvoorbeeld haar optrede eenparig goedgekeur.[192]

Ondanks haar versoek om nie weer tot die Mielieraad in sy bestaande vorm aangestel te word nie, is Ballinger in haar afwesigheid tydens 'n besoek aan Indië wel tot die Raad benoem.[193] Die VP het besef dat hy nie enige verdere ongewildheid kon bekostig deur haar nie te hernomineer nie. Nieteenstaande haar vroeëre besware oor die samestelling van die Raad, het Ballinger die heraanstelling aanvaar. Talle redes kan hiervoor aangevoer word. So is sy persoonlik deur Smuts gevra om na die Mielieraad terug te keer.[194] Die belangrikste rede was egter haar politieke filosofie om van alle geleenthede gebruik te maak om die posisie van haar kiesers te verbeter. Sy was 'n sterk teenstander van enige boikotbenadering, en haar versoek om nie weer aangestel te word nie was 'n taktiese stap om die publiek se aandag op die werksaamhede en samestelling van die Mielieraad te vestig. Hierin het sy geslaag en sy sou weer eens poog om deur middel van haar posisie in die Mielieraad die lewensomstandighede van haar kiesers te verbeter.

Hoe ernstig Ballinger die voedselsituasie in Suid-Afrika bejeën het, blyk uit haar private mosie van 1946 dat 'n Ministerie vir Voedsel ingestel moes word. Dit het heelwat steun onder die blanke vroue van Suid-Afrika geniet. Die South African League of Woman Voters het selfs Smuts versoek om haar as die Minister van Voedsel aan te stel.[195]

-----------------------

191 Rand Daily Mail, 6 April 1946, (Mrs Ballinger must go back); The Natal Witness, 2 April 1946, (Mrs Ballinger and the Maize Board).

192 Rand Daily Mail, 4 Junie 1946, (Action of Mrs Ballinger approved).

193 Argief van die Mielieraad, Aanstellingsbrief van M. Ballinger, 3 Oktober 1946.

194 The Cape Times, 5 April 1946, (Food debate in Assembly); House of Assembly debates, 4 April 1946, kol. 4985.

195 Rand Daily Mail, 28 Maart 1946, (Women want Mrs Ballinger made food minister).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Volgens Ballinger se private mosie moes 'n Minister van Voedsel ingestel word wat 'n opname van Suid-Afrika se voedselbehoeftes moes maak. Hierop moes 'n strategie beplan word om aan Suid-Afrika se voedselbehoeftes te voldoen. Verder moes 'n beleid daargestel word om gesubsidieerde voedsel binne die bereik van die laer inkomsteklasse te plaas.[196] Alhoewel hierdie mosie nie aanvaar is nie, het dit tog 'n bydrae gelewer om die hongersnood onder die Oos-Kaapse swartes onder die publiek se aandag te bring.

Ballinger het ook deur middel van artikels in tydskrifte die blankes probeer oortuig om die posisie van die swarte te verbeter.[197] Hierdie artikels het egter dieselfde gebreke as haar toesprake in die Volksraad getoon. Hulle was té akademies en dus slegs vir 'n klein uitgelese groepie toeganklik, waarvan talle reeds oortuigdes was.

## Die vestiging van Ballinger se reputasie as 'n uitstaande parlementariër

Ballinger se reputasie as een van Suid-Afrika se voorste parlementariërs was reeds met haar nuwelingstoespraak in 1938 geves-

-----------------------

196 Rand Daily Mail, 13 Maart 1946, (Assembly lectured by Mrs Ballinger on food problem); The Cape Argus, 13 Maart 1946, (Soap and members soul); House of Assembly debates, 12 Maart 1946, kol. 3370-3387.

197 Some problems of the control of native education, (The Transvaal Educational News, April 1939); African land and property rights, (Africa South, April-Junie 1957); A scientific approach to the problem of post-war employment and the non-European, (South African Journal of Science, Februarie 1945); Post-war reconstruction and native policy, (South African Journal of Science, Junie 1943); Industry versus agriculture, (South African Industry and Trade, Oktober 1944); Mass illiteracy and our industrial future, (South African Industry and Trade, April 1946); Why farmers are short of labour, (The Farmer's Weekly, 24 Junie 1942); Catholic social doctrine and the native in South AFrica, (Catholic Times of South Africa, Maart 1937); The rehabilitation of bantu life, (Catholic Times of South Africa, January 1939).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tig. Weens haar unieke status as 'n vroulike naturelleverteenwoordiger, was daar ongekende belangstelling in haar nuwelingstoespraak toe sy op 23 Februarie 1938 tot die spoorwegdebat toegetree het. Daar was slegs enkele oop banke in die Volksraad en is sy met die aanvang van haar toespraak toegejuig. Vol selfvertroue het Ballinger 'n briljante nuwelingstoespraak gelewer waarin sy die regte van die swart spoorwegwerker bepleit het. Ná haar toespraak is sy toegejuig en talle lede het die vloer oorgesteek om haar geluk te wens.[198] 'n Plattelandse LV het sy bewondering na bewering soos volg uitgespreek:

> "She is all right. She thinks and speaks like a man."[199]

Ballinger was nou 'n lid van 'n selektiewe klein groepie LV's wat uitstaande nuwelingstoesprake gelewer het. (Dit was iets waarin selfs die briljante Hofmeyr nie kon slaag nie.[200]) 'n Veteraan-parlementêre beampte, wat oor 'n vyfhonderd sodanige toesprake aangehoor het, het aan die bekende parlementêre joernalis, Scotty Haigh, beken dat dit die beste nuwelingstoespraak was wat hy ooit aangehoor het.[201]

Ballinger se toespraak het 'n sensasie in Suid-Afrika verwek wat Oswald Pirow se toespraak as Minister van Spoorweë tot die agtergrond verdring het. Opskrifte soos "Notable Maiden Speech By A Woman" (<u>Cape Argus</u>) en "Fine Maiden Speech By Mrs Ballinger" (<u>Natal Daily News</u>) en "Impressive Speech By Woman MP" (<u>Natal Mercury</u>) het haar toespraak aangekondig. Die <u>Guardian</u> het dit selfs bestempel as:

----------------------

198 <u>The Natal Daily News</u>, 24 Februarie 1938, (Fine maiden speech by Mrs Ballinger); <u>The Cape Argus</u>, 24 Februarie 1938, (Notable maiden speech by a woman).

199 Margaret Ballinger. Crisis point in a brilliant career, (<u>The Forum</u>, 10 November 1950).

200 A. Paton: <u>Hofmeyr</u>, p. 169.

201 S. Haigh: <u>Strangers may be present</u>, p. 186.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

> "... one of the most brilliant and forceful maiden speeches ever heard in the House of Assembly."[202]

Die Natal Mercury en die Daily News het haar toespraak so hoog aangeslaan dat redaksionele kommentaar daaraan gewy is.[203] Die Natal Daily News het hom byvoorbeeld soos volg daaroor uitgelaat:

> "Parliament came alive again and emerged from those shadows in which it spends so much of its energy playing an ill-natured game of party blindman's bluff."[204]

Buiten die persberigte het Ballinger ook 'n groot aantal briewe en telegramme van gelukwense met haar toespraak ontvang.[205] Weens haar nuwelingstoespraak het Ballinger oornag in 'n nasionale figuur ontpop wat haar 'n gesogte spreker by funksies gemaak het.

Talle LV's het egter aangevoer dat Ballinger se nuwelingstoespraak 'n eenmalige gebeurtenis was wat sy nooit weer sou kon ewenaar nie. Sy het hulle egter verkeerd bewys deur die gehalte van haar toesprake te verhoog en dit te handhaaf.[206] Die gevolg hiervan was dat sy deurentyd daarin geslaag het om die Volksraad en pers se aandag op haar te vestig. Ballinger het dus 'n lid van 'n nog meer selektiewe groepie geword, naamlik om een van die LV's te wees na wie die Volksraad wél geluister het. As sy aan die woord was, was daar weinig oop banke.[207] Soos die veteraan-LV Leslie Blackwell dit gestel het:

-----------------------

202 The Guardian, 25 Februarie 1938, (South Africa's tragedy).

203 The Natal Mercury, 25 Februarie 1938, (The liberal view); The Natal Daily News, 24 Februarie 1938, (Accent on facts).

204 The Natal Daily News, 24 Februarie 1938, (Accent on facts).

205 Hierdie korrespondensie kan in UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 2) geraadpleeg word.

206 Daily Express, 29 Augustus 1938, (Mrs V. Ballinger wakes sleeping house).

207 Telefoniese onderhoud met J.S. Labuschagne, voormalige LV, 1 Augustus 1986.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021




**MRS. MARGARET BALLINGER** (Cape Eastern Native Representative). Even the habitual non-listeners pay attention to what she has to say.

Ongedateerde uitknipsel : Universiteit van die Witwatersrand, Ballinger-versameling

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

> "When the news passes round that Mrs Ballinger is up, the House quickly begins to fill, ..."[208]

Die Burger, mondstuk van die NP, het verklaar:

> "Sy is 'n spreker na wie die Raad graag luister ... of hulle met haar politieke sienswyse saamstem of nie ... hou hulle van haar eerlike benadering en helder manier van 'n ding stel."[209]

Genl. Hertzog was een van die lede wat 'n punt daarvan gemaak het om na haar te luister.[210]

Ballinger se reputasie as 'n debatteerder was die produk van haar deeglike navorsing vir al haar toesprake[211] en was hulle wetenskaplik en krities-analiserend. Hulle was nie emosioneel nie en sy het nooit haar humeur tydens 'n toespraak verloor nie. Dus het sy nooit by enige persoonlike aanvalle betrokke geraak nie. Dit het die volgende bewondering uitgelok van Piet van der Byl, Minister van Naturellesake, vir wie sy nie kon verdra nie en met wie sy gereeld meningsverskille gehad het:

> "Very tolerant and fair-minded ... never once was she unfair."[212]

Ballinger se toesprake het tóg geneig om té akademies en té gekompliseerd te wees,[213] maar hulle was nooit kil of onpersoonlik nie. In werklikheid is sy deur talle waarnemers as een van die Volksraad se beste sprekers, indien nie die beste

-----------------------

208 L. Blackwell: Farewell to parliament, p. 169.

209 Die Burger, 17 Augustus 1948, (Die drie vroue in die volksraad).

210 Margaret Ballinger. Crisis point in a brilliant career, (The Forum, 10 November 1950).

211 A.J. Friedgut: Crusader for economic common sense, (The Forum, 6 April 1946).

212 Piet van der Byl: The shadows lengthen, p. 41.

213 Onderhoud met T.C. Robertson, 1 Augustus 1988.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nie, beskou.[214] Attie de Villiers, voormalige parlementêre sekretaris, het onomwonde verklaar dat sy 'n beter spreker as Hofmeyr was.[215] Die hoë standaard van haar toesprake blyk uit koerantopskrifte soos, "Mrs V. Ballinger Wakes Sleepy House (Daily Express, 20 Augustus 1938), "Brilliant Speech By Mrs Ballinger" (Natal Daily News, 6 Augustus 1938) en "Woman MP Grips Attention Of Parliament" (Rand Daily Mail, 12 Februarie 1943). Selfs Die Burger, vir wie daar geen politieke lewe buite die NP was nie, het haar as 'n uitmuntende spreker beskou:

> "... weer het die Raad bewys gehad van haar onbetwisbare talent ... Hierdie prominentste van die drie vroue in die Raad beskik oor die seldsame gawe om 'n saak skynbaar met die grootste onbevooroordeeldheid te benader en om alle retoriek te vermy."[216]

Ballinger se toespraak tydens haar private mosie in 1943, waarin sy versoek het dat Suid-Afrika sy rassebeleid in heroorweging moes neem, kan as die hoogtepunt van haar politieke loopbaan beskou word. Die Rand Daily Mail se verteenwoordiger het haar toespraak bestempel as

> "One of the most challenging, sincere and able speeches I have heard in the House for many years".[217]

Die grootste kompliment vir haar oratoriese vermoëns was die feit dat die Volksraad, buiten 'n enkele tussenwerpsel, 'n honderd minute in doodse stilte na haar geluister het.[218] Hoe indrukwekkend Ballinger was, blyk uit 'n parlementêre nota van Ben Schoeman, NP-LV vir Fordsburg aan haar:

-----------------------

214 B.K. Long: In Smuts's camp, p. 96.

215 Telefoniese onderhoud met A. de Villiers, 1 Februarie 1989.

216 Die Burger, 31 Januarie 1940, (Jammer ons veg nou teen Hitler).

217 Rand Daily Mail, 12 Februarie 1943, (Woman MP grips attention of Parliament).

218 The Star, 12 Februarie 1943 (Outlook on the Union's native policy changing).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

> "It was a pleasure and a lesson listening to you."[219]

Hierdie sentimente is deur genl. Smuts beaam:

> "It was a pleasure to hear a case presented with such sincerity and able marshalling of the facts and comments. Not that I agree with you in all aspects."[220]

Net soos in die geval van haar nuwelingstoespraak, is Ballinger deur briewe en telegramme van gelukwense met haar toespraak oorval.[221]

Buiten haar reputasie as 'n debatteerder kon Ballinger haarself ook in die robuuste wêreld van die Volksraad handhaaf. Soos Scotty Haigh, bekende parlementêre joernalis, dit gestel het:

> "... in Parliamentary debate, Mrs Ballinger does not drive off from 'the ladies tee'."[222]

Haar mede-LV's het weldra besef dat hulle op eie risiko van tussenwerpsels gebruik kon maak as sy aan die woord was. Ballinger het dit gehaat om onderbreek te word en was dus gewoonlik in 'n vernietigende bui met sodanige laspos. Sy het gewoonlik daarin geslaag om die skuldige LV soos 'n groen voorgraadse student af te ransel. Dit het minister Piet van der Byl tot sy spyt ontdek. Tydens een van haar toesprake het Van der Byl gevoel dat Ballinger haar saak oordryf en 'n snedige tussenwerpsel gemaak - "enige verdere byvoeglike naamwoorde?". Ballinger het tot die Raad en pers se groot vermaak die Minister daarop gewys dat haar laaste woord 'n bywoord was en indien hy taallesse benodig, die Minister meer as welkom was om haar te spreek.[223] Hierdie tipe reaksie het verseker dat Ballinger weinig onderbrekings deur middel van tussenwerpsels ondervind het.

-----------------------

219 UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 3): Nota aan Ballinger, g.d.

220 UW/Ballinger, B2.8.18: J.C. Smuts aan M. Ballinger, 16 Februarie 1943.

221 Raadpleeg UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 3) vir hierdie korrespondensie.

222 S. Haigh: Strangers may be present, p. 185.

223 P. van der Byl: The shadows lengthen, p. 41.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sy was ook 'n gedugte politikus wat haar nie as 'n vloermat deur ander politici sou laat gebruik nie. Dit blyk duidelik uit haar reaksie ten opsigte van die heftige kritiek wat sy oor haar besoek aan Indië in 1946 moes verduur. Ballinger het dit nie net gelate aanvaar nie, maar self tot die aanval oorgegaan deur 'n lastereis van £10 000 teen minister Piet van der Byl in te stel. Dit was na aanleiding van opmerkings wat hy by die Natalse kongres van die VP gemaak het. Die doel van hierdie eis was tweeledig. Dit was naamlik om Van der Byl 'n les te leer en om enige verdere aanvalle oor haar besoek in die Volksraad te deflekteer.[224] Sy het met beide doelwitte sukses behaal. Die lastereis is buite die hof geskik met 'n verklaring van die Minister waarin hy ontken het dat die opmerkings op haar gemik was.[225] Die belangrikste effek van die lastereis was dat dit wél parlementêre aanvalle op haar gedeflekteer het. Met die aanvang van die 1947-sitting het dit spoedig geblyk dat Ballinger hierdie defleksie nodig gehad het. So het J.G. Strijdom, NP-LV vir Waterberg, haar uitlatings in Indië as onpatrioties en as 'n rede vir die afskaffing van die naturelleverteenwoordigers voorgehou.[226] Net so het Sarel Tighy, VP-LV vir Johannesburg-Wes en 'n oudstudent van Ballinger, 'n geniepsige aanval op haar geloods. Dit is egter onderbreek deur die Speaker, wat na die lastereis verwys het.[227] Hierdie beslissing het beteken dat Ballinger vir die res van die sitting immuniteit ten opsigte van aanvalle oor haar besoek aan Indië geniet het. Met die aanvang van die 1948-sitting het die emosies afgekoel en was haar Indiese besoek feitlik vergete.

Ballinger het dus op alle terreine haar stempel as 'n parlementariër afgedruk. Mettertyd het sy kop en skouers bo die oorgrote

-----------------------

224 UW/Ballinger, F2.2 (Lêer 3): W.G. Ballinger aan C. Johnson, 1 November 1947.

225 UW/Ballinger, B2.16.1 (Lêer 2): P. van der Byl aan M. Ballinger, 3 Junie 1947.

226 J.L. Basson: J.G. Strijdom - Sy politieke loopbaan van 1929 tot 1948, p. 496.

227 House of Assembly debates, 22 Januarie 1947, kol. 10979.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

meerderheid LV's uitgestyg. Morris Kentridge, 'n veteraan-politikus, het haar as een van die briljantste lede van die Raad beskou.[228] Selfs 'n geniepsige kritikus soos Arthur Barlow het erken dat sy 'n goeie parlementariër was.[229] Hoe goed Ballinger werklik was, blyk uit die feit dat selfs die NP-lede, ongeag hul afsydige houding, haar as 'n skitterende en uitstaande lid van die Volksraad beskou het.[230]

Die hoë aansien wat Ballinger as 'n LV in Suid-Afrika geniet het, word deur haar betrokkenheid by die Wet op Verpleging van 1944 geïllustreer. Die Suid-Afrikaanse verpleegsters het 'n LV benodig om 'n private wetsontwerp, wat die verpleegstersberoep selfstandige status sou verleen, in die Volksraad te loods. So 'n LV moes bekwaam, buite die partypolitiek en aanvaarbaar vir al die partye in die Parlement wees. Ballinger het aan al die vereistes voldoen en het die wetsontwerp op 23 Maart 1943 in die Volksraad ingedien. Hierdie private wetsontwerp is later deur die regering as 'n regeringsmaatreël aanvaar en die wetsontwerp is in 1944 sonder enige teenkanting goedgekeur. Dit was dan ook die enigste private mosie van Ballinger wat ooit aanvaar is. Die verpleegsters het nooit haar bydrae vergeet nie en sy is later as 'n erelid van die Suid-Afrikaanse Verpleegstervereniging verkies. Ballinger is ook met die implementering van die Wet deur die regering as 'n lid van die Raad op Verpleging benoem[231] en sy was tot 1949 die vise-president van die Raad.

Ballinger se hoë aansien as 'n parlementariër het egter ook 'n groot werkslading tot gevolg gehad, aangesien die publiek haar met alle probleme genader het. Die gevolg hiervan was dat sy teen die einde van 'n parlementêre sitting gewoonlik uitgeput

-----------------------

228 M. Kentridge: I recall, p. 346.

229 A. Barlow: That we may tread safely, p. 133.

230 Onderhoud van prof. J.P. Brits met mnr. J.E. Potgieter, voormalige LV en hoofsweep van die NP.

231 H. MacCarthy: How SA nurses achieved self-government, (SA Verpleegsterstydskryf, Februarie 1948) pp. 34-39; UK/ V.M.L. Ballinger, G4.II, C. Searle: SA Nursing Association testimony to 50 years of service, p. 42; Onderhoud met prof. C. Searle, 11 Julie 1988.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

was en dat haar gesondheid daaronder gely het. In 1944 het sy aan Brookes erken:

> "The work has never let up at all, and I am beginning to feel that I simply can't stand anymore."[232]

Teen die einde van die 1943-sitting was sy byvoorbeeld so uitgeput dat sy medies geadviseer is om haar las te verlig.[233]

Buiten uitputting het Ballinger se onvermoeide pogings om die posisie van haar kiesers te verbeter ook tot neerslagtigheid aanleiding gegee. Dit was frustrerend vir haar dat ondanks al haar harde werk daar weinig praktiese resultate te sien was. Hierdie gevoel van frustrasie was so sterk dat sy dit in 1942 sterk oorweeg het om uit die politiek te tree en 'n navorsingspos in Noord-Rhodesië te aanvaar.[234] Ballinger se pligsbesef teenoor haar kiesers, asook die hoop dat die VP 'n meer liberale houding sou inneem, het egter verhoed dat sy die handdoek ingooi. Tog het die gevoel van frustrasie en magteloosheid haar nooit verlaat nie.[235] Molteno kon hierdie frustrasie, tesame met die groeiende swart militantheid (kyk p. 266) en die kwyning van sy regspraktyk weens sy politieke loopbaan egter nie verwerk nie en hy het in Maart 1948 besluit om hom nie herkiesbaar te stel nie.[236] Ballinger se sterk pligsbesef het egter verseker dat sy ondanks verswakkende omstandighede ná 1948 haar kiesers nog 12 jaar lank tot die beste van haar vermoë verteenwoordig het. In hierdie tydperk het sy haar reputasie as 'n uitstaande LV gehandhaaf.

-----------------------

232 UW/Ballinger, B2.8.3: M. Ballinger aan E. Brookes, 31 Oktober 1944.

233 Ibid., B2.8.19: M. Ballinger se private sekretaresse aan M.T. Soga, 26 November 1943.

234 UW/Records of the South African Institute of Race Relations, B3.13: W.G. Ballinger aan L. Saffery, 1 Desember 1942; B.K. Long: In Smuts's camp, p. 96.

235 UW/Ballinger, B2.16.1 (Lêer 2): J.P. Dalton aan M. Ballinger, 14 Maart 1947.

236 B. Kinkead-Weekes: Donald Molteno and the politics of "Native Representation" in Cape Town, 1936-48, (Africa Seminar, Centre for African Studies, University of Cape Town, 6 September 1989), pp. 19, 27.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Terwyl Margaret besig was om haar reputasie as 'n merkwaardige parlementariër te vestig, is sy getrou deur William as haar adviseur bygestaan. In hierdie hoedanigheid het hy uit die besoekersgallery elke toespraak van Margaret aangehoor.[237] Binne enkele sittings was William egter eerder 'n belemmering as 'n hulp vir Margaret. Die grootste nadeel verbonde aan William se posisie as adviseur was sy minderwaardigheidskompleks en gefrustreerde ambisie om 'n parlementslid te word[238] wat tot voortdurende struwelinge met Ballinger se vriende aanleiding gegee het. Veral Molteno en Buchanan met hul Oxford-agtergrond was die teikens van William se jaloesie.[239] Die nadeel hiervan was dat Margaret by William se struwelinge betrek is. 'n Goeie voorbeeld was sy wanhopige poging om hom in die Transkeise naturelleverkiesing van 1947 verkiesbaar te stel, terwyl Molteno juis Buchanan se kandidatuur voorgestaan het. William het hom uiteindelik onttrek, maar hierdie kwessie het Margaret se verhouding met Molteno en Buchanan en die werksaamhede van die FOA erg gestrem.[240]

Dit was ook deur William se toedoen dat Margaret nog verder van die SAIR vervreem is weens sy voortdurende persoonlike botsings met die amptenare (veral Rheinallt Jones) van die Instituut. As gevolg van hierdie konflikte het die SAIR dit onomwonde gestel dat hulle weier om met William saam te werk.[241] Alhoewel die SAIR dit benadruk het dat hierdie houding nie vir Margaret ge-

------------------------

237 Telefoniese onderhoud met T.C. Robertson, 1 Augustus 1987.

238 UW/Ballinger, F2.2 (Lêer 3): C. Johnson aan W. Ballinger, 17 April 1947.

239 UW/Ballinger, C2.7.3 (Lêer 2): W. Ballinger aan R. Ellis, 18 Junie 1947.

240 Ibid., W. Ballinger aan V. Poto, 27 Junie 1947; W. Ballinger aan S. Haigh, 16 Julie 1949; F2.2 (Lêer 3): W.G. Ballinger aan C. Johnson, 1 November 1947; UK/V.M.L. Ballinger, A2.6: Dagboek, 4 Julie 1947.

241 UW/SAIR, B3.13: Sekretaris van die SAIR aan A. Creech Jones, 21 Februarie 1940; Sekretaris van die SAIR aan M. Ballinger, 21 Februarie 1940.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

geld het nie, het haar lojaliteit aan William enige samewerking met die Instituut bemoeilik. Volgens William het hierdie struweling en gepaardgaande spanning vir Margaret op die rand van 'n senuwee-ineenstorting gehad.[242] William het dus heelwat daartoe bygedra om haar van die hoofstroom van Suid-Afrikaanse liberalisme te isoleer. Selfs op die vakbondterrein was hy van weinig waarde aangesien vakbondleiers soos Anna Scheepers en Solly Sachs van die Garment Workers Union 'n lae dunk van hom gehad het, en hy kontak met die vakbondwese verloor het.[243] Dit blyk duidelik uit navorsing wat William oor swart lone en lewensonkoste met finansiële ondersteuning van die SAIR gedoen het. 'n Ekonoom wat die verslag namens die SAIR beoordeel het, het bevind dat dit nie oorspronklike navorsing was nie en nie veel werd was nie.[244] Selfs in hul persoonlike lewe het Willium druk op haar geplaas aangesien hy geen vaste inkomste gehad het nie en hy graag op perdewedrenne gedobbel het.[245] Oor die jare het William dus eerder 'n oorlas as 'n bron van steun geword.

## Die einde van die era van hoop

Vóór die 1948-verkiesing was Ballinger, ondanks talle frustrasies oor die VP se onvermoë om segregasie af te takel, steeds optimisties dat Suid-Afrika besig was om stadig maar seker in die rigting van 'n ware demokrasie te beweeg.

Haar optimisme was veral op die bevindinge van die Fagan-kommissie (wat swart verstedeliking en verwante probleme moes ondersoek) gebaseer. Die kommissie se bevindinge het talle van haar

----------------------

242 <u>Ibid</u>., W. Ballinger aan L. Saffery, 16 Desember 1939.

243 Onderhoude met dr. Anna Scheepers, 29 Mei 1989; D. Haggei, 4 Augustus 1986.

244 UW/SAIR, B34.7.2: Critical comments on Mr W.G. Ballinger's reports, prepared by an economist for the guidance of the executive committee.

245 Onderhoude met D. Haggei, 4 Augustus 1986; H. Jaff, 7 Augustus 1986.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

idees oor Suid-Afrika se rassevraagstuk weerspieël. Die kommissie het byvoorbeeld bevind dat totale segregasie onuitvoerbaar was en dat verstedelikte swartes wél as permanente inwoners aanvaar moet word. Verstedeliking is ook as 'n natuurlike en onkeerbare proses beskou wat gereguleer moes word. Die verslag het byvoorbeeld voorgestel dat 'n netwerk van arbeidsburo's ingestel moes word. Verder is die hoop uitgespreek dat die paswetregulasies met die verloop van tyd heeltemal in onbruik sou raak en dat paswette dan wél uit die wetboek verwyder sou word. Die kommissie het ook verklaar dat territoriale of gebiedskeiding geen waarborg vir vrede was nie. Die toekoms moes eerder gebou word op die feit dat wit en swart onderling van mekaar afhanklik was.[246]

In 1948 het Smuts ook in die Parlement Ballinger se standpunt onderskryf dat die negatiewe aspek van instromingsbeheer deur arbeidsburo's en die registrasie vir werkvoorsiening vervang moes word.[247] 'n Tweede rede waarom Ballinger optimisties was dat die land in 'n meer demokratiese rigting beweeg, was dat daar na haar mening groeiende steun vir liberalisme in Suid-Afrika was:

> "There is a solid core of liberal opinion in this country that is prepared to take their stand on the basis of recognising the rights of the native population of this country to aspire to ultimate citizenship. There is a widening support for the principle of equal rights for all civilized men."[248]

Die twee kleiner parlementêre partye, die Dominiumparty en die Arbeidersparty, het oor hul onderskeie rassebeleidsrigtings versplinter en die resultaat was dat gedeeltes van dié partye 'n meer liberale standpunt ingeneem het. Bewys hiervan is te vind in die feit dat drie parlementslede van die Dominiumparty, J.S.

-----------------------

246 A. Wessels, M.E. Wentzel: Die invloed van relevante kommissieverslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling, pp. 72-85.

247 House of Assembly debates, 18 Maart 1948, kol. 3474-3475.

248 House of Assembly debates, 23 Januarie 1947, kol. 11071.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Marwick en senatore E.T. Stubbs en G.R. Richards, asook C.W.A. Coulter, die onderleier, die party in 1948 verlaat het uit teenkanting teen die partyleier, kol. C.F. Stallard, se ondersteuning van 'n mosie dat die naturelleverteenwoordigers uit die Volksraad verwyder moes word.[249]

Nadat Ballinger die Arbeidersparty tydens 'n parlementêre debat in 1946 genadeloos gekasty het oor die feit dat die party hom as 'n kampvegter vir die werker en minderbevoorregte voorgehou het, maar dat dit slegs vir die blanke gegeld het, het die party 'n meer liberale houding ingeneem. Hierdie toespraak het die twis tussen die party se linker- en regtervleuel oor die kwessie of segregasie verslap moes word al dan nie, op die spits gedryf. Die gevolg daarvan was 'n kompromis waarin die party verklaar het dat die kleurslagboom in die nywerheid verslap moes word en swartes in sekere beroepe toegelaat kon word.[250] Mettertyd het die linkervleuel die oorhand gekry en toenemend in 'n liberale rigting beweeg.

Onder hierdie omstandighede was Ballinger se sienswyse dat Suid-Afrika stadig maar seker in die rigting van 'n ware demokrasie beweeg het, verstaanbaar. Weer eens was sy egter té optimisties, aangesien die Fagan-kommissie se bevindinge nooit geïmplimenteer is nie. Die verslag is op 24 Maart 1948 in die Parlement ter tafel gelê, maar dieselfde dag is die Parlement ontbind met die oog op die algemene verkiesing wat op 26 Mei sou plaasvind. Teenoor die bevindinge van die Fagan-kommissie het die NP sy verkiesingsveldtog geskoei op die bevindinge van sy eie kleurvraagstukkommissie - die kommissie wat vir strenger territoriale, poli-

-----------------------

249 UW/Stubbs-versameling: Brief van die vier aan kol. C.F. Stallard, 26 Januarie 1948; A.J. Fick: Die Dominiumparty van Suid-Afrika 1934-1948, (Ongepubl. D.Litt. et Phil., UNISA, 1979), pp. 850-852.

250 South African Newsfront, (<u>The Forum</u>, 9 Maart 1946); <u>The Cape Argus</u>, 26 Februarie 1946, (Members beat party drum); <u>Umteteli wa Bantu</u>, 9 Maart 1946, (Labour Party declares its policy); A. Hepple: <u>The South African Labour Party 1908-1958, A memoir</u>, (Ongepubl. manuskrip, Johannesburgse Openbare Biblioteek), pp. 337-350.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tieke, ekonomiese en maatskaplike skeiding voorsiening gemaak het. Die NP het die kleurvraagstuk meer as ooit tevore die politieke arena ingedra met die apartheidsbeleid wat as die enigste oplossing voorgehou is. Daarteenoor is die VP se beeld skade berokken deur Smuts se oënskynlike apatiese en onmagtige houding ten opsigte van die swart verstedelikingsproses. Die gevolg hiervan was dat talle kiesers hul na die NP met sy belofte van blanke sekuriteit gewend het. Dit, tesame met die gevoel dat die VP met Hofmeyr in sy geledere 'n té liberale houding teenoor die swarte ingeneem het, het die VP se verkiesingsveldtog kwaai geknou. Dit was dan ook 'n belangrike rede vir die NP se naelskraapse oorwinning van 79 setels saam met sy bondgenoot, die Afrikanerparty, teenoor die 74 setels van die VP, Arbeiders en naturelleverteenwoordigers.

Die NP se onverwagse oorwinning in 1948 het egter die einde van hierdie era van hoop beteken en Ballinger se ergste nagmerrie vir Suid-Afrika se toekoms verwerklik. (Hoe onverwags die NP se oorwinning vir haar was, blyk uit haar voorspelling in Januarie 1948 dat die VP die verkiesing sou wen.[251]) Sy het besef dat die NP-oorwinning die effektiewe einde van enige verdere hervorming beteken het. Net so het sy besef dat die NP selfs die beperkte hervormings van die VP sou herroep. Die grootste terugslag vir Ballinger was egter die besef dat sy haar nuttigheid as LV verloor het. Met 'n NP-bewind was daar nie die vaagste moontlikheid dat sy haar kiesers van hulp sou kon wees nie. Die NP-oorwinning was dus die einde van 'n positiewe era vir Ballinger.

## Samevatting

Ballinger se eerste dekade in die Parlement was beslis die goue jare van haar loopbaan. Nie net het sy haar as 'n briljante parlementariër gevestig nie, maar ook op 'n beperkte wyse positiewe toegewings vir haar kiesers vermag. Die belangrikste kenmerk van hierdie era was egter die verandering in haar politieke

---

251 House of Assembly debates, 22 Januarie 1948, kol. 169.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

benadering. Haar vroeëre pogings om swart verset teen blanke oorheersing te mobiliseer, was iets van die verlede en het plek gemaak vir 'n beredeneerde en gematigde aanslag. Net soos die SAIR, wie se benadering sy so gekritiseer het, het sy gepoog om die blankes se bevooroordeelde persepsie ten opsigte van rasse-aangeleenthede met 'n opvoedkundige aanslag te verander. Sy het haar egter nie net op die teoretiese aspek toegespits nie, maar alles in haar vermoë gedoen om die daaglikse lewensomstandighede van die swarte te verbeter. Tog het haar gematigde benadering tot gevolg gehad dat talle militante swartes haar optrede met wantroue bejeën het, en dit was die aanvang van 'n langtermyn-vervreemding tussen haar en haar kiesers. 'n Verdere belangrike kenmerk van die tien jaar tussen 1938 en 1948 was dat Ballinger nie meer so aktief soos voorheen gepoog het om haar met 'n liberale groep te assosieer nie. Haar posisie as 'n naturelleverteenwoordiger in die Parlement het toenemend daartoe aanleiding gegee dat sy onafhanklik van liberale groeperinge kon optree.

Hierdie individualisme is versterk deur haar teruggetrokke geaardheid en hooghartige houding, wat talle liberale van haar vervreem het. Gevolglik was sy gevestig in haar weë as 'n politieke alleenloper buite die liberale "establishment", alhoewel sy in hierdie tydperk Suid-Afrika se bekendste liberaal was. Haar reputasie as Suid-Afrika se bekendste liberaal het sy ten volle verdien en haar propagering en handhawing van die beginsels van liberalisme was een van haar belangrikste bydraes in die era van segregasie. Hierdie benadering sou sy met heelwat moed in die era van apartheid en wanhoop voortsit.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# HOOFSTUK IV
# DIE APARTHEIDSVERKIESING VAN 1948
# IN DIE OOS-KAAPSE NATURELLEKIESKRING

Ná die NP se skokoorwinning van 1948 was daar nog 'n verdere skok vir Ballinger. Dit was naamlik die verrassende besluit van die NP om in 1948 die naturelleverkiesing met onafhanklike kandidate te betwis. Dit sou tot 'n bittere veldtog in die Oos-Kaap tussen Ballinger en haar opponent, dr. P.J. Schoeman, aanleiding gee. Dit was nie net 'n stryd tussen persoonlikhede nie, maar 'n keuse tussen die beginsels van 'n veelrassige Suid-Afrika en die apartheidsfilosofie van die NP.

## Die motivering vir die NP se deelname aan die verkiesing

Ballinger was verstom deur die NP se optrede aangesien sy verwag het dat naturelleverteenwoordiging so spoedig moontlik ná die party se oorwinning afgeskaf sou word. In 1947 het die Kleurvraagstuk-Kommissie van die NP (die bekende Sauer-kommissie het die benaming 'Apartheid' aan die NP se rassebeleid gegee) dit uitdruklik gestel dat die naturelleverteenwoordigers in die Volksraad afgeskaf moes word.[1] Die afskaffing van naturelleverteenwoordiging het dan ook 'n prominente plek ingeneem in die NP se 1948-verkiesingsmanifes in die blanke verkiesing.[2] Tydens die voorverkiesingsessie van die Parlement in 1948 het D.F. Malan dit ook uitdruklik gestel dat die afskaffing van naturelleverteenwoordiging in die Volksraad 'n belangrike oogmerk van die NP was.[3]

-----------------------

1 Universiteit van Pretoria, M.D.C. De Wet Nel-versameling, Houer 4: Verslag van die Kleurvraagstuk-Kommissie van die Herenigde Nasionale Party, p. 14; D. en J. de Villiers: Paul Sauer, p. 86.

2 Ibid., Houer 39: Nasionale Party se kleurbeleid, (Pamflet).

3 House of Assembly debates, 20 Januarie 1948, kol. 62, 71-74; N.W. Stultz: The nationalists in opposition, p. 120.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Etlike redes kan aangevoer word vir die NP se besluit om, ten spyte van bogenoemde standpunt, aan die naturelleverkiesing deel te neem. Eerstens wou die NP die beleid van apartheid aan die swartes oordra en die negatiewe propaganda neutraliseer.[4] Daar is ook gehoop om die dienende liberale naturelleverteenwoordigers met Afrikanernasionaliste te vervang en sodoende van die NP se vernaamste kritici in die Parlement ontslae te raak. Laastens het politieke opportunisme 'n belangrike rol gespeel deurdat die NP 'n skrale meerderheid van vyf setels in die Volksraad gehad het en die verowering van die naturellekieskringe hul meerderheid met drie kon vergroot. Die desperaatheid van die NP om hul meerderheid te vergroot, blyk uit hul nie-amptelike toenadering tot dr. O.D. Wollheim, die aanvanklike gunsteling om die Transkeise kieskring te verower. Wollheim, 'n liberale Afrikaner, is die aanbod gemaak dat, in ruil vir sy stem in die Volksraad, die NP hom nie sou opponeer nie en selfs al sy verkiesingsonkoste sou dra. Wollheim het die aanbod egter met minagting verwerp.[5]

## Die nominasie van P.J. Schoeman

Die NP se nie-amptelike kandidaat vir die Oos-Kaap was dr. P.J. Schoeman wat die party se sterkste kandidaat in die naturelleverkiesing was. Hy was 'n voormalige departementshoof van die Departement Volkekunde en Bantoetale aan die Universiteit van Stellenbosch. Buiten die volkekundige terrein het Schoeman ook met sy jag- en diereverhale groot bekendheid in die Afrikaanse Letterkunde verwerf. In 1947 het hy die Universiteit verlaat met die doel om hom voltyds aan sy skryfwerk te wy.[6]

------------------------

4 Debatte van die Volksraad, 24 Februarie 1949, Kol. 1739, 1747.

5 Universiteit van Kaapstad, O.D. Wollheim-versameling (hierna UK/Wollheim): O.D. Wollheim aan D.M. Buchanan, 1 September 1948; Onderhoud met dr P.J. Schoeman, 23 Januarie 1987.

6 P.J. Nienaber: Hier is ons skrywers, p. 362; F.V. Lategan: Skrywers in woord en beeld. Die Oosterlig, 10 Augustus 1948, (Bestudeer naturellevraagstuk reeds twintig jaar).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Dr. P.J. Schoeman, 1948.
(Foto wat op sy manifes verskyn het.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tydens sy tydperk by die Universiteit van Stellenbosch het Schoeman 'n prominente aandeel in die ontwikkeling van die apartheidsfilosofie gehad en hy het idealisties geglo dat dit die oplossing vir Suid-Afrika se rassevraagstuk sou wees. Volgens hom was dit die blanke se godgegewe taak om 'n oplossing vir die rasseprobleem te vind anders sou die blanke onder 'n vloedgolf van swartes verdwyn. Die oplossing in terme van apartheid was totale skeiding tussen die rasse en selfregering vir die swartes in hul eie gebiede.[7] In die oë van die NP was Schoeman weens sy deeglike kennis van die swarte en die apartheidsfilosofie die ideale kandidaat. Hy is dan ook persoonlik deur E.G. Jansen, Minister van Naturellesake, genader om hom verkiesbaar te stel.[8] Nieteenstaande sy onervarenheid as 'n politikus het hy hom bereidwillig verklaar om met die apartheidsfilosofie as basis as kandidaat te staan. Schoeman het dit sy persoonlike plig geag om 'n oplossing vir die naturellevraagstuk daar te stel en sy persoonlike integriteit in sy strewe om die swarte van hulp te wees, soos dit tydens die verkiesing duidelik geblyk het, was bo enige verdenking.[9]

Aangesien die NP se deelname aan die naturelleverkiesing 'n groot verleentheid vir die party kon word, het Schoeman se nominasie só plaasgevind dat die NP nie openlik betrokke was nie. Tydens sy nominasie het die NP dan ook nêrens ter sprake gekom nie. Schoeman is deur S.M. Bennet Ncwana namens die African Parliamentary Voters Association, 'n onbekende swart organisasie, genomineer. Ncwana was 'n bekende politieke opportunis wat organisasies vir sy eie gewin uitgebuit het en volgens die polisie

------------------------

7 Vir P.J. Schoeman se bydrae tot die ontwikkeling van die apartheidsfilosofie kyk bv. na sy artikel, Territoriale segregasie: Enigste doeltreffende naturelle beleid vir Suid-Afrika. (Wapenskou, Junie 1941); Die Oosterlig, 6 Julie 1948 (Dr. P.J. Schoeman kandidaat in Oostelike Kaap).

8 Onderhoud met dr. P.J. Schoeman, 23 Januarie 1987.

9 Telefoniese onderhoud met dr. P.J. Schoeman, 8 April 1986.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n gevangenistermyn van vyf jaar vir diefstal uitgedien het.[10] Die verkiesings kragtens die Naturelleverteenwoordigingswet van 1936 het sy opportunisme verdere beweegruimte verskaf aangesien sy dienste as 'n professionele verkiesingsorganiseerder vir 'n prys deur enige blanke kandidaat tydens 'n verkiesing verkry kon word. In 1943 is hy uit die ANC geskors omdat hy vir finansiële gewin 'n mnr. U.F. Raubenheimer as kandidaat teen Molteno genomineer het nadat hy Raubenheimer onder die wanindruk gebring het dat hy die organisasie se amptelike kandidaat was.[11] Diegene wat Ncwana geken het, het dit ook onomwonde gestel dat hy slegs Schoeman se kandidatuur vir sy eie finansiële gewin ondersteun het.[12]

Volgens Ncwana se weergawe van die nominasie het hy Schoeman genader om hom as 'n kandidaat beskikbaar te stel aangesien Ballinger weens haar beweerde assosiasie met die VP nie meer die belange van die swartes verteenwoordig het nie. Volgens Ncwana was die VP se belange in die oë van Ballinger belangriker as dié van die swartes. Dié waarneming het hy gemaak deur 'n uitlating van Ballinger heeltemal uit verband te ruk. Sy het slegs verklaar dat die naturelleverteenwoordigers hulle by die VP sou skaar in die stryd teen apartheid. Dit het glad nie beteken dat die naturelleverteenwoordigers hul politieke onafhanklikheid ten gunste van die VP sou inboet nie.[13] Ncwana het sy optrede om Schoeman te nomineer verder gemotiveer deur te verklaar dat die swartes gewoonlik die regering van die dag steun en dus nasionaalgesinde kandidate na die Parlement moes afvaardig. In 'n poging om die NP se betrokkenheid te verberg, het Schoeman voor-

------------------------

10 SAB, Jus, Houer 267, Lêer 3/1064/18: Kommissaris van polisie aan die Minister van Justisie, 30 November 1920.

11 P. Walshe: The rise of African nationalism in South Africa, pp. 390-391.

12 UW/Ballinger, B2.5.28: S.P. Sesedi aan M. Ballinger, 24 Augustus 1948; B2.16.2 (Lêer 6); J.L. Nikiwe aan M. Ballinger, 4 September 1948; J.L. Nikiwe aan M. Ballinger, g.d.

13 UW/Ballinger, B.5.13; M Ballinger aan J.A. Calata, 28 Augustus 1948.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gegee dat hy ná Ncwana se vertoë vir D.F. Malan en Jansen oor sy moontlike kandidatuur gaan spreek het. Beide het glo daarop hul goedkeuring en aanmoediging uitgespreek met die hoop dat hy die positiewe kant van apartheid aan die swartes sou oordra.[14]

Die amptelike aankondiging van Schoeman se kandidatuur het intussen groot verbasing en verontwaardiging onder die swartes en liberale blankes uitgelok.[15] Vir Ballinger was dit eenvoudig ongelooflik dat die NP so vermetel kon wees om 'n naturelleverkiesing te betwis. Die onverwagte opposisie was ook 'n skok aangesien sy gehoop het om, soos in 1942, onbestrede verkies te word. Sy was nie 'n 'politieke dier' nie, maar eerder 'n politieke kruisvaarder vir die swartes en met absolute weersin in verkiesingsveldtogte. Verder was William in 'n uitmergelende en duur verkiesingstryd in die Transvaal-Oranje-Vrystaat-kieskring betrokke. Sy het dus nie die energie, tyd of finansies vir nog 'n verkiesingsveldtog gehad nie.[16] Daarby het die vergroting van die Oos-Kaapse kieskring die gedagte van 'n verkiesing nog onaangenamer gemaak.[17] Die swartes van die Oos-Kaap het egter anders oor die verkiesing gevoel. Dit was reeds elf jaar sedert hulle in 1937 'n betwiste parlementêre verkiesing gehad het, en hulle het dus na een uitgesien.[18] Dit was seker ook nie

------------------------

14 Debatte van die Volksraad, 24 Februarie 1949, Kol. 1738-1739; The Star, 5 Februarie 1948, (Dr Schoeman explains how Xosa election pamphlet came to be issued).

15 The Guardian, 12 Augustus 1948, (Most amazing effrontery); The Mercury, (King William's Town), 7 Augustus 1948, (HNP drops political bombshell); Saturday Post, 7 Augustus 1948, (Nat move to contest native seats causes surprise); UW/Ballinger, B1.1.46: Tenth Parliament opens: Nationalist manoeuvre for security: Bid for african representation.

16 UW/Ballinger, B2.8.19: M. Ballinger aan M.T. Soga, 16 Julie 1948; B2.5.13, M. Ballinger aan J. Calata, 12 Augustus 1948; B2.5.21, M. Ballinger aan A.W. Ranana, 30 Julie 1948.

17 UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 4): M. Ballinger aan S.G. Mthembu, 20 April 1948.

18 UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 6): A.Z. Tshiwula aan M. Ballinger, 20 September 1948.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

toeval dat Schoeman sy kandidatuur op 6 Augustus 1948 aangekondig het nie. Die 6de was die amptelike opening van die eerste sessie van die tiende Parlement, wat beteken het dat Ballinger tot die verdaging van die Volksraad op 2 Oktober 1948 nie aktief aan die verkiesingsveldtog kon deelneem nie.

**Die verkiesingstryd**

Die stryd tussen Schoeman en Ballinger was 'n belangrike gebeurtenis in die Oos-Kaap, aangesien dit anders as in 1937 'n ideologiese stryd in plaas van bloot 'n keuse tussen persoonlikhede was. Dit was die stryd tussen totale segregasie of die verwerping daarvan. Ballinger se houding was dat sy nie intensief aan die verkiesing sou deelneem nie. Sy het dit gesien as 'n ideologiese stryd tussen twee alternatiewe: apartheid, dit wil sê partisie, of 'n verenigde Suid-Afrika sonder 'n kleurslagboom, waaroor die swartes self uitspraak moes gee. 'n Oorwinning vir Schoeman sou dus 'n oorwinning vir apartheid wees.[19]

Aansluitend by die ideologiese strydpunt het die partypolitiek ook vir die eerste keer in die Oos-Kaapse naturelleverkiesing neerslag gevind. Met die NP wat Schoeman gesteun het, het die VP op aandrang van genl. Smuts vir Ballinger logistieke hulp, veral vervoer, belowe.[20] Daarby het die VP ook die druk op Margaret verlig deur William se veldtog finansieel te steun. Hierdie hulp het 'n motor en £300 behels.[21] Die VP se optrede was, buiten Smuts en Ballinger se goeie verhouding, deur die praktiese partypolitiek gemotiveer. Dit was naamlik om te verhoed dat die NP sy meerderheid in die Volksraad ten koste van die VP vergroot. Die VP het dit dan ook onomwonde aan Rheinallt Jones gestel dat

------------------------

19 UW/Ballinger, B2.5.13: M. Ballinger aan J.A. Calata, 8 September 1948; B2.5.27: M. Ballinger aan W. Majola, 3 September 1948.

20 UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 6): J. Greyling aan J.A. Cull, 29 September 1948.

21 UK/W.G. Ballinger, C2.II.2.9.2: W.G. Ballinger aan O.A. Oosthuizen, 8 Oktober 1948 en 26 Oktober 1948.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hulle alles in hul vermoë sou doen om die kieskringe van die NP te weerhou.[22]

Intussen het Schoeman onmiddellik ná die aankondiging van sy kandidatuur weens die uitgestrektheid van die Oos-Kaapse kieskring en Ballinger se betrokkenheid in die Volksraad met sy veldtog begin. Alhoewel daar teen 1948 slegs 4 746 geregistreerde kiesers in die Oos-Kaapse kieskring was, het dit vanaf Port Elizabeth in die suidooste, Aliwal-Noord in die noordooste, Knysna in die suidweste, Willowmore in die weste en tot by Kuruman, Kimberley en Mafeking in die noordweste gestrek, 'n area wat 54 magistraatsdistrikte ingesluit het. Die Oos-Kaap was die moeilikste kieskring om te betwis aangesien die kiesers eweredig oor die hele gebied versprei was. In die Transkei daarteenoor, was driekwart van die kiesers in Oos-Londen gesentreer, terwyl die Kaapse Skiereiland die swaartepunt van kiesers in die Wes-Kaapse kieskring gevorm het. Die verspreiding van die kiesers in die Oos-Kaap was soos volg:

| | |
|---|---|
| Port Elizabeth ............................ | 1 276 |
| Queenstown ................................ | 516 |
| Kimberley ................................. | 533 |
| King William's Town ....................... | 331 |
| Fort Beaufort ............................. | 194 |
| Uitenhage ................................. | 176 |
| Albanie ................................... | 149 |
| Peddie .................................... | 101 |
| Victoria-Oos .............................. | 110 |
| Graaff-Reinet ............................. | 138 |
| Cradock ................................... | 76 |


'n Kleiner getal kiesers was oor die volgende distrikte versprei:[23]

-----------------------

22 UK/Wollheim: J.D. Rheinallt Jones aan O.D. Wollheim, 23 September 1948.

23 The Mercury, (King William's Town), 16 Oktober 1948 (Cape eastern - Union's most widely scattered constituency); M. Ballinger: From union to apartheid, p. 46, 383.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

| | |
|---|---|
| Aberdeen .................................. | 10 |
| Alexandria ................................ | 9 |
| Hopetown .................................. | 10 |
| Knysna .................................... | 2 |
| Kuruman ................................... | 37 |
| Taung ..................................... | 23 |
| Richmond .................................. | 3 |
| Steynsburg ................................ | 2 |
| Willowmore ................................ | 4 |

Vir sy veldtog is Schoeman deur die NP van £300 en 'n voorstellingsbrief aan die NP in die Oostelike Provinsie voorsien waarvolgens die party hom finansieel moes steun en met enige ander hulp moes bystaan. Om sy politieke onervarenheid te neutraliseer het Schoeman gereeld vir minister Jansen geraadpleeg, wat hom oor politieke aangeleenthede geadviseer het. Die redaksie van Die Oosterlig, die Oos-Kaapse mondstuk van die NP, het intussen sy volle steun aan Schoeman toegesê en sy kandidatuur entoesiasties gepropageer.[24] Ncwana was sy verkiesingsagent wat, ongeag sy reputasie as 'n opportunis, tog 'n uitstekende organiseerder was. Tesame met Ncwana en een van sy oudstudente, Bill van Niekerk, het Schoeman entoesiasties die Oos-Kaap deurkruis om die beleid van apartheid te verkondig. Die sentrale tema van sy veldtog was dat in terme van apartheid die swartes in hulle eie gebied sou regeer met 'n eie nasionalisme, taal en kultuur[25] - dus heeltemal apart van die blanke. Dit moes die oplossing vir Suid-Afrika se rassevraagstuk wees. Schoeman se amptelike verkiesingsplatform was soos volg in sy verkiesingsmanifes en by vergaderings uiteengesit:[26]

----------------------

24 Die Oosterlig, 6 Augustus 1948, (Dr. P.J. Schoeman kandidaat in oostelike Kaapland); Die Oosterlig, 6 Augustus 1948, (In belang van die naturel); Onderhoud met dr. P.J. Schoeman, 23 Januarie 1987.

25 Saturday Post, 7 Augustus 1948, (Nat move to contest native seats causes surprise).

26 Sunday Times, 15 Augustus 1948, (Native will be armed if war comes); Eastern Province Herald, 27 September 1948, (Advice for africans); Imvo Zabantsundu, 16 Oktober 1948, (African Parliamentary elections); VP Argief, Universiteit van Suid-Afrika (Hierna VP/Unisa): Div. of Information: NP pamphlets, dr. P.J. Schoeman se verkiesingsmanifes.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

a) Apartheid word deur die Bybel geregverdig.

b) Die beginsel van gelyke lone vir gelyke werk moes geld, en die lone van die swartes in die Staatsdiens en Onderwys moes verhoog word.

c) Industrieë in die platteland, veral in die swartes se gebiede, moes aangemoedig word.

d) In hul eie gebiede moes die swartes hul eie dokters, onderwysers en magistrate hê, met die uiteindelike onttrekking van blanke toesighouers. Die swartes moes selfregerend word in hul eie gebiede.

e) Geen gedwonge verskuiwings van swartes na naturellegebiede moes plaasvind nie.

f) Die naturelleverteenwoordigers sou nie afgeskaf word nie.

g) Swartes moes tydens 'n oorlog bewapen word.

h) Samewerking tussen wit en swart moes 'n hoë prioriteit geniet.

Sommige van Schoeman se uitlatings was 'n verleentheid vir die NP aangesien dit nie met die amptelike beleid van die party gestrook het nie. Die Eastern Province Herald het dan ook smalend na sommige van Schoeman se liberale uitlatings verwys deur te vra of die NP ook nou "Kafferboeties" word.[27]

Ongeag die swartes se vyandigheid teenoor apartheid het Schoeman tog daarin geslaag om 'n netwerk van organiseerders of helpers oor die hele kieskring op te bou. So het hy verkiesingskomitees of verteenwoordigers in New Brighton, Korsten, Walmer, Peddie, Uitenhage, Queenstown, Beaconsfield, King William's Town, Cradock, Glen Grey en Humansdorp gehad.[28] Heel ironies was in

-----------------------

27 Eastern Province Herald, 12 Augustus 1948, (Kaffer-boeties too?).

28 VP/UNISA, Div. of Information: NP pamphlets, Izwi Lama Afrika, Verkiesingspamflet namens dr. P.J. Schoeman deur Ncwana uitgereik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Cradock, die tuiste van eerw. J.A. Calata, Schoeman se sterkste komitee en het Calata 'n opdraande stryd gevoer.[29] Schoeman het beweer dat 167 swartes vrywillig aangebied het om hom behulpsaam te wees.[30] Alhoewel Schoeman beslis oordryf het, het hy tog 'n aantal ondersteuners gehad. Volgens Ballinger was dit egter slegs die sogenaamde 'riff-raff' van die swart gemeenskap wat deur finansiële gewin gemotiveer was. Nie al Schoeman se ondersteuners is deur omkopery, soos deur Ballinger beweer, verkry nie, maar talle swartes, veral die ouer geslag op die platteland, het werklik geglo dat apartheid tot hul voordeel sou wees.[31]

In 'n verdere poging om die Schoeman-veldtog met die swartes te laat identifiseer, het Ncwana 'n pamflet <u>Izwi Lama Afrika</u> (The Voice of the Africans) op eie inisiatief in Schoeman se afwesigheid uitgereik. In die pamflet het Ncwana die voordele van apartheid uiteengesit. Klem is veral op die gedagte van die swarte se ontwikkeling en selfregering in sy eie grondgebied gelê. Ncwana het verder ook beweer dat die naturelleverteenwoordiging in die Parlement slegs behou sou word indien die nasionaalgesinde kandidate verkies sou word. In die Xhosa-gedeelte van die pamflet het Ncwana weer 'n striemende aanval op alle vorige nie-NP-regerings geloods. Veral genl. Smuts is met mening aangeval oor gebeure soos die hantering van die onluste van 1920 in Port Elizabeth, die botsing met die Israeliete-sekte, die Bondelswartsopstand en die staking van die mynwerkers in 1946.[32] Die pamflet is soos volg deur Ncwana afgesluit:

-----------------------

29 UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 6): J.A. Calata aan M. Ballinger, 20 September 1948; B2.5.78, S.P. Sesedi aan M. Ballinger, 6 Oktober 1948.

30 <u>Die Burger</u>, 18 Desember 1948, (Dis later in die dag as wat die meeste besef).

31 <u>Die Oosterlig</u>, 12 November 1948, (Gevaarlike propaganda onder Unie se naturelle).

32 VP/UNISA, Div. of Information: NP pamphlets, Izwi Lama Afrika.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

> "Stem vir die Afrikanerregering as julle jul eie regering wil hê."[33]

Hierdie pamflet sou egter die verhoudinge tussen Ncwana en Schoeman versuur aangesien Ncwana meer kopieë laat druk het as wat Schoeman kon bekostig. Daarby het Ncwana die blanke se integriteit te na gekom, iets wat deur Schoeman verbied was aangesien Jansen dit juis as een van die voorwaardes vir sy kandidatuur neergelê het. Schoeman is dan ook deur Jansen oor veral die aanvalle op genl. Smuts berispe.[34] Minister Jansen het rede tot ontevredenheid gehad, want die VP sou die NP genadeloos oor die pamflet in die Volksraad kasty.[35]

Terwyl Schoeman intens besig was met sy veldtog, was Ballinger nog steeds in die Volksraad betrokke van waar sy gepoog het om die verkiesing te voorkom deur Schoeman vóór die nominasiedag, 15 September, met die oorweldigende swart steun vir haar eie kandidatuur af te skrik.[36] Hierdie plan het egter nie geslaag nie en beide Schoeman en Ballinger is amptelik genomineer.

Ballinger het egter 'n ontspanne houding ten opsigte van die verkiesing ingeneem. Sy het besef dat Schoeman eerder 'n steurnis as 'n werklike bedreiging was, en sy was seker van 'n oorwinning. Wat sy wél beoog het, was 'n verpletterende oorwinning oor Schoeman om die swarte se verwerping van apartheid onomwonde aan die NP oor te dra. In haar eie woorde wou sy 'n "Grand Slam"-oorwinning behaal. Ballinger het selfs gedreig dat indien Schoe-

------------------------

33 Debatte van die Volksraad, 26 Januarie 1949, Kol. 145.

34 Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG): E.G. Jansen-versameling: P.J. Schoeman aan E.G. Jansen, 29 Januarie 1949; Onderhoud met dr. P.J. Schoeman, 23 Januarie 1987.

35 Debatte van die Volksraad, 26 Januarie 1949 1949, Kol. 143-145; P. van der Byl: The shadows lengthen, pp. 81-82.

36 UW/Ballinger, B2.5.37: M. Ballinger aan Dr. Bokwe, 31 Augustus 1948; B2.5.28: M. Ballinger aan S.P. Sesedi, 13 Augustus 1948.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

man nie sy deposito sou verbeur nie, sy dit as 'n mosie van wantroue in haar jarelange stryd vir swart regte sou sien.[37] Hierdie ongenaakbare houding teenoor Schoeman het Ballinger selfs in haar enkele ontmoetings met Schoeman laat blyk toe sy uiters kil teenoor hom was.[38] Ná die verkiesing het sy byvoorbeeld smalend na hom as "... a very unhappy young man ..." verwys.[39]

Alhoewel Ballinger eers op 5 Oktober 1948 met haar veldtog begin het toe sy in Port Elizabeth gearriveer het om 'n vergadering in New Brighton toe te spreek, het haar verkiesingsmasjinerie alreeds vóór nominasiedag momentum opgebou. In terme van haar houding dat dit die swartes se verkiesing was en hulle 'n uitspraak ten opsigte van apartheid moes lewer, het haar swart ondersteuners die veldtog onderneem. A.Z. Tshiwula is weer as haar verkiesingsagent aangestel.[40] Hierdie keer het Tshiwula hom slegs tot die Port Elizabeth-omgewing bepaal en as koördineerder vir die hele veldtog opgetree terwyl die res van die kieskring aan sub-agente toegewys is. So is die Cradock-omgewing aan Calata toevertrou, Graaff-Reinet en omgewing aan A.W. Ranana, 'n onderwyser, terwyl Middeldrift aan dr. R.T. Bokwe se bekwame leiding toegewys is. G.N. Hayward, die VP se LV vir die Port Elizabeth-distrik, het verantwoordelikheid vir Jansenville, Steytlerville en Willowmore aanvaar, C.A. Sigila vir Beaufort-Wes, W. Majola vir Keiskammahoek. S.P. Sesedi, 'n onderwyser met langverlof, het verantwoordelikheid vir Kimberley, Mafeking, Vryburg, Kuruman en Taungs aanvaar. Ander helpers was J.T. Scott, 'n blanke, vir Somerset-Oos, T. Gaboutloeloe in Mafeking, P.E. Ngziki in Albanie en Bathurst, eerw. Skomolo in Colesberg en eerw. G.B. Molefe en M. Zwide in Port Elizabeth. Buiten die gemelde name was daar nog talle ander werkers en helpers tot in die kleinste gehuggies wat die Ballinger-vaandel uitgedra het. Hulle was al-

------------------------

37 M. Ballinger, From union to apartheid, p. 383; UW/Ballinger, B2.5.21: M. Ballinger aan A.W. Ranana, 5 Oktober 1948; B2.16.2 (Lêer 6): M. Ballinger aan A.Z. Tshiwula, 12 Augustus 1948.

38 Onderhoud met dr. P.J. Schoeman, 23 Januarie 1987.

39 House of Assembly debates, 31 Januarie 1949, kol. 315-317.

40 UW/Ballinger, B2.5.29 (Lêer 1): M. Ballinger aan die verkiesingsbeampte, 20 September 1948.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

mal bekwame werkers wat met vaardigheid die verkiesing namens Ballinger gevoer het deur byvoorbeeld vergaderings namens haar te hou, praktiese reëlings te tref, soos vervoer, en die swart kieser in die algemeen te motiveer om haar te steun. Onder sulke omstandighede kon Ballinger met 'n geruste hart 'n ontspanne houding teenoor die verkiesing inneem.[41]

Buiten haar netwerk van organiseerders is daar ook verskeie kieserverenigings gevorm om steun vir Ballinger te mobiliseer, soos byvoorbeeld in Port Alfred, en die Kimberley African Voters Association in Kimberley.

Gemotiveer deur haar suksesvolle vergadering in New Brighton en Walmer op 5 Oktober,[42] het Ballinger met 'n toer deur die kieskring begin. Haar vergadering in Korsten, Port Elizabeth, het egter in wanorde geëindig weens die optrede van Schoeman se ondersteuners. Ná 'n besoek aan Uitenhage het sy King William's Town vir die bywoning van die amptelike opening van die Ciskeise Bunga deur minister Jansen besoek, 'n funksie wat ook deur Schoeman bygewoon is. Tydens sy rede het Jansen nie soos gewoonlik die tradisionele neutrale toespraak namens die Kroon gelewer nie, maar die kandidatuur van Schoeman by die raadslede aanbeveel.[43] Of Jansen se aanbeveling enige gewig by die raadslede gedra het, is te betwyfel, maar Ballinger het wél van die geleentheid gebruik gemaak om die raadslede ná die opening privaat te ontmoet.[44] Ná haar besoek aan King William's Town het Ball-

------------------------

41 Vir Ballinger se korrespondensie met haar onderskeie verteenwoordigers, kyk na: B2.16.2 (Lêer 6); B2.5.13 (Cradock); B2.5.21 (Graaff-Reinet); B2.5.37 (Middeldrift); B2.5.46 (Port Alfred); B2.5.18 (Fort Beaufort); B2.5.27 (Keiskammahoek); B2.5.78 (Kimberley); B2.5.36 (Mafeking).

42 Eastern Province Herald, 6 Oktober 1948, (No hopes of increased liberties); Umteteli wa Bantu, 23 Oktober 1948, (Mrs Ballinger opens campaign).

43 Ciskeian General Council: Proceedings at the session 1948, pp. 17-20; Die Oosterlig, 8 Oktober 1948, (Bloutjie geloop in Korsten).

44 UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 6): M. Ballinger aan die onderskeie raadslede, 5 Oktober 1948.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

inger haar slegs op die nuwe gebiede in terme van die herafbakening toegespits en gehoop dat haar reputasie in die ouer gebiede van die kieskring voldoende sou wees om haar daar van genoeg steun te verseker.[45] Met die hulp van die VP, wat haar van vervoer voorsien het, het Ballinger dan ook die bygevoegde plekke soos Cradock, Somerset-Oos en Graaff-Reinet besoek.[46] Groot gedeeltes van die kieskring is egter nie besoek nie en haar veldtog het nooit dieselfde peil van intensiteit as in die 1937-verkiesing bereik nie.

Ongeag die lae intensiteit van die veldtog was haar onkoste weens die uitgestrektheid van die kieskring nogtans hoog en sou dit 'n totaal van £276 beloop.[47] Dit was 'n enorme bedrag in 'n tydperk toe 'n LV se inkomste £1 000 per jaar beloop het.

'n Belangrike kenmerk van die verkiesing was die groot rol wat blankes in Ballinger se verkiesingsveldtog gespeel het. Sy het byvoorbeeld gemengde verkiesingskomitees van blank en swart in Grahamstad, Port Alfred en Queenstown gehad. Buiten die reeds gemelde bydrae van Hayward en Scott het blankes soos mevv. Elliot en Lewis van Kimberley, mev. E. Doyle van Keiskammahoek, J.G.F. Moult, die LPR vir die Wes-Kaapse kieskring, Hugh Parker, LPR vir Port Elizabeth-Suid en G. Dolley, voormalige VP-LV vir Uitenhage groot bydraes tot haar veldtog gelewer.[48] Ballinger het hul deelname geregverdig deur te verklaar dat die stryd teen apartheid 'n stryd van nasionale belang was waarin sowel blank as swart moes deelneem. Volgens haar sou dit ook help om 'n brug tussen blank en swart te bou.[49]

-----------------------

45 Ibid., M. Ballinger aan G.B. Molife, 17 September 1948.

46 Ibid., J. Greyling aan J.A. Cull, 29 September 1948.

47 Ibid., Return of election expenses.

48 Ibid., M. Ballinger aan A.Z. Tshiwula, 17 September 1948; B2.5.27: E. Doyle aan M. Ballinger, 11 September 1948; B2.5.78: S.P. Sesedi aan M. Ballinger, 28 Oktober 1948.

49 UW/Ballinger, B2.5.21: M. Ballinger aan A.W. Ranana, 5 Oktober 1948.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Die apartheidsideologie in die verkiesingstryd**

Intussen het 'n bittere ideologiese stryd tussen die swartes oor apartheid gewoed. Dit was 'n konflik tussen diegene wat apartheid gesteun het, naamlik Ncwana en sy volgelinge, en die oorgrote meerderheid wat dit verwerp het. Buiten die pamflette het Ncwana byvoorbeeld briewe aan Die Oosterlig geskryf waarin hy sy volle vertroue en geloof in die beleid van apartheid uitgespreek het.[50] Selfs J.G. Ndulula, 'n ou bondgenoot van Ballinger en nou 'n Schoeman-ondersteuner, het in 'n brief 'n beroep op swartes gedoen om die NP te steun.[51] Ncwana en sy volgelinge het selfs so ver gegaan om namens die swartes van Port Elizabeth 'n mosie van vertroue in apartheid te aanvaar en dit tesame met 'n belofte van lojaliteit persoonlik aan die Premier, dr. D.F. Malan, by die Kaaplandse NP-kongres oor te dra.[52] Vir die oorgrote meerderheid swartes was Ncwana en sy meelopers egter verraaiers en die mosie van vertroue in apartheid is met minagting verwerp. Ncwana is dan ook skerp deur Calata en die Umteteli wa Bantu aangeval weens sy assosiasie met apartheid.[53] In die swart gemeenskappe is ook druk op die Schoeman-ondersteuners geplaas om hul van sy kandidatuur te distansieer. Heelwat sukses is met hierdie veldtog behaal en 'n aantal individue het hul aan Schoeman se verkiesingskomitees onttrek. In Walmer het selfs die hele komitee bedank en hul steun aan Ballinger toegesê.[54] Die stryd tussen die ondersteuners van Schoeman en Ballinger was so

------------------------

50 Die Oosterlig, 9 November 1948, (Naturel se vertroue in 'n beleid van apartheid).

51 Saturday Post, 18 September 1948, (Want natives to back nationalists).

52 Die Oosterlig, 29 Oktober 1948, (Naturelle se adres aan eerste minister).

53 Umteteli wa Bantu, 6 November 1948, (Mr Bennet Ncwana on the warpath); Eastern Province Herald, 7 Oktober 1948, (Africans and apartheid); Eastern Province Herald, 1 November 1948, (Native view of apartheid).

54 Eastern Province Herald, 20 Oktober 1948, (Dr Schoeman's manifesto); Umteteli wa Bantu, 6 November 1948, (Not on the committee); UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 6): G.B. Molefe aan M. Ballinger, 28 Oktober 1948.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

fel dat een van Schoeman se helpers ernstig met 'n mes deur 'n Ballinger-ondersteuner verwond is.[55]

Die intense gevoel van swart weersin in apartheid was van so 'n aard dat alle planne om die verkiesing te boikot uit verset teen die gebrekkige politieke regte van swartes tersyde gestel is. W.M. Tsotsi, 'n prominente lid van die AAC, 'n organisasie wat vasbeslote was om die verkiesing te boikot, het gevrees dat slegs Schoeman by 'n boikot kon baat deurdat hy moontlik daardeur verkies kon word en hy het hom gevolglik teen 'n boikot uitgespreek.[56] Aan die positiewe kant is entoesiasme vir die verkiesing ook verder opgebou deur Ballinger se voorstellingsbrief en verkiesingsmanifes aan die geregistreerde kiesers. Hierin het sy die swartes op haar rekord as 'n kampvegter vir hul regte gewys en 'n striemende aanval op apartheid geloods. Volgens Ballinger sou apartheid die swartes slegs tot die permanente posisie van 'n onderdrukte en minderwaardige burger beperk. Verder het sy met groot effek haar doelwitte as sy verkies sou word, uiteengesit:[57]

a) Die swarte se reg tot vryheid van blanke oorheersing met die vrye keuse waar of wanneer hy wil werk.

b) Die reg vir swartes om grond te koop of te huur volgens hul vermoëns.

c) Die ontwikkeling van die naturellereservate.

d) Die beëindiging van die trekarbeidstelsel.

e) Vrye en verpligte onderwys.

------------------------

55 Die Oosterlig, 12 November 1948, (Gevaarlike propaganda onder Unie se naturelle).

56 The Bantu World, 3 Januarie 1948, (AAC resolves to boycott elections); The Guardian, 4 November 1948, (Boycott policy helps nat candidates); UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 6): A.Z. Tshiwula aan Margaret Ballinger, 10 September 1948.

57 UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 6): Verkiesingsmanifes van M. Ballinger; B2.5.78: Brief van Ballinger aan alle kiesers, 25 September 1948.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

f) Pensioene vir swartes.

g) Verteenwoordiging van swartes op die gemeenskaplike kieserslys en die uitbreiding van die Kaapse stemreg na die noordelike provinsies.

**Verkiesingstrategie**

Net soos in die verkiesing van 1937 het Ballinger veral op die swart vroue, haar geheime wapen soos Tshiwula dit gestel het, gekonsentreer.[58] Die rede was eenvoudig dat die vroue 'n groot invloed op hulle mans uitgeoefen het om vir Ballinger te stem. Daarby het die NCW ook vir Ballinger ten volle gesteun en deur middel van die swart vroue steun vir haar verwerf. Die invloed van hierdie organisasie was so sterk dat Ballinger, volgens Schoeman, in sommige plekke nie die swart kiesers nie, maar die plaaslike tak van die NCW toegespreek het.[59]

Schoeman het intussen met die hulp van Bill van Niekerk onverpoos voortgegaan met sy eie veldtog. Hy het hom persoonlik toegespits op die Kimberley-Kuruman-Mafeking-area met die aktiewe steun van die plaaslike NP in die vorm van geld en vervoer, terwyl Ncwana op die Port Elizabeth-omgewing gekonsentreer het.[60] Ongeag Schoeman se durf en entoesiasme (volgens hom het hy ongeveer 150 vergaderings toegespreek en 13 000 myl in die kieskring gereis), kon hy nie 'n impak op die kiesers maak nie weens die swartes se antagonisme teenoor apartheid. Nieteenstaande sy opregte besorgdheid oor die swarte se belange is Schoeman by die meeste vergaderings vyandig ontvang. Tydens 'n vergadering in Kimberley moes 28 speurders die byeenkoms ná talle dreigemente bywoon om enige moeilikheid te voorkom.[61]

-----------------------

58 UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 6): A.Z. Tshiwula aan M. Ballinger, 10 September 1948.

59 Die Oosterlig, 12 November 1948, (Gevaarlike propaganda onder Unie se naturelle).

60 UW/Ballinger, B2.5.78: S.P. Sesedi aan M. Ballinger, 2 Oktober 1948 en 28 Oktober 1948.

61 Die Oosterlig, 12 November 1948, (Gevaarlike propaganda onder Unie se naturelle); UW/Ballinger, B2.5.78: S.P. Sesedi aan M. Ballinger, 20 September 1948.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Op die vooraand van die verkiesing op 17 November, was die Ballinger-kamp slaggereed met 'n geoliede verkiesingsorganisasie om die kiesers by die stembus te kry. William het intussen sy verkiesing met gemak gewen en dit was ook duidelik dat Margaret haar verkiesing maklik sou wen. Die vraag was eerder of Schoeman sy deposito sou behou.

Op die verkiesingsdag het die verkiesingsmasjinerie en die persoon van Ballinger daarvoor gesorg dat entoesiastiese kiesers na die stembusse gestroom het. Hier het veral die doeltreffende vervoerreëlings van Ballinger se organiseerders 'n belangrike rol gespeel. Die effektiwiteit van Ballinger se organisasie, asook haar populariteit, blyk daaruit dat die Oos-Kaap se stempersentasie van 69 % die hoogste vir die 1948-naturelleverkiesing was. Dit het dan ook spoedig geblyk dat Ballinger op 'n reuse-oorwinning afstuur, alhoewel Schoeman se organiseerders beweer het dat van sy ondersteuners geïntimideer is om nie te stem nie.[62]

## Die uitslag en sy betekenis

Weens die uitgestrektheid van die kieskring is die stemtelling eers teen 23 November 1948 afgehandel[63] met Ballinger as 'n gemaklike oorwinnaar. Die uitslag was soos volg:[64]

| | |
|---|---|
| V.M.L. Ballinger ............................ | 2 920 |
| P.J. Schoeman ............................... | 222 |

Weens sy lae stemtotaal het Schoeman sy deposito verloor.

-----------------------

62 Die Oosterlig, 19 November 1948, (Naturelle beskou stelsel as nutteloos en uitgedien), Daily Representative, 17 November 1948, (Natives go to polls today); UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 6): Zwide aan M. Ballinger, 30 November 1948.

63 UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 4): Verkiesingsbeampte aan M. Ballinger, 12 November 1948.

64 Die Staatskoerant, 3 Desember 1948, p. 767.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Margaret se oorwinning het beteken dat sy en William die tweede egpaar was wat tot die Parlement verkies is. (Die eerste egpaar was Deneys en Leila Reitz.)

Die Oos-Kaapse naturelleverkiesing van 1948 was 'n unieke gebeurtenis in Suid-Afrika se politieke geskiedenis. Vir die eerste en laaste keer het 'n intellektuele vader van apartheid en 'n kampvegter vir 'n veelrassige Suid-Afrika swaarde gekruis in 'n verkiesing met 'n swart kieserskorps. Dit was ook die eerste en laaste keer dat swartes op so 'n wyse hul opinie oor apartheid kon uiter.

Die uitslag was 'n verpletterende nederlaag vir die apartheidsfilosofie en dit was 'n aanduiding dat apartheid (in sy totaliteit) vir die Suid-Afrikaanse swarte onaanvaarbaar was. Dit was ook die eerste en laaste keer dat Ballinger as 'n sittende LV tydens 'n verkiesing geopponeer sou word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# HOOFSTUK V

# DIE BALLINGER-SAAK : DIE POGING VAN DIE NASIONALE PARTY OM DIE BALLINGERS TE ONTSETEL

Na hul parlementêre oorwinnings het Margaret en William weinig tyd gehad om op hul louere te rus. 'n Groter bedreiging as wat enige opponent tydens 'n verkiesing kon bied, het hulle posisies in die Parlement geraak. Dit was 'n poging van die NP om hulle deur middel van 'n regsgeding te ontsetel omdat William na bewering nie oor Suid-Afrikaanse burgerskap beskik het nie.

## Die motivering vir die aanslag op die Ballingers se parlementêre status

Hierdie aanslag op hul setels moet teen die agtergrond van die NP se skrale meerderheid in die Parlement gesien word. Dit het veral in die Senaat gegeld, waar die NP 'n meerderheid van slegs één geniet het. Dit was egter 'n kunsmatige meerderheid aangesien die naturellekiesgebied van die Transvaal en Oranje-Vrystaat sedert H. Basner se bedanking op 21 April 1948 vakant was. As 'n nie-nasionalis in die naturelleverkiesing van November 1948 verkies sou word, sou dit 'n terugslag vir die NP wees. Dit sou inderdaad beteken dat die NP sy meerderheid sou verloor. Die NP en die gekombineerde opposisie sou oor 22 senatore elk beskik. Om hierdie rede het die NP die senaatsverkiesing van November 1948 in die Transvaal en Oranje-Vrystaat-kiesgebied betwis.[1] J.H. van Rensburg, 'n boer van Ficksburg, was die NP se onafhanklike kandidaat. Dit moet egter vermeld word dat Van Rensburg nie die gewone partypolitikus was nie, maar 'n idealis wat net soos Schoeman gehoop het dat apartheid tot die swarte se voordeel sou wees. Hy het ook aktief gepoog om hulle posisie te verbeter. So was sy behandeling van en verhouding met sy plaasarbeiders 'n model vir Suid-Afrikaanse boere. Van Rensburg het

------------------------

1 Die Transvaler, 4 November 1948, (Verteenwoordigers vir naturelle).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

byvoorbeeld 'n sendingstasie en 'n swart weeshuis op eie onkoste op sy plaas onderhou.[2] Ondanks sy eie gematigde en verligte denke oor rasseaangeleenthede was sy kandidatuur weens sy platform van apartheid egter gedoem. Gevolglik het hy sy deposito ná 'n verpletterende nederlaag teen William Ballinger verloor.[3]

Die onmiddellike gevolg van William se oorwinning was dat die NP sy meerderheid in die Senaat verloor het. Die VP kon dus verhoed dat enige effektiewe wetgewing deurgevoer word. Om verdere sout in die NP se wonde te vryf, was dit die naturelleverteenwoordigers, vir wie die party slegs minagting gehad het, wat die party en dus die Afrikanervolk van sy regmatige meerderheid weerhou het. Soos mnr. J.G. Strijdom dit gestel het "die wil van die kaffer" het in die Senaat gegeld.[4] Die Afrikaanse pers het hierdie toestand dan ook fel veroordeel as 'n onheilspellende situasie vir die blanke. Die NP was intussen desperaat besig om skuiwergate of weë te vind om 'n werkbare meerderheid te verkry.[5] Op 17 Desember 1948 het dit geblyk wat die NP se taktiek sou wees toe Van Rensburg 'n verkiesingspetisie by die Pretoriase Hooggeregshof ingedien het. Hiervolgens het hy versoek dat William se verkiesing nietig verklaar moes word aangesien hy na bewering nie 'n Suid-Afrikaanse burger was nie.[6]

------------------------

2 Die Volksblad, 24 Augustus 1948, (Mnr. Van Rensburg se manifes); Onderhoud met prof. F.A. van Jaarsveld, 1 Oktober 1987.

3 Die amptelike uitslag was:

| | | |
|---|---|---|
| W.G. Ballinger | - | 434 908 |
| H.O. Sayer | - | 203 213 |
| J.H.J. van Rensburg | - | 58 024 |

Rand Daily Mail, 10 November 1948, (Election of native's senators puts nats in minority).

4 The Cape Times 7 Februarie 1949, (Will of the "kaffirs" in the senate).

5 Die Burger, 12 November 1948, (Vyandige meerderheid teen regering).

6 UW/Ballinger, A4.3.1: Afskrif van J.H.J. van Rensburg se aansoek; Die Transvaler, 18 Desember 1948, (Aansoek om senator te ontsetel).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Indien hierdie aansoek sou slaag, sou dit beteken dat 'n nuwe verkiesing vir die bepaalde kiesgebied gehou sou moes word. Dit sou etlike maande duur voor so 'n verkiesing wel kon plaasvind en in hierdie tydperk sou die NP weer eens 'n meerderheid van een in die Senaat geniet. Dit sou ook beteken dat die NP van Margaret ontslae sou raak aangesien die petisie ook haar posisie geraak het: kragtens die bestaande wetgewing het 'n eggenote haar man se burgerskap gedeel. Dit het dus beteken dat sy ook ontsetel sou word indien die petisie teen William sou slaag. Daarmee sou die NP van een van sy gedugste opponente ontslae raak.[7]

**Die regsbasis van die petisie**

Van Rensburg se aansoek was gebaseer op die dramatiese gebeure met William se aankoms in Suid-Afrika in 1928 as 'n adviseur van die ICU. Met sy aankoms is hy deur die regering tot 'n verbode immigrant verklaar. Die Minister van Binnelandse Sake, dr D.F. Malan, het hom egter toegelaat om Suid-Afrika met 'n tydelike permit vir drie maande binne te kom. Dr. Malan het op vertoë die beperkinge op William verander tot 'n tydelike permit wat voorsiening gemaak het vir 'n onbeperkte verblyf . Dit was op voorwaarde dat hy die Unie sou verlaat as die Minister van Binnelandse Sake dit sou beveel.[8] Van Rensburg se petisie het aangevoer dat aangesien William Suid-Afrika met 'n tydelike permit binnegekom het en steeds aan een onderworpe was, en die bevel wat hom tot 'n verbode immigrant verklaar het nooit gekanselleer is nie, hy nie Suid-Afrikaanse burgerskap kon verwerf nie. Dus was hy nie gekwalifiseerd om hom as 'n Senator verkiesbaar te stel nie.

------------------------

7 Die Transvaler, 18 Desember 1948, (Mev. Ballinger moontlik ook geraak?).

8 P.L. Wickins: The ICU of Africa, pp. 168-169; UW/Ballinger, A4.1: Verklaring van W.G. Ballinger; The Star, 29 Augustus 1950, (Senator replies to applications to set aside his election).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die Ballingers was geskok deur hierdie petisie aangesien William aanvaar het dat hy 'n Suid-Afrikaanse burger in terme van die burgerskapsvereistes was. Hiervolgens moes 'n Britse burger slegs twee jaar lank permanente verblyf in Suid-Afrika geniet om as 'n Unie-burger te kwalifiseer. 'n Hele aantal gebeure het hierdie aanname van hom bevestig. So is 'n Suid-Afrikaanse paspoort aan hom uitgereik toe hy Brittanje in 1934 besoek het. Die paspoort is dan ook later jare hernu. Hy is ook as 'n Suid-Afrikaanse kieser geregistreer. In die enkele gevalle wat sy en Margaret se burgerskap wel bevraagteken is, is al die navrae in hul guns beantwoord.[9] Soos reeds gemeld, het Will Stuart ná Margaret se oorwinning haar residensiële status bevraagteken. Die kiesbeampte, P.J. Savage, wat ook die immigrasiebeampte was wat William met sy aankoms aangehou het, het dit egter verwerp. (Kyk p. 59) J.H. Hofmeyr, in sy hoedanigheid as Minister van Binnelandse Sake, het ook twee aansoeke verwerp om hulle as Britse burgers te verklaar.[10] In 1947 is Harry Lawrence as waarnemende Minister van Binnelandse Sake ook oor die status van die Ballingers gekonfronteer. Ná 'n ondersoek en nadat die kwessie in die kabinet bespreek is, is bevind dat hulle wél burgers was.[11] Dit is interessant om daarop te let dat in die elf jaar wat Margaret en dr. Malan saam in die Volksraad was, hy nooit haar burgerskap betwis het nie.

In hul desperaatheid om 'n meerderheid in die Senaat te verkry, het die NP egter alle moontlikhede oorweeg en besluit om die Ballinger-aangeleentheid weer eens oop te krap. C.R. Swart, Minister van Justisie en leier van die NP in die OVS, het hier die leiding geneem. Enkele dae ná die uitslag van die naturelleverkiesing op 19 November 1948 het hy die Sekretaris van Justisie beveel om die kwessie van die Ballingers se burgerskap te

------------------------

9 UW/Ballinger, A4.1: Verklaring van W.G. Ballinger, pp. 16-17.

10 UW/Ballinger, A4.1: W.G. Ballinger aan D.H. Epstein, 28 Januarie 1944.

11 UK/W.G. Ballinger, F4.II.3: Beëdigde verklaring van H. Lawrence, 21 Februarie 1949.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ondersoek. Verder wou hy weet of hulle ontsetel kon word en of 'n interdik aangevra kon word om William te belet om sitting te neem, hangende die uitslag van die verkiesingspetisie. In antwoord hierop het die regsadviseurs bevind dat William 'n Britse burger was en dus onbehoorlik verkies is. Die bevinding was egter dat die moontlikheid van 'n suksesvolle interdik skraal was. Tog is aanbeveel dat dit prakties moontlik was dat indien 'n verkiesingspetisie onverwyld aan die hof voorgelê sou word, 'n uitspraak vóór die komende sitting gelewer kon word.[12]

## Die indiening van die petisie en die besware teen die Ballingers se registrasie as kiesers

Swart het nie gras onder sy voete laat groei nie en Van Rensburg genader om 'n verkiesingspetisie teen William in te dien. Van Rensburg was slegs 'n rookskerm vir die NP en hy het niks met die saak te doene gehad nie. Sy prokureurs (Roux en Jacobsz) het nie vir hom nie, maar vir Swart op hoogte van sake gehou en selfs om advies en inligting genader.[13] Die prokureurs het intussen so vinnig moontlik 'n verkiesingspetisie by die hooggeregshof in Pretoria ingedien.

Vir die Ballingers was die onverwagse petisie, afgesien van die aanslag op hul setels, ook 'n finansiële terugslag. Hulle was nog nooit welgesteld nie en het dus nie oor die fondse vir 'n uitgerekte regsgeding beskik nie. Daarby was die verkiesingspetisie 'n verdere las op hul reeds uitgeputte skouers in hul stryd teen rassevooroordeel in Suid-Afrika. Soos William dit saamgevat het:

> "... both Peg and I are desperately weary of this stand in the front line, almost alone."[14]

------------------------

12 INEG/C.R. Swart-versameling, Lêer 11/4/1: Sekretaris van Justisie aan C.R. Swart, 25 November 1948.

13 Ibid., Roux en Jacobsz aan C.R. Swart, 18 Januarie 1949 en 15 Februarie 1950.

14 UW/Ballinger, A4.1: W.G. Ballinger aan A. Creech-Jones, 17 Januarie 1949.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hierdie situasie is vererger toe 'n verdere terugslag hulle getref het. Dit was naamlik die handhawing van 'n beswaar teen hul registrasie as kiesers in Houghton.

Die Ballingers het 'n oorplasing as kiesers vanaf Claremont in Kaapstad na Houghton in Johannesburg aangevra. In 'n klaarblyklike poging om die druk op die Ballingers te vergroot en die verkiesingspetisie se kanse op sukses te verbeter, is 'n amptelike beswaar op 23 Desember 1948 teen hulle oorplasing na Houghton ingedien. Die beswaarmaker was die bekende dr. G.D. Scholtz, assistent-redakteur van Die Transvaler, 'n vertroueling van dr. H.F. Verwoerd en 'n vurige teenstander van die naturelleverteenwoordigers. Die beswaar, dat hulle Britse burgers was, is op 18 Januarie 1949, enkele dae vóór die parlementsopening, aangehoor. In terme van die Departement van Binnelandse Sake se inligting dat beide wel Britse burgers was, het die Witwatersrandse kiesbeampte, O.C. Hind, die beswaar gehandhaaf.[15] Vir Margaret was dit onverklaarbaar en ongelooflik dat sy ná elf jaar in die Parlement skielik nie meer as 'n Suid-Afrikaanse kieser kon kwalifiseer nie.[16]

Scholtz se beswaar het heelwat aandag in die Afrikaanse pers, veral in Die Burger, geniet.[17] Die koerant se hoofopskrif van 19 Januarie het triomfantelik - asook foutiewelik - uitgejubel: "Senator En Eggenote Ontsetel". Die Transvaler se opskrif was meer realisties: "Ballingers Feitlik Ontsetel". Die kiesbeampte se beslissing het glad nie beteken dat die Ballingers ontsetel was nie. Slegs 'n hoër hof kon sodanige beslissing lewer. Selfs

------------------------

15 Ibid., A4.3.1: Beëdigde verklaring van O.C. Hind, 11 Februarie 1949; Beëdigde verklaring van J.S. Hurter, Sekretaris van Binnelandse Sake, 14 Februarie 1949.

16 Rand Daily Mail, 19 Januarie 1949, (Rand decision poses problem for Parliament).

17 Die Burger, 15 Januarie 1949, (As senator ontsetel sou word).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ten opsigte van die beslissing oor hul registrasie was daar nog 'n lang proses voor die kiesbeampte se beslissing finaal sou wees. So kon hulle tot die hoofkiesbeampte appelleer. Indien die beslissing steeds onbevredigend was, kon hulle na 'n regter in camera appelleer en selfs daarna, as toestemming verleen sou word, tot die appèlhof.[18] Tog was die kiesbeampte se beslissing 'n sielkundige oorwinning vir die NP wat die druk op die Ballingers drasties verhoog het.

Die Burger het die stryd verder gevoer met 'n propagandaveldtog in 'n klaarblyklike poging om die Ballingers te intimideer om nie hul setels in die Parlement te vul nie. Daar is veral op Artikel 55 van die Suid-Afrika-Wet gehamer. Hiervolgens kon 'n persoon 'n geldboete van £100 per dag opgelê word indien hy sonder die nodige kwalifikasies of as hy met selfs net 'n redelike vermoede dat hy ongekwalifiseerd is, sitting in die Parlement sou neem. Die dreigement van hierdie swaar boete is die Ballingers voorgehou.[19] Hulle het egter op regsadvies besluit om wél sitting te neem.[20]

Om die druk op die Ballingers te handhaaf, het die NP ook die egpaar se registrasie as kiesers in Claremont, waar hul steeds geregistreer was, deur ene H. Fick van Pretoria bevraagteken. Die beswaar was dat hulle nie meer in die bepaalde kiesgebied woonagtig was nie. Die kiesbeampte het geen ander keuse gehad as om die Ballingers van die kieserslys te verwyder nie.[21] Die NP het dit verder ook bekend gemaak dat hulle by die Speaker van die Volksraad en die President van die Senaat die Ballingers se

------------------------

18 Rand Daily Mail, 18 Januarie 1949, (Objection to senator and Mrs Ballinger as voters upheld).

19 Die Burger, 19 Januarie 1949, (Senator en eggenote ontsetel).

20 UW/Ballinger, A4.1: Telegram van D.H. Epstein aan W.G. Ballinger, 19 Januarie 1949.

21 Die Burger, 27 Januarie 1949, (Ook geskrap van lys in Claremont).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

reg tot sitting sou bevraagteken.[22] Alhoewel dit duidelik was dat geen beswaar teen hul sitting gehandhaaf sou word nie, was dit deel van die sielkundige stryd om die Ballingers te intimideer. Met die opening van die Parlement op 21 Januarie was daar dan ook meer belangstelling as die normale met die inswering van die nuwe lede. Met beide Margaret en William se inswering is hul reg tot sitting dan ook onderskeidelik deur D.J.G. van der Heever in die Volksraad en H.F. Verwoerd in die Senaat bevraagteken. Beide die Speaker en die President het daarop bevind dat die Ballingers behoorlik verkies is en dat slegs 'n hoërhof hulle reg tot sitting kon bepaal. Tot tyd en wyl die beslissing van die hof bekend gemaak sou word, het hulle wél die reg tot sitting geniet.[23]

Die voortdurende spanning en besorgdheid, veral ten opsigte van die moontlike boete, het mettertyd sy tol by die Ballingers begin eis. So het dit verhoed dat hulle hul onverdeelde aandag aan hul parlementêre aktiwiteite en kiesers kon bestee. Verder was hulle terneergedruk en pessimisties oor hul kanse. William het byvoorbeeld aan 'n aantal persone genoem dat hulle die saak teen Van Rensburg gaan verloor.[24] Die spanning waaronder Margaret verkeer het, het duidelik geblyk uit haar oorreaksie toe sy 'n heftige aanval op 'n gemoedelike Paul Sauer geloods het. Dit was na aanleiding van 'n toespraak van Sauer toe hy spottend na een van haar toesprake as 'n afskeidsrede verwys het. Margaret het heftig daarop aangedring dat hy sy bedekte uitlating moes verklaar.[25]

-----------------------

22 Die Transvaler, 20 Januarie 1949, (Die Ballingers: Nog 'n aspek).

23 Die Burger, 22 Januarie 1949, (Eerste sensasie van sitting); Debatte van die Senaat, 22 Januarie 1949, Kol. 4-5; Debates of the House of Assembly, 22 Januarie 1949, Kol. 4-5.

24 UW/Ballinger, A4.1: D.H. Epstein aan W.G. Ballinger, 12 Februarie 1949; Korrespondensie met Frank Epstein, 31 Desember 1987.

25 Debates of the House of Assembly, 17 Maart 1949, Kol. 2326; The Star, 18 Maart 1949, (Mr Sauer under fire from Mrs Ballinger).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Die Ballingers veg terug**

Nieteenstaande hul pessimisme het die Ballingers nie gaan lê nie maar besluit om terug te veg. Die eerste stap was om tot die hoofkiesbeampte teen die Witwatersrandse kiesbeampte se besluit te appelleer.[26] David Epstein, die Ballingers se prokureur, het egter besef dat die appèl sou faal. Die hoofkiesbeampte was ook die Sekretaris van Binnelandse Sake en die kiesbeampte se beslissing was op inligting van Binnelandse Sake gebaseer. Op Epstein se aanbeveling het die Ballingers ook 'n aansoek by die Randse Hooggeregshof ingedien om die kiesbeampte se bevinding tersyde te stel, aangesien hy na bewering onreëlmatig opgetree het.[27] Die aansoek wat op 25 Februarie 1949 aangehoor is, is egter onbepaald uitgestel.[28]

Enkele dae later was die Ballingers weer in die hof toe Van Rensburg se petisie voor 'n volle regbank in Pretoria aangehoor sou word. Albei partye was egter nie volkome voorbereid nie en die saak is onbepaald uitgestel.[29] Twee weke later was die kollig weer eens op die Ballingers toe die hoofkiesbeampte, soos verwag, hulle appèl verwerp het. Die Ballingers het onmiddellik tot die volgende stap oorgegaan deur na die hooggeregshof teen die besluit te appelleer.[30]

Enkele dae ná die hoofkiesbeampte se besluit het dit geblyk dat die proses om die Ballingers te ontsetel onnodig sou wees aangesien die NP sy begeerde meerderheid in die Senaat verkry het.

------------------------

26 Die Burger, 28 Januarie 1949, (Ballingers doen stappe).

27 UW/Ballinger, A4.1: D.H. Epstein aan W.G. Ballinger, 18 Januarie 1949.

28 Die Burger, 26 Februarie 1949, (Ballingers se aansoek uitgestel).

29 The Star, 28 Februarie 1949, (Farmer asks court to set aside senator Ballinger's election).

30 The Star, 16 Maart 1949, (Ballingers to appeal).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Met die klaarblyklike aanmoediging van die NP het die VP-Senator J.M. van H. Brink meer aangetrokke gevoel tot die beleid van apartheid, waarop hy uit die VP se koukus geskors is.[31] Brink het daarop as Senator bedank, wat die NP dus 'n meerderheid van een besorg het.[32] Hierdie meerderheid is weldra tot twee vergroot aangesien 'n nasionalis tot die vakature verkies is weens die NP se groter meerderheid in die Transvaalse kieskollege.[33]

Dit was dus 'n perfekte geleentheid om die kwessie van die Ballingers se burgerskap op 'n vriendskaplike wyse te skik. Dit kon deur spesiale wetgewing gedoen word, wat die Ballingers vrywaring sou verleen deur hul burgerskap te wettig. Dit was nie 'n ongewone stap nie en daar was parlementêre presedente vir so 'n optrede. So het Oswald Pirow as Minister van Justisie 'n kwytskeldingswet vir kol. Deneys Reitz in 1932 deurgevoer. Daar is naamlik, nadat Reitz twaalf jaar in die Volksraad sitting gehad het, bevind dat hy nie 'n Suid-Afrikaanse burger was nie, aangesien hy ná die Anglo-Boereoorlog geweier het om 'n eed van getrouheid aan die Britse monarg af te lê. Hy was dus ongekwalifiseerd om 'n LV te wees en kon 'n reuse-boete opgelê word. Om hierdie probleem te omseil, is Pirow se wetsontwerp binne enkele minute eenparig deur al die partye in die Volksraad aanvaar.[34] Dieselfde proses is vir genl. J.C.G. Kemp deurgevoer wat weens sy skuldigbevinding aan hoogverraad ná die Rebellie van 1914 nie sitting in die Parlement kon geniet nie. Die bekende politikus Harm Oost het ook nie ná die Anglo-Boereoorlog die eed van getrouheid afgelê nie en is ná sy verkiesing as LV slegs gevra om die bepaalde eed af te lê.[35] Die Ballingers sou egter nie dieselfde behandeling geniet nie en die regering het geen belang-

------------------------

31 Die Burger, 23 Maart 1949, (SAP-taktiek in die war gestuur).

32 Die Burger, 24 Maart 1949, (Sen. Brink bedank).

33 Die Burger, 12 Mei 1949, (Mnr. P. Joynt verkies).

34 Debatte van die Volksraad, 23 Maart 1932, Kol. 2948-2950; D. Reitz: No outspan, pp. 137-138.

35 The Star, 28 Januarie 1949, (Voters' roll decision contested).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

stelling getoon om sodanige wetgewing deur te voer nie. Dr. T.E. Dönges, Minister van Binnelandse Sake, het byvoorbeeld 'n direkte vraag in die Volksraad oor hierdie kwessie op 'n tegniese punt omseil sonder om dit te beantwoord.[36]

Dit was duidelik dat die aanslag op die status van die Ballingers se burgerskap nie net gekoppel was aan die desperate pogings om 'n parlementêre meerderheid te verkry nie, maar dat die NP ook van die geleentheid gebruik wou maak om van gedugte en ideologies onaanvaarbare opponente ontslae te raak. Die NP, met sy onbeperkte fondse, tesame met die hulpvaardigheid van die amptenare in die Departemente van Justisie en Binnelandse Sake, het oor die vermoë beskik om die vendetta teen die Ballingers sy volle gang te laat gaan. Daarteenoor het die amptenare 'n korrekte, maar beslis onhulpvaardige houding teenoor die Ballingers ingeneem. Verder het hulle ook nie oor die nodige fondse beskik om 'n uitgerekte regsgeding teen die NP te oorleef nie. Die bekende Anglikaanse geestelike, vader Trevor Huddleston, het 'n fonds vir hulle geskep, naamlik "The Ballinger Defence Fund", om hulle enorme regskoste te dek. Margaret se aansien en populariteit onder die swartes is deur hul skenking aan die fonds weerspieël. Talle van die skenkers was armoedige swartes wat van hul karige inkomste aan die fonds geskenk het.[37]

In afwagting vir die hofsaak om Van Rensburg se petisie aan te hoor, het die Ballingers steeds gepoog om as kiesers geregistreer te word. Hulle aansoek teen Hind se beslissing het weer vroeg in Mei 1949 in die hooggeregshof ter sprake gekom. Die regter het egter besluit dat die aangeleentheid na 'n regter in camera tot 'n onbepaalde datum ná die uitspraak van dié van die Van Rensburg-petisie verwys moes word.[38] Hierdie uitspraak sou natuurlik ook hul posisie as kiesers bepaal.

------------------------

36 House of Assembly debates, 11 Maart 1949, Kol. 1959-1960.

37 UW/Ballinger, A4.2: Korrespondensie en kwitansies van The Ballinger Defence Fund.

38 <u>The Star</u>, 4 Mei 1949, (Ballinger case again postponed); UK/W.G. Ballinger, F4.I.15: D.H. Epstein aan W.G. Ballinger, 10 Mei 1949.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tot die Ballingers se ergernis sou die aangeleentheid met sy gepaardgaande spanning dus nog 'n paar maande voortsleur. Intussen het die regering steeds sy houding gehandhaaf deur selfs te weier om die Ballingers se paspoorte te bevestig vir 'n buitelandse reis. Die regering wou daarmee verseker dat die indruk nie geskep word dat die egpaar as Suid-Afrikaanse burgers erken word nie. Gelukkig vir die Ballingers het dit nie verhoed dat hulle kon reis nie.[39]

## Die hofsaak

Eers op 28 Augustus 1950, meer as 20 maande ná die petisie ingedien is, is Van Rensburg se aansoek voor 'n volle regbank in Pretoria aangehoor. Die saak het heelwat belangstelling uitgelok en is bygewoon deur talle senior staatsamptenare, LV's en lede van die publiek. Die belangstelling was nie soseer in die status van die Ballingers se burgerskap nie, maar eerder in dr. Malan, wat as getuie gedagvaar is. Dit was maar slegs die tweede maal dat 'n Suid-Afrikaanse Premier as 'n getuie in 'n hofsaak moes optree. By 'n vorige geleentheid het genl. Louis Botha in 'n lastereis getuig.[40]

Dat die NP alles in sy vermoë wou doen om sy saak te bewys, blyk uit die vooraanstaande advokate wat Van Rensburg verteenwoordig het. Dit was naamlik adv. C.P. Bresler, KC, 'n latere Transvaalse regter, bygestaan deur adv. D.E.K. Beyers, KC, wat later die Regter-President van die Oranje-Vrystaat en 'n appèlregter geword het. Op hul skouers het die onus gerus om te bewys dat William nie Suid-Afrikaanse burgerskap verwerf het nie. Die Ballingers se verteenwoordiger, adv. A. Shacksnovis, KC, het weer met groot bekwaamheid die teendeel aangevoer. Die middel-

------------------------

39 Rand Daily Mail, 2 Junie 1949, (Dönges concurs in new move against Ballingers).

40 The Star, 28 Augustus 1950, (Court petitioned to unseat senator Ballinger).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

punt van die hofsaak was dr. Malan se getuienis as die voormalige Minister van Binnelandse Sake. Ongeag sy gevorderde ouderdom en die feit dat hy nie wel was nie, het hy amper twee uur in die getuiebank deurgebring. Hy het almal, die Ballingers inkluis, beïndruk met die opregtheid en waardigheid van sy getuienis. Sy getuienis van die gebeure om 1928 het feitlik identies ooreengekom met dié van William, wat dus die Ballingers se saak versterk het.[41]

## Die uitspraak en gevolge van die regsgeding

Ná getuienis drie dae lank aangehoor is, het regter John Murray die uitspraak op 31 Augustus 1950 gelewer. (Dit was ook op dié dag dat die uitslae van die Suidwes-verkiesing bekend geword het. Hierdie verkiesing het die NP se meerderheid met ses in die Volksraad en vier lede in die Senaat vermeerder.[42]) In die eenparige uitspraak van die drie regters is die aansoek met koste van die hand gewys. Volgens regter Murray kon die petisionaris nie bewys dat Ballinger nie burgerskap verwerf het nie aangesien 'n verbode immigrant wél burgerskap kan verwerf. Hy het die land wettig ingekom en op grond van sy permanente verblyf Unie-burgerskap verwerf. Verder was die vae moontlikheid dat hy deur die Minister van Binnelandse Sake gedeporteer kon word nie 'n beletsel om burgerskap te verwerf nie.[43]

Alhoewel die Ballingers en hul ondersteuners in ekstase was oor hul oorwinning, was dit tog 'n onaangename aangeleentheid wat 'n slegte smaak in die mond gelaat het. Die Engelstalige pers het die NP se optrede om met behulp van 'n regsgeding van twee oppo-

------------------------

41 UK/V.M.L. Ballinger, G5.1: D.H. Epstein: The Ballinger case, pp. 7, 12; M. Ballinger: From union to apartheid, p. 388.

42 Die Burger, 1 September 1950, (Verpletterende nederlaag vir VP).

43 SA Law Report 1950, Part IV: Van Rensburg v Ballinger, pp. 427-444; Die Transvaler, 1 September 1950, (Aansoek teen Ballinger van hand gewys).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nente ontslae te raak, heftig gekritiseer. Die Cape Times het hierdie houding soos volg opgesom:

> "There has seldom been anything as degrading of our national dignity as the Nationalist persecution of Senator Ballinger, a political opponent."[44]

Die Cape Argus het die uitspraak onder die opskrif "Verdict For Freedom" as 'n ".... moral victory over political intolerance of a particularly objectionable kind" beskryf.[45] Vir die Ballingers was dit dus 'n soete oorwinning oor die NP wat 'n omstrede regskwessie tot sy eie politieke voordeel wou uitbuit.

Die Ballingers het egter duur betaal vir hierdie oorwinning. Finansieel is hulle op hul knieë gedwing, terwyl hul fisiese en geestelike uitmergeling nie in finansiële terme bereken kan word nie.[46] In 'n poging om die regskoste te dek, het die Ballingers hulle weer eens na die hooggeregshof gewend. Hierdie keer met 'n aansoek dat die kiesbeampte hul regskoste vir hul pogings om as kiesers te registreer, moes betaal aangesien hy hulle verkeerdelik van die kieserslys geskrap het.[47] (Die Ballingers is intussen outomaties tot die Houghtonse kieserslys herstel.) Die hof het die aansoek egter met koste verwerp, wat die Ballingers nog verder onder finansiële druk geplaas het.[48] Dit het beteken dat buiten die koste wat Van Rensburg moes betaal, die Ballingers 'n skuldlas van £2 300 gehad het. Hiervan is £1 200 deur die Ballinger Defence Fund gedek terwyl hulle die res self moes betaal.[49] Om dit te doen, moes hulle hoed-in-die-hand by mense

-----------------------

44 The Cape Times, 1 September 1950, (The Ballinger case).

45 The Cape Argus, 1 September 1950, (Verdict for freedom).

46 UW/Ballinger, F2, (Lêer 3): Parlementêre verslag van W.G. Ballinger aan sy kiesers, 1950.

47 The Star, 15 November 1950, (Ballingers' application for costs).

48 Die Transvaler, 13 Desember 1950, (Ballingers moet koste van saak betaal).

49 UW/Ballinger, A4.1: W.G. Ballinger aan prof. George Catlin, 23 Julie 1951.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

om hulp aanklop. Volgens William was hulle posisie so benard dat die moontlikheid bestaan het dat hulle bankrot verklaar kon word.[50] Dit sou 'n uiteindelike oorwinning vir die NP wees aangesien 'n insolvente persoon as 'n parlementslid gediskwalifiseer word.

Die VP se steun, wat aanvanklik belowe is,[51] het nooit gematerialiseer nie.[52] Talle redes kan daarvoor aangevoer word. Klaarblyklik is dié steun in dieselfde gees as die hulp met die naturelleverkiesing van 1948 aangebied, naamlik om te verhoed dat die NP deur middel van die ontseteling van die Ballingers sy meerderheid ten koste van die VP kon vergroot. Die NP se verowering van die Suid-Wes-setels, met die gepaardgaande vergrote meerderheid, het die Ballinger-saak irrelevant vir die VP gemaak. Daarmee het die belofte van enige steun blykbaar in die niet verdwyn. Vrees dat enige steun aan die Ballingers, wat deur talle lede van die publiek as gevaarlike kommuniste beskou is, die VP stemme by die stembus kon kos, was sekerlik ook 'n belangrike rede vir die gebrek aan ondersteuning.

Vir die NP was dit net so 'n duur ondervinding wat 'n totale onkoste van £2 728 beloop het. Die party was egter in 'n baie sterker posisie om hierdie skuldlas af te betaal. So is £1 123 uit die kas van die Federale Raad gedelg, terwyl die uitstaande geld deur die vier provinsiale partye betaal moes word.[53]

------------------------

50 <u>Ibid</u>., D.H. Epstein aan W.G. Ballinger, 10 Februarie 1949; E. Kock aan W.G. Ballinger, 11 April 1951.

51 UK/W.G. Ballinger, 4.I.1.6: W.G. Ballinger aan D.H. Epstein, 12 Mei 1949.

52 UW/Ballinger, A.C.1: W.G. Ballinger aan E. Kock, 20 April 1951.

53 INEG, Nasionale Party van die OVS, Lêer 30(1). Notule van Federale Raadsvergadering gehou te Pretoria op Woensdag 15 Augustus 1951.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die NP sou egter nooit sy skuldlas teenoor Van Rensburg vir al sy moeite vereffen nie. Dit was algemeen aanvaar dat hy 'n senator in die vergrote Senaat van 1956 sou wees uit erkenning vir sy lojaliteit aan die NP. Dr. Verwoerd het dit blykbaar verhoed na aanleiding van Van Rensburg se lidmaatskap van die Tomlinson-kommissie wie se bevindinge nie sy goedkeuring weggedra het nie.[54] Gevolglik het Van Rensburg een ding gemeen gehad met die Ballingers, naamlik dat hy Verwoerd nie kon verdra nie en hom as 'n diktator beskou het.[55]

Margaret kon na afloop van die hoofsaak weer haar onverdeelde aandag aan die Volksraad skenk waar sy 'n onverbiddelike opponent van apartheid was. Wat sy nie besef het nie was dat die poging om haar te ontsetel 'n aanduiding was van hoe hoog die NP haar as opponent geskat het. Die volgende tien jaar sou sy as 'n onwrikbare opponent van rassisme en onverdraagsaamheid haar reputasie as een van die NP se gedugste opponente handhaaf. Die Ballinger-saak was ook die vroegste aanduiding dat die NP van enige taktiek gebruik sou maak om van ideologies onaanvaarbare opponente ontslae te raak en om die party se meerderheid in die Parlement te handhaaf.

------------------------

54 Telefoniese onderhoud met prof. Frans Malan, 29 September 1987.

55 Onderhoud met prof. F.A. van Jaarsveld, 1 Oktober 1987.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# HOOFSTUK VI
# APARTHEID EN DIE JARE VAN WANHOOP, 1948 - 1960

In teenstelling met die era van segregasie, was die tweede gedeelte van Ballinger se parlementêre loopbaan twaalf neerdrukkende jare van wanhoop en frustrasie. Dit was 'n tydperk waarin die NP rasseskeiding sy hoogtepunt deur die onbuigsame beleid van apartheid laat bereik het. Aansluitend daarby het die NP veiligheidswetgewing aanvaar wat die oppergesag van die reg en parlementêre demokrasie in Suid-Afrika ondermyn het. Ballinger het hierdie tipe wetgewing tot haar groeiende wanhoop sitting na sitting onsuksesvol geopponeer. Die grootste terugslag vir Ballinger was egter die besef dat sy haar nuttigheid as 'n verteenwoordiger vir haar kiesers verloor het. Die NP het geweier om enige samewerking te verleen ten einde die posisie van haar kiesers te verbeter. Gepaardgaande daarmee het sy toenemend van haar kiesers, wat haar as te konserwatief beskou het, en die Suid-Afrikaanse liberalisme vervreemd geraak. Ongeag die frustrasie en wanhoop verbonde aan hierdie tydperk was haar optrede 'n bevestiging van haar durf en moed as 'n kampvegter teen rassisme en politieke onverdraagsaamheid. Dit het haar reputasie as Suid-Afrika se voorste parlementariër herbevestig.

## Die ontwikkeling van die apartheidstaat

Die verskil tussen segregasie en apartheid was dat eersgenoemde 'n pragmatiese buigbare rassebeleid was, terwyl laasgenoemde 'n onbuigbare ideologie was wat doelgerig, konsekwent en meedoënloos, ongeag die gevolge op Suid-Afrika, afgedwing is. Die basis van apartheid was 'n skeidingsbeleid wat 'n veelvolkige pleks van 'n veelrassige gemeenskap sou skep. Laasgenoemde kon volgens die NP slegs tot wrywing, frustrasie en die uiteindelike verdwyning van die blanke lei. Eersgenoemde sou sorg dat elkeen die plek ontvang waar hy tuis hoort en was die enigste oplossing vir 'n harmoniese samelewing in Suid-Afrika. Om dit te vermag, is apartheidswetgewing op alle vlakke van die samelewing toegepas. Wat voorheen ongeskrewe gebruike was, is deur die NP met behulp van wette afgedwing.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Onder die leiding van premiers D.F. Malan (1948-1954) en J.G. Strydom (1954-1958) het apartheid op strenger blanke baasskap neergekom. Soos Strydom dit gestel het:

> "Baasskap, baasskap, baasskap - die kaffer op sy plek."[1]

Daar is dus ook gepoog om blank en swart absoluut te skei. Die eerste apartheidswetgewing was die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike van 1949, wat enige huwelik tussen wit en swart verbied het, terwyl die Ontugwysigingswet van 1950 alle geslagsverkeer tussen die twee rasse verbied het.

Om absolute rasseskeiding in Suid-Afrika te bereik, is 'n duidelike afbakening van die onderskeie rasse nodig. Die gevolg was die Bevolkingsregistrasiewet van 1950, wat vir 'n sentrale bevolkingsregister voorsiening gemaak het. Die rasseverband van elke individu moes volgens wet hier aangeteken word. Alle persone is in drie groepe verdeel: blankes, kleurlinge en swartes. Die kleurlinge is weer onderverdeel in Kaapse kleurlinge, Kaapse Maleiers, Griekwas en Indiërs. Die swartes is onderverdeel in Zoeloe, Xhosa, Venda, ensovoorts. Om 'n groter mate van residensiële apartheid te bewerkstellig is die Wet op Groepsgebiede van 1950 aangeneem. Dié wet het die regering die reg gegee om aparte woon- en sakegebiede vir die verskillende rasse te proklameer, en geen ander rassegroep kon in só 'n groepsgebied woon, grond besit of handel dryf nie. Saam met die Bevolkingsregistrasiewet was hierdie wet die hoeksteen van apartheid. Die Wet op die Hervestiging van Naturelle van 1954 het byvoorbeeld voorsiening gemaak om die sogenaamde "swart kolle", die woonbuurte Sophiatown, Martindale en Newclare, te verwyder. Deur die Naturelle (Stadsgebiede) Wysigingswet van 1955 is die "lokasies in die lug", dit wil sê huisvesting van swart bediendes in woonstelgeboue, beperk.

Sosiale rasseskeiding is deur die Wet op Aparte Geriewe van 1953 afgedwing. Hiervolgens moes alle openbare plekke aparte geriewe

-----------------------

1 E.S. Munger (red.): The Afrikaners, p. 6.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vir swartes en blankes skep en dit was 'n oortreding vir 'n lid van een ras om geriewe te gebruik wat vir 'n ander ras gereserveer is.

Instromingsbeheer is voorts ook verskerp deur die Naturelle-wette-wysigingswet van 1952, wat die reg van swartes om permanent in die stede te woon, beperk het. Slegs diegene wat vyftien jaar ononderbroke in dieselfde stad of tien jaar ononderbroke vir dieselfde werkgewer gewerk het, het daarvoor gekwalifiseer. Die verblyf van besoekers en werksoekers is tot 72 uur beperk.[2]

Die NP het ook op ekonomiese gebied apartheid uitgebou. Die Wet op Naturelle-Arbeid (Beslegting van Geskille) (1953) het vakbonde verbied om swart lede te hê en swartes verbied om te staak. Die Wet op Nywerheidsversoening (1956) het weer bepaal dat geen "gemengde" vakbonde, dit wil sê vakbonde met blanke, Asiërs en swartes as lede, geregistreer mag word nie. Bestaande gemengde vakbonde moes ook aparte takke vir die verskillende groepe vorm.[3]

Dit was onder dr. H.F. Verwoerd se leiding, eers as Minister van Naturellesake (1950-1958) en ná 1958 as premier, dat Suid-Afrika se rassebeleid van baasskap tot afsonderlike ontwikkeling omvorm is en die apartheidsgedagte tot 'n doktrinêre ideologie verskerp is. Verwoerd het in 1950 die Minister van Naturellesake geword, toe hy E.G. Jansen vervang het. Jansen is beskou as die mees gematigde lid van die kabinet. Vir die meer radikale lede van die NP het hy eenvoudig nie die dryfkrag of die deursettingsvermoë gehad om apartheid toe te pas nie. Die gevolg was 'n opstand in die koukus wat tot sy vervanging deur Verwoerd aanlei-

-----------------------

2 C.M. Tatz: Shadow and substance, pp. 137-152; C.F.J. Muller (red.): Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis, pp. 492-501.

3 M. Ballinger: South Africa's last five years, (African World, Maart 1953, p. 155); M. Ballinger: Apartheid and the African worker, (African World, Oktober 1955).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ding gegee het.[4] Verwoerd het vinnig getoon dat hy wél die dryfkrag en deursettingsvermoë gehad het om apartheid toe te pas.

Volgens die beleid van afsonderlike ontwikkeling moes die swartes, etnies gebonde, in hul eie gebiede, die naturellereservate, met hul eie tradisies ontwikkel. In hierdie gebiede was die swarte baas, maar hy het geen seggenskap in die "blanke gebiede" gehad nie. Sodoende sou die blanke se voortbestaan in Suid-Afrika verseker word. Volgens Verwoerd en die NP was apartheid 'n positiewe beleid aangesien dit voorsiening gemaak het vir die regmatige politieke aspirasies van die swarte in sy eie gebiede.[5] Dit was volgens die NP in skerp teenstelling met segregasie, wat slegs op blanke baasskap neergekom het. Apartheid was dus tot die voordeel van die swarte.

Saam met dr W.M. Eiselen, Sekretaris van Naturellesake en 'n voormalige hoogleraar in Antropologie, het Verwoerd gepoog om die idee van afsonderlike ontwikkeling op die reeds verbrokkelende stamstelsel in Suid-Afrika te bou. Vir hom was die stam die enigste basis vir swart ontwikkeling. Dus is gepoog om die tradisionele lewenswyse van die swartes te red en te bewaar. Die tradisionele gesag van die stamhoof moes herstel word om as die basis te dien waarop die naturellereservate selfbestuur sou verkry.[6] Dít het Verwoerd probeer vermag deur die Wet op Bantoe-Owerhede van 1951, wat 'n groter mate van swart selfbestuur op die basis van die tradisionele stamstelsel verleen het. Daarvolgens is gedeeltelik verkose plaaslike rade afgeskaf en met tradisionele stamstrukture en stamowerhede vervang.[7] Aansluitend

------------------------

4 B.M. Schoeman: Van Malan tot Verwoerd, pp. 40-42.

5 N.J. Rhoodie, H.J. Venter: Die Apartheidsgedagte, pp. 148- 149,151.

6 H. Kenny: Architect of apartheid. H.F. Verwoerd - an appraisal, pp. 88-89.

7 G.D. Scholtz: Dr. Hendrik Frensch Verwoerd 1901-1966, pp. 237-238.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

daarby is die NVR ook afgeskaf. Nie net omdat dit, soos die NP altyd aangevoer het, 'n vergaderplek vir kommunistiese agitators was nie, maar omdat die Raad die skeidslyne tussen die verskillende naturellegroepe afgebreek het. Die NVR se samestelling het, volgens Verwoerd, nie die etniese verskille tussen swartes in ag geneem nie.[8] Volgens Verwoerd was daar nie 'n swart nasie in Suid- Afrika nie, maar slegs 'n Xhosa- of Venda-nasie, ensovoorts.

Strenger instromingsbeheer was 'n verdere gevolg van Verwoerd se antropologiese benadering. Verstedeliking moedig ontstamming en verwestering aan en dit sou sy teorie van afsonderlike ontwikkeling, gebaseer op etnisiteit, ondermyn.[9] Gevolglik kon die verstedelikte swarte geen permanente status of eiendomsreg in die stede geniet nie. Nieteenstaande die feit dat talle swartes só verwesters het dat hulle alle kontak met hul tradisionele stamstelsel verloor het, was hulle volgens Verwoerd steeds lede van 'n etniese groepering met 'n permanente tuiste op die platteland.[10]

Swart onderwys en universiteitsopleiding was 'n verdere terrein waarop Verwoerd sy beleid van afsonderlike ontwikkeling wou toepas. Die gevolg hiervan was die Wet op Bantoe-Onderwys (1953), wat bepaal het dat swart opvoeding in ooreenstemming met swart tradisies en met die oog op diens aan eie gemeenskappe moes plaasvind. Die oogmerk was dus om "goeie Bantoes" in plaas van na-apers van die Westerse beskawing te produseer.[11] Dieselfde beginsel het vir swartes by blanke universiteite gegeld. Die gevolg was die Wet op die Uitbreiding van Universiteitsopleiding in 1959. Hiervolgens is die sogenaamde "oop universiteite", Kaapstad en Wits, verbied om swartes as studente te aanvaar en vir

-----------------------

8 Ibid., p. 189.

9 G.D. Scholtz: Dr. Hendrik Frensch Verwoerd 1901-1966, Tweede band, p. 141.

10 H. Kenny: Architect of apartheid, pp. 98,127-129.

11 Ibid., p. 118.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vyf etniese universiteitskolleges vir die swartes voorsiening gemaak.[12]

Verwoerd se antropologiese benadering het sy hoogtepunt met die Wet op die Bevordering van Bantoe-Selfbestuur in 1959 bereik. Hiervolgens is die stelsel van naturelleverteenwoordiging afgeskaf en riglyne neergelê vir die ontwikkeling van selfregering in agt etniese swart volkseenhede waarby die verstedelikte swarte ook ingedeel is.[13] Hierdie eenhede kon tot moontlike onafhanklike state in die toekoms ontwikkel.

Om apartheid te handhaaf is ook strenger veiligheidswetgewing aanvaar. Kommunistiese agitators is gewoonlik deur blank Suid-Afrika vir enige verset teen Suid-Afrika se rassebeleid verantwoordelik gehou. Die KPSA was dan ook die eerste teiken van die NP se vasberadenheid om enige sodanige verset uit te roei. Die gevolg hiervan was die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme van 1950 met sy talle wysigings. Kragtens dié Wet is die Kommunistiese Party verbied en is aan die Goewerneur-generaal die mag verleen om enige organisasie wat die oogmerke van kommunisme bevorder, te verbied. Dit het die Minister van Justisie ook gemagtig om kommuniste te verbied om lede van politieke organisasies en vakbonde te wees en om 'n persoon tot 'n bepaalde gebied te beperk. Kommuniste of oud-kommuniste kon ook nie lede van die Parlement wees nie. Die Wet op Openbare Veiligheid (1953), het die regering gemagtig om 'n noodtoestand in enige deel van die land uit te roep as hy van mening was dat die openbare veiligheid bedreig word. Die Strafwysigingswet van 1953 het swaar strawwe voorgeskryf vir diegene wat wette by wyse van protes oortree het of ander aangemoedig het om dit te doen.[14]

-----------------------

12 M. Ballinger: From union to apartheid, pp. 350-354.

13 G.D. Scholtz: Dr. Hendrik Frensch Verwoerd 1901-1966, Tweede band, pp. 137-140; H. Kenny: Architect of apartheid, pp. 158-160.

14 T. Lodge: Black politics in South Africa since 1945, p. 45; C.F.J. Muller (red.): Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis, p. 507.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Gepaard daarmee het die NP 'n onverdraagsame houding teenoor enige opposisie teen hul rassebeleid ingeneem. Enige vorm van liberalisme is byvoorbeeld as 'n sinistere komplot teen Suid-Afrika geïnterpreteer. Dit was onder hierdie moeilike omstandighede - 'n apartheidbestel wat in wetgewing vasgelê is en wat radikaal van die meer ontspanne segregasie-opset vóór 1948 verskil het - dat Ballinger haar stryd vir 'n veelrassige en demokratiese Suid-Afrika voortgesit het.

**Ballinger en haar mede-naturelleverteenwoordigers ná 1948**

Dit was 'n neerslagtige Ballinger wat haar plek as 'n herverkose LV in 1949 ingeneem het. Dit was nie net die NP se oorwinning en die hofgeding wat haar tot moedeloosheid gestem het nie, maar ook die nuwe span naturelleverteenwoordigers. Hoe skrikkerig sy vir haar nuwe kollegas was, blyk uit 'n brief aan haar vriendin, M.T. Soga:

> "I'm almost scared stiff at the prospect of the new team. I just don't know how to start off from scratch again."[15]

Ballinger se vrees is bewaarheid toe beide kandidate wat sy in die 1948-naturelleverkiesing gesteun het, die onderspit gedelf het. In die Wes-Kaap is Douglas Buchanan so verpletterend deur die kommunis, Sam Kahn, verslaan dat hy sy deposito verbeur het.[16] Kahn se oorwinning was nie 'n verrassing nie, maar Ballinger se voormalige opponent, Will Stuart, se oorwinning in die Transkei[17] was 'n onaangename skok vir haar. Sy opponent, dr.

-----------------------

15 UW/Ballinger, B2.18.19: M. Ballinger aan M.T. Soga, 17 Julie 1948.

16 <u>Inkululeko</u>, 13 November 1948, (Sam Kahn wins).

17 <u>The Daily Dispatch</u>, 26 November 1948, (Stuart to represent Transkeian circle).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

O.D. Wollheim, is sterk deur Ballinger ondersteun[18] en hy was ook die aanvanklike gunsteling om die verkiesing te wen. Stuart het egter teen alle verwagtinge - volgens Wollheim deur middel van grootskaalse omkopery en 'n smeerveldtog - die oorwinning behaal.[19]

Die oorwinnings van Kahn en Stuart het beteken dat daar geen samewerking tussen die naturelleverteenwoordigers in die Volksraad, soos met Hemming of Molteno, sou wees nie. Alhoewel Kahn en Ballinger goed oor die weg gekom het, het sy kommunistiese affiliasie enige samewerking bemoeilik. Daarteenoor was Ballinger se persoonlike afkeer van Stuart so sterk dat dit enige samewerking onmoontlik gemaak het. Ballinger se minagting vir Stuart blyk duidelik uit haar bynaam vir hom - "Mountebank" (kwaksalwer, grootprater, bedrieër).[20] Aansluitend daarby was daar weinig oor van Stuart se vroeë liberalisme en was sy toenemende konserwatisme 'n verleentheid vir Ballinger. Op sy beurt het Stuart ook geweier om met Ballinger saam te werk.[21]

Buiten die gebrekkige samewerking het die nuwe span, in teenstelling met die een vóór 1948, ook gereeld in die openbaar gebots. Reeds tydens die aanvangsdag van hul eerste sitting is die verdeling en spanning onder die naturelleverteenwoordigers beklemtoon. Stuart het eenvoudig geweier om Kahn, weens sy kommunistiese affiliasie, saam met Ballinger as 'n nuutverkose lid in die Volksraad in te begelei.[22] (Volgens parlementêre tradisie moet 'n nuwe lid deur twee lede vir sy beëdiging die Volksraad in be-

------------------------

18 UW/Ballinger, B2.10.1: M. Ballinger aan lt-kol. C.C. Stubbs, 17 Julie 1948.

19 Korrespondensie met O.D. Wollheim, 14 Augustus 1986.

20 Telefoniese onderhoud met O.D. Wollheim, 2 Augustus 1986.

21 Onderhoud met W. Stanford, 17 Desember 1986.

22 M. Kentridge: I recall, p. 349; M. Ballinger: From union to apartheid, p. 388.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gelei word.) In teenstelling met Ballinger en Kahn, het Stuart ook die Wet op die Verbod op Kommunisme in 1950 gesteun.[23] Verhoudinge tussen Kahn en Stuart was later só gestrem dat hulle mekaar selfs in die Volksraad aangepak het.[24] In werklikheid was verhoudinge só gespanne dat nie een van die drie naturelleverteenwoordigers bereid was om 'n parlementêre bank met 'n kollega te deel nie.[25] Buiten hierdie verdeeldheid het die ontseteling van Kahn (1952) en sy opvolgers, Brian Bunting (1953) en Ray Alexander (1954) kragtens die Wet op die Verbod op Kommunisme ook enige effektiewe samewerking bemoeilik.[26]

Die gevolg van hierdie verdeeldheid en vinnige verwisseling van naturelleverteenwoordigers was dat Ballinger geïsoleerd en eensaam in die Volksraad was. Hierdie gevoel van isolasie is deur die verwisseling van die naturelleverteenwoordigers in die Senaat vererger. Die afsterwe van haar vriend, C.H. Malcomess, in 1950, was veral 'n terugslag, terwyl sy opvolger, H. Parker, 'n totale mislukking as 'n Senator was.[27] 'n Verdere terugslag was Brookes se uittrede in 1952 weens gesondheidsredes. Sy plaasvervanger, C. Cowley, was weer só konserwatief dat hy die pogings van die NP om die kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslys te verwyder, gesteun het.[28] As Senator was William ook nie veel van 'n hulp vir Margaret nie, maar eerder 'n bron van verleentheid.[29] William was 'n sukkelaar wat in die Senaat

------------------------

23 House of Assembly debates, 15 Junie 1950, kol. 9059.

24 Rand Daily Mail, 3 Februarie 1950, (Sharp battles in Parliament).

25 Die Burger, 22 Januarie 1949, (Eerste sensasie van sitting).

26 M. Ballinger: From union to apartheid, pp. 394-395.

27 Korrespondensie met oud-senator L. Rubin, 15 September 1988.

28 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 305.

29 Onderhoude met dr. P. Lewsen, 1 September 1986; prof. G.D.L. Schreiner, 12 Mei 1989.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



W.H. Stuart

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

geen indruk kon maak nie.[30] Die NP-Senatore het byvoorbeeld spottend na hom as AWBOB - almal weet behalwe ou Bill (sy bynaam) - verwys.[31]

William het 'n oorlas vir Margaret geword aangesien hy toenemend van haar afhanklik was. Die wiel het nou ten volle gedraai. Waar Margaret se oorwinning in 1937 deur William se bekendheid aangemoedig is, was sy verkiesing in 1948 daaraan te danke dat hy Margaret Ballinger se man was. Dit is iets waaroor William hom, na bewering, ná Margaret se verkiesing in 1937 soos volg uitgelaat het:

> "Exit William Ballinger, enter Mrs Ballinger's husband."[32]

Margaret se politieke reputasie kon William egter nie altyd red nie. In 1954 het die bekende liberaal Patrick Duncan byvoorbeeld besluit om William in die 1954-naturelleverkiesing te opponeer.[33] Duncan het sy kandidatuur soos volg gemotiveer:

> "... Ballinger's 'five years' resistance to apartheid did not add up to more than a tickey-worth."[34]

Tot William se groot verligting moes Duncan hom egter weens gesondheidsredes aan die verkiesing onttrek. William se lae aansien as 'n naturelleverteenwoordiger is egter bevestig toe hy die enigste verteenwoordiger was wat in 1954 deur 'n NP-kandidaat geopponeer is. Die NP-kandidaat het ook besonder goed ge-

------------------------

30 Onderhoude met V. Raw, voormalige senator en LV, 4 Augustus 1987; W.C. du Plessis, voormalige LV, 4 Desember 1986; M.C. Botha, voormalige LV, 4 Desember 1986; Korrespondensie met L. Rubin, 15 September 1988.

31 Onderhoud met B. Curran, voormalige LPR, Oos-Kaap, 18 Desember 1986.

32 Telefoniese onderhoud met prof. G.D.L. Schreiner, 12 Mei 1989.

33 T. Lodge: Patric Duncan and radical liberalism, (Centre for African studies, Africa Seminar: Collected Papers, Universiteit van Kaapstad, vol. 1/1978), pp. 112-113.

34 C.J. Driver: Patrick Duncan. South African and Pan-African, p. 105.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vaar, wat water op die party se meul in sy stryd teen die naturelleverteenwoordigers was.[35] Die belangrikste gevolg van hierdie verkiesing was egter die permanente verwydering tussen Margaret en Duncan, wat enige toekomstige samewerking sou verhoed.[36] William se afhanklikheid tesame met sy voortdurende twiste met haar vriende het ook tot gevolg gehad dat Margaret toenemend met hom geïrriteerd geraak het. Sy het hom byvoorbeeld gereeld in die openbaar skerp tereggewys of neerhalende opmerkings oor hom gemaak.[37] Hierdie spanning in haar huwelik het daartoe bygedra om haar laaste jare in die Volksraad ongelukkig te maak.

Die gevolg van die verdeeldheid en politieke onbekwaamheid van sommige van die naturelleverteenwoordigers was dat Ballinger geen effektiewe ondersteuning in haar stryd teen apartheid gehad het nie. Daar was byvoorbeeld niemand wat haar kon help om die vloed van apartheidswetgewing vir debatvoering te ontleed nie. Molteno het haar steeds probeer help en hulle het mekaar gereeld by Kelvin Grove-klub ontmoet om politieke aangeleenthede te bespreek.[38] Dit kon egter nie vir die gebrekkige ondersteuning in die parlement vergoed nie. Hierdie situasie het heelwat daartoe bygedra om Ballinger se tydperk in die parlement ná 1948 nog moeiliker te maak.

Dit was eers ná die 1954-naturelleverkiesing, wat 'n nuwe span tot gevolg gehad het, dat daar enige sprake van samewerking onder die naturelleverteenwoordigers was. In die Transkei het Walter Stanford vir Stuart verslaan. Stanford, 'n advokaat, was

-----------------------

35 Die uitslag was soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| W. Ballinger | - | 593 902 |
| R.G.P. Pretorius (NP) | - | 386 068 |

36 Vir die Ballingers se afkeer van Duncan, kan die korrespondensie in UW/Ballinger, B2.8.6 geraadpleeg word.

37 Telefoniese onderhoude met prof. G.D.L. Schreiner, 12 Mei 1989; Attie de Villiers, 2 Februarie 1989; Korrespondensie met O.D. Wollheim, 14 Augustus 1986.

38 Onderhoud van D. Scher met mev. M. Molteno, 16 Februarie 1976.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n protégé van Ballinger wat Molteno se plek gevul het. Alhoewel nie so briljant soos Molteno nie, was hy 'n bo-gemiddelde LV wat 'n bron van krag vir Ballinger was.[39] Die nuwe verteenwoordiger vir die Wes-Kaap was L.B. Lee-Warden, vise-president van die Congress of Democrats (COD), 'n ver-linkse blanke organisasie wat 'n plaasvervanger vir die verbode KPSA was. Lee-Warden was radikaler as sy twee kollegas, maar nie 'n kommunis nie, wat beteken het dat hy nie ontsetel kon word soos sy voorgangers nie. As 'n politikus is hy deur Ballinger en Stanford oorskadu, maar sy saggeaarde en aangename persoonlikheid het, soos in die geval van Hemming, daarvoor gekompenseer.[40]

Hierdie nuwe span het, net soos die trio vóór 1948, 'n hegte eenheid gevorm wat beteken het dat hulle mekaar deurentyd ondersteun het.[41] In die Senaat is die naturelleverteenwoordigers ook deur die verkiesing van Leslie Rubin as Senator in die Kaapprovinsie versterk. Rubin het hom vinnig as 'n uitstaande parlementariër onderskei[42] en nóú met Ballinger in die Oos-Kaap ten opsigte van hul kiesers se belange saamgewerk.[43]

Hierdie steun van Stanford, Lee-Warden, Rubin en selfs William, wat ten spyte van sy tekortkominge altyd lojaal aan Margaret was, kan nie oorskat word nie. In die moderne Parlement is daar net nie plek vir 'n onafhanklike nie, met die gevolg dat so 'n parlementslid dit moeilik vind om sy kiesers te verteenwoordig. Enige parlementslid, ongeag sy bekwaamheid, benodig die steun van ander parlementslede as hy effektief wil wees. Dit het veral

------------------------

39 Korrespondensie met sir De Villiers Graaff, 29 Augustus 1986; Onderhoud met Z. de Beer, 22 September 1986.

40 Onderhoud met W. Stanford, 17 Desember 1986; Korrespondensie met G. Hughes, 19 Oktober 1987; Telefoniese onderhoud met J.A. Marais, voormalige LV, 32 Julie 1986.

41 Onderhoud met L.B. Lee-Warden, 15 Desember 1986.

42 Onderhoud met V. Raw, 4 Augustus 1987.

43 Korrespondensie met L. Rubin, 15 September 1988.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



W. Stanford, M. Ballinger, L. Lee-Warden, 1960
(V.M.L. Ballinger-versameling, Universiteit van Kaapstad)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vir Ballinger gegeld, wat weinig steun van die groter parlementêre partye te wagte kon wees.

**Kampvegter teen apartheid**

Net soos in die jare vóór 1948 het Ballinger haar in die apartheidsera in terme van haar Fabianisme onvermoeid aan die evolusionêre totstandbrenging van 'n veelrassige demokratiese Suid-Afrika gewy, waarin alle Suid-Afrikaners ongeag hul ras of kleur gelyk voor die reg sou wees, asook gelyke geleenthede sou geniet. Met al sy gebreke het die naturelleverteenwoordigingstelsel stees 'n platform aan Ballinger verskaf om haar demokratiese ideale na te streef.

Haar parlementêre taktiek onder 'n NP-bewind het wel verander. Sy het besef dat daar met die NP aan bewind nie die vaagste hoop was om Suid-Afrika se rassebeleid in 'n meer liberale rigting te stuur nie. Die gevolg hiervan was 'n aggressiewer benadering in haar opposisie teen apartheid, wat sy as die

> "... major tragedy of our history in this twentieth century"

beskryf het.[44] Hier kan byvoorbeeld na haar voortdurende aanvalle op apartheid as 'n valse filosofie vir uitbuiting en blanke baasskap verwys word.[45] Volgens haar kommunistiese kollega, Brian Bunting, het Ballinger egter steeds te veel vertroue in die invloed van logika op die NP gehad.[46] Dit blyk duidelik uit haar onsuksesvolle poging om die gedwonge verskuiwing van die sogenaamde "swart kolle" - Sophiatown, Martindale en Newclare - te voorkom. In reaksie teen die NP se motivering dat hulle krotbuurte was, het sy aangevoer dat 'n area soos Sophia-

-----------------------

44 Rand Daily Mail, 3 Junie 1959, (That was a very bitter speech, Mrs Ballinger); M. Ballinger: From union to apartheid, p. 14.

45 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 315; The Star, 20 Februarie 1953, (Apartheid policy dishonest, says Mrs Ballinger).

46 Telefoniese onderhoud met Brian Bunting, 15 Februarie 1989.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

town die gevolg van verstedeliking was, wat kenmerkend van enige ontwikkelende gebied is. Hierdie woonbuurte moes dus as 'n sosio-ekonomiese en nie as 'n naturelleprobleem benader word nie.[47] Ballinger het besef dat haar steeds gematigde en beredeneerde benadering feitlik geen kans op sukses gehad het nie, maar sy het altyd bly hoop dat sy daardeur die blanke se vooroordeel en onverdraagsaamheid teenoor swartes kon verander. Sy het ook steeds op die eiebelang van die blanke gesinspeel in haar pogings om Suid-Afrika se rassebeleid te ondermyn deur daarop te wys dat apartheid die blanke geen sekuriteit gebied het nie, maar eerder sy ondergang sou beteken.[48] Gedwonge segregasie, soos deur die <u>Wet op Groepsgebiede</u> en die <u>Wet op Aparte Geriewe</u> beoog, het volgens haar nooit rasseharmonie tot gevolg nie, maar slegs spanning en haat.[49] Verder het sy die blankes se aandag daarop probeer vestig dat algehele rasseskeiding sedert Jan van Riebeeck se pogings om dit deur middel van 'n laning wilde amandelbome te bewerkstellig, deurentyd gefaal het, en dat apartheid ook sou misluk.[50] Aansluitend daarby het Ballinger ook daarop gewys dat apartheid in kontradiksie met die Westerse beskawing was, wat die NP na bewering deur hierdie filosofie wou beskerm.[51] Volgens Ballinger was die Westerse beskawing op waardes en nie op die pigmentasie van 'n persoon se vel gebaseer nie.[52] Haar benadering was ook steeds ekonomies van aard. Om die strenger toepassing van die kleurslagboom in die ekonomie te verhoed, het sy soos voorheen haar mede-LV's probeer oortuig dat die blanke se voortbestaan slegs deur die betrekking van die

------------------------

47 House of Assembly debates, 24 Maart 1954, kol. 2644-2662.

48 <u>The Star</u>, 10 Julie 1958, (Native representatives say that Nats policy is a danger to whites); House of Assembly debates, 2 Junie 1959, kol. 7102; 31 Januarie 1949, kol. 307.

49 House of Assembly debates, 31 Mei 1950, kol. 774-7745; 24 Augustus 1953, kol. 2153.

50 <u>Ibid</u>., 31 Januarie 1949, kol. 307.

51 <u>Ibid</u>., 31 Januarie 1949, kol. 307.

52 UW/Ballinger, B1.5.1: M. Ballinger: The dilemma, ('n Dyason-lesing).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

swarte by die ekonomie gehandhaaf kon word.[53] Profeties het Ballinger byvoorbeeld daarop gewys dat totale segregasie deur middel van onafhanklike Bantoestans onmoontlik was met 'n gemeenskaplike ekonomie.[54] 'n Verdere taktiek van haar om die blanke te oortuig om apartheid te verwerp, was haar sinspeling op die moontlike isolasie van Suid-Afrika in die buiteland weens die beleid.[55]

Ballinger het ook steeds gepoog om aan die besprekings van alle wetsontwerpe deel te neem. Dit het beteken dat sy byvoorbeeld aanbevelings geïgnoreer het dat sy die derde lesings van die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers (1956)[56] en die Wet op die Uitbreiding van Universiteitsopleiding (1959)[57] wat sy ten sterkste geopponeer het, moes boikot. (Eersgenoemde het die kleurlinge op 'n afsonderlike kieserslys geplaas.) Ballinger het enige boikotaksie kragtens haar filosofie om van alle geleenthede, hoe beperk ook al, gebruik te maak, ten sterkste geopponeer.

> "Personally, I am not very keen on 'walk-outs'. It is too easy - and leaves the field to the enemy."[58]

Die gevolg van hierdie benadering was dat sy deurentyd onder dié lede was wat die meeste toesprake per sitting gelewer het.

------------------------

53 House of Assembly debates, 1 Junie 1954, kol. 5954-5955.

54 House of Assembly debates, 3 Februarie 1960, kol. 860.

55 Ibid., 31 Mei 1950, kol. 7752; 23 April 1959, kol. 4504.

56 UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 3): P. Brown aan M. Ballinger, 25 Februarie 1956.

57 Ibid., B2.11 (Lêer 4): P. Brown aan M. Ballinger, 16 April 1959.

58 M. Ballinger, B2.11 (Lêer 4): M. Ballinger aan P. Brown, 21 April 1959.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dit was ook steeds Ballinger se benadering om van alle geleenthede, selfs van apartheidsinstellings, gebruik te maak in haar stryd om die posisie van haar kiesers te verbeter. So het sy nie die derde lesing van die 1959-wetsontwerp wat vir 'n Bantoebeleggingskorporasie voorsiening gemaak het, geopponeer nie. Alhoewel die wetsontwerp talle gebreke gehad het en aan Verwoerd se beleid van afsonderlike ontwikkeling in die reservate gekoppel was, het dit tóg vir die ekonomiese ontwikkeling van die reservate voorsiening gemaak. Dus sou die afgeskeepte swartes in die reservate wél daarby baat.[59] Nieteenstaande die feit dat sy die lae gehalte van die swart onderwys kragtens die Wet op Bantoe-Onderwys veroordeel het,[60] het sy ook swartes aangeraai om daarvan gebruik te maak:

> "... whatever schools they get, they should use them to the best of their ability ..."[61]

Dieselfde beginsel het ook vir apartheidsowerhede gegeld:

> "Whatever machinery the Government is prepared to give you a share in, use it, because experience is the very essence of progress; you may not like the machinery, but you must get experience of government in whatever sphere it may be offered to you."[62]

'n Wesenlike verskil ten opsigte van haar parlementêre taktiek ná 1948 was dat Ballinger weens haar groot werklas, die aanvanklike gebrek aan ondersteuning in die Parlement, asook weens die vloed van apartheidswetgewing nie meer private mosies ingedien het nie. Sy het wél deurentyd gepoog om amendamente op wetsontwerpe in te dien. Hierdie amendamente is natuurlik nooit aanvaar nie, maar het tog as 'n platform vir haar argumente teen apartheid gedien.

------------------------

59 House of Assembly debates, 23 Maart 1959, kol. 2977.

60 House of Assembly debates, 17 September 1953, kol. 3618-3626.

61 House of Assembly debates, 17 April, 1956, kol. 3753.

62 House of Assembly debates, 17 April 1956, kol. 3754.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Haar oplossing vir Suid-Afrika se rassevraagstuk was steeds 'n politieke bestel gebaseer op die beginsel van 'n gekwalifiseerde stemreg vir alle Suid-Afrikaners met 'n gemeenskaplike kieserslys. Gepaardgaande daarmee moes die skoolopvoeding van die swarte verbeter word sodat hulle as kiesers kon kwalifiseer.[63] Apartheid kon volgens haar nooit slaag nie omdat swartes net een doelstelling gehad het, naamlik politieke emansipasie om seggenskap in die maak van wette te verkry.[64]

Ballinger het teen 1960 egter besef dat die beginsel van 'n gekwalifiseerde stemreg nie die enigste oplossing vir Suid-Afrika se probleme was nie.[65] In die dertiger- en veertigerjare het swart leiers die beginsel van gekwalifiseerde stemreg aanvaar, maar dit was vir die meer militante swartes in die vyftigerjare, wat op onmiddellike gelyke politieke regte aangedring het, totaal onaanvaarbaar. In haar bydrae tot die boek <u>South Africa, The Road Ahead</u>, (1960) het sy nie eers gekwalifiseerde stemreg genoem nie. Volgens Ballinger kon 'n ramp in S.A. teen 1960 slegs deur twee stappe voorkom word. Dit was naamlik, eerstens, om te bepaal wat die swartes werklik wou hê, en dit kon slegs deur samesprekinge met verkose swart leiers in 'n verteenwoordigende liggaam bepaal word. Aansluitend daarby moes die lewenstandaard van die swartmense verhoog word.[66] Ballinger se gebrek aan 'n positiewe strategie vir verandering in 1960 moet ook daaraan toegeskryf word dat sy meer 'n "parlementêre aktivis" was, wat die swarte se posisie wou verbeter en die blanke se bevooroordeelde persepsie ten opsigte van rasseaangeleenthede wou verander, as 'n teoretikus oor die oplossing van Suid-Afrika se rasseprobleme.

Ballinger het dus teen 1960 geen strategie vir die ontwikkeling van Suid-Afrika tot 'n demokrasie aangebied nie en haar parlemen-

------------------------

63 House of Assembly debates, 22 Februarie 1955, kol. 1537- 1538.

64 <u>Ibid</u>., kol. 1534.

65 M. Ballinger: <u>From union to apartheid</u>, p. 398.

66 M. Ballinger: As I see it, (<u>The Forum</u>, Junie 1960).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

têre optrede was toenemend slegs dié van 'n outomatiese liberale teenreaksie teen die onderskeie apartheidswette. Sy het naamlik daarop gewys dat hierdie tipe wetgewing die regte van die individu ondermyn. Soos reeds gemeld, was dit steeds haar taktiek om op die blanke se eiebelang te sinspeel in 'n poging om apartheid te opponeer. Sy het dus die blankes daarop gewys dat hulle nie die ondermyning van swart regte goedsmoeds moes aanvaar nie, aangesien dit die uiteindelike ondermyning van die blanke se regte tot gevolg sou hê. Hieroor het sy haar soos volg uitgelaat:

> "... it is impossible to invade the liberty of one section of the population without seriously undermining the liberty of the other section."[67]

Hierdie taktiek het duidelik geblyk uit Ballinger se opposisie teen die poging van die NP om swart studente toegang tot blanke universiteite te verbied.

> "Every thinking person amongst the European population is opposed to this measure, for at last they are beginning to realize, with these attacks on the highest institutions of the country - first the church and now the universities - what apartheid as visualized by the Nationalist Government really means. It means the undermining of everybody's freedom."[68]

Vir haar was dit 'n gevaarlike ondermyning van die individu se persoonlike vryheid dat die regering kan besluit met wie 'n persoon mag trou (Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, 1949) en met wie hy/sy seksuele omgang mag hê (Ontugwysigingswet, 1950). Sy het hierdie wette ten sterkste geopponeer omdat die huwelik 'n bepaalde heiligheid het wat nie deur wetgewing aangetas behoort te word nie, terwyl sy die Ontugwysigingswet as 'n veragtelike en dwase maatreël verwerp het wat slegs rassehaat kan aan-

------------------------

67 House of Assembly debates, 21 Maart 1957, kol. 3265-3266.

68 J. Robertson: Liberalism in South Africa 1948-1963, p. 137.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

blaas.[69] Verder het sy ook die NP se argument dat laasgenoemde wet vir die bekamping van onsedelikheid nodig was, met minagting verwerp. Hoe kon die regering hom teen onsedelikheid uitspreek, terwyl trekarbeid gesinsverbrokkeling en prostitusie tot gevolg gehad het, het sy gevra. Apartheid op sigself was dus immoreel.[70] Net so het die Wet op Groepsgebiede, wat kon bepaal waar 'n persoon mag woon en handel dryf, 'n basiese mensereg en vryheid ondermyn.[71] Verder was sy ook teen die Bevolkingsregistrasiewet gekant omdat dit op 'n rassebasis berus het.[72] Die Wet op die Uitbreiding van Universiteitsopleiding was ook onaanvaarbaar omdat dit die individu sy reg ontneem het om by die universiteit van sy eie keuse te registreer.[73] Verder het sy die Wet op Naturelle-Arbeid (Beslegting van Geskille) met sy latere wysigings geopponeer omdat dit die swarte die reg ontneem het om te staak.[74]

Haar besorgdheid oor die regte van die individu was ook 'n belangrike rasionaal vir haar opposisie teen die NP se sekuriteitswetgewing. As 'n vurige anti-kommunis het sy byvoorbeeld die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme (1950) en sy latere wysiging hand en tand beveg. Wat vir haar veral ontstellend was oor hierdie wetgewing, was dat 'n kommunis nieteenstaande die feit dat hy demokraties as 'n parlementslid verkies is, byvoorbeeld Kahn, weens sy ideologie ontsetel kon word. Vir haar was dit 'n aanval op die parlementêre demokrasie.[75] Dit was vir Ballinger veral onaanvaarbaar omdat dit die kiesers hul demokratiese reg ontneem het om te stem vir wie hulle wou, en die verbanning van The Guardian, 'n kommunisties-gesinde koerant en sy opvolgers, moont-

-----------------------

69 D. Joubert: Met iemand van 'n ander kleur, pp. 64, 73.

70 House of Assembly debates, 1 Maart 1950, kol. 2203.

71 Ibid., 31 Mei 1950, kol. 7744.

72 Ibid., 16 Mei 1950, kol. 6616.

73 M. Ballinger: From union to apartheid, pp. 350-354.

74 House of Assembly debates, 30 Mei 1955, kol. 6732.

75 House of Assembly debates, 14 Junie 1950, kol. 8992, 8995, 9416, 9507.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

lik gemaak het.[76] Ballinger het hierdie Wet met sy latere aanpassings ook as 'n poging van die NP geïnterpreteer om diegene teë te werk wat hulle vir 'n veelrassige Suid-Afrika beywer het.[77] Hierdie voorspelling is bewaarheid toe talle liberale wat vurige anti-kommuniste was kragtens hierdie wetgewing ingeperk is. Dit het ook vir haar kollega, Lee-Warden, gegeld wat kragtens die Wet in 1954 verbied is om twee jaar lank enige vergadering in sy eie kieskring by te woon.[78]

Ballinger was ook die enigste LV wat van 1948 tot 1960 alle veiligheidswetgewing ongekwalifiseerd geopponeer het. Vir haar was wetgewing soos die <u>Wet op Openbare Veiligheid</u>, onaanvaarbaar omdat dit die oppergesag van die reg en die vryheid van die individu ondermyn het. Ballinger het dit as skokkend ervaar dat 'n persoon sonder verhoor ingeperk of aangehou kan word.[79] Sy het alles in haar vermoë gedoen om sulke aangehoudenes tydens die noodtoestand van 1960 van hulp te wees.[80] Wat haar veral ontstel het, was dat die Liberale Party (LP) en die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente se pos onregmatig oopgemaak is.[81] In haar oë het Suid-Afrika toenemend 'n polisiestaat geword.[82] Weer eens het sy in haar opposisie teen hierdie tipe wetgewing op die blanke se eiebelang gesinspeel deur te waarsku dat sekuriteitswetgewing nie slegs vir die swarte of anti-apartheidsaktiviste gegeld het nie, maar vir alle

-----------------------

76 <u>Ibid</u>., 27 September 1953, kol. 4220; M. Ballinger: <u>From union to apartheid</u>, p. 395; C.F.J. Muller (red.): <u>Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis</u>, p. 505.

77 House of Assembly debates, 14 Junie 1950, kol. 8995.

78 Amptelike verbanningsbevel in Lee-Warden se besit.

79 House of Assembly debates, 18 Mei 1960, kol. 8027.

80 UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 8): LP aan M. Ballinger, 11 Augustus 1960; B2.16.1 (Lêer 4): M. Ballinger aan mev. Z.K. Matthews.

81 House of Assembly debates, 1 Mei 1956, kol. 4679; A. Paton: <u>Journey continued</u>, p. 75.

82 <u>The Cape Times</u>, 8 Mei 1950, (Anti-red bill reaction); House of Assembly debates, 18 Mei 1960, kol. 8028.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Suid-Afrikaners. Na aanleiding van 'n verbod in 1955 op vergaderings aan die Witwatersrand het sy haar soos volg hieroor uitgelaat:

> "... perhaps the Europeans will begin to realise the extent to which their liberties are tied up with the liberties of the African people."[83]

Hierdie toename van staatsgesag ten koste van die individu se regte het in 1960 'n hoogtepunt bereik met die afkondiging van 'n noodtoestand en die verbanning van die ANC en die Pan Africanist Congress (PAC) kragtens die Wet op Onwettige Organisasies. Ballinger het hierdie maatreël in die wetsontwerpstadium ten sterkste geopponeer en sy was een van slegs 16 lede wat daarteen gestem het.[84] Die boodskap wat Ballinger in haar opposisie teen hierdie tipe wetgewing wou oordra, was dat dit geen oplossing vir Suid-Afrika se probleme gebied het nie. Al wat dit gedoen het, was om verset aan te moedig, aangesien geen kanale vir vreedsame protes oopgelaat is nie.[85] Die enigste oplossing was in die verwydering van die oorsake van swart onrus geleë, naamlik die beleid van apartheid.[86]

Wat Ballinger ook tot intense opposisie teen die NP aangemoedig het, was die party se aftakeling van die enkele toegewings wat die VP teenoor die swartes gemaak het. Die begroting vir swart skoolvoeding is byvoorbeeld ingekort,[87] terwyl toelaes vir die hoë lewenskoste aan swart arbeiders in die staatsdiens deur die NP opgeskort is.[88]

-----------------------

83 House of Assembly debates, 9 Februarie 1955, kol. 874.

84 Ibid., 30 Maart 1960, kol. 4370, 4607.

85 Ibid., 10 Februarie 1950, kol. 393.

86 Ibid., 18 Mei 1960, kol. 8025; 16 Februarie 1953, kol. 1047, 1049.

87 The Star, 5 April 1949, (Opposition fight for voteless natives 2.D. school meal); B.M. Schoeman: Van Malan tot Verwoerd, p. 43.

88 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 114.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tot Ballinger se ontsteltenis is selfs die Wet op Verpleging aangepas om 'n kleurslagboom in verpleging daar te stel.[89] In die staatsdiens is swartes ten gunste van blankes afgedank, terwyl die regte van swartes toenemend beperk is en die skeiding van alle rasse ten sterkste op alle vlakke toegepas is.[90] Ná elke sitting het Suid-Afrika verder en verder van Ballinger se ideaal van 'n veelrassige demokrasie met vrywillige assosiasie of segregasie tussen die verskillende groepe beweeg. Gepaard daarmee het die rassespanning in Suid-Afrika verhoog. Die ontstellendste aspek van apartheid was egter die klem op antropologie as die basis van hierdie beleid. Ballinger en Macmillan se waarskuwing van die twintigerjare en vroeë dertigerjare dat die klem op antropologie slegs as ammunisie vir segregasioniste sou dien, is dus bewaarheid. Verwoerd en Eiselen is wél deur antropoloë beïnvloed. Eiselen was 'n sterk aanhanger van die antropoloog B. Malinowski se Funksionele skool wat sterk gepleit het vir die praktiese toepassing van antropologiese kennis in die daaglikse administrasie van die swartes.[91] Malinowski se twee lesings in Suid-Afrika in 1934 het ook neerslag gevind in die Wet op Bantoe-Onderwys. Volgens Malinowski moes swart onderwys nie valse verwagtinge skep nie, maar die swarte in harmonie met sy eie groep bring, wat die wet dan ook beoog het.[92]

Hierdie antropologiese fondament van apartheid was volgens Ballinger gevaarlik omdat daar te veel klem op die tradisionele kultuur van die swarte in 'n veranderde samelewing gelê is.[93] Haar vrees is bewaarheid toe die NP van sy wetgewing, ongeag die

-----------------------

89 The Cape Argus, 1 April 1950, (Last day debate on nurses).

90 M. Ballinger: From union to apartheid, pp. 311-315.

91 W. v/d Merwe: Die Berlynse Sending en "Apartheid" in Suid-Afrika, (Historia, vol. 32, no. 1, 1987), p. 15.

92 H. Macmillan: 'Paralyzed conservatives'. W.M. Macmillan, the social scientist, and 'the common society', 1923-48, pp. 11-14.

93 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 95.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

feit dat talle swartes verwesters was, op die tradisionele kultuur van die swarte toegepas het. Hier dien die Wet op Bantoe-Owerhede (1951) as 'n goeie voorbeeld wat volgens Ballinger gevaarlik en onrealisties was en nie in 'n moderne, industriële Suid-Afrika kon deug nie.[94] Verwestering het so sterk posgevat dat die swarte se tradisionele kultuur nie meer gered kon word nie.[95] Macmillan het reeds in 1930 bevind dat die stamstelsel só verbrokkel het dat dit nie meer opgeknap kon word nie.[96] Verder was die Wet op Bantoe-Owerhede volgens haar nie 'n restourasie van die tradisionele gesag nie, maar slegs 'n rookskerm vir strenger staatsbeheer oor die swartes. Tereg het sy daarop gewys dat die wet aangewend is om van hoofmanne ontslae te raak indien hulle apartheid sou opponeer en hulle met meer gedienstige persone te vervang.[97] 'n Verdere beswaar van Ballinger teen Verwoerd se afsonderlike ontwikkeling was dat die wortel van selfbestuur in "eie gebiede" nie die swarte se politieke verwagtinge sou bevredig nie. Terwyl die res van Afrika se swart inwoners in die rigting van selfregering of onafhanklikheid beweeg het, sou Suid-Afrika se swart inwoners, van die hoogs geskoolde en ontwikkelde swartes op die kontinent, nie met "... idle, silly nonsense ..." van selfbestuur in hul eie gebiede as hulle daarvoor reg is, tevrede wees nie.[98] Vir haar was die Wet op Bantoe-owerhede dus slegs 'n grootskaalse bedrogspul om van swart demokraties verkose instellings soos die Bunga's ontslae te raak en dit met staatsbeheerde owerhede te vervang.[99]

-----------------------

94 House of Assembly debates, 18 Junie 1951, kol. 9876; 21 Junie 1951, kol. 10260.

95 Ibid., 27 Mei 1957, kol 6806.

96 H. Macmillan: 'Paralyzed conservatives'. W.M. Macmillan, the social scientists, and the 'common society', 1923-1948, p. 9.

97 House of Assembly debates, 9 Julie 1958, kol. 70; Charles Hooper se Brief authority kan byvoorbeeld geraadpleeg word oor hoe van gedienstige hoofmanne gebruik gemaak is om die paswet in die Marico toegepas te kry.

98 House of Assembly debates, 9 Julie 1958, kol. 70.

99 Ibid., 9 Julie 1958, kol. 69-70; 18 Mei 1951, kol. 9880-9881.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Al was die NP se beleid van afsonderlike ontwikkeling opreg, kon dit steeds nie slaag nie. Reeds in die vroeë dertigerjare het Ballinger met haar besoeke aan die Britse protektorate die stelsel van "indirect rule" deur middel van tradisionele swart leiers as ondoeltreffend en reaksionêr veroordeel. Volgens haar was die tradisionele hoofmanskap 'n "... doomed institution ..." wat, namate verwestering onder die swartes plaasvind, vervang moes word. Verder was die klem op tradisionalisme 'n stremming op ontwikkeling en vooruitgang in die swart gebiede.[100] As dit vir die onderontwikkelde protektorate in die dertigerjare gegeld het, was dit so veel te meer ontoepaslik in 'n geïndustrialiseerde Suid-Afrika in die vyftigerjare.

Tot haar frustrasie was haar teenkanting onsuksesvol en het die antropologiese benadering sy hoogtepunt met die Wet op die Bevordering van Bantoe-Selfbestuur in 1959 bereik. Vir Ballinger was hierdie wetsontwerp 'n traumatiese ondervinding. Dit was nie net weens die feit dat dit die effektiewe einde van haar parlementêre loopbaan sou beteken omdat die stelsel van naturelleverteenwoordiging afgeskaf is nie, maar omdat sy die wetsontwerp as oneerlik en regressief beskou het en nie as ware selfregering vir die swartes nie. Sy het dit byvoorbeeld as absurd verwerp dat die gefragmenteerde reservate as 'n nasionale tuiste vir die swarte kon dien. Vir Ballinger was dié Wet eerder die hoogtepunt van die NP se veldtog om alle swart regte te vernietig deur die swarte sy beperkte parlementêre verteenwoordiging en burgerskapsregte te ontneem. Aansluitend daarby het sy gevoel dat die Wet slegs 'n poging was om weens hul opposisie teen apartheid, ontslae te raak van die naturelleverteenwoordigers.[101] Die Wet op die Bevordering van Bantoe-Selfbestuur was dus die finale verwer-

-----------------------

100 M.L. Hodgson en W.G. Ballinger: Indirect rule in Southern Africa, (no. 1) Basutoland, pp. 16-17, 25-26.

101 The Star, 20 Mei 1959, (Citizen rights for all, Mrs Ballinger urges); The Cape Argus, 20 Mei 1959, (Bill is destruction of bantu rights, says Mrs Ballinger); M. Ballinger: Natives representatives to go. Another disastrous step back, (The Forum, Mei 1959).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ping van Ballinger se pogings om blanke Suid-Afrikaners te oortuig dat Suid-Afrika 'n eenheidstaat was waar blank en swart afhanklik van mekaar is.

Die vloed van apartheidswetgewing het tot gevolg gehad dat Ballinger se pogings om die sosio-ekonomiese posisie van die swarte te verbeter nie soveel aandag geniet het nie. Tóg het sy deurentyd gepoog om ongeskiktheidstoelaes en pensioene vir swartes verhoog te kry.[102] Sy het ook steeds gepoog om as bemiddelaar tussen die regering en individuele swartes op te tree, maar met die NP aan bewind, was die kanse op sukses uiters skraal.

Haar posisie as 'n onvermoeide teenstander van apartheid het Ballinger gereeld in konflik met dr. H.F. Verwoerd, Minister van Naturellesake en latere Premier, as een van die hoofargitekte van apartheid gebring. Verwoerd was 'n intellektuele reus wat bo sy mede-parlementslede uitgestyg het. Hy het 'n amper hipnotiserende oorredingsvermoë op die blankes uitgeoefen met sy oortuiging dat apartheid 'n oplossing vir Suid-Afrika se probleme sou wees. Selfs vurige liberale soos Leslie Rubin en Helen Suzman moes hulself dwing om te onthou dat apartheid onuitvoerbaar was terwyl hulle na Verwoerd geluister het.[103] In Ballinger het Verwoerd egter sy intellektuele gelyke gevind. Alhoewel Ballinger erken het dat sy dit moeilik gevind het om teen Verwoerd te debatteer omdat hy volgens haar so onlogies was,[104] het sy tog daarin geslaag om sy teorieë en drome met haar feite en logika te weerlê. Hierdie gereelde botsings van Verwoerd en sy luitenante met Ballinger is jare later deur die veteraanpolitikus, Ray Swart, as "memorable" beskryf.[105] Die gevolg van hierdie botsings tussen die twee was dat hulle mekaar nie kon verdra nie.

-----------------------

102 House of Assembly debates, 22 Februarie 1949, kol. 1517- 1521; 27 Mei 1956, kol. 6254-6259.

103 A. Paton: Journey continued, p. 111; J. Strangewayes-Booth: A cricket in the thorn tree. Helen Suzman and the Progressive Party, p. 76.

104 House of Assembly debates, 24 Maart, 1959, kol. 3082.

105 Korrespondensie met R. Swart, 15 September 1986.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ballinger het toenemend daarin geslaag om Verwoerd te irriteer.[106] Vir hom was sy net nog 'n agitator wat die swartes teen apartheid opgesweep het,[107] en sy taak bemoeilik het. In werklikheid het Verwoerd net die grootste minagting vir die naturelleverteenwoordigers gehad.[108] Hierdie onverdraagsame houding blyk duidelik uit 'n brief van sy sekretaris, F. Barnard, aan William Ballinger:

> "However, the Minister realises that your type of Native representative must needs thrive on unhappiness, bad conditions and resentment, and therefore cannot be thankful when great improvements to the advantage of natives are made. Some of your facts in this brief attack are wrong. It is no wonder, therefore, that you have not, and never will achieve anything positive for those whose interest you are supposed to further. The Minister regards it as a great disadvantage to the native people of South Africa that this negative attitude and opposition to every Government measure however desirable and good for the Bantu, has apparently been chosen as the stock in trade attitude of those who see in this their only hope to be elected to remunerative positions they would not otherwise attain. The pity is that, for the advancement of European members who are so minded, the cost is so great to the native people in happiness and progress in the needs of everyday life which is so important to them."[109]

Verwoerd was, nes Ballinger, daarvoor bekend dat hy hom van persoonlike aanvalle weerhou het, maar hierdie houding het nie teenoor haar gegeld nie en sy was gereeld 'n teiken. In 1954 het Verwoerd sy humeur so met haar verloor dat hy irrasioneel geraak het. By hierdie geleentheid het hy aangevoer dat Ballinger glad nie die reg gehad het om hom enige vrae te vra nie omdat sy teen

------------------------

106 Onderhoud met J. Basson, voormalige LV, 12 Desember 1986.

107 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 385.

108 Senate debates, 12 Februarie 1958, kol. 1124-1126; 27 Januarie 1958, kol 42-54.

109 UW/Ballinger, C2.1.40: Fred Barnard aan W. Ballinger, 11 Oktober 1956.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

apartheid gekant was.[110] 'n Verdere taktiek van Verwoerd was om te maak of hy haar heeltemal ignoreer, alhoewel hy altyd moeite gedoen het om na haar te luister as sy aan die woord was.[111] Verwoerd het ook uit sy pad gegaan in 'n poging om haar te demoraliseer deur aan te voer dat sy nooit enige regeringsbeleid sou beïnvloed nie:

> "I may as well tell her now once and for all that as long as this Government is in power, it will carry out its own policy and not her policy, and if she thinks she will manage to have her plan executed by means of consultation, she is making a very big mistake."[112]

Selfs in die NP was daar volgens H. Martins, LV vir Wakkerstroom, die gevoel dat Verwoerd darem soms te kras met Ballinger was.[113]

Ballinger het weer op haar beurt geen tyd vir Verwoerd gehad nie[114] en hom beskou as 'n bose persoon[115] wat ongebalanseerd was.[116] Sy het dan ook sy beleid van apartheid as kranksinnig veroordeel:

> "... this is a lunatic policy expressed in lunatic legislation".[117]

Wat die stryd teen Verwoerd vir haar so emosioneel gemaak het, was dat dit 'n verlenging van haar en Macmillan se twis van onge-

------------------------

110 House of Assembly debates, 24 Februarie 1954, kol. 1127- 1128; The Star, 25 Februarie 1954, (Verwoerd wants no questions).

111 Onderhoud met F. Barnard, private sekretaris van dr. Verwoerd, 2 Junie 1988.

112 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 368.

113 Telefoniese onderhoud met H. Martins, 6 Augustus 1986.

114 Onderhoud met L.B. Lee-Warden, 15 Desember 1986.

115 A. Paton: Journey continued, p. 266.

116 Sunday Telegraph, 2 Oktober 1960, (A bitterly divided nation facing disaster).

117 House of Assembly debates, 21 Maart 1957, kol. 3265-3266.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

veer dertig jaar tevore met die antropologiese benadering as 'n oplossing van Suid-Afrika se probleme was. Wat dit vererger het, is dat dit nie net 'n akademiese dispuut was nie, maar in die praktyk toegepas is.

Die gevolg van hierdie vete was dat Ballinger geen hulp van die Departement van Naturellesake vir haar kiesers kon verwag nie. Hierdie houding het ook vir Ballinger se kollegas gegeld. Dit blyk duidelik uit 'n versoek van Lee-Warden om Verwoerd oor die kwessie van passe vir swart vroue te spreek. Die minister het die versoek van die hand gewys omdat passe aanvaarde regeringsbeleid was en daar volgens hom dus niks was om te bespreek nie.[118]

Hierdie onbehulpsame en antagonistiese houding het ook na die staatsamptenare deurgeslaan. Dit het veral vir die Departement Naturellesake ná Mears se uittrede as departementele sekretaris gegeld. Die onder-sekretaris, Fred Rodseth, is nie bevorder nie omdat hy as te liberaal geag is. Dr. W.W.M. Eiselen, 'n buitestaander, en 'n sterk voorstander van apartheid, is daarop as sekretaris aangestel.[119] Onder Verwoerd en Eiselen se leiding was die Departement Naturellesake die rigtingwyser van apartheid en het daartoe bygedra om die posisie van Ballinger onder haar kiesers te ondermyn (kyk p. 267). Verwoerd kon nie enige opposisie verdra nie.[120]

Verwoerd se antagonisme het uiteindelik tot die naturelleverteenwoordigers se verwydering uit die Parlement kragtens die Wet op die Bevordering van Bantoe-Selfbestuur bygedra. Hy het dit onom-

------------------------

118 Dr. H.F. Verwoerd aan L.B. Lee-Warden, 19 Julie 1958. (Brief in Lee-Warden se besit.)

119 House of Assembly debates, 20 April 1950, kol. 4757; F. Rodseth: Ndabazabantu. The life of a native affairs administrator, pp. 127-128; E. Brookes: A South African pilgrimage, pp. 98, 105.

120 House of Assembly debates, 17 April 1959, kol. 4129.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wonde gestel dat die belangrikste redes vir die verwydering van die naturelleverteenwoordigers hulle opposisie teen apartheid was en omdat hulle ideologies onaanvaarbaar was.[121]

## Ballinger en die NP

Verwoerd se antagonisme was nie net 'n persoonlike vendetta nie, maar ook 'n refleksie van die NP se houding teenoor haar. Die NP en Ballinger se verhouding ná 1948 was onveranderd, naamlik een van wedersydse antagonisme. Ballinger het die NP beskou as 'n konserwatiewe agrariese party met 'n reuse-minderwaardigheidskompleks en 'n vervolgingswaansin, wat bereid was om Suid-Afrika in die illusie van totale rasseskeiding op te offer.[122] Die NP het op sy beurt ná 1948 nog meer onverdraagsaam teenoor Ballinger geword. Sitting na sitting is die aanklagte herhaal dat sy die swartes teen apartheid opsweep, dat sy 'n kommunis of 'n meeloper van die kommunisme is of deur die kommunisme misbruik is, en dat sy nie na die belange van haar kiesers omgesien het nie.[123]

Die agterdog jeens Ballinger as 'n gevaarlike linksgesinde was van so 'n aard dat tien jaar ná haar uittrede uit die Parlement, doeanebeamptes beslag gelê het op 2 500 kopieë van haar boek, From union to apartheid wat in Brittanje gedruk is. Die boek is eers ná 'n ondersoek deur die Raad op Publikasiebeheer vrygestel.[124] Wat die NP veral van Ballinger gegrief het, was dat

------------------------

121 House of Assembly debates, 20 Mei 1959, kol. 6327; 17 April 1959, kol. 4129.

122 Eastern Province Herald, 20 Mei 1960, (Segregation always injustice, says MP); House of Assembly debates, 21 April 1950, kol. 4810.

123 House of Assembly debates, 31 Januarie 1949, kol. 409; 19 Junie 1950, kol. 9416; 18 Mei 1951, kol. 7084; 4 Februarie 1953, kol. 541; 19 Mei 1955, kol. 4241; 28 Februarie 1957, kol. 1947.

124 The Cape Argus, 23 Desember 1969, (2,500 copies of book held up).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sy nooit iets positiefs vir die swarte in apartheid wou sien nie, maar dit slegs as 'n oneerlike filosofie vir blanke baasskap en uitbuiting veroordeel het.[125]

Die NP se antagonisme en agterdog teenoor Ballinger en haar kollegas was later van so 'n aard dat speurders van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) die naturelleverteenwoordigers tydens hul besoek aan hulle kieskringe agtervolg en dopgehou het.[126] In 1955 is die Ballingers selfs deur die SAP ondervra toe hulle aansoek gedoen het om hul paspoorte te hernu.[127] Hierdie onverdraagsame houding het ook na die Ballingers se ondersteuners deurgeslaan. Ná die 1954-naturelleverkiesing is byvoorbeeld 'n swart poskantoorwerker ontslaan omdat hy tydens die verkiesing vir William gestem het.[128] Margaret was self ook 'n slagoffer van die NP se onverdraagsame houding teenoor enige liberale opposisie toe sy nie weer tot die Mielieraad en die Raad op Verpleging benoem is nie.[129] Haar nie-aanstelling tot die Raad op Verpleging het wye protes onder die verpleegsters uitgelok.[130] Dit was egter haar verwydering as lid van die Mielieraad wat vernederend was. Weens 'n administratiewe flater is sy nie van haar verwydering in kennis gestel nie en na 'n amptelike vergadering van die Raad uitgenooi waar sy tot groot verleentheid meegedeel is dat sy nie meer 'n lid van die Raad was nie.[131]

-----------------------

125 W. du Plessis: Die goue draad, p. 161; Onderhoud met M.C. Botha, 4 Desember 1986.

126 The Cape Times, 8 April 1954, ("Boeties of communist complain"); Rand Daily Mail, 14 Junie 1951, (On the trail of a senator).

127 Rand Daily Mail, 16 Julie 1955, (Ballingers also had difficulty getting passport).

128 Rand Daily Mail, 25 Mei 1956, (Native sacked for voting for Ballinger).

129 The Star, 30 November 1951, (Mrs Ballinger dropped from SA Nursing Council).

130 House of Assembly debates, 12 Junie 1957, kol. 7932.

131 Rand Daily Mail, 4 April 1951, (Mrs Ballinger replaced on Maize Board).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die heftige stryd tussen die NP en Ballinger het ook tot gevolg gehad dat die NP haar opposisie as 'n anti-Afrikanerstandpunt geïnterpreteer het. Sy is gevolglik as 'n onpatriotiese Suid-Afrikaner en 'n Boerehater uitgekryt.[132] Die NP se antagonistiese houding teenoor haar het egter ook belaglike afmetings aangeneem. Só het kapt. G.H.F. Strydom, NP-LV vir Aliwal, swart verstedeliking in sy area aan 'n besoek van Ballinger toegeskryf:

> "She told the Natives there that they must not work for the farmers; that they should have beds and sheets; that they should have proper housing with windows, etc. Many of them left for the cities permanently."[133]

Die NP het dus nes Verwoerd geglo dat die naturelleverteenwoordigers uit die Parlement verwyder moes word. Toe Japie Basson, NP-LV vir Namib die enigste lid van die party was wat hul verwydering kragtens die Wet op die Bevordering van Bantoe-Selfbestuur geopponeer het, is hy deur Verwoerd uit die party geskors.[134]

Hierdie onverdraagsame houding van Verwoerd en die NP teen enige opposisie was vir Ballinger nou verwant aan die NP se gebrek aan respek vir die grondwet, die Parlement en sy tradisies, iets waaroor S.M. Loubser, NP-LV vir Malmesbury hom byvoorbeeld soos volg uitgelaat het:

> "The United Party comes and whines 'the Constitution'. Anyone would think that the Constitution was of greater importance to them than the maintenance of White Civilization in our country."[135]

------------------------

132 Onderhoud met W. du Plessis, 4 Desember 1986; Die Burger, 6 Februarie 1959, ("Mev. Ballinger bluf ons 20 jaar", sê Blaar).

133 House of Assembly debates, 20 Mei 1960, kol. 8263.

134 H. Kenny: Architect of apartheid, p. 159.

135 D.M. Scher: The disenfranchisement of the coloured voters, 1948-1956, (Ongepubl. D.Litt. et. Phil., Universiteit van Suid-Afrika, 1983).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Volgens Ballinger het die NP die Parlement dus misbruik in sy pogings om aan bewind te bly. Hierdie standpunt van haar is bevestig toe die NP deur die vergroting van die Senaat, wat sy ten sterkste geopponeer het,[136] sy verlangde twee-derde-meerderheid verkry het om die kleurling-kiesers van die gemeenskaplike kieserslys te verwyder. Net so erg vir haar was die NP se grootskaalse gebruik van tydsbeperkinge op debatte deur die gebruik van die sogenaamde valbylmosie. Vir Ballinger is die NP se minagting vir die Parlement deur die party se optrede in 1960 bevestig. Nieteenstaande een van die grootste interne krisisse in die Suid-Afrikaanse geskiedenis - die Sharpeville-gebeure - het die NP tot haar ontsteltenis die Parlement vroeër as normaalweg verdaag sodat parlementslede die Unie-feesvieringe in Bloemfontein kon bywoon.[137]

## Ballinger, die buite-parlementêre politiek en die Liberale Party

Vir Ballinger was die NP se misbruik van die parlementêre sisteem 'n groot terugslag. Sy het altyd haar hoop op die parlementêre stelsel gevestig om Suid-Afrika in 'n ware demokrasie te omskep, en die Britse parlementêre geskiedenis het vir haar as 'n voorbeeld gedien. In teenstelling daarmee, het die NP die Parlement gebruik om die swartes hul regte te ontneem en blanke baasskap te verskans. Dit het Ballinger se taak as 'n naturelle-verteenwoordiger verder bemoeilik, aangesien die swartes vertroue in die parlementêre sisteem, en dus ook in haar, verloor het. Aansluitend daarby het die swartes toenemend hul hoop op buite-parlementêre optrede geplaas. Ballinger het op haar beurt weer wantrouig teen buite-parlementêre aktiwiteite gestaan omdat dit, volgens haar, slegs radikalisme en geweld kon aanmoedig.

------------------------

136 House of Assembly debates, 24 Mei 1955, kol. 6100-6108.

137 M. Ballinger: <u>From union to apartheid</u>, p. 445.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Veral die protesveldtog van die ANC in 1952, 'n georganiseerde veldtog om apartheidswetgewing op groot skaal te oortree, het haar in 'n moeilike situasie geplaas. Sy het gevoel dat wettige griewe vir die veldtog verantwoordelik was, maar sy was tog ook van mening dat die veldtog net tot verdere verdeeldheid tussen wit en swart aanleiding kon gee. Verder het sy ook gevoel dat sy nie die oortreding van wette kon goedkeur nie, alhoewel sy die blanke vir hierdie situasie verantwoordelik gehou het.[138]

In reaksie op hierdie veldtog het Ballinger 'n openbare verklaring uitgereik waarin sy versoek het dat Suid-Afrika na die ou Kaapse liberale tradisies vir 'n oplossing moes terugkeer. Hier het sy veral haar hoop op die beginsel van gekwalifiseerde stemreg geplaas. Verder het sy ook versoek dat die paswette, Groepsgebiedewet en die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme as die eerste stap na vrede en harmonie herroep moes word.[139]

Die reaksie op hierdie verklaring was teleurstellend en 'n aanduiding van haar toenemende politieke isolasie. Vir die blankes was sy te radikaal, terwyl die swartes haar toenemend as te konserwatief beskou het. Só het sy probleme ondervind om persone te kry om die verklaring te onderteken. Selfs van haar mede-naturelleverteenwoordigers, senator W.M.H. Campbell van die Transkei en Stuart, het geweier om dit te onderteken.[140] Daarteenoor het die ANC die verklaring as belaglik verwerp. Dit blyk duidelik uit Joe Matthews se brief aan sy vader, Z.K. Matthews:

> "Mrs Ballinger, her husband and others have issued a call for the return to the old Cape tradition. Can Papa think of anything more unrealistic? ... Either one supports the Defiance Campaign as the Springbok legion has done or they join the Nats."[141]

------------------------

138 UW/Ballinger, B2.14.18: Brief van Ballinger aan persone om 'n verklaring van die protesveldtog te onderteken, 15 September 1952.

139 Ibid., Passive resistance against unjust Laws: A statement.

140 Ibid., W.M.H. Campbell aan M. Ballinger, 22 September 1952; E. Brookes aan W.G. Ballinger, 24 September 1952.

141 Universiteit van Suid-Afrika, Z.K. Matthews-versameling, B2.83: J. Matthews aan Z.K. Matthews, 2 Oktober 1952.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ballinger se toenemende isolasie as 'n LV was nie net 'n gevolg van die NP se ondermyning van die Parlement se status nie, maar ook van haar eie politieke optrede. Haar gematigde benadering, tesame met haar fokus op slegs parlementêre aktiwiteite en 'n kritiese houding teenoor buite-parlementêre optrede, het tot hierdie isolasie bygedra.

Oor 'n buite-parlementêre aktiwiteit soos skoolboikotte het sy haar byvoorbeeld soos volg uitgespreek:

> "I am myself entirely opposed to anything that looks like a boycott of schools. I think that anybody who deprives children of education is doing the whole community a great disservice, and in no circumstances can I ever support a principle of that kind."[142]

Die gevolg hiervan was dat swart aktiviste, vir wie daar geen ander wyse was om apartheid te beveg nie, haar as té paternalisties, konserwatief en as irrelevant in die stryd teen apartheid beskou het. Swart agterdog dat sy deel was van die stelsel van blanke oorheersing, is ook daardeur versterk.[143]

Ballinger het nie net van haar kiesers nie, maar ook toenemend van die Suid-Afrikaanse liberalisme vervreemd geraak. Alhoewel Ballinger se parlementêre optrede op die beginsels van die liberalisme gebaseer was, sy trots op haar liberalisme was:

> "... the longer I live, the prouder I am that I am a liberal",[144]

en op die kruin van haar reputasie as Suid-Afrika se voorste liberaal was, het die gaping tussen haar en die liberale hoofstroom tog groter geword. Ironies is hierdie vervreemding verhaas deur haar leierskap van die Liberale Party van Suid-Afrika (LP) wat in 1953 gestig is. Hoe verwyderd sy van die meerderheid liberale was, blyk uit haar opposisie teen die stigting van die LP.

-----------------------

142 House of Assembly debates, 17 April 1956, kol. 3753.

143 Ballinger se vervreemding van haar kiesers word in hoofstuk VIII bespreek.

144 House of Assembly debates, 14 Mei 1952, kol. 5866.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Aanvanklik was Ballinger nie teen die stigting van 'n liberale party gekant nie. Ná die VP se nederlaag in 1948 het daar wekroepe opgegaan om 'n progressiewer party te skep om effektiewe weerstand teen die NP se rassebeleid te bied. Druk is op Ballinger geplaas om so 'n party te stig. Vóór die verkiesing wou sy egter niks doen wat die VP by die stembus kon verswak nie.[145] Ná die verkiesing het sy die moontlikheid van 'n liberale party, genaamd die Libertas Party, sterk oorweeg.

Op navraag van een van haar ondersteuners, C.A.W. Sigila, het sy in 1949 verduidelik dat dit die moeite werd sou wees om haar te beywer vir 'n party wat gebonde sou wees aan demokratiese beginsels en die toepassing daarvan in Suid-Afrika. Verder het sy daarop gewys dat die naturelleverteenwoordigers hul energie as onafhanklikes vermors. Hulle kon effektiewer as 'n eenheid in 'n party met liberale beginsels optree.[146]

Op navrae van die pers het Ballinger egter daarop gewys dat sy eers wou bepaal watter steun 'n liberale party sou geniet voor daar tot die stigting van 'n party oorgegaan word.[147] Sy het klaarblyklik besef dat so 'n party weinig steun sou geniet en die aandrang om 'n nuwe party te stig, het doodgeloop. In September 1950 het 'n vergadering van liberale dan ook besluit om nie 'n party te stig nie.[148]

Die onderhandelings van 1949 was die laaste geleentheid waarby Ballinger aktief sou meedoen aan enige poging om 'n liberale party te stig. Ná 1949 was sy 'n heftige teenstander van die vor-

-----------------------

145 UK/W.G. Ballinger: K. Kirkwood aan M. Ballinger, 21 Augustus 1948.

146 UW/Ballinger, B2.5.18: M. Ballinger aan C.A.W. Sigila, 21 Junie 1949.

147 Rand Daily Mail, 25 April 1949, (Mrs Ballinger may form "Progressive" political party); The Star, 26 April 1949, (Demand for new party "insistent").

148 Sunday Times, 10 September 1950, (Liberals will not form party).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ming van 'n nuwe party. Hierdie standpunt het drasties verskil van haar posisie in 1938 toe sy 'n ongeduldige lid van 'n deputasie na Hofmeyr was om hom te oortuig om 'n liberale party aan te voer. Talle redes kan hiervoor aangevoer word. Haar parlementêre ondervinding en kennis van die Suid-Afrikaanse politieke bestel het 'n meer pragmatiese houding ten opsigte van die stigting van 'n liberale party tot gevolg gehad. Soos Leo Marquard en Donald Molteno het sy gevoel dat enige liberale party slegs 'n splintergroep sou wees wat niks sou kon bereik nie en dit sou nadelig wees vir die beginsels van liberalisme. Liberale moes eerder 'n effektiewe drukgroep in die VP vorm en dié party help om die 1953-verkiesing te wen. Sodoende kon 'n effektiewe bydrae gelewer word om Suid-Afrika in 'n veelrassige gemeenskap te omskep.[149] Dit was 'n standpunt wat deur talle liberale weens pragmatiese redes gesteun is.

Die VP was steeds 'n konserwatiewe en segregasionistiese party, maar wat vir Ballinger en ander liberale van belang was, was dat die party se rassebeleid op Hertzog se 1936-wetgewing gebaseer was.[150] Dit het beteken dat bestaande swart regte beskerm sou word en daar was die moontlikheid dat indien die VP die volgende verkiesing sou wen, swart regte uitgebrei kon word. Selfs toe die VP se konserwatisme en opportunisme vóór die 1953-verkiesing haar en talle ander liberale ontnugter het, het hulle steeds hul hoop op die amptelike opposisie gevestig. Die ontnugtering was die gevolg van die VP se ondersteuning van die <u>Wet op Openbare Veiligheid</u> en die <u>Strafwysigingswet</u> wat die regte van die individu beperk en ondermyn het. Die VP het gevrees dat indien hy die wetsontwerpe sou opponeer, dit die party heelwat steun onder die blanke kieserskorps kon kos.[151] Met die VP as die enigste gematigde alternatief teenoor die NP, gepaardgaande met die hoop dat die amptelike opposisie die 1953-verkiesing sou wen, wou die

------------------------

149 Telefoniese onderhoud met Mev. E. Stott, 15 November 1987; D. Scher: <u>Donald Molteno</u>, pp. 71, 75.

150 M. Ballinger: <u>From union to apartheid</u>, p. 348.

151 J. Robertson: <u>Liberalism in South Africa 1948-1963</u>, pp. 93-94.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

liberale niks doen wat 'n moontlike VP-oorwinning kon benadeel nie.[152]

Die liberale het egter intussen nie stil gesit nie en in die afwesigheid van 'n party is liberale verenigings gestig om die beginsels van liberalisme uit te dra. In Johannesburg het Ballinger die Johannesburg Liberal Group (JLG) gestig, 'n studie- en navorsingsgroep wat hulle van enige politieke aktiwiteit sou weerhou.[153] Hierdie vereniging sou mettertyd as die Ballinger-groep bekend staan aangesien daar 'n tweede liberale groep in die stad was onder leiding van Jack Unterhalter en Jock Isacowitz. Hierdie groep was heelwat radikaler as Ballinger se groep. Unterhalter het Ballinger as effens te konserwatief beskou.[154] Samewerking tussen die twee groepe was swak weens haar wantroue in die Unterhalter-groep, veral weens Isacowitz se status as 'n gewese kommunis. Haar wantroue was die gevolg van haar vurige anti-kommunisme en die vrees dat die kommuniste liberale organisasies sou infiltreer en oorneem. 'n Verdere bron van verwydering was dat die Ballinger-groep in teenstelling met die Unterhalter-groep gevoel het dat daar geen haas was om 'n liberale party te stig nie.

Weens hulle vasbeslotenheid om 'n eksklusiewe studiegroep te wees, het Ballinger en haar groep hulle, afgesien van die Unterhalter-groep, ook van ander liberale verenigings gedistansieer.[155] Toe die South African Liberal Association (SALA), 'n federasie van al die onderskeie liberale verenigings in Suid-Afrika, op 16-17 Januarie 1953 gestig is, was nòg Ballinger nòg 'n afgevaar-

------------------------

152 Ibid., pp. 62, 92-93, 109.

153 Ibid., p. 91; UW/Ballinger, F3.2: Notule van JLG-vergadering, 26 November 1952.

154 Onderhoud met J. Unterhalter, 30 November 1987.

155 UW/Ballinger, F3.2: Notule van JLG-vergadering, 20 April 1953.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

digde van haar groep aanwesig.[156] Nieteenstaande haar afwesigheid by die stigtingsvergadering is sy as die president van SALA verkies. Dit was 'n aanduiding van haar prestige as 'n liberaal. Sy was egter nie te beïndruk met haar presidentskap nie aangesien sy tot die pos verkies is sonder haar toestemming. Verder het sy gevrees dat dit ekstra werk vir haar sou beteken.[157] Sy is gerusgestel toe dit gewaarborg is dat dit 'n presidentskap was sonder enige verpligtinge. In die praktyk het sy weinig te doen gehad met SALA en het sy eerder gepoog om die entoesiasme om die vereniging in 'n party te omskep, te demper.[158]

Toe die VP nie die NP met die 1953-verkiesing uit die kussings kon lig nie (NP 89 setels, VP 57 setels), het talle liberale gevoel dat 'n liberale party gestig moes word om apartheid ongekwalifiseerd te beveg aangesien die amptelike opposisie nooit 'n liberale standpunt sou inneem nie. Hierdie vrees is mettertyd bevestig toe die VP na sy nederlaag verlore steun met 'n meer konserwatiewe houding wou herwin. Dit het byvoorbeeld tot gevolg gehad dat die party nieteenstaande sy vroeëre opposisie teen die <u>Wet op die Onderdrukking van Kommunisme</u> en Kahn se ontseteling, Bunting se ontseteling nie geopponeer het nie.[159]

Ballinger was egter nie betrokke by die beplanning in SALA om 'n liberale party te stig nie. Haar benadering was steeds dat die liberale as 'n drukgroep in die VP hulle vir 'n veelrassige Suid-Afrika moes beywer aangesien 'n liberale party 'n niksbeduidende splinterparty sou wees. Sy moes geforseer word om die

------------------------

156 P. Brown: The Liberal Party (A chronology with comment), Liberal Party workshop 17-19 July 1985, pp. 3-4.

157 UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 1): O.D. Wollheim aan M. Ballinger, 10 April 1953; D.M. Buchanan aan M. Ballinger, 10 April 1953.

158 UW/Ballinger, F3.2: Notule van JLG-vergadering, 26 Maart 1953.

159 M. Ballinger: <u>From union to apartheid</u>, p. 394.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

stigting van die party te steun.[160] Hierin het 'n persverklaring van Leslie Rubin oor die stigting van 'n party net voor die belangrike SALA-vergadering van 8 Mei 1953 'n deurslaggewende rol gespeel. Sonder om hulle te raadpleeg het Rubin die name van Marquard, Molteno en Ballinger aan die komende stigting van 'n liberale party gekoppel. Dit het hulle as Suid-Afrika se bekendste liberale voor 'n voldonge feit gestel wat dit vir hulle moeilik gemaak het om die stigting van 'n party te opponeer.[161] 'n Liberale party sonder Margaret Ballinger was byvoorbeeld ondenkbaar.

By die SALA-vergadering op 8 Mei 1953 het Ballinger ten gunste van 'n party gestem alhoewel sy steeds gevoel het dat die party tien jaar te laat gestig is om werklik effektief te wees.[162] Verder was sy ook van mening dat dit 'n oorhaastige besluit was om 'n party te stig sonder die nodige voorbereidings vir 'n organisatoriese en finansiële struktuur.[163]

Afgesien van Rubin se persverklaring het Ballinger ook gevoel dat sy die stigting van 'n party moes ondersteun aangesien daar gevrees is dat die radikaler Transvaalse liberale eensydig 'n liberale party onder Isacowitz se leiding sou stig. Indien 'n party gestig moes word, moes dit eerder op 'n nasionale basis geskied, gebaseer op die beginsels van die Kaapse liberalisme en onder gematigder leiding.[164]

-----------------------

160 Onderhoude met W. Stanford, 17 Desember 1986; O.D. Wollheim, 10 Desember 1986; J. Gibson, 18 Desember 1986.

161 Universiteit van Kaapstad, Die Leo Marquard-versameling (UK/Marquard): L. Marquard aan P. Brown, 27 Desember 1964, The Cape Times, 6 Mei 1953, (SA Liberal Party move).

162 UK/W.G. Ballinger: W.G. Ballinger aan L.O.V. Gander, 18 September 1963.

163 M. Ballinger: From union to apartheid, pp. 402-403.

164 J. Robertson: Liberalism in South Africa 1948-1963, pp. 110-111; M. Ballinger: Revival of the liberal tradition, (The Forum, Junie 1953).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ondanks haar teësinnigheid is Ballinger as president en leier van die nuwe party verkies. In werklikheid is dit op haar afgedwing aangesien sy, weens haar parlementêre werklas, onwillig was om dit te aanvaar. Vir die LP was dit egter noodsaaklik dat sy as leier verkies moes word. Sy het die afgestorwe Hofmeyr as die nasionale figuur vervang rondom wie die party gebou moes word. Sy was die verpersoonliking van Suid-Afrikaanse liberalisme en daar was eenvoudig geen ander vergelykbare persoon van status wat as leier verkies kon word nie. Daar is veral gehoop om deur middel van haar reputasie as 'n gerespekteerde en verantwoordelike parlementslid die LP van geloofwaardigheid en aansien te voorsien om lede tot die party te lok. Oscar Wollheim, eerste voorsitter van die LP, het haar as "... our most valuable, practical asset" beskryf.[165] Onder sulke omstandighede het sy dus geen keuse gehad as om die leierskap te aanvaar nie. Sy het haar soos volg daaroor uitgelaat:

> "I did not join the Liberal Party, it joined me".[166]

Ballinger het die leierskap egter op dié voorwaarde aanvaar dat Wollheim, Unterhalter en Isacowitz al die gepaardgaande administratiewe werk moes verrig.[167] Ironies was Donald Molteno ongelukkig met haar verkiesing as leier aangesien hy dit as 'n fout beskou het om in Suid-Afrika 'n vrou as 'n politieke leier te hê.[168] Nog 'n skeptikus was die bitsige Arthur Barlow, wat hom soos volg oor haar leierskap uitgelaat het:

> "I do not think that Margaret Ballinger today can lead a funeral."[169]

------------------------

165 UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 2): O.D. Wollheim aan die provinsiale voorsitters, 26 November 1954.

166 C.W.M. Gell: Liberal Party - A reply, p. 31 (The Forum, Februarie 1956).

167 Korrespondensie met dr. O.D. Wollheim, 3 Desember 1987.

168 Onderhoud met dr. J. Steytler, 30 Desember 1986.

169 UNISA, Waring-versameling: A. Barlow aan J. Waring, 23 Junie 1953.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die beginsels van die LP was presies die teenoorgestelde van die NP. Die LP het gestreef na 'n veelrassige staat met gelyke regte vir almal. Die klem het op die regte van die individu geval, met die voorbehoud dat dit nie inbreuk maak op die regte van ander nie. Die individu kon dus trou, woon of werk waar hy wou - ongeag ras of kleur. Ras of kleur kon ook nie 'n persoon verhoed om aan regerings- of ander demokratiese prosesse deel te neem nie. Verder het die party hom vir die oppergesag van die reg beywer. Die LP het hom teen enige vorm van diktatuur uitgespreek, of dit nou Fascisme of kommunisme was.[170] Die belangrikste kenmerk van die party se beleid was die beginsel van 'n gekwalifiseerde stemreg op 'n gemeenskaplike kieserslys. Dit is teen 1954 aangepas toe algemene stemreg as die einddoel aanvaar is, maar gekwalifiseerde stemreg sou 'n aanvanklike tussentydse maatreël wees. In 1960 het die party egter die beginsel van algemene stemreg sonder enige voorbehoud aanvaar. Dié verandering in die LP se stemregbeleid is ten sterkste deur Ballinger geopponeer en dit was een van die belangrikste redes vir die verwydering tussen haar en die party.

Die stemregbeleid was egter nie die enigste rede vir Ballinger se toenemende verwydering van die LP nie. 'n Belangrike rede was dat sy gevoel het dat die LP eerder 'n oorlas en 'n verleentheid as 'n bron van ondersteuning vir haar parlementêre aktiwiteite was. Die party kon byvoorbeeld nooit 'n blanke setel verower nie en slegs Stanford en Rubin is as naturelleverteenwoordigers onder 'n LP-vaandel verkies. Weens haar swaar werklas het sy haar leierskap in 1955 neergelê, waarna sy weinig met die party te doene gehad het. In werklikheid het haar leierskap van die LP geen invloed op haar parlementêre optrede uitgeoefen nie. Haar fokus was steeds net op die parlementêre terrein en sy het haar van die LP se buite-parlementêre aktiwiteite gedistansieer. Aansluitend daarby het sy gevoel dat die LP té radikaal geword het.

-----------------------

170 J. Robertson: Liberalism in South Africa 1948-1963, p. 112.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Daarteenoor was die jonger en meer radikale liberale van mening dat sy té konserwatief was en dat sy 'n verleentheid vir die party was. Die gevolg hiervan was dat sy teen 1960 meer as ooit te vore van die Suid-Afrikaanse liberalisme geïsoleer was.[171] Nieteenstaande haar lidmaatskap van die LP was sy dus steeds 'n politieke alleenloper in haar stryd vir 'n regverdige en demokratiese Suid-Afrika.

**Ballinger se verhouding met die Arbeiders, VP en Progressiewe Party**

Dit moet egter vermeld word dat Ballinger in die Volksraad heelwat meer ondersteuning as vroeër van die Arbeidersparty en die VP geniet het. Sy het veral goeie samewerking met die Arbeiders geniet wat ná 1946 Suid-Afrika se mees liberale parlementêre party geword het. Die Arbeiders het hulle volle steun aan Ballinger toegesê en sy het veral goed met Leo Lovell, die briljante LV vir Benoni, oor die weg gekom.[172] Met die Arbeiders se verdwyning van die parlementêre toneel ná die 1958-verkiesing, was daar geen basiese verskille tussen Ballinger en hulle nie. Die Arbeiders het ook die beginsel van 'n gekwalifiseerde stemreg vir alle Suid-Afrikaners aangehang, maar was van mening dat, as 'n tussentydse maatreël, die afsonderlike kieserslys van die Kaapprovinsie na die res van Suid-Afrika se swart inwoners uitgebrei moes word. Die enigste verskil tussen Ballinger en die Arbeiders was dié van 'n tydtafel, aangesien sy op die onmiddellike vervanging van die afsonderlike kieserslys deur 'n gemeenskaplike kieserslys vir alle Suid-Afrikaners aangedring het.[173]

-----------------------

171 Die spanning en verwydering tussen Ballinger en die LP word deeglik in hoofstuk VII behandel.

172 Onderhoude met Z. de Beer, 22 September 1986; W. Stanford, 17 Desember 1986; Vir hierdie drastiese verandering kan Alex Hepple, leier van die Arbeidersparty, se ongepubliseerde The South African Labour Party 1908-1958, a memoir (Johannesburg Openbare Biblioteek, Africana-afdeling) geraadpleeg word.

173 M. Ballinger: From union to apartheid, pp. 407-407.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die Arbeiders was egter 'n kunsmatige party wat geen steun onder die blankes geniet het nie en die party se voortbestaan was slegs deur 'n verkiesingsooreenkoms met die VP verseker. Die Arbeiders se kritiese houding teenoor die VP se konserwatisme het egter die einde van die ooreenkoms met die 1958-verkiesing beteken. Ballinger het alles in haar vermoë gedoen om hierdie wrywing tussen die twee partye te verhoed aangesien eendrag noodsaaklik was vir die stryd teen apartheid. Sy was egter onsuksesvol en die Arbeider-kandidate is verpletterd verslaan.[174] Daarmee het die Arbeiders ná 48 jaar van die parlementêre toneel verdwyn.

Soos reeds gemeld, was die hoop dat die VP die NP by die stembus sou verslaan 'n belangrike motivering vir Ballinger se goeie verhouding met die amptelike opposisie. Onder 'n VP-bewind sou daar die moontlikheid van demokratiese hervorming wees. Op 'n persoonlike vlak was sy ook van die VP afhanklik vir byvoorbeeld die reël van spreekbeurte. Samewerking met die VP was dus noodsaaklik vir haar parlementêre aktiwiteite. Daarteenoor was die VP net so prakties in sy houding teenoor die naturelleverteenwoordigers. Weens die NP se dreigement om hulle te verwyder, het die VP sy beskerming aan die naturelleverteenwoordigers toegesê.[175] Indien die naturelleverteenwoordigers verwyder sou word, sou dit die NP se meerderheid ten koste van die VP vergroot het.

'n Verdere faktor in Ballinger se goeie verhouding met die VP was haar noue vriendskapsbande met VP-LV's soos Grey Hughes, Abe Bloomberg, Douglas Smit, Philip Moore en Bertha Solomon. Arthur Barlow het byvoorbeeld weens hulle noue samewerking na Ballinger en Douglas Smit, die voormalige Sekretaris van Naturellesake, as die "little lovebirds" verwys.[176] Veral tussen haar en Philip Moore, die populêre en bekwame LV vir Kensington, voormalige president van die Johannesburgse Effektebeurs en vader van die

------------------------

174 M. Ballinger: From union to apartheid, pp. 407-409.

175 Ibid., p. 328.

176 Onderhoud met L.B. Lee-Warden, 15 Desember 1986.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

desimale stelsel in Suid-Afrika, was daar 'n unieke vriendskap. Ondanks die feit dat hy uiters konserwatief was (Moore het byvoorbeeld aangevoer dat swart onderwys kragtens die Wet op Bantoe-Onderwys (1953) nie minderwaardig was nie, terwyl sy die teenoorgestelde mening gehuldig het[177]), was sy vriendskap met Margaret van so 'n aard dat hy tydens sittings saam met die Ballingers gewoon het. Ná 1961 het hy permanent by hul huis in Kaapstad ingetrek, terwyl hy alle funksies en selfs vakansies saam met hulle geniet het.[178] Mettertyd het Moore daarin geslaag om William as Margaret se vertroueling en steunpilaar te vervang. Hoe belangrik Margaret Moore se opinies geag het, blyk duidelik uit haar voortdurende verwysings na hom in haar dagboek van 1959-1960.

Alhoewel Ballinger se verhouding met die VP ná 1948 verbeter het, was Smuts se dood in 1950 'n groot terugslag aangesien sy daardeur 'n invloedryke bron van ondersteuning verloor het. Sy het goed met sy opvolgers, J.G.N. Strauss (1950-1956) en sir De Villiers Graaff (1956-1977) oor die weg gekom, maar egter nooit 'n spesiale verhouding soos met Smuts met hulle geniet nie. Nog 'n bekende VP-leier wat van die politieke toneel verdwyn het, was Ballinger se ou kennis, J.H. Hofmeyr, wat in 1948 oorlede is. Alhoewel hulle nooit na aan mekaar was nie, is sy tog deur sy dood geruk en het dit as 'n tragiese terugslag vir Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse liberalisme beskou.[179]

Buiten haar vriendskap met talle LV's van die amptelike opposisie het die meerderheid VP-LV's Ballinger as 'n parlementariër bewonder en gerespekteer. Veral die liberale agterbankers het na haar as hul inspirasie opgekyk.[180] Douglas Smit het byvoor-

-----------------------


177 G.D. Scholtz: Dr. Hendrik Frensch Verwoerd 1901-1966, p. 230.

178 Onderhoude met H. Jaff, 7 Augustus 1986; F.B. Moore, seun van P.A. Moore, 7 Maart 1989.

179 House of Assembly debates, 21 Januarie 1949, kol. 13-14.

180 Korrespondensie met sir De Villiers Graaff, 29 Augustus 1986; H. Oppenheimer, 26 Augustus 1986; Abe Bloomberg, 14 Februarie 1987.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



P.A. Moore

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

beeld erken dat hy in sy opposisie teen apartheid meer op Ballinger as op sy eie party gesteun het.[181] Ballinger se populariteit onder die VP blyk ook uit die luide toejuiging uit die opposisiebanke toe sy in Januarie 1949 as 'n herverkose lid in die Volksraad in begelei is.[182] Ná 1948 het die VP Ballinger ook nie meer in die Volksraad aangeval of gekritiseer nie. Dit was nou die prerogatief van die NP en die VP-swepe het uit hul pad gegaan om hul beskerming aan haar te bied.[183]

Die VP se verhouding met Ballinger was egter ook skisofrenies van aard. Aangesien die party konserwatief was en met die oog op die konserwatiewe blanke kieserskorps, wou die VP die etiket van liberalisme ten alle koste vermy. Die NP het wél hierdie goeie verhoudinge tussen die amptelike opposisie en Margaret Ballinger vir politieke gewin probeer uitbuit. Dus het die VP terselfdertyd gepoog om hom soms so ver moonlik van Ballinger te distansieer.[184] In 1955 het die VP selfs geweier om haar as 'n herverkose lid die Volksraad in te begelei weens haar assosiasie met die LP.[185] Die Arbeiders het toe hierdie seremoniële taak op hulle geneem.

Ballinger het ook op haar beurt gepoog om haar afstand van die VP se soms halfhartige opposisie teen apartheids- en veiligheidswetgewing te hou. Sy het egter nooit die VP in die openbaar gekritiseer nie. Daardeur wou sy voorkom dat haar ambisie om alle anti-NP-groepe onder 'n liberale vaandel saam te smee, benadeel word.[186]

-----------------------

181 M.M.S. Bell: The politics of administration, p. 141.

182 The Star, 21 Januarie 1949, (Communist takes seat in assembly).

183 Korrespondensie met sir De Villiers Graaff, 29 Augustus 1986.

184 Korrespondensie met H. Oppenheimer, 26 Augustus 1986.

185 Rand Daily Mail, 22 Januarie 1955, (UP decides not to introduce natives representatives); House of Assembly debates, 8 Februarie 1955, kol. 750.

186 M. Ballinger: From union to apartheid, pp. 407-408.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

OP SLEEPTOU





**In die Volksraad gesê: Die V.P. is deur mev. Ballinger op sleeptou geneem.**

(<u>Die Transvaler</u>, 29 September 1958)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**MAGRIET SE LIEFLING**




*Mev. Ballinger, van die Liberal Party, het opnuut van 'n besonder sagte plekkie vir die V.P. getuig.*

(<u>Die Transvaler</u>, 26 Februarie 1958)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In teenstelling met die meerderheid liberale in die LP wat ná 1953 die VP met minagting as 'n konserwatiewe en opportunistiese party verwerp het, was Ballinger, wat die party ook as té konserwatief beskou het,[187] steeds van mening dat die amptelike opposisie die enigste realistiese alternatief teenoor die doktrinêre apartheidsbeleid van die NP by die stembus was. (Dit was 'n duidelike aanduiding van haar suiwer parlementêre stryd teen apartheid.) Wat vir haar van belang was, was dat, alhoewel die VP 'n segregasionistiese party was, die amptelike opposisie, in teenstelling met die NP, die beginsel van 'n veelrassige Suid-Afrika aanvaar het, al was dit gebaseer op 'n beleid dat alle groepe op afsonderlike kieserslyste in die Parlement verteenwoordig kon word.[188] Gevolglik was sy ondersteunend en aanmoedigend teenoor die VP se liberale vleuel, persone soos H.F. Oppenheimer, J. Cope, R.A.F. Swart, T.O. Williams en Z. de Beer, in die hoop dat hulle die amptelike opposisie in 'n meer liberale rigting kon beweeg. Dit verklaar haar opposisie teen die afsplintering van die VP se linkervleuel om die liberale Progressiewe Party (PP) in 1959 te stig.

Hierdie afsplintering was 'n gevolg van die VP se konserwatisme en opportunisme tydens die 1958-verkiesing. Die party was desperaat om die verkiesing te wen en het dit deur die beproefde taktiek van "swart gevaar" probeer vermag. So is aangevoer dat Verwoerd te "liberaal" was en te veel vir die swartes gedoen het. Die VP se regtervleuel wou as't ware meer regs as die NP wees.[189] Hierdie taktiek was egter onsuksesvol en die amptelike opposisie het sy derde agtereenvolgende nederlaag gely (NP 97 setels, VP 53 setels). Die gevolg hiervan was 'n meer konserwatiewe houding om die steun van die konserwatiewe blanke kieserskorps te herwin.

Die klein liberale element in die VP, die progressiewes, wat nes Ballinger gehoop het dat die party in 'n meer liberale rigting

-----------------------

187 House of Assembly debates, 9 Februarie 1955, kol 1537.

188 M. Ballinger: From union to apartheid, pp. 408-409.

189 H. Kenny: Architect of apartheid, pp. 146, 158; S.L. Barnard, A.H. Marais: Die Verenigde Party, pp. 109-110.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sou beweeg, het nou besef dat dit nooit sou gebeur nie.[190] Die keerpunt vir die progressiewes was die 1959-konferensie van die VP. Die regtervleuel van die party het na aanleiding van die Wet op die Bevordering van Bantoe-Selfbestuur 'n mosie aanvaar gekry dat geen ekstra grond kragtens die 1936-wetgewing vir swartes aangekoop moes word nie. As rede is aangevoer dat hierdie grond vir onafhanklike Bantoestans aangewend sou word wat 'n bedreiging vir die blanke ingehou het. Sodoende is gehoop om steun op die konserwatiewe platteland te herwin. Vir die progressiewes was hierdie mosie suiwer opportunisme en 'n verbreking van 'n plegtige ooreenkoms met die swartes. Daarop het twaalf LV's uit die party bedank en die PP in November 1959 gestig met dr. Jan Steytler as die leier.[191]

Die PP se standpunt was dat daar een Suid-Afrikaanse nasie was waarin verskillende groepe onderskei kon word en dat elke groep geregtig op deelname in die regering was. Dit kon vermag word deur 'n gekwalifiseerde stemreg op 'n gemeenskaplike kieserslys. Verder het die PP hom vir 'n handves van menseregte, asook die aftakeling van rassediskriminasie beywer.[192]

Ballinger was egter nie met die nuwe liberale party beïndruk nie en sy het die stigting van die PP afgekeur omdat dit die liberale opposisie slegs sou verdeel.[193] Sy was van mening dat die LV's van die PP eerder in die VP moes gebly het of by die LP aangesluit het. In plaas daarvan het die PP van die LP-lede afgerokkel. Sy was veral bitter ongelukkig oor Stanford se defeksie na die PP, waarvoor sy Zach de Beer, die jong PP-LV vir Maitland, verantwoordelik gehou het.[194] Verder was daar persoonlikheids-

-----------------------

190 J. Robertson: Liberalism in South Africa 1948-1963, pp. 187-189.

191 S.L. Barnard, A.H. Marais: Die Verenigde Party, pp. 116-136.

192 J. Robertson: Liberalism in South Africa 1948-1963, pp. 191-193.

193 UK/V.M.L. Ballinger, A2.13: Dagboek, 12 Desember 1959.

194 Ibid, 6 Desember 1959.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verskille tussen haar en die LV's van die PP wat die gevolg van haar hooghartige houding weens haar reputasie as een van Suid-Afrika se bekwaamste parlementariërs was. Sy het verwag om gerespekteer te word en was selfbewus oor haar status en uiters sensitief vir enige bedreiging van haar posisie as Suid-Afrika se voorste liberaal en vroue-politikus. Hierdie houding, wat ook tot spanning met Hofmeyr aanleiding gegee het, het tot haar gebrekkige samewerking met die PP bygedra.[195] Toe die latere PP-lede jong liberale agterbankers in die VP was, was sy vriendelik, behulpsaam en aanmoedigend, alhoewel soms baasspelerig teenoor hulle. Ná die stigting van die PP het sy egter 'n antagonistiese houding teenoor hierdie groepie ingeneem.[196] Vir Ballinger was dit moeilik om te aanvaar dat die PP haar politieke platform oorgeneem het, waarvan sy jare lank 'n monopolie geniet het. Haar selfbeeld as Suid-Afrika se voorste liberaal was van so 'n aard dat sy selfs ontevrede was dat die stigting van die PP nie eers met haar bespreek is nie.[197] Ballinger se afguns was so intens dat sy selfs gevoel het dat die PP-LV's onder 'n morele verpligting was om hul setels te bedank wat hulle as VP-kandidate verower het.[198] Indien dit sou gebeur, sou dit natuurlik vir Ballinger as die enigste liberale LV in die Volksraad gelaat het.

Ballinger se afguns teenoor die PP-LV's het veral ten opsigte van Helen Suzman, die aantreklike, bekwame en populêre LV vir Houghton, gegeld. Suzman het nie net haar status as een van die bekwaamste parlementariërs nie, maar ook as die voorste vroue-LV bedreig.[199] Volgens Suzman was Ballinger se reaksie teenoor

------------------------

195 Onderhoud met Z. de Beer, 22 September 1986.

196 Korrespondensie met R. Swart, 15 September 1986; H. Oppenheimer, 26 Augustus 1986.

197 Onderhoud met L.B. Lee-Warden, 15 Desember 1986.

198 UK/V.M.L. Ballinger, A2.13: Dagboek, 13 Desember 1959.

199 Onderhoude met W. Stanford, 17 Desember 1986; D. Haggei, 4 Augustus 1986, P. Lewsen, 1 September 1986.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

haar soos dié van 'n koningin in 'n byekorf teenoor 'n indringer.[200]

Ballinger se afsydigheid teenoor die PP was ook 'n gevolg van haar hegte vriendskap met Moore. Hy was 'n lid van die VP se regtervleuel en 'n bitter teenstander van die liberale agterbankers wat die PP sou vorm. Gevolglik het Moore se antagonisme teenoor die PP tot Ballinger se negatiewe houding teenoor die nuwe party bygedra.[201]

Verhoudinge tussen haar en die PP was só gespanne dat sy geweier het om haar voorbank met Zach de Beer te deel.[202] In werklikheid was die PP verlig dat sy afsydig was van hulle. Behalwe persoonlikheidsverskille het Jan Steytler, leier van die PP, gevoel dat sy deur die meerderheid blanke kiesers as te liberaal geag is en haar assosiasie met die PP skade kon berokken.[203]

Nieteenstaande die afsydigheid tussen haar en die PP blyk dit tog uit haar dagboek en 'n gesprek met Harry Lawrence, prominente PP-lid, dat sy dit wél oorweeg het om by die PP aan te sluit.[204] Haar lojaliteit aan die LP en die verskille met die PP het egter so 'n stap verhoed. Die uiteinde van die gespanne verhouding tussen die PP en Ballinger was dat daar geen samewerking tussen hulle was nie. Hierdie situasie het daartoe bygedra om haar laaste sitting in 1960 nog ongelukkiger te maak.

------------------------

200 Telefoniese onderhoud met H. Suzman, 9 Januarie 1989.

201 UK/V.M.L. Ballinger, A2.13: Raadpleeg byvoorbeeld Ballinger se inskrywing vir 6 Desember 1959 in haar dagboek; Onderhoude met Walter Stanford, 17 Desember 1986; H. Suzman, 9 Januarie 1989.

202 Onderhoude met Z. de Beer, 22 September 1986; W. Stanford, 17 Desember 1986; Korrespondensie met R. Swart, 15 September 1986; G. Hughes, 29 Julie 1987.

203 Onderhoud met J. Steytler, 30 Desember 1986.

204 UK/V.M.L. Ballinger, A2.13: Dagboek, 10 Desember 1959; Onderhoud met Z. de Beer, 22 September 1986.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ballinger se kleinlike houding met die PP kan as die laagtepunt van haar politieke loopbaan beskou word. Dieselfde jaloesie wat samewerking met Hofmeyr bemoeilik het, het haar verhouding met die PP versuur. Dit is een van die teenstrydighede van Ballinger se politieke loopbaan dat 'n persoon wie se politieke beginsels op verdraagsaamheid gebaseer was en 'n internasionale reputasie as 'n liberaal geniet het, so 'n kleingeestige houding kon inneem. Dit het haar politieke reputasie heelwat skade berokken en talle bewonderaars van haar vervreem.

In teenstelling met die PP het Ballinger tot haar verwydering uit die Parlement op 'n goeie voet met die VP verkeer. Volgens sir De Villiers Graaff, wat J.G.N. Strauss in 1956 as leier van die VP vervang het, was daar selfs die moontlikheid dat sy in 1960 by dié party sou aansluit.[205] Dit blyk egter net 'n ongesubstansieerde gerug te gewees het (kyk p. 230).

Polities was sy steeds lid van die LP, maar haar vriendskap met talle VP-LV's het haar gehegtheid aan die amptelike opposisie tot gevolg gehad. Teen 1960 was Ballinger 'n eensame figuur vir wie hierdie vriendskap van groot belang was. Daarteenoor het persoonlike verskille met LP- en PP-lede enige noue bande met hierdie twee partye verhoed. Verder was die VP die enigste party, nieteenstaande politieke opportunisme om hom nou en dan van Ballinger te distansieer, wat deurentyd sy bewondering vir haar as 'n parlementariër uitgespreek het en haar as sodanig behandel het. Die VP se gehegtheid aan haar teen 1960 het wél geblyk uit 'n klein afskeidsfunksie wat sir De Villiers Graaff vir haar gereël het en waartydens talle van die aanwesiges met trane in die oë geëindig het.[206] Daarteenoor het die NP haar as té links verwerp, haar eie party het haar weer as té konserwatief veroordeel, terwyl die PP-LV's hulle van haar gedistansieer het. Onder hierdie omstandighede is Ballinger se gehegtheid aan die

-----------------------

205 Korrespondensie met sir De Villiers Graaff, 29 Augustus 1986.

206 Korrespondensie met sir De Villiers Graaf, 29 Augustus 1986; E.G. Malan, voormalige LV, 10 Oktober 1988.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

VP verstaanbaar maar die VP kon, weens sy konserwatisme, nie 'n politieke tuiste aan haar bied nie. Haar politieke loopbaan het dus geëindig soos dit begin het - 'n alleenloper sonder politieke tuiste.

Een faktor het darem vir Ballinger se frustrasie en wanhoop in die Parlement vergoed. Dit was haar internasionale statuur weens haar opposisie teen apartheid. In 1955 is sy en William byvoorbeeld uitgenooi om die Goudkus en Nigerië te besoek, terwyl sy ook in 1957 'n lid van die Statebond se parlementêre afvaardiging na Indië was. Ná haar verwydering uit die Parlement is sy ook uitgenooi om Australië en die Verenigde State van Amerika te besoek. Weens haar diens aan Afrika het die Royal Africa Society 'n medalje en lewenslange lidmaatskap aan haar toegeken.[207] Tydens 'n besoek aan Londen in 1949 is Ballinger ook uitgenooi om Clement Attlee, die Britse Premier, by Downingstraat 10 te ontmoet.[208] Die Britse Premier, Harold Macmillan, het tydens sy besoek aan Suid-Afrika in 1960 ook daarop aangedring om Ballinger te ontmoet.[209]

Aansluitend by haar internasionale reputasie het Ballinger ook daarin geslaag om haar reputasie as 'n uitstaande parlementariër te handhaaf.

## Ballinger as parlementariër in die era van apartheid

Tussen 1948 en 1960 het Ballinger as 'n LV in 'n permanente staat van neerslagtigheid verkeer.[210] Talle redes kan hiervoor

------------------------

207 UW/Ballinger, B2.16.1 (Lêer 4): Mev. H. Heather aan M. Ballinger, 28 April 1960.

208 UK/W.G. Ballinger, F3III.7.11: Uitnodiging van C. Attlee aan die Ballingers, 9 Desember 1949.

209 UK/V.M.L. Ballinger, A2.13: Dagboek, 3 Februarie 1960; UW/Ballinger, B2.8.13: M. Ballinger aan E. Louw, 3 Februarie 1960.

210 UW/Ballinger, C2.1.28 (Lêer 2): W.G. Ballinger aan G.G. Xorile, 19 Junie 1959; W.G. Ballinger aan L.D. Ncwana, 12 April 1956.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aangevoer word. Daar was naamlik die voortdurende spanning tussen haar en die LP en die gebrekkige samewerking met haar medenaturelleverteenwoordigers. Die belangrikste bydrae tot hierdie toestand was egter die onstuitbare vloed van apartheidswetgewing en haar onvermoë om enigiets vir haar kiesers te vermag. Reeds in 1948 het Ballinger haar eerste sitting onder die NP-bewind as "... emotionally desolating ..." beskryf.[211] Verder was dit veral frustrerend om slegs op die verdediging teen die NP se vloed van wetgewing te wees. Soos Brookes dit opgesom het:

> "... to protest unendingly is a wearisome parliamentary vocation."[212]

Wat veral vir Ballinger frustrerend was, was dat al haar waarskuwings oor stygende swart militantheid weens hierdie wetgewing op dowe ore geval het, terwyl sy self deur die swartes as te gematig verwerp is.[213] Hierdie toestand is nog pynliker gemaak deur die NP se aftakeling van die enkele VP-toegewings aan die swartes. Oor hierdie situasie van verdriet, frustrasie en wanhoop het Brookes hom soos volg uitgelaat:

> "In the years between 1948 and 1952 I began to have a deeper experience of what sorrow meant."[214]

Ballinger se permanente staat van uitputting het ook tot haar terneergedruktheid bygedra. Hierdie uitputting was die gevolg van haar enorme werklas wat deurentyd vergroot het. Tussen 1952 en 1955, met Kahn en sy opvolgers se ontseteling, het Ballinger die swartes alleen in die Volksraad verteenwoordig. Stuart was van geen nut nie aangesien hy te lui was en sy kieskring afgeskeep het, terwyl hy ook as die skadelose grapjas van die Raad

-----------------------

211 UW/Ballinger, B2.5.27: M. Ballinger aan dr. Bokwe, 17 September 1948.

212 E. Brookes: <u>A South African pilgrimage</u>, p. 105.

213 Onderhoud met L.B. Lee-Warden, 15 Desember 1986.

214 C.A. Higgs: The political thought and career of Edgar H. Brookes, (Ongepubl. M.A.-verhandeling, Queens Universiteit, 1984), p. 61.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

beskou is.[215] Barlow het op sy reguit manier vir Stuart as "mad" en as 'n "half wit" verwerp.[216] Stuart het dus slegs daartoe bygedra om die parlementêre druk op haar te vergroot. Hoe erg hierdie druk reeds vóór Kahn se ontseteling was, blyk duidelik uit 'n brief van Ballinger aan M.T. Soga:

> "I am feeling quite overwhelmed and too tired and depressed for words. I can scarcely face the prospect of another five years of this awful treadmill. As you know, it has already cost me my home, my leisure and a number of friends. And now it seems likely to cost me my nerves as well."[217]

Aan Ellen Hellman het sy haar uitputting weer soos volg beskryf:

> "I simply cannot cope with this amount of work. The very thought of it gives me a feeling of nervous prostration... There is a limit to what any one person can do and I feel I have got beyond it."[218]

Dit was hierdie werklas wat Ballinger in 1949 teenoor C.A.W. Sigila laat verklaar het dat sy haar nie weer herverkiesbaar sou stel nie.[219] Haar pligsbesef teenoor haar kiesers was egter van so 'n aard dat sy wél die 1954-naturelleverkiesing betwis het. Vóór die verkiesing het haar werklading selfs vermeerder toe sy as die leier van die LP verkies is. Ballinger se gestel kon egter nie onbepaald sulke straf verduur nie en sy het haar op mediese advies in 1953 drie maande van alle politieke

-----------------------

215 Onderhoud met J. Basson, 12 Desember 1986; Korrespondensie met G. Hughes, 29 Julie 1987; sir De Villiers Graaff, 29 Augustus 1986; Korrespondensie met mev. J.M. Stuart, skoondogter van W.H. Stuart, 23 April 1989.

216 UNISA/Waring-versameling, 20.11: A. Barlow aan J. Waring, 23 Junie 1953.

217 UW/Ballinger, B2.8.19: M. Ballinger aan M.T. Soga, 16 Julie 1948.

218 Ibid., B2.5.25 (Lêer 3): M. Ballinger aan E. Hellman, 6 Februarie 1951.

219 Ibid., B2.5.18: M. Ballinger aan C.A.W. Sigila, 21 Julie 1949.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aktiwiteite onttrek.[220] Haar groot werklas was ook 'n rede waarom sy die LP se leierskap neergelê het (kyk p. 241).

Lee-Warden en Stanford se verkiesing het die druk op Ballinger verlig, maar hierdie situasie het nie lank geduur nie. In 1956 is Lee-Warden op 'n aanklag van hoogverraad gearresteer en hy was een van die aangeklaagdes tydens die bekende hoogverraadsaak van 1956-1961. Die gevolg hiervan was dat hy gedurende die volgende twee sittings, tot die saak teen hom teruggetrek is, nie sy parlementêre pligte kon nakom nie. Dit het 'n groter werklas vir Ballinger en Stanford tot gevolg gehad.[221] Met Lee-Warden terug in die span het 'n groter terugslag Ballinger getref toe Stanford teen die einde van 1959 by die PP aangesluit het.[222] Ballinger het alles in haar vermoë gedoen om Stanford van standpunt te laat verander, maar hy was vasbeslote om by die party aan te sluit.[223] Ballinger was seergemaak deur Stanford se defeksie en dit was 'n belangrike rede vir haar afsydige houding teenoor die PP.[224]

Die praktiese gevolg van Stanford se defeksie was dat Ballinger sy hulp met die ontleding van wetsontwerpe moes ontbeer. Hoe swaar dit haar wel getref het, blyk uit 'n brief aan J. Unterhalter:

> "I am very much alone on the job now, and have to rely on my knowledge and initiative and both are strained to the utmost."[225]

------------------------

220 *Ibid*., C2.7.3 Lêer 4): W.G. Ballinger aan A.Z. Tshiwula, 4 Desember 1953; Universiteit van die Witwatersrand/Liberal Party records, Mikrofilm rol 3 (hierna slegs UW/LP): W.G. Ballinger aan mev. J. Boerne, 24 Oktober 1953.

221 Onderhoud met L.B. Lee-Warden, 15 Desember 1986.

222 UK/V.M.L. Ballinger, D5.5: W. Stanford aan M. Ballinger, 8 Desember 1959.

223 *Ibid*., A2.13: Dagboek, 6 Desember 1959.

224 Onderhoude met Z. de Beer, 22 September 1986; Lee-Warden, 15 Desember 1986; W. Stanford, 17 Desember 1986.

225 UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 4): M. Ballinger aan J. Unterhalter, 5 April 1960.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hierdie isolasie van Ballinger is vererger toe Leslie Rubin in Januarie 1960 as Senatòr bedank het om 'n akademiese pos in Ghana te aanvaar.[226] Dit het daartoe bygedra om haar laaste sitting nog neerdrukkender te maak.

Nieteenstaande hierdie uiters moeilike werkomstandighede het sy tog daarin geslaag om haar reputasie as 'n briljante parlementariër te handhaaf. Jare ná sy die parlementêre toneel verlaat het, het sir De Villiers Graaff hom soos volg oor haar uitgelaat:

> "... someone whom I thought to be possibly the finest parliamentarian of my 30 years."[227]

Helen Suzman het ook na haar as die mees bekwame LV verwys waarmee sy in haar meer as 35 jaar in die Volksraad te doen gehad het.[228] A. de Villiers, voormalige parlementêre sekretaris, het ná 41 jaar van diens vir Ballinger as een van die bekwaamste parlementslede in die opposisiegeledere beskou.[229]

Die grootste kompliment vir Ballinger was egter van die twee kleurryke politieke veterane, Paul Sauer en Arthur Barlow, afkomstig. Op hul kenmerkende reguit manier het die twee aangevoer dat buiten Ballinger nie 'n enkele vroue-LV haar plek in die Volksraad regverdig het nie.[230]

Sy het eweneens haar reputasie gehandhaaf as een van die sprekers na wie die Volksraad geluister het. Wennie du Plessis, voor-

------------------------

226 UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 4): Liberal Party Cape Division News, nr. 30, Desember 1959-Januarie 1960.

227 Korrespondensie met sir De Villiers Graaff, 29 Augustus 1986.

228 Telefoniese onderhoud met H. Suzman, 9 Januarie 1989.

229 A. Botha: Waarnemer van die geskiedenis, (De Kat, Februarie 1989), p. 64.

230 The Cape Argus, 26 Februarie 1956 (Mr Sauer dines with business woman); A. Barlow: That we may tread safely, p. 133.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

malige LV vir Standerton, het dit as deel van 'n politikus se politieke opvoeding beskryf om na haar te luister.[231] Selfs haar aartsvyand, dr. Verwoerd, het erken dat sy 'n uitstaande debatteerder was.[232] Haar briljante toesprake was egter steeds 'n bron van frustrasie vir Ballinger aangesien dit geen invloed op regeringsbeleid uitgeoefen het nie. Oor hierdie soort situasie het G.H. Nicholls as 'n veteraan-politikus hom soos volg uitgelaat:

> "Ninety-eight percent of all the speeches ever made in all parliaments of the world have as much value as a snowball. Acts and votes, not words, determine the destiny of man: and to talk without the means or the influence to ensure action is love's labour lost."[233]

Dit was egter as 'n gesoute politikus en vegter dat Ballinger haar onderskei het. Die NP se onverdraagsame houding teenoor enige liberale opposisie het tot gevolg gehad dat daar 'n georkestreerde veldtog van tussenwerpsels teen haar in die "kombuis" was. Ballinger se bank was direk langs dié van die NP se agterbankers geleë. Haar toesprake is deurentyd vanuit hulle geledere met sinnelose tussenwerpsels soos "mau-mau", "wat is die punt" of "Boerehater" onderbreek.[234] Omdat die "kombuis" in die verste hoek van die Raadsaal geleë was, kon die Speaker gewoonlik nie die tussenwerpsels hoor nie. Gevolglik het Ballinger weinig beskerming van die Speaker geniet.[235] Sy het dit egter nie net gelate aanvaar nie, maar dit net so goed uitgedeel as wat sy ontvang het.[236] Die gevolg was 'n volskaalse tussenwerpseloorlog in die "kombuis" tussen Ballinger en die NP.

------------------------

231 Onderhoud met W. du Plessis, 4 Desember 1986.

232 House of Assembly debates, 20 Mei 1959, kol. 6239.

233 G.H. Nicholls: South Africa in my time, p. 125.

234 House of Assembly debates, 25 Mei 1954, kol. 5618, 5622, 5636; The Star, 22 Januarie 1958, (Second amendment to motion of censure).

235 M. Ballinger: From union to apartheid, pp. 261-262.

236 Onderhoude met L.B. Lee-Warden, 15 Desember 1986; J. Basson, 12 Desember 1986; The Star, 31 Mei 1956, (Mrs Ballinger got some of her own back).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ballinger het ook by geleentheid die NP in 'n groot verleentheid gedompel deur dié party te laat verslaan in 'n stemming oor 'n amendement wat sy ingedien het. Dit het op 19 Mei 1949 gebeur, toe sy in 'n amendement voorgestel het dat min. E.G. Jansen se ministeriële salaris weens sy onbekwaamheid met £2 000 ingekort moes word. Die amendement is met 57 stemme teenoor 53 aanvaar aangesien 'n aantal NP-lede onder leiding van min. Ben Schoeman met 'n vergadering in 'n komiteekamer besig was en nie die stemmingsklokke gehoor het nie. Alhoewel Jansen se salaris later ten volle herstel is, het dit die NP-lede met rooi gesigte gelaat. Verder het dit enorme plesier aan Ballinger verskaf:

> "... provided me with one of the few moments of complete satisfaction I experienced in the course of my Parliamentary life."[237]

Nieteenstaande die heftige stryd tussen Ballinger en die NP het die party die hoogste agting vir haar eerlikheid, integriteit, moed en waardige optrede in die Volksraad gehad.[238] Japie Basson, NP-LV vir Namib, het sy bewondering soos volg uitgedruk:

> "... the hon. member for Cape Eastern ...., has distinguished herself as a parliamentarian of the highest order. I class her amongst the outstanding members with whom I have sat in this House."[239]

Die Burger, as die mondstuk van die NP, het dieselfde sentiment geuiter:

> "Mrs Ballinger has for more than 20 years defended a bad case in an excellent manner in the House of Assembly. In doing so she has with justification earned the reputation of being a first-class parliamentarian."[240]

-----------------------

237 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 224; B. Schoeman: My lewe in die politiek, pp. 166-167.

238 House of Assembly debates, 9 Februarie 1955, kol. 839; J. Botha: Verwoerd is dead, p. 47; Telefoniese onderhoud met H. Martins, 6 Augustus 1986.

239 House of Assembly debates, 19 Mei 1959, kol. 6173.

240 Aangehaal in ibid., kol. 6174.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Alhoewel Ballinger 'n gerespekteerde parlementariër was, was sy nooit bemind of populêr nie. Dit was weens haar teruggetrokke geaardheid, wat haar 'n afsydige houding kon laat inneem. Talle LV's, veral van die NP, het dit as norsheid of suurheid van haar kant geïnterpreteer.[241] Daarteenoor was die gemoedelike Sam Kahn, ongeag sy kommunisme, selfs onder die NP-lede populêr.[242] Die enigste LV wat Ballinger wel kon laat ontdooi, was die NP-LV vir Kroonstad, Andries Steyn. Steyn was saam met Ballinger in die Mielieraad en ook 'n lid van die "kombuis". Hier was Ballinger, ofte wel Gertie, soos hy haar genoem het, sy geliefkoosde teiken met tussenwerpsels. Hy het dan ook daarin geslaag om haar lewe behoorlik te versuur. Tog was hul vriendskap van so 'n aard dat hulle onmiddellik ná 'n debat waar die vonke gespat het, 'n drankie saam kon geniet. Ballinger se opregte gehegtheid aan Steyn blyk uit haar sekondering van die mosie van roubeklag met sy afsterwe. Die Burger se 'n politieke rubriekskrywer, Dawie, het met groot waardering na haar toespraak as 'n fyn vertoning verwys.[243]

## 1960 - Die jaar van onrus

Ballinger se laaste parlementêre sitting in 1960 kan as die ongelukkigste jaar van haar politieke loopbaan beskou word. Aan V.G. Fenner-Solomon, 'n voormalige VP-LV, het sy haar soos volg daaroor uitgelaat:

> "... a particularly beastly session. Perhaps I shall enjoy being out of it after all."[244]

-----------------------

241 Onderhoude met F. Barnard, 2 Junie 1980; W. du Plessis, 4 Desember 1986; M.C. Botha, 4 Desember 1986; Telefoniese onderhoud met mev. J. Waring, 1 Augustus 1988.

242 Onderhoud met W. du Plessis, 4 Desember 1986; R. Segal: Political Africa, pp. 118-119; The Cape Times, 1 September 1987, (Fun loving politician).

243 House of Assembly debates, 21 Januarie 1955, kol. 13; Onderhoud met J. Steytler, 30 Desember 1986; Die Burger, 22 Januarie 1955, (Uit my politieke pen).

244 UW/Ballinger, B2.16.1 (Lêer 4): M. Ballinger aan V.G. Fenner-Solomon, 23 Mei 1960.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hierdie gemoedstoestand was die gevolg van die bloedvergieting by Sharpeville en Langa,[245] toe die polisie op swart skares losgebrand het, en die daaropvolgende noodtoestand waartydens talle van haar vriende sonder verhoor aangehou is. Aansluitend daarby is die ANC en die PAC tot verbode organisasies verklaar. Volgens Ballinger was die verbanning van die ANC en die afkondiging van 'n noodtoestand die mees tragiese gebeurtenis van haar politieke loopbaan.[246] Dat haar jarelange waarskuwings dat segregasie of apartheid geen sekuriteit vir die blanke ingehou het nie, korrek bewys is,[247] het egter geen genot aan Ballinger verskaf nie.

> "There is no joy in being like Cassandra, fortelling that tragedy will occur and then seeing it realized."[248]

In werklikheid was die gebeure van 1960 eerder 'n aanduiding vir Ballinger dat sy in haar parlementêre doelwitte misluk het, veral in haar doelwit om deur middel van die Volksraad haar mede-LV's, as verteenwoordigers van blanke Suid-Afrika, te oortuig om van segregasie afstand te doen. In 1960 het 'n ontnugterde Ballinger die handdoek ingegooi:

> "... you cannot teach them any sense. I no longer have foolish ambitions of that kind."[249]

Hoe onsuksesvol hierdie oorredingsbenadering van Ballinger was, blyk uit haar laaste private mosie op 4 Maart 1960. Hierin het sy versoek dat die passtelsel afgeskaf moes word. Tydens die debat, waarin die NP die mosie ten sterkste geopponeer het, was

-----------------------

245 Rand Daily Mail, 31 Maart 1960, (Most tragic day I have known); House of Assembly debates, 30 Maart 1960, kol. 4370.

246 UK/V.M.L. Ballinger, B2.13: Dagboek, 23 Maart 1960.

247 M. Ballinger: South Africa's crisis year, (African World, Augustus 1960).

248 House of Assembly debates, 22 Maart 1960, kol. 3862.

249 Ibid., 25 April 1960, kol. 5954.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

slegs 34 LV's teenwoordig en nie 'n enkele kabinetslid nie.[250] In hierdie mosie het Ballinger aangevoer dat die gebruik van passe slegs swart weersin uitgelok het en dus verhoogde rassespanning tot gevolg gehad het. Die stelsel moes afgeskaf word.[251]

Hierdie waarskuwing het soos al haar ander weer eens op dowe ore geval. M.J. van den Berg, NP-LV vir Krugersdorp, se reaksie namens sy party op haar mosie was eenvoudig dat passe nie meer bestaan nie en dat Ballinger slegs Suid-Afrika in die buiteland wou beswadder.[252] Ironies genoeg het die swart protesveldtog teen die passtelsel slegs 17 dae later in die bloedvergieting by Sharpeville geëindig. H. Martins, NP-LV vir Wakkerstroom, het daarop die swart agitasie teen passe aan Ballinger se mosie toegeskryf omdat dit, na bewering, agitators van ammunisie voorsien het.[253]

Aan die hand van hierdie mosie en die reaksie daarop was Ballinger se wanhoop en mismoedigheid met haar parlementêre loopbaan verstaanbaar. Alles waarvoor sy haar beywer het, is verydel. In plaas daarvan dat Suid-Afrika nader aan 'n volwaardige veelrassige demokrasie beweeg het, het segregasie sy hoogtepunt met apartheid, veiligheidswetgewing en 'n noodtoestand bereik. Aansluitend daarby het die anti-blanke gevoel in die swart gemeenskap gevaarlike afmetings aangeneem. Hierdie houding het ook vir Ballinger gegeld, wat in 1960 deur die oorgrote meerderheid swartes as hul verteenwoordiger verwerp is. Die gebeure van 1960 was ook 'n finale aanduiding vir Ballinger dat die noordelike konserwatisme die uiteindelike oorwinning oor die suidelike liberalisme behaal het.[254] Dit was ook simbolies dat Ballinger se verwydering uit die Parlement, kragtens die <u>Wet op die Bevordering van Bantoe-Selfbestuur</u>, saamgeval het met die verbanning van die

-----------------------

250 <u>The Cape Argus</u>, 4 Maart 1960, (Pass system bitterly resented by natives, Assembly is told).

251 House of Assembly debates, 4 Maart 1960, kol. 2724.

252 <u>The Cape Times</u>, 5 Maart 1960, (When is a pass not a pass? Nat MP's know).

253 House of Assembly debates, 18 Mei 1960, kol. 8040.

254 <u>The Cape Argus</u>, 19 Mei 1960, (Liberal spirit conquered, says Mrs Ballinger).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ANC en die aanhouding sonder verhoor van Calata op wie se aandrang sy in die politiek betrokke geraak het.

Ballinger se frustrasie en woede met die politieke situasie in Suid-Afrika het duidelik uit haar afskeidswoorde aan die Volksraad geblyk. Heel gepas was dit tydens haar kritiek teen die verlenging van die noodtoestandregulasies. In haar toespraak het sy die NP daarop gewys dat die onrus die gevolg van die party se rassebeleid was. Verder het sy die NP weens sy onverdraagsaamheid teenoor enige opposisie en die party se gevoellose houding teenoor politieke aangehoudenes veroordeel.[255] Sy het haar parlementêre loopbaan met 'n waarskuwing afgesluit:

> "... we can be what we were destined to be, that is the real leading light on this African Continent and the saviours of Western Christian civilization in any conflict between it and any non-Christian and non-Western civilized force. That is the challenge, and that is the challenge we have got to meet. If we don't meet it, we go down; we deny ourselves, we deny our own destiny, and we betray Western Christian civilization, and probably the balance of the whole world in the process."[256]

Hoe treffend Ballinger se afskeidsrede was, blyk uit 'n nota van Harry Lawrence, veteraan-PP-voorbanker vir Soutrivier, aan haar:

> "Yours was a moving and memorable speech which I shall not forget. And I must confess, on realising that it was a valedictory message too, that it brought more than one tear to the eyes of this hard-bitten politician."[257]

Ná haar toespraak het sir De Villiers Graaff en Jan Steytler namens hul onderskeie partye[258] met groot lof van haar afskeid geneem. Dit was egter Harry Lawrence wat talle LV's se gevoel teenoor Ballinger weerspieël het:

------------------------

255 House of Assembly debates, 18 Mei 1960, kol. 8025-8030.

256 House of Assembly debates, 18 Mei 1960, kol. 8032.

257 UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 8): Nota aan Ballinger, 18 Mei 1960.

258 House of Assembly debates, 18 Mei 1960, kol. 8147.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

> "... her name will be remembered long after some of us have passed from the scene and our memories have faded from the public mind. She is the embodiment of courage, of that spirit which resolutely refuses to be thwarted by threats and by cheap jibes. If I may say so this afternoon, Madam, on this dying day of this Session, I say: 'I salute you ...'."[259]

Van die NP was daar egter net 'n ongemaklike stilte. De Wet Nel, Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling, het darem erken dat sy waardevolle bydraes gemaak het.[260] L.J.C. Bootha, LV vir Rustenburg, het haar egter nog vir oulaas vir die onrus in Suid-Afrika verantwoordelik gehou.[261] Uit die openbare oog, in die wandelgange, het NP-lede soos J.S. Labuschagne, LV vir Vryburg, F.C. Erasmus, Minister van Justisie, en Tom Naude, Minister van Binnelandse Sake, wel van haar afskeid geneem.[262]

Buite die Parlement het die Engelstalige pers sy bewondering en waardering aan Ballinger in artikels en redaksionele kommentaar oor haar loopbaan uitgespreek. Die Cape Argus het haar verwydering uit die Volksraad byvoorbeeld beskryf met die woorde: "A light goes out of Parliament".[263] Van die SAIR het Ballinger weer 'n oorkonde vir haar dienste ontvang.[264] Sy het ook 'n groot aantal briewe van gelukwense en bedankings van blankes ontvang, maar tot haar teleurstelling weinig van haar eie kiesers van wie sy vervreemd geraak het. Hierdie verwydering van haar kiesers het Ballinger se gedwonge uittrede en gevoel van mislukking vererger.

-----------------------

259 Ibid., 20 Mei 1960, kol. 8321.

260 Ibid.,27 Mei 1960, kol. 8169.


261 Ibid., 19 Mei 1960, kol. 8203.

262 UK/Ballinger, A2.13: Dagboek, 18 en 25 Mei 1960.

263 The Cape Argus, 23 Mei 1960, (A light goes out of Parliament).

264 Rand Daily Mail, 28 Julie 1960, (Mrs Ballinger to be honoured).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



It is a good thing Mrs Ballinger is going,
She's a whole parliamentary team in herself.
(The Cape Argus, 30 Januarie 1959.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ballinger se gedwonge uittrede was 'n traumatiese ervaring vir haar. Meer as 20 jaar was die Parlement die spil waarom haar lewe gedraai het. Sy was geheg aan die Volksraad met sy tradisies en sy het die opwinding en die gevoel dat sy midde-in die geskiedenisproses was, geniet.[265] Met die Wet op die Bevordering van Bantoe-Selfbestuur het hierdie belangrikste gedeelte van haar lewe tot 'n einde gekom. Wat Ballinger veral gefrustreer het, was die besef dat daar geen moontlikheid was dat sy na die Volksraad kon terugkeer nie.[266] Daar was byvoorbeeld geen moontlikheid dat die LP ooit 'n blanke setel sou kon verower nie. In werklikheid het die party teen dié tyd sy rug op parlementêre aktiwiteite gedraai.

G.D. Pretorius, 'n NP-ondersteuner, maar ook 'n bewonderaar van Ballinger, het aanbeveel dat sy by die VP moes aansluit om sodoende 'n moontlike terugkeer na die Parlement te maak.[267] Ballinger se lojaliteit aan die LP, asook die verskille tussen haar en die VP het so iets egter onmoontlik gemaak. Haar gretigheid om na die Parlement terug te keer, was egter alombekend en dit was moontlik die oorsprong van die gerug dat sy by die VP sou aansluit. Hierdie gerug is verder aangemoedig deur Moore se pogings om haar as kompromis-kandidaat van die PP en die VP as 'n Kaapse Senator verkies te kry.[268] Volgens Helen Suzman was Ballinger entoesiasties oor Moore se plan,[269] maar in haar dagboek het Ballinger haar skepties daaroor uitgespreek.[270] Daar het dus niks van Moore se plan gekom nie en Ballinger het die Volksraad permanent op 20 Mei 1960 as 'n teleurgestelde en terneergedrukte persoon verlaat.

-----------------------

265 Eastern Province Herald, 20 Mei 1960, (Segregation always injustice, says MP); Sunday Tribune, 15 Mei 1960, (Even the Nats take off their hats to her).

266 UK/V.M.L. Ballinger, A2.13: Dagboek, 29 Desember 1959.

267 UW/Ballinger, B2.16.1 (Lêer 3): G.D. Pretorius aan M. Ballinger, 20 Mei 1959.


268 UK/V.M.L. Ballinger, A2.13: Dagboek, 28 Februarie 1960.

269 Telefoniese onderhoud met H. Suzman, 9 Januarie 1989.

270 UK/V.M.L. Ballinger, A2.13: Dagboek, 28 Februarie 1960.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

WHEN BALLINGER GOES By Bob Connolly




(Rand Daily Mail, 16 Mei 1960.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Samevatting**

Die jare tussen 1948 en 1960 was die moeilikste tydperk van Ballinger se politieke loopbaan toe sy 'n eensame en wanhopige stryd teen apartheid gevoer het. Wat dit veral moeilik gemaak het, was dat sy onder drasties veranderde omstandighede werksaam was. In teenstelling met die VP was daar onder 'n NP-bewind geen moontlikheid dat sy iets positiefs vir haar kiesers kon bereik nie. Tot 1960 het sy bly hoop dat indien sy met onweerlegbare bewyse kon aantoon dat die apartheidsfilosofie onuitvoerbaar was, die blankes dit sou verwerp. Dit het egter nooit gebeur nie. Edgar Brookes het in sy kritiek op Macmillan en Ballinger se ekonomiese benadering tereg daarop gewys dat die blankes irrasioneel was wanneer dit by rasseaangeleenthede gekom het. In sy drang na oorlewing was die blanke nie bereid om logiese en beredeneerde argumente te aanvaar nie. Haar taak is verder bemoeilik deur die feit dat die meerderheid blankes geglo het dat Verwoerd se beleid van afsonderlike ontwikkeling die oplossing vir Suid-Afrika se rassevraagstuk was. Teen 1960 moes Ballinger erken dat sy in haar taak gefaal het en dat haar drome van 'n demokratiese Suid-Afrika verydel is.

Nie net het Ballinger se parlementêre benadering misluk nie, maar dit het haar ook van haar kiesers vervreem wat dit as té konserwatief veroordeel het. Veral haar klem op die beginsel van 'n gekwalifiseerde stemreg was onaanvaarbaar. Ballinger was bewus van die swart drang na onmiddellike swart regte en het dus nie meer self aangetoon hoe Suid-Afrika in 'n demokrasie omskep kon word nie. Slegs deur 'n proses van onderhandeling met swart leiers kon 'n oplossing vir Suid-Afrika se probleme gevind word. Sy het eerder haar aandag daarop toegespits om die bedreigde beginsels van liberalisme te verdedig.

Hierdie stryd namens die beginsels van liberalisme het egter nie haar vervreemding van die Suid-Afrikaanse liberale "establishment" gestuit nie. Persoonlikheidsverskille, maar veral beginselverskille oor buite-parlementêre aktiwiteite en algemene stemreg het haar van die LP vervreem, terwyl afgunstigheid aan haar kant

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die PP van haar gedistansieer het. Ballinger se neerslagtigheid teen 1960 was dus nie net die gevolg van die verydeling van haar politieke ideale nie, maar ook van haar persoonlike en politieke isolasie.

Alhoewel Ballinger se eie persepsie van haar laaste parlementêre jare dié van teleurstelling was, was dit tog een van die hoogtepunte van haar politieke loopbaan. Dit regverdig beslis nie net 'n voetnota in die geskiedenis, soos aangevoer deur dr. Phyllis Lewsen, die historikus en persoonlike vriendin van Ballinger nie.[271] Alhoewel sy nie meer soos onder 'n VP-bewind iets positiefs vir haar kiesers kon vermag nie, het sy haar wél as een van die weinige LV's onderskei wat apartheid en die gepaardgaande toename in staatsgesag ten koste van die individu se regte, ongekwalifiseerd geopponeer het. In hierdie tydperk het sy as die gewete van die Volksraad gedien en die sukkelende vlam van Suid-Afrikaanse liberalisme aan die lewe gehou.

------------------------

271 Onderhoud met dr. P. Lewsen, 1 September 1986.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# HOOFSTUK VII
# DIE TEëSINNIGE LEIER : MARGARET BALLINGER EN DIE LIBERALE PARTY VAN SUID-AFRIKA

Vandag word Margaret Ballinger hoofsaaklik onthou vir haar kort termyn as leier van die LP, terwyl haar briljante jarelange stryd as 'n naturelleverteenwoordiger in die vergetelheid verdwyn het. Dit is 'n ironiese situasie. Sy het die stigting van die party geopponeer, is gedwing om die leier te word en haar verhouding met die LP was stormagtig. Ballinger het self haar leierskap as een van die ongelukkigste fases van haar lewe en 'n laagtepunt in haar politieke loopbaan beskou.

## Ballinger se stormagtige termyn as leier

Nieteenstaande Ballinger se reeds gemelde teenkanting teen die stigting van die LP is sy gedwing om die leierskap te aanvaar aangesien dit as noodsaaklik vir die lewensvatbaarheid van die nuwe party beskou is. Ballinger se leierskap het egter nooit aan die hoë verwagtinge voldoen nie en sy het haar leierskapsrol as 'n swaar las beskou waarvan sy so vinnig moontlik ontslae wou raak. Selfs om net lid van 'n party te wees, was vir haar ná jare as 'n onafhanklike 'n moeilike aanpassing. Sy het dit veral moeilik gevind dat partykongresse aan haar wou voorskryf wat sy moes doen.[1] Verder het sy as leier dit moeilik gevind om verantwoordelikheid te aanvaar vir die optrede van persone wat sy nie persoonlik geken het nie.[2] Sy het dit ook swaar gevind om haar wil op ander af te dwing. Dit was 'n noodlottige swakheid aangesien die LP in sy beginjare 'n sterk leier nodig gehad het weens permanente binnegevegte wat die party lamgelê het. Dit was die gevolg van die verskillende standpunte binne die party oor die stemregkwalifikasies en buite-parlementêre aktiwiteite.

------------------------

1 UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 2): O.D. Wollheim aan provinsiale voorsitters, 26 November 1954.

2 UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 1): M. Rodger aan M. Ballinger, 20 Mei 1953.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dit het aanleiding gegee tot 'n vurige stryd tussen die Transvaalse liberale, of die sogenaamde radikales, en die Kaapse liberale, ofte wel die gematigdes. Die gematigdes was voorstanders van gekwalifiseerde stemreg en parlementêre aktiwiteite, terwyl die radikales sterk voorstanders van algemene stemreg en buiteparlementêre aktiwiteite was.[3] Ballinger het tweedrag hieroor probeer voorkom deur die party te versoek om eers die organisatoriese struktuur en partyfondse te stabiliseer vóór daar op hierdie fundamentele verskille gekonsentreer word.[4] Die LP moes hom dus langsaam haas en eers 'n vaste fondament lê. Hierdie advies is geïgnoreer en alle aandag is op die verskille in die party toegespits. Vir Ballinger was dit 'n moeilike situasie aangesien sy emosioneel in die twis betrokke was. In terme van die ou Kaapse Liberale tradisie het sy gevoel dat stemreg nie 'n reg was nie, maar 'n voorreg waarvoor aan sekere kwalifikasies voldoen moes word. Sy was dus 'n sterk voorstander van gekwalifiseerde stemreg en van stadige en stelselmatige hervorming om 'n veelrassige en demokratiese Suid-Afrika te skep.

Tydens die eerste partykonferensie in Julie 1953 is gekwalifiseerde stemreg wel as die party se amptelike beleid aanvaar. Vir die jonger en meer radikale lede was dit onaanvaarbaar en hulle het hul aktief beywer vir algemene stemreg. Slegs 'n jaar later het hul wel in hulle doel geslaag toe die 1954-konferensie dit as amptelike beleid aanvaar het. Dit was egter 'n kompromisbesluit deurdat nie op onmiddellike algemene stemreg besluit is nie; daar sou eers 'n oorgangsfase van gekwalifiseerde stemreg wees.[5] Vir die gematigdes was dit te radikaal en sou hulle 'n jarelange veldtog begin om terug te keer na die beleid van gekwalifiseerde stemreg.[6] Ballinger, wat die konferensie weens gesondheidsredes nie kon bywoon nie, was ontsteld dat die kwessie

------------------------

3 A. Paton: Journey continued, p. 119.

4 UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 1): Toespraak van Ballinger by eerste LP-kongres, 1953.

5 UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 2): J. Boerne aan M. Ballinger, 16 Julie 1954.

6 UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 2): J. Boerne aan M. Ballinger, 16 Julie 1954.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

weer opgehaal is, maar was bereid om die kompromis te aanvaar. Vir haar was die resolusie aanvaarbaar aangesien dit nie vir onmiddellike algemene stemreg voorsiening gemaak het nie. Sy het aanvaar dat algemene stemreg uiteindelik onvermydelik sou wees.[7] Daarby wou sy nie te sterk standpunt inneem nie aangesien die 1954-naturelleverkiesing voorgelê het en dit haar in 'n moeilike posisie sou plaas as sy deur 'n ver-linkse kandidaat geopponeer sou word.[8] Om party-eenheid te bewaar het sy dit duidelik uitgestip dat sy die kompromis aanvaar. Gevolglik het sy die Kaapse gematigdes berispe oor hul onbereidwilligheid om die kongres se besluit te aanvaar.[9] Optimisties het sy verklaar dat die beginsels van liberalisme in hul leeftyd toegepas kon word, dus moes almal prakties ten opsigte van die stemregkwessie wees en bereid wees om in die belang van die LP kompromieë aan te gaan.[10]

Nie almal in die party was egter bereid om 'n kompromis aan te gaan nie en die 1954-kongres het nie die einde van die stemregtwis beteken nie. Talle van die radikales het hul steeds vir 'n algemene stemreg sonder enige oorgangsfase beywer. Dit was vir Ballinger onaanvaarbaar en sy het gedreig dat sy as leier sou bedank as onmiddellike algemene stemreg aanvaar sou word.[11] Tot en met die LP se aanvaarding van onmiddellike algemene stemreg in 1960 was sy 'n onverbiddelike opponent daarvan. Tydens openbare vergaderings en in die Volksraad het sy haar gereeld ten gunste van die beginsels van gekwalifiseerde stemreg uitgespreek.[12] Hierdie optrede het die radikales ontstel aangesien

-----------------------

7 UW/LP, rol 3: C.W.M. Gell aan M. Ballinger, 4 Mei 1954.

8 UW/LP, rol 5: Notule van 'n spesiale vergadering van die Kaapse Provinsiale Komitee (KPK), 14 Julie 1954.

9 Ibid., Notule van KPK, 27 Julie 1954.

10 Ibid., Notule van KPK, 15 Oktober 1954.

11 Ibid.

12 The Natal Witness, 31 Januarie 1957, (Liberals might require qualifications for vote); House of Assembly debates, 22 Februarie 1955, kol. 1537-1539.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dit as te konserwatief en as nadelig vir die LP beskou is. Dit het daartoe gelei dat sy toenemend onpopulêr onder hulle geword het. Die politieke pendule het dus 'n volle swaai ondergaan van die twintiger- en dertigerjare toe sy deur die meerderheid Suid-Afrikaanse liberale as té radikaal beskou is.

Ballinger se dalende populariteit in die LP moet ook gesien word teen die agtergrond van die verdeling in die party oor die LP se betrokkenheid by buite-parlementêre aktiwiteite. Die twis daaroor het sy ontstaan te wyte gehad aan haar en die gematigdes se standpunt dat die LP 'n konvensionele politieke party was wat steun onder die blankes moes verwerf om apartheid te opponeer. Die situasie in Suid-Afrika moes dus deur die parlementêre sisteem verander word. Volgens Ballinger en die gematigdes was daar niks fout met die parlementêre sisteem nie. Dit was eerder die VP wat in sy taak gefaal het. Deur die LP 'n gerespekteerde konvensionele party te hou, is ook gehoop om in geval van 'n skeuring in die VP die liberale element van hierdie party te lok.[13] Dit was ook in 'n poging om nie die blanke kieser van die party te vervreem nie dat die gematigdes algemene stemreg geopponeer het. Ballinger het altyd haar hoop daarop gevestig dat die NP by die stembus verslaan sou word.[14] Al was die LP 'n veelrassige party het Ballinger haar fokus slegs op die blanke geplaas. Hieroor het Paton hom soos volg uitgelaat:

> "... they [Molteno en Ballinger] wanted to fight for the rights of all men and women, but they were not particularly desirous of having all men and women join them in the fight."[15]

Vir die meer radikale lede was dit weer duidelik dat die LP nooit by die stembus sukses sou behaal nie. Apartheid sou die

------------------------

13 J. Butler, R. Elphick, D. Welsh (reds): <u>Democratic liberalism in South Africa. Its history and prospect</u>, pp. 120-121.

14 UW/Ballinger, F3.6: Notule van SALA-vergadering, 8/9 Mei 1953.

15 A. Paton: <u>Journey continued</u>, p. 121.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

effektiefste deur buite-parlementêre aktiwiteite geopponeer kon word. Dit kon ook net geskied as die party hom op swart steun sou toespits. Om hierdie rede is die beginsel van algemene stemreg deur die radikales so sterk aangehang.

Vir Ballinger was buite-parlementêre aktiwiteite egter onaanvaarbaar weens haar vrees dat dit tot onkonstitusionele optrede aanleiding kon gee. Haar afkeer moet teen die agtergrond van haar vrees vir kommunistiese infiltrasie gesien word, wat aan paranoia gegrens het. Haar eerste stap as leier was byvoorbeeld om daarop aan te dring dat alle nuwe lede se vorige politieke affiliasies ondersoek moes word. Sodoende kon ver-linkses uit die party geweer word.[16] Sy was agterdogtig en antagonisties teenoor die jonger en radikaler lede van die party wat weinig geduld gehad het met die ou Kaapse liberalisme. Sy het hul aktiwiteite as nadelig vir die LP beskou.[17] Hul veldtog vir buite-parlementêre aktiwiteite en algemene stemreg is ook deur haar geïnterpreteer as 'n poging van die ver-linkses om die gematigdes uit die party te dryf. Om hierdie rede was sy agterdogtig teenoor die radikales se pogings om swartes vir die party te werf. Vir haar en die gematigdes was dit 'n moontlike taktiek van die radikales om met behulp van die swartes as 'n blokstem beheer oor die LP te verkry. (Dat die jonger liberale slegs toegepas het wat sy in die twintiger- en dertigerjare gepropageer het, naamlik om swart opposisie teen blanke oorheersing te mobiliseer, het haar ontgaan.) Dit wou sy voorkom deur sterk standpunt teen hul aktiwiteite in te neem. Hierdie houding is deur Hope Pittman, 'n vertroueling van Ballinger, soos volg saamgevat:

> "... by taking this stand we may be able to get rid of the communist gang and go forward without all this dissension."[18]

-----------------------

16 UW/Ballinger, F3.6: Notule van SALA-vergadering, 8/9 Mei 1953.

17 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 403.

18 UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 2): H. Pittman aan M. Ballinger, 16 Julie 1954.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Weens haar status as Suid-Afrika se bekendste liberaal en kampvegter vir die onderdruktes kon sy egter nie openlik standpunt inneem teen die werwing van swart lede nie.[19] Wat Ballinger nie besef het nie, was dat die radikales ook vurige anti-kommuniste was en dat hulle juis die LP wou aanwend om die invloed van kommunisme in die swart gemeenskap teë te werk.[20]

Die jonger en radikale lede het weer op hul beurt toenemend ongeduldig geword[21] met Ballinger se onverdraagsame, afsydige en arrogante houding teenoor hulle. Verder het hulle haar konserwatisme as 'n struikelblok en as 'n verleentheid vir die party se vooruitgang gesien. Dit was byvoorbeeld deur die toedoen van die gematigde faksie onder Ballinger se leiding dat die LP die kardinale fout begaan het om die Congress of the People, 'n massabyeenkoms om 'n vryheidsmanifes vir Suid-Afrika op te stel, te boikot.[22] Die gevolg hiervan was dat dit die LP se verhouding met die ANC gestrem het. Buiten haar leierskap het die radikales ook haar optrede in die Volksraad as te konserwatief begin kritiseer. Hierdie tipe kritiek van 'n jonger generasie wat haar bona fides as 'n liberaal betwyfel het, het Ballinger seergemaak en heftig ontstel. Dat sy ná jare van slegs lof vir haar parlementêre optrede deur haar eie party gekritiseer moes word, was vir haar onbegryplik.[23] Dit het slegs daartoe bygedra om die verwydering tussen haar en die radikales te vergroot. Hierdie voortdurende twis met die radikales het Ballinger emosioneel afgerem en sy het in Oktober 1955 besluit om as leier te bedank.

------------------------

19 A. Paton: Journey continued, p. 135.

20 D. Everatt: "Frankly frightened": The Liberal Party and the Congress of the People, (Paper delivered at the Institute for Social and Economic Research, Rhodes University, 14 April 1987).

21 Korrespondensie met P. Brown, 11 September 1986; A. Paton, 22 Augustus 1986.

22 D. Everatt: "Frankly frightened": The Liberal Party and the Congress of the People.

23 UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 3): O.D. Wollheim aan M. Ballinger, 8 Julie 1955; UW/LP, rol 3: M. Ballinger aan O.D. Wollheim, 3 Julie 1955; UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 1): M. Ballinger aan J. Isacowitz, 10 Augustus 1953.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die verdeeldheid in die party was nie die enigste rede vir haar besluit om te bedank nie. Talle redes kan aangevoer word waarom die leierskap vir haar 'n las geword het. So, byvoorbeeld, het haar leierskap haar blootgestel aan kritiek uit die ver-linkse blanke geledere. As 'n onafhanklike en as 'n populêre persoon in die swart gemeenskap weens haar aktiwiteit as 'n naturelleverteenwoordiger het sy immuniteit geniet teen kritiek uit hierdie oord. Nou het sy hierdie immuniteit verbeur en is sy byvoorbeeld deur die COD aangeval.[24] Dit het ook haar samewerking met die VP in die Volksraad versuur omdat die LP 'n kritiese houding teenoor die amptelike opposisie ingeneem het. Haar leierskap het die NP ook van verdere skietgoed voorsien in hul poging om die naturelleverteenwoordigers te verwyder. Dit het die NP se argument gestaaf dat die naturelleverteenwoordigers nie die swarte se belange verteenwoordig nie.[25] Dit was ook 'n beswaar wat talle swartes teen haar lidmaatskap van die LP aangevoer het.[26] In 'n klaarblyklike poging om hierdie vorm van kritiek te vermy, het Ballinger en haar man hulle in die naturelleverkiesing van 1954 as onafhanklikes verkiesbaar gestel. Daarteenoor het Walter Stanford, Leslie Rubin en Jimmy Gibson hulle wel as kandidate van die LP beskikbaar gestel. Die Ballingers het ook gevrees dat 'n amptelike LP-kandidatuur ver-linkse opponente kon uitlok.[27] Ballinger se onafhanklike kandidatuur was egter ook 'n aanduiding van die gespanne verhouding tussen haar en die LP. Daardeur het sy aangedui dat sy haar nie as gebind deur partybelange beskou het nie en dat haar eerste verpligting by haar swart kiesers gelê het. Vir LP-ondersteuners was dit egter ontstellend en onverklaarbaar dat die leier van 'n party haar nie as 'n kandidaat van haar eie party verkiesbaar wou stel nie. Die

------------------------

24 Liberal News, 26 Februarie 1954, ("Advance" in retreat).

25 House of Assembly debates, 2 Junie 1959, kol. 7145.

26 The World, 16 Februarie 1957, (Parliament needs Africans); UW/Ballinger, B2.5.27: B.B. Mdledle aan M. Ballinger, 15 Mei 1959.

27 UW/Ballinger, C2.4: W.G. Ballinger aan C.W.M. Gell, 16 Augustus 1944.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gevolg hiervan was 'n verdere vervreemding tussen haar en die radikales in die party. Hoe onpopulêr die Ballingers in hierdie tydperk was, blyk uit die radikales se steun aan Duncan se gepoogde kandidatuur teen William. Amptelik het die Transvaalse komitee teensinnig sy steun aan William toegesê omdat hulle 'n skeuring in die party wou voorkom, maar hul simpatie was by Duncan geleë.[28] Soos reeds gemeld was William uiters gelukkig dat Duncan hom weens gesondheidsredes aan die verkiesing moes onttrek aangesien daar 'n sterk moontlikheid was dat hy verslaan sou word.

'n Verdere stremming in Ballinger se verhouding met die LP was die feit dat haar vrese dat die party nooit meer as 'n oneffektiewe splintergroep sou wees, bewaarheid is. Dit is deur die LP se eerste vertoning by die stembus bevestig. In die Natalse provinsiale verkiesing van 1954 het drie LP-kandidate saam slegs 'n skamele 385 stemme op hul verenig.[29] In daaropvolgende verkiesings het die LP net so swak gevaar.

Ballinger se grootste beswaar teen haar leierskapsposisie was die ekstra werk wat dit vir haar beteken het. As die verteenwoordiger van 'n reuse-naturellekieskring het sy reeds 'n enorme werklas gehad wat dit moeilik gemaak het om as die effektiewe leier van 'n party op te tree. Daarteenoor het haar leierskap weer beteken dat sy haar verpligtinge as 'n naturelleverteenwoordiger afgeskeep het. Die grootste nadeel verbonde aan die leierskap vir Ballinger was dat sy haar parlementêre reses aan partyaangeleenthede moes afstaan.[30] Vir haar was 'n reses noodsaaklik om haar kragte te herwin ná lang en uitputtende sittings. Wat haar veral gegrief het oor haar opofferings was dat, ongeag

-----------------------

28 T. Lodge: Patrick Duncan and radical liberalism, (Centre for African Studies, Africa seminar, collected papers, Universiteit van Kaapstad, vol. 1/1978), p. 13.

29 The Natal Daily News, 17 Junie 1954, (Durban, Maritzburg showed clear sweep for UP).

30 UW/LP, rol 3: M. Ballinger aan O.D. Wollheim, 3 Julie 1955.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

haar waarskuwings en aanbevelings, die LP steeds nie 'n effektiewe party-organisasie opgebou het om haar as leier by te staan nie.[31] Die party was, tesame met die voortdurende verdeeldheid, dus glad nie 'n bron van steun vir haar nie. Sy het gevolglik gedreig dat indien die LP nie sy probleme oplos nie, sy sou bedank, aangesien dit onder sulke omstandighede onmoontlik was om as leier voort te gaan.[32] Verdere sout in die wonde was dat, ongeag al haar opofferings, die radikales haar voortdurend gekritiseer het. Hieroor het sy haar bitterlik soos volg uitgelaat:

> "... the Party here takes the backbone out of me and completely destroys my morale and my will to work for it ... I don't owe the Party anything except a lot of personal discouragement and belittlement ...."[33]

Tydens die Nasionale Komiteevergadering van 30/31 Oktober 1954 het Ballinger haar bedanking as leier ingedien. Op aandrang van die Nasionale Komitee het sy dit later teruggetrek. Die rede was dat die LP as 'n jong party 'n terugslag soos haar bedanking nie kon bekostig nie. Verder was daar geen ander persoon wat haar as leier kon opvolg nie.[34] Die vrees het ook bestaan dat indien 'n radikale haar sou opvolg die gematigdes uit die party sou bedank. In belang van party-eenheid moes sy dus as leier aanbly.

Ballinger was egter nie bereid om 'n onbeperkte tyd as leier voort te gaan nie en 'n jaar later, op 24 September 1955, het sy weer haar bedanking ingedien. Haar motivering was dat sy dit onmoontlik gevind het om as leier van die LP en as naturelle-

------------------------

31 UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 3): M. Ballinger aan dr. H. Jowitt, 18 Maart 1955.

32 UK/Marquard: M. Ballinger aan Leo Marquard, 19 Junie 1954.

33 UW/LP, rol 3: M. Ballinger aan O.D. Wollheim, 3 Julie 1955.

34 UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 2): O.D. Wollheim aan provinsiale voorsitters, 26 November 1954; UW/LP, rol 4: O.D. Wollheim aan M. Friedman, 11 November 1954.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verteenwoordiger voort te gaan. Die voortdurende verdeeldheid in die party en haar gevoel dat die party te links beweeg het, was ook 'n belangrike motivering in haar besluit.[35] Hierdie keer het die Nasionale Komitee haar bedanking aanvaar op voorwaarde dat dit op 'n geleë tyd aangekondig moes word.[36]

Haar bedanking is eers in November aangekondig, nadat sy 'n operasie ondergaan het. As rede is haar swaar werklas aangevoer en geen melding is gemaak van die verdeeldheid in die party nie.[37] Ballinger self sou ook enige gerugte dat sy weens die verdeeldheid bedank het, heftig ontken.[38] Die meerderheid lede van die LP was verlig oor haar bedanking aangesien hulle haar as te konserwatief beskou het.[39] Wat hierdie ongeduldige kritici nie besef het nie was dat haar leierskap met die prestige verbonde aan haar naam en haar pogings om party-eenheid te bewaar die LP sy eerste moeilike jare laat oorleef het en lewensvatbaar gemaak het.

**Ballinger se lojaliteit aan die Liberale Party**

Ná haar bedanking was Ballinger onaktief in die LP[40] en het sy haar onverdeelde aandag aan haar moeilike taak as 'n naturelle-verteenwoordiger geskenk. In hierdie hoedanigheid was sy nog steeds die parlementêre leier van die LP en was dit 'n taak waarvan sy haar uitstekend gekwyt het. Die stryd tussen die gematigdes en die radikales in die party het intussen onverpoosd voort-

------------------------

35 Onderhoud met O.D. Wollheim, 16 Desember 1986.

36 UW/LP, rol 1: Notule van Nasionale Komiteevergadering, 24 September 1955.

37 The Cape Times, 26 November 1955, (Leader of liberals resigns).

38 The Cape Times, 14 Januarie 1956, (Mrs Ballinger's denial).

39 Liberal Party analysed, (The Forum, Desember 1956), pp. 22-24.

40 Onderhoud met R. Vigne, 25 Februarie 1989.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

geduur. Die gematigdes het Ballinger probeer gebruik as 'n skans waaragter hulle gepoog het om die party in 'n konserwatiewer rigting te stoot. Vir hulle en Ballinger het die LP toenemend in 'n revolusionêre rigting beweeg.[41] Toe sy wél in die aangeleentheid ingemeng het, het Alan Paton as voorsitter en leier van die party haar vermaan om eerder in die middel, en dus neutraal, te bly. Hy het onderneem om haar ook te waarsku as sy té veel na die gematigdes sou oorhel.[42] Sommige lede van die party het haar selfs verdink as die bron van die probleme met die Kaapse gematigdes.[43]

Wat die radikales nie besef het nie, is dat Ballinger 'n kalmerende effek op die konserwatiewes uitgeoefen het. So het sy voorkom dat hulle tot die drastiese stap oorgaan om die LP te verlaat. Daar was byvoorbeeld pogings onder die Kaapse gematigdes om weg te breek en 'n Kaapse liberale vereniging onder die leiding van Donald Molteno te stig. Daar is egter besef dat enige sodanige stap slegs sou kon slaag as Ballinger haar steun daaraan toesê.[44] Dit was sy egter nie bereid om te doen nie aangesien haar lojaliteit aan die LP, ondanks al haar verskille met die radikales, te sterk was. Gevolglik het sy byvoorbeeld tydens 'n Nasionale Komiteevergadering 'n mosie van Molteno om die LP te ontbind, geopponeer. Volgens Ballinger het die LP ondanks sy probleme 'n verpligting teenoor sy ondersteuners gehad om voort te gaan.[45] Verder het sy ook gevoel dat die LP 'n "... standard to which all good men might repair" moes wees.[46] Dit

------------------------

41 UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 3): M. Rodger aan M. Ballinger, 26 November 1956; H. Pittman aan M. Ballinger, 23 November 1956; H. Pittman aan M. Ballinger, 15 November 1956.

42 Ibid., A. Paton aan M. Ballinger, 27 Desember 1956.

43 UW/LP, rol 4: B. Curran aan P. Brown, 18 Januarie 1957.

44 UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 2): H.G. Ashworth aan D. Molteno, 23 November 1954; D. Molteno aan M. Ballinger, 30 November 1956.

45 UW/LP, rol 1: Notule van Nasionale Komiteevergadering, 6 Junie 1955.

46 UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 8): A. Paton aan M. Ballinger, 27 April 1960.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

was 'n standpunt waarvan sy nie sou afwyk nie. Molteno het egter in Oktober 1957 uit die party, wat hy as té radikaal geag het, bedank.[47] Vir Ballinger was dit 'n terugslag aangesien hy op haar aandrang by die party aangesluit het.

Ballinger se lojaliteit aan die LP is egter ná die 1958-verkiesing tot die uiterste beproef. Ná hierdie verkiesing wat die NP met 'n nog groter meerderheid gewen het, het die radikalé in die LP gevoel dat die NP nooit by die stembus verslaan kan word nie en dat ander metodes aangewend moes word om apartheid te beveg. Peter Brown het hom byvoorbeeld soos volg daaroor uitgelaat:

> "Parliament is no longer a democratic organ. It is an institution which the Nationalists find convenient to use. But they hold reasonable argument and debate in contempt. Parliament is a rubber-stamp which gives the mark of respectability to their obnoxious laws."[48]

Omdat die LP hom dus nie meer op die parlementêre terrein met sy konserwatiewe blanke kieserskorps toegespits het nie, is 'n meer militante houding ingeneem. Die LP het hom nou slegs op buiteparlementêre aktiwiteite toegespits, soos om die Britse boikotbeweging teen Suid-Afrikaanse produkte te steun.[49] Daarteenoor het Ballinger haar steeds net op die parlementêre terrein toegespits, terwyl dit vir haar onaanvaarbaar en skokkend was dat 'n politieke party hom met boikotte kon bemoei of buitelandse druk teen Suid-Afrika kon steun.[50] Ondanks haar sterk teenkanting was haar lojaliteit aan die LP van so 'n aard dat sy nie haar besware openbaar gemaak het nie. Sy wou niks doen wat die party skade kon berokken nie. Teenoor Paton het sy onderneem dat sy

------------------------

47 D. Scher: Donald Molteno, pp. 78-79.

48 J. Robertson: Liberalism in South Africa 1948-1963, p. 196.

49 P. Brown: The Liberal Party, p. 30.

50 UW/LP, rol 5: Notule van Kaapse Provinsiale Kongres, 7 Februarie 1960.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die boikot slegs openlik sou kritiseer indien sy in die openbaar daaroor gekonfronteer sou word.[51] Toe sy wel gekonfronteer is, het sy haar teenkanting probeer versag deur dit te benadruk dat sy nie die party sou verlaat nie en dat die LP verdraagsaam was teenoor lede met ander standpunte.[52]

Haar lojaliteit het egter nie beteken dat sy die LP se besluit om sy rug op die parlementêre arena te draai goedsmoeds aanvaar het nie. Net soos die Kaapse gematigdes was sy ontstel deur die toenemende radikalisme van die LP. Veral die aktiwiteite in die Wes-Kaap van Patrick Duncan, wat sy verfoei en as onstabiel beskou het,[53] was vir haar en die gematigdes onaanvaarbaar.[54] Op Ballinger se versoek, het 'n aantal prominente Kaapse gematigdes vergader om die beweging na links in die party te bespreek. Die gevolg hiervan was 'n brief aan die leierskap om te eis dat die LP hom moes beywer vir gekwalifiseerde stemreg, om terug te keer na die parlementêre arena en hom te distansieer van enige buitelandse druk op Suid-Afrika. Dit was nie 'n ultimatum nie, maar daar is tog laat blyk dat indien nie aan hierdie vereistes voldoen word nie, die moontlikheid bestaan dat hulle die party sou verlaat.[55] Peter Brown, voorsitter van die LP, was nie bereid om aan die eise toe te gee nie.[56] Inteendeel, algemene stemreg sonder enige voorbehoud het in Mei 1960 die amptelike beleid van die party geword. Die gevolg hiervan was dat prominente gematigdes soos Oscar Wollheim, Gerald Gordon en Stanford

------------------------

51 UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 4): A. Paton aan M. Ballinger, 30 Desember 1959; M. Ballinger aan R.G.W. Prescott, 2 Januarie 1960.

52 The Star, 11 Februarie 1960, (Ballingers do not support Liberal Party on boycott).

53 UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 3): M. Ballinger aan P. Brown, 5 Januarie 1957.

54 UK/Wollheim: O.D. Wollheim aan A. Paton, 15 Junie 1959.

55 UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 4): O.D. Wollheim aan P. Brown, 7 Maart 1960; UW/LP, rol 1: Notule van Nasionale Komitee-vergadering, 13 Maart 1960.

56 UW/Ballinger, B2.11 (Lêer 4): P. Brown aan M. Ballinger, 14 Maart 1960.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die party verlaat het om by die pasgestigte PP aan te sluit.[57] Peter Brown het dit as onvermydelik beskou dat Ballinger die party sou verlaat as die beginsel van algemene stemreg aanvaar sou word.[58] Tog het sy nie bedank nie, alhoewel sy volgens Wollheim aanvanklik gretig was om die party te verlaat.[59]

Haar voortgesette lidmaatskap van die LP was vir waarnemers verbysterend. Die meeste van haar geesgenote het hulle nou in die PP bevind, terwyl sy weinig gemeen gehad het met die meerderheid LP-lede. 'n Verdere aanlokkingskrag was dat die beginsel van gekwalifiseerde stemreg die amptelike beleid van die PP was. Twee redes kan aangevoer word waarom sy nie bedank het nie. Dit was naamlik haar persoonlike afkeer van die PP en haar onbesproke lojaliteit aan die LP.

Ná 1960 is die LP onder swaar druk van die regering geplaas. Talle LP-lede is sonder verhoor aangehou of ingeperk. Onder sulke omstandighede was dit dus moeilik om haar rug te draai op 'n party waarvan sy vroeër die leier en stigter was. Dit kon geïnterpreteer word as sou sy die LP in die steek gelaat het.

## Die laaste jare : 1960 - 1968

Ná 1960 het Ballinger feitlik geen kontak met die LP gehad nie. Met die verwydering van die naturelleverteenwoordigers het sy effektief uit die politiek getree. Slegs nou en dan het sy LP-konferensies of protesvergaderings toegespreek.[60] Aan hul vriendin, Vera Brittain, het William Ballinger erken dat hulle

------------------------

57 Contact, 24 September 1960, (Liberals resign - statement); UK/Wollheim: O.D. Wollheim aan M. Ballinger, 10 September 1960.

58 Liberal Party (South African) Transvaal Provincial division records 1959-1963, (mikrofilm): P. Brown aan J. Unterhalter, 11 Februarie 1960.

59 Korrespondensie met O.D. Wollheim, 3 Desember 1987.

60 Contact, 7 Maart 1963, (Paton attacks bans).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

lidmaatskap slegs 'n "token membership" was.[61] In 1965 het sy egter weer 'n terugkeer tot die aktiewe politiek gemaak toe sy voorsitster van die LP in die Wes-Kaap geword het. In hierdie tydperk is die LP lamgelê deur inperkings, waaronder dié van Barney Zackon, voorsitter van die LP in die Wes-Kaap. Die LP het desperaat iemand van statuur nodig gehad om die party in die Wes-Kaap te laat herlewe. Ballinger het positief op hierdie versoek gereageer.[62] Dit was 'n stap wat moed gekos het aangesien sy reeds 71 jaar oud was en weinig gemeen gehad het met die LP en sy ondersteuners. Hierdie lojaliteit het haar aansien in die party drasties verhoog. Ernie Wentzel, 'n bekende Transvaalse liberaal, het sy dank en bewondering soos volg uitgespreek:

> "How grand it is that you should be so actively with us in these days when it is so difficult to be a liberal."[63]

Peter Brown, van wie sy gereeld in die verlede verskil het, het haar tydens die 1965-konferensie vir haar optrede geloof.[64] Later het hy soos volg sy bewondering vir haar uitgespreek:

> "This act, more than any other, it seems to me, epitomises the loyalty she gave to any cause with which she had become identified, even one, like the Liberal Party, with which she had numerous differences in the past."[65]

Buiten haar lojaliteit aan die party was dit ook 'n herbevestiging van haar toegewydheid aan die beginsels van liberalisme in 'n tydperk van toenemende politieke onverdraagsaamheid in Suid-Afrika. Haar voorsitterskap van die LP in die Kaap het gestrek oor drie moeilike jare waarin sy gepoog het om die vlam van liberalisme aan die brand te hou. Ten einde laas is die party kragtens die <u>Wet op die Verbod op Politieke Inmenging</u> wat veel-

------------------------

61 UK/W.G. Ballinger, D4.6.2: W.G. Ballinger aan Vera Brittain, 3 November 1964.

62 P. Brown: The Liberal Party, p. 60.

63 UK/Ballinger, D5.13: E. Wentzel aan M. Ballinger, 13 Maart 1965.

64 P. Brown: The Liberal Party, pp. 60-61.

65 Korrespondensie met P. Brown, 11 September 1986.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

rassige partye verbied het in 1968 verplig om te ontbind. Vir Ballinger was dit 'n groot terugslag aangesien die party en sy doelwit van 'n veelrassige en demokratiese Suid-Afrika vir haar van groot belang was.[66] Nou het sy saam met die LP van die politieke toneel verdwyn.

Die wrywing tussen Ballinger en die LP kan as die tragedie van haar politieke loopbaan beskou word aangesien dit verhoed het dat die party 'n ware politieke tuiste aan haar kon bied. In plaas daarvan dat die party 'n bron van ondersteuning was, was dit 'n las, terwyl haar verskille met die meer radikale lede van die party haar laaste jare in die politiek versuur het. Talle redes kan vir die wrywing tussen haar en die LP voorgehou word, soos byvoorbeeld haar swaar werklas as 'n naturelleverteenwoordiger, verskille oor die kwessie van algemene stemreg en buite-parlementêre aktiwiteite en haar arrogante en onverdraagsame houding teenoor die jonger en meer radikale lede van die party. Alhoewel Ballinger se assosiasie en leierskap van die LP stormagtig was en as 'n laagtepunt in haar politieke loopbaan beskou kan word, was dit egter nog 'n hoogtepunt van haar toegewydheid aan die beginsels van liberalisme. Dit was 'n getuigskrif van haar moed en durf om die leier te wees van 'n party wie se stigting sy geopponeer het. Sy het besef dat haar steun, leierskap en lidmaatskap 'n noodsaaklikheid was vir die oorlewing van 'n party wat die beginsels van liberalisme uitgedra het. Vir Ballinger was die LP se doel van 'n veelrassige en demokratiese Suid-Afrika belangriker as haar persoonlike frustrasies en ontevredenheid met die party.

So het Alan Paton dit treffend in 'n afskeidsrede aan Ballinger opgesom:

> "Some of our more enthusiastic members sometimes exasperated you by their extremism, their unrealism, their utopianism. But they never, and you never doubted, our common devotion to the cause of a non-racial democracy."[67]

------------------------

66 UK/Ballinger, D5.73: M. Ballinger: The end of the Liberal Party.

67 <u>Contact</u>, 21 Mei 1960, (Alan Paton takes the long view).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# HOOFSTUK VIII
# "NOZIZWE" - MOEDER VAN DIE VOLK: MARGARET BALLINGER EN HAAR KIESERS

Tydens haar termyn van 23 jaar as 'n naturelleverteenwoordiger het Ballinger nie net 'n reputasie gehad as een van Suid-Afrika se bekwaamste Volksraadslede nie, maar ook as 'n toegewyde verteenwoordiger van haar kiesers. In werklikheid was sy 'n kampvegter vir al Suid-Afrika se minderbevoorregtes. Dit het haar 'n geëerde en gerespekteerde persoon in die swart gemeenskap gemaak. Weens die toenemende swart militantheid ná die Tweede Wêreldoorlog, wat aangemoedig is deur die implementering van apartheid, het hierdie situasie egter drasties verander. Met haar verwydering uit die Parlement in 1960 is Ballinger, ondanks haar jarelange stryd, deur 'n groot gedeelte van die swart gemeenskap verwerp.

## Ballinger se kontak met haar kiesers

Ballinger se parlementêre setel, die Oos-Kaapse naturellekieskring, was enorm in vergelyking met die deursnee blanke setel.[1] Dit was die uitgestrekste en moeilikste kiesafdeling om in die Volksraad te verteenwoordig. Japie Basson, voormalige LV vir een van die grootste blanke setels, naamlik Namib, het erken dat dit vir hom 'n bomenslike taak was om sy setel na behore te verteenwoordig.[2] Vir Ballinger was dit nog meer so. Haar kiesafdeling was nog meer uitgestrek met 'n aansienlik groter inwonertal. Daar was meer as twee miljoen swart inwoners in die kieskring. Tesame met die bruinmense en die Indiërs, wat haar ook as hulle verteenwoordiger beskou het, het sy ongeveer net soveel persone verteenwoordig as die 150 blanke LV's tesame.[3] In

------------------------

1 Raadpleeg pp. 48,132 vir die geografiese grootte van die kieskring.

2 Onderhoud met J. Basson, 12 Desember 1986.

3 D. Marais: The voice of ten million, (Milady, Julie 1955).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

werklikheid het Ballinger àl Suid-Afrika se swartes verteenwoordig. Dit was nie ongewoon dat swartes hul eie naturelleverteenwoordiger sou ignoreer en haar met hul probleme nader nie. Gepaard daarmee het die blanke liberale haar ook as hul verteenwoordiger beskou. Die uiteinde was dat Ballinger 'n onhanteerbare werklas gehad het wat nie met dié van 'n blanke LV vergelyk kon word nie.

Weens die uitgestrektheid van haar kiesafdeling het sy dit moeilik gevind om effektiewe kontak met haar kiesers te handhaaf. Vóór die herafbakening van 1948, wat die kieskring drasties vergroot het, het sy wél daarin geslaag om noue bande met hulle te handhaaf.[4] Dit het sy vermag deur 'n stelsel van 'n agent en persoonlike vriende wat haar op die hoogte van sake gehou het. Haar verkiesingsagent, A.Z. Tshiwula, was ook haar agent en het 'n maandelikse honorarium ontvang.[5] Hy was egter nie net 'n betaalde agent nie, maar 'n gewaardeerde en betroubare vriend.[6] Só was hy byvoorbeeld een van die weiniges wat Ballinger in haar korrespondensie as "my dear" aangespreek het.[7] Ballinger se gehegtheid aan hom blyk duidelik in haar boek, <u>From union to apartheid</u>.[8] Tshiwula het haar deurentyd op hoogte gehou van aangeleenthede in die kieskring en van die nodige advies voorsien. Hy het haar belange behartig en al Ballinger se vergaderings tydens haar besoek aan die kieskring georganiseer.[9]

------------------------

4 M. Ballinger: <u>From union to apartheid</u>, p. 47.

5 UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 6): A.Z. Tshiwula aan M. Ballinger, 16 Desember 1948.

6 M. Ballinger: <u>From union to apartheid</u>, p. 47.

7 Onderhoud met mev. D. Haggei, 4 Augustus 1986.

8 M. Ballinger: <u>From union to apartheid</u>, pp. 47-48.

9 UW/Ballinger, B2.8.20 (Lêer 1): A.Z. Tshiwula aan Margaret Ballinger, 12 Oktober 1944; Kyk byvoorbeeld na Ballinger se navrae oor die busboikot aan Tshiwula: B2.8.20 (Lêer 1): M. Ballinger aan Tshiwula, 17 Januarie 1945; Tshiwula aan M. Ballinger, 22 Januarie 1945.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Verder het vriende soos dr. R.T. Bokwe (Middeldrift), C.A.W. Sigila (Fort Beaufort), B.B. Mdledle (Lovedale), A.W. Ranana (Grahamstad) en S.P. Sesedi (Kimberley) haar op hoogte gehou van plaaslike aangeleenthede in die kieskring. Aansluitend daarby was bekende swart leiers soos prof. D.D.T. Jabavu, eerw. Z.R. Mahabane, J.A. Calata, prof. Z.K. Matthews en dr. A.B. Xuma, persoonlike vriende wat haar deurentyd van inligting oor die swart politiek voorsien het. 'n Verdere waardevolle bron van terugvoering oor aangeleenthede in die kieskring was die raadslede van die Ciskeise Bunga, met wie sy ook op goeie voet verkeer het.[10] Ballinger het ook noue kontak met die NVR-lede van die Oos-Kaap gehandhaaf.[11] Raadslid R.H. Godlo, 'n prominente inwoner van Oos-Londen, was veral 'n belangrike bron van steun en inligting. Verder het sy ook nóú met senator C.H. Malcomess saamgewerk.[12] Malcomess, 'n inwoner van die Oos-Kaap en naturelleverteenwoordiger vir die Kaapprovinsie, was 'n gerespekteerde persoon onder die swartes.[13] Sy steun en samewerking was van onskatbare waarde vir Ballinger in haar pogings om noue kontak met haar kiesers te handhaaf.

Om hierdie kontak te handhaaf, het Ballinger ook gepoog om ná elke parlementêre sitting die kieskring te besoek en 'n reeks vergaderings te hou. Hiertydens kon sy verslag doen van haar aktiwiteite en bepaal wat die behoeftes van haar kiesers was.[14] Ballinger het ook tydens parlementsittings deur middel van 'n weeklikse rubriek in die Umteteli wa Bantu haar kiesers

------------------------

10 UW/Ballinger, B2.5.18: M. Ballinger aan B.B. Mdledle, 6 Mei 1959.

11 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 200. Raadpleeg bv. Unisa/Matthews, B.1: M. Ballinger aan Z.K. Matthews, 5 Februarie 1943 en 9 Maart 1943.

12 UW/Ballinger, B2.8.14: M. Ballinger aan C.H. Malcomess, 3 September 1945.

13 C.J. Beyers (red.): Dictionary of South African biography, vol. III, p. 575.

14 Kyk byvoorbeeld Umteteli wa Bantu, 27 Oktober 1945, (Mrs Ballinger at East London); The Daily Representative, 19 Oktober 1945, (Welfare of natives).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

oor haar parlementêre aktiwiteite ingelig.[15] Die amptelike parlementêre debatte (Hansard) was 'n verdere belangrike bron van kontak met haar kiesers. Ballinger het talle van haar prominente kiesers kosteloos van Hansards voorsien wat haar deelname aan debatte getrou gevolg het.[16] Sy is ook deur talle ander kiesers genader om van Hansards voorsien te word. Die Korsten African Ratepayers Association het byvoorbeeld so 'n versoek gerig om uittreksels aan die lede van die vereniging voor te lees.[17]

Ondanks al haar pogings om 'n noue verbintenis met haar kiesers te handhaaf, het Molteno gevoel dat sy onvoldoende kontak met hulle gehad het.[18] Daar is meriete in Molteno se kritiek aangesien Ballinger die enigste naturelleverteenwoordiger was wat nie in haar kieskring woonagtig was nie, maar in Johannesburg gewoon het. Dat dit wél 'n probleem was, blyk daaruit dat Malcomess onder sommige invloedryke swartes 'n gevoel van ontevredenheid met haar hieroor waargeneem het.[19] Haar afhanklikheid van Tshiwula het ook aanleiding gegee tot 'n mate van ontevredenheid onder sekere kiesers. Daar was 'n gevoel dat sy te veel op Tshiwula gesteun het en te min direkte kontak met haar kiesers gehad het.[20] Die gevolg hiervan was dat sy in vergelyking met Molteno heelwat minder kontak met haar kiesers gehad het. Dit was toepaslike kritiek, maar dit was weens die grootte van die kieskring en haar werklas onmoontlik om op 'n ander wyse kontak met

-----------------------

15 E. Udeman: The published works of Margaret Livingstone Ballinger, (Universiteit van die Witwatersrand, Department of Bibliography, Librarianship and Typography, 1968).

16 UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 3): D. Mabindisa aan M. Ballinger, 25 Maart 1943.

17 Ibid., B2.8.20 (Lêer 1): J.H.M. Zwide aan M. Ballinger, 6 Desember 1944.

18 Onderhoud van D. Scher met mev. M. Molteno, 16 Februarie 1976.

19 UK/Molteno, C5.183: C.H. Malcomess aan D.B. Molteno, 31 Desember 1947.

20 UW/Ballinger, B2.5.30: Sekretaris van die African Ratepayers of Korsten aan M. Ballinger, 1 Maart 1943.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die inwoners van die Oos-Kaap te handhaaf. Dit het egter nie verhoed dat sy bewus was van hul behoeftes en probleme nie. Dit was eers teen die vyftigerjare dat sy totaal van hulle geïsoleerd geraak het.

**Ballinger as verteenwoordiger van haar kiesers**

Die opvallendste kenmerk van die Ballinger-versameling is haar enorme korrespondensie met haar kiesers. Dit was nie net met haar kiesers in die Oos-Kaap nie, maar was 'n landswye korrespondensie. Bruinmense en veral Indiërs het haar ook as hul kampvegter aanvaar.[21] As 'n LV is Ballinger oorstroom deur 'n vloed van eindelose versoeke, eise en pleidooie om hulp. Dit het gestrek van eerwaarde J.G.H. Xaba se versoek dat die verwarmer van Sterkstroom se spoorwegwagkamer aandag moet geniet[22] tot klagtes oor polisiebrutaliteit, mishandeling in die gevangenis, aanhouding sonder verhoor, inperkings, gedwonge verskuiwings en navrae oor werkgeleenthede en pensioene. Dit het veral ook besware oor lae lone, onregverdige afdankings en weerhouding van lone behels. Verder is Ballinger ook gereeld genader vir die verkryging van lisensies vir byvoorbeeld slaghuise of bakkerye[23] of die verkryging van paspoorte.[24] Sy het met behulp van 'n private sekretaris, wat sy op eie koste en met behulp van 'n skenking van £15 per maand van mev. F. Whitehead gehuur het,[25] elke brief beantwoord. Dit alleen was 'n reuse-taak. Op elke aange-

------------------------

21 Vir Ballinger se korrespondensie met Indiërs en Indiër-organisasies kan UW/Ballinger, B2.7 geraadpleeg word.

22 UW/Ballinger, B2.5.49 (Lêer 3): J.G.H. Xaba aan M. Ballinger, 6 Februarie 1958.

23 Vir Ballinger se korrespondensie namens haar kiesers se griewe kan die B2.5-reeks van UW/Ballinger, en Naturellesake (NTS) Houer 9675 (Lêer 617/400) in die Sentrale Argiefbewaarplek (SAB) geraadpleeg word.

24 UW/Ballinger, B2.8.22: M. Ballinger aan Minister J.F. Naudé, 25 Februarie 1960; M. Ballinger aan A.B. Xuma, 24 Maart 1960.

25 Onderhoud met D. Haggei, 4 Augustus 1986.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

leentheid is ingegaan en, indien nodig, is die toepaslike minister of staatsamptenaar gespreek. 'n Geval wat gemeld kan word, is dié van die 78-jarige blinde Colben Tukwayo. Tukwayo het sy pensioen verbeur ná die Departement van Naturellesake aangevoer het dat hy oor vee beskik het en dus nie vir 'n pensioen gekwalifiseer het nie. In werklikheid was dit 'n misverstand en hy het geen vee besit nie. Ná Ballinger hieroor genader is, het sy die Minister van Naturellesake se aandag op die aangeleentheid gevestig. Die uiteinde was dat Tukwayo se pensioen deur haar toedoen herstel is.[26]

'n Groot deel van haar aktiwiteit namens haar kiesers was adviserend. Sy het die rol vertolk van byvoorbeeld die latere adviesburos van die Black Sash.[27] Dit het beteken dat Ballinger haar kiesers oor uiteenlopende aangeleenthede van inligting en advies moes voorsien. So het sy byvoorbeeld 'n verteenwoordiger van 'n versekeringsmaatskappy geraadpleeg om 'n kieser behulpsaam te wees om onsekerheid ten opsigte van 'n polis op te klaar. Die bepaalde kieser, ene Makosonke, is daarop met die nodige advies voorsien.[28] Verder het Ballinger in haar kieskring ook take verrig soos om funksies te open of om boekpryse by skole uit te deel. Haar aktiwiteite namens haar kiesers was van so 'n aard dat sy ná 'n parlementêre sitting gewoonlik uitgeput was.

Ballinger was egter bereid om hierdie opofferings te maak aangesien sy die belange van haar kiesers hoër as haar eie geag het.[29] Dié onbaatsugtige optrede van Ballinger vir haar kiesers het die bewondering van haar mede-LV's afgedwing.[30] Piet

------------------------

26 UW/Ballinger, B2.14.20: M. Ballinger aan die Minister van Naturellesake, 24 Mei 1956; Minister van Naturellesake aan Ballinger, 18 Augustus 1956.

27 Onderhoud met R. de Villiers, 4 Desember 1986.

28 UW/Ballinger, B2.5.49 (Lêer 3): M. Ballinger aan Makosonke, 4 Desember 1958.

29 Ibid., B2.5.37: M. Ballinger aan D.D.T. Jabavu, 27 November 1945.

30 Onderhoud met J. Basson, 12 Desember 1986; House of Assembly debates, 19 May 1959, kol. 6173.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van der Byl, 'n persoon met wie Ballinger gereeld swaarde gekruis het, het sy bewondering soos volg uitgespreek:

> "If ever anyone was fairly and honestly represented, it was the African in the House of Assembly."[31]

**Ballinger se aansien onder haar kiesers**

Ballinger se harde werk en feitlike wonderwerke wat sy in die oë van haar kiesers verrig het, het haar 'n geëerde en populêre figuur in die swart gemeenskap gemaak. Soos D.D.T. Jabavu hierdie houding opgesom het:

> "... you should always be returned unopposed, because so far as we natives are concerned we simply cannot be more effectively represented than by you. That is the feeling everywhere among us."[32]

Vir talle swartes was sy hul "Joan of Arc" wat hulle van hul onderdrukking sou verlos. Die kiesers het ook met trots waargeneem dat sy as een van die bekwaamste LV's beskou is.[33] Haar toesprake is ook met belangstelling in die koerante en Hansard gevolg. Toe sy in 1944 as leier van die naturelleverteenwoordigers verkies is, het haar kiesers se beker van trots éérs oorgeloop.[34]

Ballinger se hoë aansien onder haar kiesers het egter ook 'n nadelige gevolg gehad. Dit was naamlik die persepsie dat sy aan al haar kiesers se eise of pleidooie kon voldoen. Sy kon natuurlik nie altyd aan hierdie hoë verwagtinge voldoen nie, met die gevolg dat sommige swartes in haar ontnugter was. In hierdie

------------------------

31 P. van der Byl: Top hat to velskoen, pp. 227-228.

32 UW/Ballinger, B2.5.37: D.D.T. Jabavu aan M. Ballinger, 6 November 1945.

33 Ibid., B2.16.2 (Lêer 4): J.A. Calata aan A.Z. Tshiwula, 24 November 1948.

34 Ibid., B2.16.2 (Lêer 3): C. Kadalie aan M. Ballinger, 10 Mei 1944; UK/Ballinger, A3.184: V.M. Kwinana aan M. Ballinger, 29 Mei 1944.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

opsig kan na dr. A.B. Xuma se ontevredenheid met Ballinger verwys word. Xuma het Ballinger in 1945 versoek om 'n onderhoud namens 'n ANC-deputasie met Smuts te reël. Sy het daarop onsuksesvol gepoog om 'n onderhoud met Smuts en Hofmeyr te reël.[35] Xuma het in reaksie daarop die onredelike houding ingeneem om Ballinger verantwoordelik te hou vir die mislukkings om Smuts te spreek.[36] Xuma het, nieteenstaande die feit dat hulle vriende was, selfs so ver gegaan om Ballinger en die ander naturelleverteenwoordigers hieroor by die Transvaalse ANC-kongres van 1947 daarvan te beskuldig dat hulle die swartes afskeep.[37] Dit was dan ook 'n moontlike rede waarom sy nie oor die verdaging van die NVR geraadpleeg is nie. Xuma se optrede was egter 'n uitsonderlike geval en die meerderheid swartes het volle vertroue in haar as hul kampvegter gehad.

Uit erkenning vir haar stryd namens die swartes het die Cape Native Voters Convention in 1940 eenparig besluit om die prysnaam, Nozizwe - moeder van die volk - aan haar toe te ken.[38] Weens haar lojale diens aan haar kiesers is daar oor die jare ook na haar as Tembeka - sy wat vertrou kan word - verwys. Hierdie aansien onder die swartes het tot gevolg gehad dat sy in 1942 en in 1954 onbestrede tot die Parlement herkies is.[39]

Ondanks die erkenning wat sy onder haar kiesers geniet het, het Ballinger nooit 'n hegte band met hulle gevorm nie. Buiten Tshiwula het sy altyd 'n afstand tussen haar en haar kiesers gehand-

------------------------

35 UW/Ballinger, B2.8.22: M. Ballinger aan A.B. Xuma, 6 April 1945; Private Sekretaris van genl. Smuts aan M. Ballinger, 22 Maart 1945; M. Ballinger aan A.B. Xuma, 21 Maart 1945.

36 UW/Xuma, ABX 460325a: A.B. Xuma aan M. Ballinger, 25 Maart 1946.

37 The Bantu World, 14 Junie 1947, (Congress plans to boycott elections).

38 UW/Ballinger, B2.16.1 (Lêer 2): R.D. Mlilwana aan M. Ballinger, 30 April 1941; B2.16.3 (Lêer 3): R.B. Mcilwana aan die koerant Umthunywa, 5 Desember 1942.

39 Umteteli wa Bantu, 29 Augustus 1942, (A welcome decision).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

haaf. Dit kan aan haar teruggetrokke geaardheid toegeskryf word, wat dit vir haar moeilik gemaak het om meer spontaan met haar kiesers te wees.

**Ballinger se verhouding met die ANC**

Weens die feit dat sy deur die ANC se toedoen 'n naturelleverteenwoordiger was, het Ballinger aanvanklik noue bande met dié organisasie gehandhaaf. So het sy van die organisasie se konferensies toegespreek en die aktiewe steun van die ANC geniet. Sy het ook die volle vertroue van die ANC geniet. Ná haar nuwelingstoespraak in die Volksraad het eerw. Z.R. Mahabane, president-generaal van die ANC, hom byvoorbeeld soos volg uitgelaat:

> "I need hardly reassure you of our explicit confidence in you, ...."[40]

Onder leiding van Calata het die Kaapse ANC sy volle gewig agter haar ingegooi.[41] Gedurende die 1942-naturelleverkiesing het die ANC nie formeel kandidate genomineer nie, maar tog Ballinger se kandidatuur ten volle ondersteun.[42] Buiten die belang van die ANC se steun tydens verkiesings en vir samewerking in die kieskring was dit ook van groot belang vir Ballinger se posisie in die Volksraad om die openlike steun van 'n swart organisasie te geniet. Swart organisasies soos die ANC moes as 'n bron van inligting dien en vir die Volksraad toon dat daar 'n massabeweging agter die naturelleverteenwoordigers was. Ballinger het aangevoer dat met sulke steun, die Parlement die naturelleverteenwoordigers met meer erns behoort te bejeën.

------------------------

40 UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 2): Z.R. Mahabane aan M. Ballinger, 25 Februarie 1938.

41 UW/Xuma, ABX 380704: Presidensiële rede van J.A. Calata tydens die 1938-jaarkonferensie van die Kaapse ANC.

42 D. Walshe: <u>The rise of African nationalism in South Africa</u>, p. 391.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ballinger se noue bande met die ANC was ook die gevolg van haar vriendskap met Calata, sekretaris-generaal, en Xuma, president-generaal van die ANC. Xuma was 'n ou vriend[43] wat haar kandidatuur tydens die 1937-verkiesing ten sterkste aanbeveel het.[44] Op haar beurt het sy vir Xuma bygestaan in sy poging om die ANC in 'n meer dinamiese organisasie te omskep. In 1941 het sy byvoorbeeld Xuma aangemoedig en ondersteun in sy pogings om van 'n korrupte kliek wat beheer oor die Kaapse ANC verkry het, ontslae te raak. Hierdie groepie, bestaande uit A.F. Pendla, S.M. Bennet Ncwana, S. Oliphant en S.J.N. Tladi, het gepoog om die organisasie tot hul eie finansiële gewin te misbruik. So is in teenstelling met die amptelike ANC-standpunt persone deur hulle as amptelike ANC-kandidate genomineer. In die Oos-Kaap is 'n welgestelde nyweraar, N. Boss, byvoorbeeld genader om Ballinger in 1942 te opponeer. Boss se nominasie was 'n duidelike aanduiding dat hulle gehoop het om finansieel daarby te baat. Hierdie optrede het Ballinger gewalg en sy het Xuma aangemoedig om van hulle ontslae te raak aangesien hulle die stryd vir swart regte en die reputasie van die ANC skade berokken het.[45] Xuma het hulle dan ook weens hul korrupsie uit die ANC geskors.[46] Dit was nie net weens die moontlike opposisie dat Ballinger vir Xuma aangemoedig het om die Kaapse ANC van sy ongewenste element te suiwer nie - 'n Boss-kandidatuur sou geen bedreiging vir haar ingehou het nie - maar omdat sy van mening was dat die ANC die enigste swart organisasie was wat leiding aan Suid- Afrika se swartes kon bied.[47] Sy het gehoop dat die ANC 'n duidelike beleid daar sou stel om met 'n evolusionêre benadering 'n veelrassige en demokratiese Suid-Afrika te bereik. Op Xuma se versoek, het sy 'n memorandum gebaseer op haar eie politieke filosofie (kyk p. 100) vir

------------------------

43 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 411.

44 UW/Xuma, ABX 3704206: A.B.Xuma aan R.T. Bokwe, 20 April 1937.

45 UW/Xuma, ABX.411228b: M. Ballinger aan A.B. Xuma, 28 Desember 1941.

46 P. Walshe: The rise of African nationalism in South Africa, p. 391.

47 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 384.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die ANC opgestel oor hoe hierdie doelwit bereik kon word. Xuma sou dit dan aan die 1948-jaarkonferensie aan die ANC se uitvoerende bestuur voorlê. In 'n klaarblyklike poging om Xuma te steun, het sy die konferensie toegespreek.[48] Weens die interne tweespalt in die ANC het die konferensie egter in wanorde verdaag sonder dat die memorandum voorgelê is.[49] Indien die memorandum wel ooit voorgelê is, is dit te betwyfel dat dit vir die meerderheid ANC-lede aanvaarbaar sou gewees het aangesien dit 'n baie gematigde dokument was.

Hierdie betrokkenheid van Ballinger by die ANC was 'n uitsondering. Dit was haar beleid om nie in die swart politiek in te meng nie.[50] Die swartes moes die leiding neem. Sy het gevoel dat haar plig as naturelleverteenwoordiger slegs op die Parlement gemik moes wees, waar sy na die belange van haar kiesers sou omsien. Hierdie filosofie blyk duidelik uit haar verhouding met byvoorbeeld die NVR. Haar betrokkenheid by die ANC was nie 'n poging om die organisasie te manipuleer nie, alhoewel sy spyt was dat dit 'n militante een geword het, maar om dit as 'n wapen teen blanke oorheersing te aktiveer. Dit was juis 'n bron van swart kritiek teen haar dat sy te afsydig van swart organisasies en leiers was. Mettertyd sou dit bydra tot die ondermyning van haar posisie as 'n naturelleverteenwoordiger.

## Die effek van die militante swart nasionalisme op Ballinger se posisie as naturelleverteenwoordiger

Tydens die Tweede Wêreldoorlog het 'n jonger, ongeduldige en militante swart geslag op die politieke toneel verskyn. Hulle wou daadwerklike weerstand teen blanke oorheersing bied. Alle samewerking met blanke oorheersing moes beëindig word en daar

------------------------

48 Die Volksblad, 17 Desember 1948, (ANC in wanorde uiteen).

49 M. Ballinger: From union to apartheid, pp. 385-386.

50 UK/M. Ballinger: M. Ballinger aan D.T.T. Jabavu, 4 Desember 1943.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

moes op volwaardige politieke regte aangedring word. Dit het ook beteken dat blanke liberale leiding verwerp is[51] en dat die tyd van eerbiedige raadpleging met die naturelleverteenwoordigers iets van die verlede was.

Dat hierdie benadering wél inslag gevind het, blyk uit die feit dat Ballinger nie deur die NVR-lede ingelig is oor die plan om die Raad te verdaag nie. Die 1946-verdaging van die NVR was 'n keerpunt in Ballinger se verhouding met swart leiers. Hierna was dit 'n uitsonderlike geval as 'n swart leier Ballinger oor hul aktiwiteite sou raadpleeg, en het sy toenemend van hulle geïsoleerd geraak.

Verder is ook deur die radikales aangevoer dat die swartman homself moes verteenwoordig. Tydens die AAC-konferensie van 1941 het I.B. Tabata dit onomwonde gestel dat 'n blanke liberaal soos Ballinger nie die swartes kon verteenwoordig nie.[52] In 1944 het die militantes in die AAC daarin geslaag om 'n resolusie aanvaar te kry dat die naturelleverteenwoordigers moes bedank.[53] Ballinger was nie 'n persoon wat haar op haar kiesers sou afdwing nie en het dit onomwonde gestel dat sy die politieke toneel sou verlaat as die meerderheid swartes van mening was dat sy haar doel gedien het.[54] Die klem het op die meerderheid swartes geval, wat die AAC beslis nie verteenwoordig het nie. Dus het Ballinger nie aan die versoek gehoor gegee nie. Haar standpunt is versterk deur die NVR-lede se advies ná die Raad se permanente verdaging. Op navraag van Ballinger oor wat die blanke naturelleverteenwoordigers se optrede in die lig van die

------------------------

51 G.M. Gerhart: Black power in South Africa. The evolution of an ideology, p. 38.

52 T. Karis, G.M. Carter: From protest to challenge, Vol. 2, Hope and challenge 1935-1952, p. 344.

53 UW/Ballinger, B2.8.4: D.D.T. Jabavu aan D. Molteno, 23 September 1947.

54 The Bantu World, 14 Junie 1947, (Congress plans to boycott elections).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verdaging moes wees, het die raadslede die handhawing van hul parlementêre setels aanbeveel.[55]

Ook in die ANC het die militantes deur middel van die Congress Youth League (CYL) toenemend 'n dominerende invloed op die organisasie begin uitoefen. Een van die CYL se doelstellings was om alle instellings te boikot wat kragtens die Naturelleverteenwoordigingswet tot stand gekom het. Hierin het die militantes wél geslaag en die ANC het tydens sy 1946-konferensie besluit om so 'n boikotresolusie te aanvaar[56] wat tydens die 1947-konferensie herbevestig[57] is. Hiervolgens moes alle naturelleverkiesings dus geboikot word. Ballinger het alles in haar vermoë gedoen om die boikotbeweging te bekamp. So het sy haar ten sterkste by die 1947-konferensie van die Transvaalse ANC teen boikotte uitgespreek. Boikotte was onaanvaarbaar vir haar aangesien haar politieke filosofie daarop gebaseer was om alle geleenthede, hoe beperk ook al, tot die voordeel van haar kiesers aan te wend. Slegs die segregasioniste kon by 'n boikot baat.[58] Die 1948-naturelleverkiesing is egter nie geboikot nie aangesien gevrees is dat slegs die NP daarby sou baat. 'n Aantal van Ballinger se stemme is dus uitgebring, nie as 'n mosie van vertroue in haar nie, maar eerder om hulle afkeer van apartheid te toon.

Tydens haar besoeke aan die Oos-Kaap het Ballinger ook kennis gemaak met die militante gevoel onder die swartes. Sy het altyd aangevoer dat indien die blanke nie sy houding teenoor die swarte verander nie dit die swartes sou vervreem. Sy het egter aanvaar dat hierdie vervreemding 'n langsame proses sou wees. Ty-

------------------------

55 Ibid.

56 P. Walshe: The rise of African nationalism in South Africa, pp. 349-361; B. Bunting: Moses Kotane, South African revolutionary, p. 137.

57 Rand Daily Mail, 9 Julie 1947, (Natives to boycott all elections).

58 The Bantu World, 14 Junie 1947, (Congress plans to boycott elections); M. Ballinger: From union to apartheid, pp. 384-385.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dens haar 1940-besoek aan die Oos-Kaap was sy so verras deur die swarte se afsydige en militanter houding dat sy 'n verslag oor haar waarnemings aan genl. Smuts voorgelê het.[59] (Sewe jaar later was sy só bekommerd oor die toenemende verwydering tussen die swartes en die regering dat sy 'n spesiale onderhoud met genl. Smuts aangevra het.[60]) Uit haar korrespondensie met haar kiesers het Ballinger ook bewus geword van die swartes se toenemende ongeduld met die blankes.[61] Die militanter houding in die Oos-Kaap is deur die Provinsiale Naturelleverkiesing van 1943 weerspieël. 'n Kommunis, Archie Muller, is net-net deur die sittende raadslid, H. Burman, met 1 148 stemme teenoor 1 344 verslaan.[62] Ná 1943 het Ballinger die permanente vrees gehad dat sy deur 'n kommunis of 'n ver-linkse kandidaat geopponeer sou word. Rheinallt Jones se nederlaag in 1943 het ook as 'n waarskuwing gedien. Ongeag die feit dat Jones hom as 'n hardwerkende verteenwoordiger vir sy kiesers onderskei het, is hy gemaklik deur die meer radikale Basner verslaan.[63] In 1948 was daar wél gerugte dat die kommunis Betty Sacks, 'n voormalige stadsraadslid van Kaapstad en bekwame redaktrise van <u>The Guardian</u>, haar sou opponeer.[64] Sacks se kandidatuur het uiteindelik geblyk slegs 'n gerug te wees. Ondanks talle verskille het Ballinger hoë aansien onder die kommuniste geniet, met die gevolg dat hulle haar nie tydens verkiesings geopponeer het nie.[65]

------------------------

59 Killie Campbell African Library, Buchanan papers, Folder "B", MS 1287: Ballinger se verslag aan genl. J.C. Smuts; UW/Ballinger, B1.5.1: M. Ballinger: My constituents, p. 4. ('n Dyason Memorial-lesing.)

60 SAB/Smuts-versameling, Houer 271: M. Ballinger aan genl. J.C. Smuts, 12 Februarie 1947.

61 UW/Ballinger, B2.14.14 (Lêer 2): Raadpleeg byvoorbeeld die brief van 'n swart soldaat aan M. Ballinger, g.d.

62 B. Bunting: <u>Moses Kotane, South African revolutionary</u>, p. 114.

63 E. Brookes: <u>RJ</u>, pp. 30-31.

64 UW/Ballinger, B2.5.13: M. Ballinger aan J.A. Calata, 12 Augustus 1948; B2.8.20: A.Z. Tshiwula aan M. Ballinger, 12 Julie 1948.

65 Onderhoud met adv. H. Snitcher, Q.C., 4 Mei 1989.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ondanks al hierdie aanduidings lyk dit asof Ballinger nie werklik besef het hoe sterk hierdie militante gevoel onder die swartes was nie. Dit blyk uit haar 1947-onderhoud met genl. Smuts. Tydens hierdie gesprek wou genl. Smuts weet of die swartes nie slegs stemreg wou hê nie. Dit is deur Ballinger ontken.[66] Tóg was dit die belangrikste eis van selfs die mees gematigde swart leiers.

Ballinger se posisie in die Oos-Kaap is intussen stelselmatig deur die militantes se propaganda ondermyn. Die militantes het aangevoer dat die naturelleverteenwoordigers slegs 'n slenter van die blankes was om die swartes polities apaties te hou. Die doel was om 'n illusie by die swartes te skep dat hulle wél parlementêre verteenwoordiging geniet. Daarby was dit 'n poging om die ontwakende swart nasionalisme te bekamp deur blankes as die leiers van swartes te laat optree. Dus moes daar geen samewerking met die naturelleverteenwoordigers wees nie. Hulle was slegs wit Judasbokke wat die swarte na sy onderdrukking gelei het. Verder is ook aangevoer dat die naturelleverteenwoordigers nie deur hul sogenaamde besorgdheid vir die swarte gemotiveer is nie, maar slegs deur hul parlementêre salarisse.[67] Dat hierdie propaganda wél inslag gevind het, blyk uit 'n dreigbrief wat Ballinger van die Stern Gang of Tsotsi, vermoedelik 'n kriminele bende, ontvang het:

> "Here is a warning to you. We the African people are aware that you are selling us to the Government of this country in order that you can get bread for yourself and your children while the people groan under oppression. We are aware that you are playing the role of Judas Iscariot by undermining the effort of the people. While all the people are seething with anger you and your husband as (sic) busy fighting to maintain this sham thing. The Nat. Rep. Act. Here is our warning to you. If you persist und (sic) undermining of the people we shall take away your life without further notice."[68]

-----------------------

66 M. Ballinger: <u>From union to apartheid</u>, p. 125.

67 UK/Molteno, A54.64: Boycott the elections, pamflet van die Transkei African Voters Association, Junie 1947; I.B. Tabata: <u>The awakening of a people</u>, pp. VIII, 16, 63.

68 UW/Ballinger, B2.5.25 (Lêer 2): Stern Gang of Tsotsi aan M. Ballinger, 1947.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dat die propaganda oor finansiële gewin Ballinger seergemaak het, blyk uit haar briewe aan Calata en Tshiwula. Aan Calata het sy haar ontevredenheid soos volg oorgedra:

> "... the job I had at the University is now being paid £900 p.a." (Op dié tydstip was die parlementêre loonskaal £1 000 per jaar vir 'n LV.) "and that does not involve the divided life and the incidental costs that the job does."[69]

Teenoor Tshiwula het sy haar gevoelens weer soos volg uitgestort:

> "And no account is taken of the fact that all our financial stability has been sacrificed to the cause of Native progress and freedom."[70]

In werklikheid het al die naturelleverteenwoordigers groot finansiële opofferings gemaak. Molteno, Buchanan en Stanford se regspraktyke het byvoorbeeld feitlik ten gronde gegaan. Uit 'n finansiële oogpunt was Buchanan se gesin te dankbaar dat hy sy setel in 1948 verloor het.[71]

Die militantes het verder ook aangevoer dat die stelsel van naturelleverteenwoordiging so 'n klug was dat dit dus irrelevant was wié die naturelleverteenwoordigers was. Dat Ballinger haar vir haar kiesers afgesloof het, was vir die militantes betekenisloos en hulle wou niks met haar te doen hê nie. Soos A.P. Mda dit gestel het:

> "The Ballingers and the rest of them must have no place in our midst."[72]

Buiten haar posisie as 'n naturelleverteenwoordiger is Ballinger ook weens haar gematigde evolusionêre benadering en haar klem op

------------------------

69 UW/Ballinger, B2.5.13: M. Ballinger aan J.A. Calata, 12 Augustus 1948.

70 UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 6): M. Ballinger aan A.Z. Tshiwula, 12 Augustus 1948.

71 Telefoniese onderhoud met J.L. Buchanan, 13 Julie 1988.

72 T. Karis, G.M. Carter: <u>From protest to challenge, Vol. 2, Hope and challenge 1935-1952</u>, p. 375.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die beginsel van gekwalifiseerde stemreg deur die militantes in die CYL verwerp. Hulle het op onmiddellike gelykstelling en Freedom In Our Lifetime aangedring. Haar benadering is slegs as 'n handhawing van die status quo geïnterpreteer.[73] Hierdie persepsie is deur haar afsydige en kritiese houding teenoor ANC-taktiek soos boikotte en die versetveldtog versterk. Vir die ANC het Ballinger toenemend irrelevant in die stryd teen apartheid geword.

Ballinger as 'n gematigde liberaal was nou vasgevang tussen twee magtige pole, naamlik swart nasionalisme en Afrikanernasionalisme vir wie sy ewe onaanvaarbaar was. Vir die Afrikanernasionalisme, beliggaam in die NP, was sy slegs 'n linkse agitator wat die swartes teen die blankes opgesweep het. Vir die swart nasionaliste was sy weer te gematig en deel van 'n slenter om die swartes te domineer. Die uiteinde was dat Ballinger toenemend polities geïsoleerd geraak het. Geen blanke politieke party wou aan haar enige openlike steun verleen nie, terwyl sy vanaf die laat 1940's geen steun van enige swart organisasie kon verwag nie.[74] Dit het haar taak as naturelleverteenwoordiger dus bemoeilik. Hierdie omstandighede was so frustrerend dat Donald Molteno die handdoek ingegooi het en hom nie vir die 1948-verkiesing verkiesbaar gestel het nie.[75] Die laaste strooi vir Molteno was toe die swart militantes sy vergaderings opgebreek het.[76] Ná 1949 het Ballinger se posisie verder verswak toe die militantes beheer oor die ANC verkry het en Xuma en Calata as president-generaal en sekretaris-generaal van die organisasie vervang het. Hierna kon Ballinger geen steun van die ANC verwag nie.

-----------------------

73 J. Robertson: Liberation in South Africa 1948-1963, pp. 98-99.

74 UW/Ballinger, B2.5.18: M. Ballinger aan C.A.W. Sigila, 8 Februarie 1949.

75 D. Scher: Donald Molteno, p. 55.

76 Inkundla Ya Bantu, 24 Maart 1948, (Mr D.B. Molteno).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Die toenemende verwydering tussen Ballinger en haar kiesers**

Een van die gevolge van die militante swart nasionalisme was die verwydering tussen Ballinger en haar kiesers. Die NP het egter ook 'n bydrae tot hierdie verwydering gelewer. Met Verwoerd as Minister van Naturellesake het dit moeiliker geword om enige samewerking te verkry om kiesers met hul probleme behulpsaam te wees. Dit het gevolglik een van haar belangrikste bronne van steun onder haar kiesers verswak. Die Departement van Naturellesake het ook met amptelike byeenkomste op die platteland die naturelleverteenwoordigers se posisies ondermyn. Ironies het die Departement dieselfde propaganda as die swart militantes aangewend. Dit was naamlik dat blankes nie swartes kon verteenwoordig nie en dat die naturelleverteenwoordigers slegs in hul parlementêre salarisse belanggestel het.[77] Om die steun van veral die swart hoofmanne te verwerf, het Verwoerd aangevoer dat die naturelleverteenwoordigers se salarisse in werklikheid die hoofmanne toegekom het.[78] Die uiteinde was dat talle van Ballinger se swart ondersteuners gevoel het dat hulle by apartheid kon baat en hul steun aan Verwoerd se idees toegesê het.[79]

Die belangrikste rede vir Ballinger se isolasie van haar kiesers was egter die toenemende anti-blanke gevoel van die swartes. Dit was later so sterk dat die ANC enige vergadering van haar in die Port-Elizabeth-omgewing (wat 'n ANC-vesting was) verhoed het.[80]

'n Voorbeeld van hoe sterk hierdie anti-blanke houding was, blyk uit 'n vergadering in Oktober 1953 in Langa, Kaapstad, wat Ballinger wou toespreek. Sy is as 'n onderdrukker uitgejou en geen

------------------------

77 UW/Ballinger, B2.5.27: B.B. Mdledle aan M. Ballinger, 15 Mei 1959.

78 The Cape Times, 6 November 1958, (Verwoerd tells chiefs: MP's to go); UW/Ballinger, B2.16.1 (Lêer 3): W. Stanford aan M. Ballinger, 19 November 1958.

79 Onderhoud met F. Barnard, 2 Junie 1988.

80 Onderhoud met B. Curran, 18 Desember 1986.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

spreekbeurt gegun nie. Die uiteinde was dat die vergadering nie kon plaasvind nie.[81] Die anti-blanke gevoel was later so sterk dat selfs die heelwat radikaler Lee-Warden nie meer vergaderings in swart woongebiede kon hou nie.[82] Die voorkoming van haar vergaderings in Port Elizabeth was 'n groot terugslag vir Ballinger. Weens die stemregkwalifikasies het die Oos-Kaap toenemend 'n stedelike setel geword omdat die verstedelikte swartes makliker aan die kwalifikasies kon voldoen.[83] Die meerderheid kiesers was dus in Port Elizabeth en die hawestad se onmiddellike omgewing gesentreer en was dit die magsbasis van haar kieskring. Op die platteland was sy steeds welkom, maar dit was die polities minder belangrike deel van die Oos-Kaap. Aansluitend daarby het 'n groeiende aantal plattelandse swartes die apartheidsfilosofie se idee van selfbestuur begin aanhang.[84] Die enkele vergaderings wat Ballinger wél kon hou, is ook met agterdog deur Verwoerd bejeën. Volgens hom was dit slegs byeenkomste waar die swarte teen die blanke opgesweep is.[85]

Ballinger is ook te blameer vir haar toenemende isolasie van die Oos-Kaapse kiesers. 'n Belangrike rede hiervoor was dat sy polities in die dertigerjare vasgehaak het. As sy vir die LP se blanke jeug onaanvaarbaar was, soveel te meer vir die polities bewuste swartes. Veral haar standpunt ten gunste van 'n gekwalifiseerde stemreg was totaal onaanvaarbaar vir die swartes. Verder het sy ook geen poging aangewend om kontak met die nuwe geslag leiers van die ANC op te bou nie. 'n Verdere bron van ontevredenheid met Ballinger was haar leierskap van die LP. Daar was 'n sterk gevoel dat sy as 'n naturelleverteenwoordiger nie die leier van 'n blanke politieke party moes wees nie. Dit was

-----------------------

81 Die Burger, 2 Oktober 1953, (Naturelle jaag blankes weg); The Star, 2 Oktober 1953, ("Get out, oppressors", natives scream at liberals).

82 Onderhoud met L.B. Lee-Warden, 15 Desember 1986.

83 Umteteli wa Bantu, 13 Maart 1948, (Parliament has pre-election fever: Decline in rural vote).

84 Onderhoud met F. Barnard, 2 Junie 1988.

85 M. Ballinger: From union to apartheid, p. 385.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dan ook 'n belangrike motivering vir Ballinger se besluit om die leierskap van die LP neer te lê.

Weens die veranderde politieke klimaat in die Oos-Kaap was Ballinger bekommerd oor haar posisie in die 1954-naturelleverkiesing. Sy was veral senuweeagtig dat sy deur 'n kommunis of 'n ver-linkse kandidaat van die COD geopponeer sou word, aangesien dit haar in 'n moeilike posisie sou plaas. Hoe senuweeagtig Ballinger wél was, blyk uit haar poging om haar in 1953 as 'n onafhanklike met die VP se goedkeuring in Houghton, Johannesburg verkiesbaar te stel. Baily Bekker, Transvaalse leier van die party het dit egter afgekeur met die gevolg dat Ballinger haar weer in die Oos-Kaap verkiesbaar gestel het.[86] Tot haar groot verligting is sy egter onbestrede verkies.[87] Die rede hiervoor was dat die COD besef het dat hulle nie 'n oorwinning teen Ballinger sou kon behaal nie.[88] Ondanks die swart militantheid het Ballinger se parlementêre rekord namens die swartes haar steeds van hoë aansien onder hulle verseker. Dit was 'n geval dat sy steeds beskou is as die beste persoon om as verteenwoordiger vir die Oos-Kaap op te tree. Hierdie houding het C.A.W. Sigila vroeër soos volg opgesom:

> "We, Africans, since 1936, learnt to have no particular attachment to any political party, except to individuals who promise to consistently and persistently present our case with courage and honesty."[89]

Ballinger se onbestrede kandidatuur in 1954 het egter nie die einde van die verwydering tussen haar en die Oos-Kaapse kiesers beteken nie. Teen die middel-vyftigerjare was Ballinger totaal geïsoleerd van hulle. Volgens B. Curran, Oos-Kaapse naturelle-

------------------------

86 UK/V.M.L. Ballinger, A2.13: Dagboek, 21 Januarie 1960.

87 UW/Ballinger, B2.5.17: M. Ballinger aan D.L. Smit, 15 Oktober 1954.

88 Telefoniese onderhoud met L.B. Lee-Warden, 7 Mei 1988; UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 7): R.T. Bokwe aan M. Ballinger, 24 Mei 1954.

89 UW/Ballinger, B2.5.18: C.A.W. Sigila aan M. Ballinger, 31 Januarie 1949.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verteenwoordiger in die provinsiale raad, wat heelwat radikaler as Ballinger was en op goeie voet met die ANC verkeer het, het sy nie die vaagste benul gehad van wat in haar kieskring aan die gang was nie.[90] Die rede hiervoor was dat Ballinger se kommunikasiestelsel met haar kieskring teen die vyftigerjare in duie gestort het. Eerstens kon sy nie meer vergaderings hou nie, terwyl die meeste van haar helpers uit die politiek verdwyn het weens sterftes en aftredes of omdat hulle invloed verloor het. Groot terugslae was veral die afsterwe van haar vriend en agent A.Z. Tshiwula in 1958[91] en die ontbinding van die Ciskeise Bunga in 1955. Die gevolg hiervan was dat Ballinger haar effektiefste inligtingsbronne in die Oos-Kaap verloor het. Gevolglik het sy toenemend oningelig geraak oor gebeure in die swart politiek, veral ten opsigte van die ANC.

Ballinger se isolasie van die ANC blyk uit 'n besoek van 'n aantal prominente lede van die ANC Women's League aan die Parlement. Tot die ongeloof van mev. E. Stott, 'n prominente Black Sash-lid wat die deputasie begelei het, het Ballinger nie 'n enkele lid van die deputasie geken nie.[92] Dat Ballinger bewus was van haar isolasie blyk uit haar pogings om weer aktief te raak in die SAIR om kontak met swartes te verkry.[93] Teen hierdie tyd het slegs die gematigste swartes hulle egter met die Instituut geassosieer.

Die NP, wat bewus was van Ballinger se isolasie van haar kiesers, het dit tot eie voordeel uitgebuit. Wanneer sy apartheid as nadelig vir die swarte gekritiseer het, is gevra hoe sy dit weet. Sy kon dan nie eens vergaderings onder haar kiesers hou nie. Daarteenoor kon Verwoerd aanvoer dat reuse-skares sy byeenkomste of indabas op die platteland bygewoon het.[94] Dus was

-----------------------

90 Onderhoud met B. Curran, 18 Desember 1986.

91 Korrespondensie met oud-senator Leslie Rubin, 15 September 1988.

92 Telefoniese onderhoud met mev. E. Stott, 17 November 1987.

93 Onderhoud met dr. P. Lewsen, 1 September 1986.

94 A. Hepple: Verwoerd, pp. 117-118; G.D. Scholtz: Dr. Hendrik French Verwoerd 1901-1966, pp. 216- 217.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die NP volgens Verwoerd bewus van wat die ware behoeftes van die swartes was. Daarteenoor is aangevoer dat Ballinger slegs met 'n klein selektiewe groepie swartes kontak gehad het en glad nie die belange van die swartes verteenwoordig het nie.[95] Die gevolg hiervan was dat Ballinger se posisie as 'n naturelleverteenwoordiger nog verder verswak is. Teen 1960 was Ballinger eerder 'n verteenwoordiger vir gematigde liberalisme as 'n verteenwoordiger vir die swartes.

Met die afskaffing van die naturelleverteenwoordigers in 1960 het Ballinger gevoel dat haar jarelange stryd en opofferings namens die swartes vrugteloos was. Sy het ook gevoel dat sy en die ander naturelleverteenwoordigers deur die swartes in die steek gelaat is weens die apatiese aanvaarding van hul verwydering. Wat haar veral seergemaak het, was dat daar feitlik geen dank- of lofbetuigings vir haar jarelange stryd uit swart geledere was nie. Vir al haar moeite het sy slegs 'n handjievol briewe met dankbetuigings ontvang.[96]

Onder die aantal briewe wat sy ontvang het, was daar tog 'n paar wat vir haar teleurstelling gekompenseer het. So het haar ou vriend Calata sy dank uitgespreek en Ballinger daarop gewys dat haar onaanvaarbaarheid onder sekere swartes nie haar skuld was nie, maar die gevolg was van die regeringsbeleid.[97] Mev. F. Matthews het haar namens prof. Z.K. Matthews, wat in aanhouding sonder verhoor was, soos volg uitgedruk:

> "It's been a great fight and will never be forgotten. There was much which was frustrating in your dealings with us, but you never let us down."[98]

------------------------

95 Onderhoud met F. Barnard, 2 Junie 1988; House of Assembly debates, 29 September 1953, kol. 4431.

96 UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 8): M. Ballinger aan N.M. Lembed, 1 Maart 1960.

97 UK/W.G. Ballinger, G2.IV.3: J.A. Calata aan M. Ballinger, 7 September 1960.

98 UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 8): Mev. F. Matthews aan M. Ballinger, 28 Mei 1960.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die mees gewaardeerde bedanking was van haar grys ou vriend, eerw. Z.R. Mahabane:

> "Yours has been like the 'Voice of one crying in the wilderness'. But history, the impartial judge, will give credit to you as faithful champions [die naturelleverteenwoordigers] of the cause of the oppressed and voiceless majority."[99]

Mahabane was egter te optimisties. Vandag is Ballinger 'n vergete en onbekende persoon in die swart gemeenskap. Nie 'n enkele swarte het byvoorbeeld haar begrafnis bygewoon nie.[100] In werklikheid het haar dood ongemerk verbygegaan. Talle redes kan vir Ballinger se isolasie van haar kiesers aangevoer word, byvoorbeeld haar afgetrokke geaardheid of die verbrokkeling van haar kommunikasiestelsel. Die belangrikste rede was egter die feit dat sy tussen die twee magtige nasionalismes van die swarte en die Afrikaner vasgevang was. Vir die Afrikaner-nasionalisme met sy apartheidsfilosofie wat die regte van die individu ondergeskik gestel het, was daar vir haar geen plek nie, terwyl sy ook vir die swart nasionalisme met sy aandrang op onmiddellike gelyke politieke regte onaanvaarbaar was. Tussen hierdie twee groepe was daar geen beweegruimte nie, met die gevolg dat sy irrelevant vir haar swart kiesers geword het. Dit kan egter nie van Ballinger ontneem word dat sy meer as twee dekades een van die bekwaamste en toegewydste kampvegters vir die swartes was nie. Sy het haar prysname 'Nozizwe' en 'Tembeka' ten volle verdien. Sy sou ook nooit die belange van haar kiesers vergeet nie en sy het met haar afsterwe R61 104 van haar boedel aan die Universiteit van Fort Hare bemaak.[101]

---

99 Ibid., Z.R. Mahabane aan M. Ballinger, 17 Mei 1960.

100 Telefoniese onderhoude met mevv. E. Stott, 19 November 1987; H. Suzman, 9 Januarie 1989.

101 Meester van die Kaapse Hooggeregshof, Boedel van V.M.L. Ballinger, nr. 1149/80.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# HOOFSTUK IX
# DIE SKADUJARE, 1960 - 1980

Ná haar gedwonge uittrede uit die Parlement het Ballinger, buiten die tydperk as voorsitter van die Kaapse LP, totaal van die politieke toneel verdwyn. Met haar afsterwe op 7 Februarie 1980 was sy 'n vergete persoon in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Tydens haar laaste sitting in die Parlement het Ballinger onder geen illusie verkeer dat sy vinnig vergeet sou word nie.[1] Tog was die vinnige wyse waarop sy wél in obskuriteit verdwyn het, 'n onaangename ondervinding vir haar. Die frustrasie en terneergedruktheid wat so 'n kenmerk van haar laaste 12 jaar in die Parlement was, het in hierdie tydperk vererger en sy het toenemend 'n swaarmoedige persoon geword. Een van diè belangrikste redes vir hierdie geestestoestand was die skielike gevoel van algehele nutteloosheid ná haar uittrede. Dit het Ballinger haar belangrikste bestaansreg ontneem en sy het die Parlement met sy opwinding gemis.[2] Volgens haar vriendin, dr. P. Lewsen, was dit asof 'n vlam in haar ná 1960 geblus is.[3]

Dit moes heelwat frustrasie en aanpassing van Ballinger geverg het om van 'n internasionaal erkende figuur in 'n huisvrou wat na William en Moore moes omsien, te verander. William was teen die laat sestigerjare seniel en so afhanklik van haar dat sy dit moeilik gevind het om enige aandag aan haarself of enige ander aktiwiteite te bestee.[4]

'n Verdere faktor wat haar lewe versuur het, was die probleme verbonde aan haar outobiografie. Eerstens was daar 'n verplig-

------------------------

1 UK/V.M.L. Ballinger, B2.13: Dagboek, 15 Januarie 1960.

2 Telefoniese onderhoud met prof. D. Welsh, 3 Februarie 1989.

3 Onderhoud met dr. P. Lewsen, 25 Januarie 1989.

4 Onderhoud met H. Jaff, 7 Augustus 1986; Telefoniese onderhoud met prof. D. Welsh, 3 Februarie 1989.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ting op haar ná haar "fellowship" by Nuffield College, Oxford. Ballinger het die boek met groot moeite voltooi waarna, tot haar frustrasie, geen uitgewer bereidwillig was om dit te publiseer nie. As gekyk word na die eindproduk, From union to apartheid, wat ná talle veranderinge gepubliseer is, is die uitgewers se traagheid verstaanbaar. Die boek is amper 500 bladsye lank, kleurloos en vervelig, aangesien dit slegs 'n droë opsomming van Hansard en koerantberigte is. Die grootste swakheid van die boek is die onpersoonlike aard daarvan. Een van die resensente, J. Lewin, het tereg daarop gewys dat die stofomslag meer biografiese inligting oor Ballinger bevat het as die inhoud van die boek.[5] William word ook net terloops vermeld, terwyl talle van haar bekende liberale kollegas net in die verbygaan vermeld of totaal geïgnoreer word. Vir diegene wat haar boek met hoë verwagtinge en belangstelling ontvang het, was From union to apartheid 'n bittere teleurstelling.[6] Veral vir Margery Perham, wat vir haar uitnodiging na Oxford verantwoordelik was. Die meerderheid boekbesprekings was ook krities.[7] Hierdie swak ontvangs, tesame met die moeite om die boek te skryf en gepubliseer te kry, het heelwat daartoe bygedra om Ballinger nog neerslagtiger te maak.[8]

'n Verdere bron van neerslagtigheid was die rigting waarin Suid-Afrika ná 1960 beweeg het.[9] Strenger veiligheidswetgewing, die toename in sterftes van persone in aanhouding sonder verhoor en politieke verhore het ná 1960 alledaags geword. Wat Ballinger veral geruk het, was die regering se verbod op 'n verkiesingsvergadering in Genadendal van dr. O.D. Wollheim as 'n PP-kandidaat

-----------------------

5 UK/V.M.L. Ballinger, C7.33: Boekbespreking van J. Lewin.

6 Onderhoud met mev. M. Macmillan, 20 Februarie 1989.

7 Vir die boekbesprekings kan UK/V.M.L. Ballinger, C7.21 - C7.43 geraadpleeg word.

8 Telefoniese onderhoud met prof. D. Welsh, 3 Februarie 1989.

9 UK/W.G. Ballinger, D4.6.2: W.G. Ballinger aan Vera Brittain, 3 November 1964; Onderhoud met dr. P. Lewsen, 25 Januarie 1989.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tydens die kleurling provinsiale verkiesing van 1964.[10] Hoe ontstellend hierdie optrede vir Ballinger was, blyk duidelik uit 'n aantekening in haar notaboek:

> "I am completely shattered .... What are we coming to?"[11]

Die uitstaande kenmerk van Ballinger se skadujare was hoe vinnig sy as 'n internasionale figuur in die vergetelheid verdwyn het. Alhoewel haar teruggetrokke geaardheid en die ontbinding van die LP hierdie proses aangemoedig het, was die belangrikste oorsaak die groeiende reputasie van Helen Suzman. Suzman het die vakuum wat Ballinger se verdwyning gelaat het, onmiddellik gevul.[12] Nes Ballinger was sy 'n briljante vroue-LV, 'n vurige opponent van die NP se rassebeleid en ná 1961 13 jaar lank die alleenverteenwoordiger van die PP in die Parlement. Suzman het Ballinger dus heeltemal uit die publieke oog verdring. Mettertyd het hulle sinoniem vir die publiek geword. Tydens talle onderhoude is byvoorbeeld na Ballinger as die vroeë Suzman verwys. Alan Paton het dieselfde vergelyking in sy eerbetoon aan Ballinger ná haar afsterwe gemaak.[13] 'n Verdere faktor tot haar vinnige verdwyning in die vergetelheid was die feit dat sy deur haar kiesers verwerp is en hulle dus nie haar herinnering aan die lewe gehou het nie.

Die jare ná 1960 was darem nie net 'n tydperk van neerslagtigheid nie, en heelwat eer is aan Ballinger betoon. In 1960 het sy Australië op uitnodiging van die Australiese Instituut vir Internasionale Aangeleenthede besoek om die prestige Dyason-lesings te lewer.[14] Die volgende jaar is sy vir 'n akademiese jaar as

-----------------------

10 Korrespondensie met O.D. Wollheim, 14 Augustus 1986.

11 UK/V.M.L. Ballinger, A2.15: Inskrywing, 10 September 1964.

12 J. Clark (red): Like it was. The Star 100 years in Johannesburg, p. 174.

13 The Cape Argus, 9 Februarie 1980, ("Queen mother of politics" dies).

14 UW/Ballinger, B2.16.1 (Lêer 4): J. Andrews aan M. Ballinger, 8 Junie 1960.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n "fellow" by Nuffield College, Oxford aangestel, terwyl sy die Verenigde State in 1963 as 'n gas van die land se Departement van Buitelandse Sake besoek het. In 1962 het die Universiteit van Kaapstad 'n eredoktorsgraad aan haar toegeken, en Rhodes-Universiteit het haar op 'n soortgelyke wyse in 1964 vereer.[15] Ballinger is ook in 1966 deur die Konvokasie van die Universiteit van Kaapstad tot die Raad van die Universiteit verkies.[16] Sy het hierdie pos met groot bekwaamheid tot 1972 gevul, toe sy besluit het om haar nie weer verkiesbaar te stel nie.[17]

Daarmee het Ballinger se openbare loopbaan finaal tot 'n einde gekom en sy het haar laaste lewensjare rustig in Kaapstad, waar sy haar ná 1961 gevestig het, deurgebring. Ná William se dood in 1974,[18] en Moore wat hom enkele jare daarna by sy kinders gaan vestig het, het haar gesondheid geleidelik verswak en sy het toenemend seniel geword. Dit was later van so 'n aard dat sy voltydse mediese versorging nodig gehad het.[19] Dit was onder hierdie omstandighede dat 'n eensame (die Ballingers se huwelik was kinderloos) en vergete Margaret Ballinger op 7 Februarie 1980 in Kaapstad oorlede is.[20] Buiten enkele lewensberigte het haar dood feitlik ongemerk verbygegaan. Vandag leef haar naam slegs deur die Margaret Ballinger Fund en die Margaret Ballinger Day Nursery in Naledi voort.

------------------------

15 UK/V.M.L. Ballinger, A5.7: Inligting van M. Ballinger aan The world who's who for women, 21 Desember 1972.

16 Ibid., A3.142: Sekretaris van die Konvokasie aan M. Ballinger, 15 Maart 1966.

17 Ibid., A3.148: C. Corder aan M. Ballinger, 6 Maart 1972; A2.15: Inskrywing in notaboek, 4 April 1972.

18 The Cape Argus, 22 Julie 1974, (Death of senator Ballinger).

19 Onderhoude met W. Stanford, 17 Desember 1986; mev. C.A. Kimber, dogter van P.A. Moore, 8 Maart 1989.

20 The Cape Argus, 9 Februarie 1980, ("Queen mother of politics" dies).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# HOOFSTUK X
# SLOTBESKOUING

Oor Margaret Ballinger se toewyding en bekwaamheid as politikus bestaan daar weinig, indien enige, meningsverskil. Waaroor daar wél meningsverskil bestaan, is die motiewe wat haar openbare optrede geïnspireer het. Talle swart militantes en latere revisioniste het aangevoer dat liberale soos Ballinger bedekte bybedoelings gehad het en dat hulle "agents of social control" was wat deur middel van die stelsel van naturelleverteenwoordiging blanke baasskap wou handhaaf.[1] Dit sou, aldus hierdie sienswyse, vermag word deur swartes polities apaties te hou deur die indruk te skep dat hulle wél politieke verteenwoordiging geniet.

Hierdie aantygings is nie gegrond nie. Ballinger het in haar politieke loopbaan één groot doel voor oë gehad, naamlik die daarstelling van 'n regverdige en demokratiese Suid-Afrika. Hoewel dit grotendeels waar is dat die stelsel van naturelleverteenwoordiging slegs die illusie van politieke verteenwoordiging geskep het, het Ballinger beslis nie om daardie rede aan die stelsel deelgeneem nie. Sy het dit onomwonde gestel dat sy van 'n segregasionistiese instelling gebruik sou maak juis om segregasie te beveg. Dieselfde doelstellings het KPSA-naturelleverteenwoordigers soos Kahn, Bunting en Alexander gemotiveer, maar hulle word nie as meelopers van apartheid veroordeel nie. Die feit dat heelwat druk op haar geplaas is vóór sy haar wél verkiesbaar gestel het, is ook 'n aanduiding dat haar deelname aan die instelling nie net 'n gerieflike verskoning was om politieke ambisies te bevredig nie. Wat haar oortuig het, was haar gebrek aan 'n politieke platform en haar drang om 'n bydrae te lewer tot die omskepping van Suid-Afrika in 'n ware demokrasie. Die Naturelleverteenwoordigingswet van 1936 het haar derhalwe 'n unieke geleentheid gebied om op Suid- Afrika se hoogste wetgewende vlak 'n platform te vind vir die propagering van haar idees en die verbetering van die swarte se lewensomstandighede. Daar steek dus niks in die beskuldiging dat sy tot die stelsel van blanke oorheersing gekoöpteer is nie.

-----------------------

1 Kyk pp. vii-viii.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ongeag haar lofwaardige motiewe en haar onvermoeide stryd teen apartheid, het Ballinger se status as 'n naturelleverteenwoordiger haar in 'n situasie geplaas waar sy net nie kon wen nie. Aan die een kant kon sy haar mede-LV's as verteenwoordigers van blanke Suid-Afrika nie oortuig om die idee van blanke oorheersing te laat vaar nie. Apartheid is trouens eerder strenger toegepas terwyl Ballinger met toenemende agterdog bejeën is. Sy is beskou as 'n gevaarlike kommunistiese agitator wat die swartes teen die blankes opsweep en dus uit die Parlement verwyder moes word. Die ideologiese onaanvaarbaarheid van naturelleverteenwoordigers soos Ballinger was dan ook 'n belangrike rede waarom die NP die stelsel van naturelleverteenwoordiging afgeskaf het. Aan die ander kant het die groeiende getal swart militantes Ballinger bloot vanweë haar deelname aan die stelsel van naturelleverteenwoordiging as deel van die stelsel van blanke oorheersing veroordeel. Hierdie persepsie is versterk deur haar gematigde en beredeneerde Fabianistiese benadering in die Volksraad. Die militantes het geen geduld daarmee gehad nie en op onmiddellike gelyke politieke regte aangedring. Boonop het haar teruggetrokke geaardheid, asook haar optrede as 'n politieke alleenloper wat nie by swart organisasies betrokke wou raak nie tot hierdie verwydering bygedra. Joe Matthews het die sienswyse van swart militantes teenoor Ballinger raak opgesom met sy uitspraak: Jy is saam met die ANC in sy stryd vir 'n nie-rassige demokrasie of jy moet by die NP aansluit. 'n Verdere belangrike oorsaak vir haar isolasie van die swart gemeenskap was haar afsydigheid teenoor enige buite-parlementêre aktiwiteite in die stryd teen segregasie en later apartheid. Gevolglik is sy as "irrelevant" in hierdie stryd beskou. Verder het te hoë verwagtinge van haar vermoëns, asook die gebrek aan enige dramatiese deurbrake ten gunste van die swart gemeenskap tot die verwydering met hulle bygedra. Alan Paton se opsomming van die liberale se posisie het ook vir Ballinger gegeld:

> "... the real complaint against white liberals is not their hypocrisy, or their cowardice, but their powerlessness."[2]

----------------------

2 Alan Paton: Save the beloved country, p. 174.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ballinger was dus 'n slagoffer van omstandighede buite haar beheer: sy was tussen die magtige nasionalismes van die Afrikaner en die swarte vasgevang. Tussen hierdie twee groeperinge was daar byna geen beweegruimte vir 'n gematigde liberaal met 'n politieke benadering wat op logika en rede gebaseer was nie. I. Berlin se beskrywing van die Russiese liberale se onbenydenswaardige posisie in tsaristiese Rusland, vasgevang tussen reaksionêre en rewolusionêre magte geld ook vir Ballinger:

> "The middle ground is a notoriously exposed, dangerous, and ungrateful position. The complex position of those who, in the thick of the fight, wish to continue to speak to both sides is often interpreted as softness, trimming, opportunism, cowardice.[3]

Die uiteinde was dat sy teen 1960 'n geïsoleerde en gefrustreerde figuur wat van mening was dat alles verydel is waarvoor sy haar beywer het.

Hierdie isolasie het ook in 'n groot mate vir die Suid-Afrikaanse liberalisme in die geheel gegeld. Tog is een van die groot teenstrydighede van Ballinger se loopbaan dat sy as 'n intense aanhanger van die beginsels van liberalisme - iemand wat haar loopbaan op hierdie beginsels gebaseer het en die eerste leier van die LP geword het met 'n reputasie as Suid-Afrika se bekendste liberaal - nooit volkome deel van die liberale hoofstroom was nie. Twee redes kan daarvoor aangevoer word, te wete persoonlikheids- en politieke verskille. Eersgenoemde was 'n belangrike faktor. Aanvanklik kon sy nie met invloedryke liberale soos Rheinallt Jones en Hoernlé oor die weg kom nie; later het sy weer vanweë haar groeiende arrogansie vervreem geraak van die nuwe geslag liberale van die veertiger- en vyftigerjare. Beginselverskille tussen haar en die liberale hoofstroom was egter die belangrikste rede waarom sy 'n randfiguur in die Suid-Afrikaanse liberalisme was. Aanvanklik is sy in die dertigerjare as té radikaal geag omdat sy haar nie met die teoretisering oor Suid-Afrika se rassebeleid besig gehou het nie, maar aktief

-----------------------

3 I. Berlin: <u>Russian thinkers</u>, p. 297.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gepoog het om swart verset teen segregasie te mobiliseer. Verder was sy ook teen die liberale hoofstroom se antropologiese benadering gekant, wat sy as gevaarlik geag het omdat dit ammunisie aan segregasioniste verskaf het. Teen die vyftigerjare het die wiel egter ten volle gedraai deurdat sy nou as té konserwatief geoordeel is. Vir die nuwe geslag liberale was Ballinger onaanvaarbaar aangesien sy die beginsel van algemene stemreg verwerp het en buite-parlementêre aktiwiteite geopponeer het. Gevolglik was sy teen 1960 meer as ooit tevore van die Suid-Afrikaanse liberalisme vervreem. Hierdie vervreemding, tesame met die verwydering tussen haar en die swart gemeenskap, asook die toepassing van apartheid het tot gevolg gehad dat sy die Parlement as 'n uiters neerslagtige persoon verlaat het.

Ballinger se neerslagtigheid en isolasie in 1960 was nie net die gevolg van faktore buite haar beheer nie, maar ook van haar komplekse persoonlikheid. Saam met haar vriende was sy 'n warm en spontane persoon. Buite hierdie beperkte sirkel was sy net die teenoorgestelde persoon, met 'n teruggetrokke en afsydige geaardheid wat deur die meeste mense as 'n norsheid en selfs kilheid geïnterpreteer is. Hierdie teruggetrokkenheid en afsydigheid het Ballinger se politieke loopbaan heelwat skade berokken. Dit het byvoorbeeld die antagonisme van die NP verskerp, wat dit as 'n anti-Afrikaner sentiment beskou het. Militante swartes het dit weer as 'n paternalisme vertolk, wat daartoe bygedra het dat talle kiesers van haar vervreem is. Menige liberaal het haar afsydigheid weer as 'n kilheid teenoor hulle gesien, met die gevolg dat haar isolasie van die Suid-Afrikaanse liberalisme daardeur versterk is. Hierdie situasie is vererger deur Ballinger se toenemende arrogante houding weens haar reputasie as een van Suid-Afrika se bekwaamste parlementariërs en voorste liberale. Sy het verwag om gerespekteer te word en dit het haar reeds dominerende persoonlikheid vererger. Verder het sy 'n onverdraagsame houding ingeneem teenoor diegene wat van haar verskil het. Dit het ook 'n uiters sensitiewe, afgunstige en kleinlike houding tot gevolg gehad teenoor persone wat 'n moontlike bedreiging vir haar reputasie as Suid-Afrika se voorste vroue en liberale politikus ingehou het. Die gevolg hiervan was dat dit haar taak bemoeilik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het om haar vir 'n demokratiese Suid-Afrika te beywer. Dit het byvoorbeeld effektiewe samewerking met 'n invloedryke J.H. Hofmeyr voorkom, haar eie party van haar vervreem, terwyl dit die PP van haar gedistansieer het. Haar politieke reputasie is ook daardeur geskaad aangesien dit talle ondersteuners en bewonderaars van haar ontnugter het. Aansluitend daarby het William se voortdurende vetes met Margaret se vriende en ander liberale ook tot haar politieke isolasie bygedra.

Dat Ballinger vandag feitlik 'n onbekende figuur is, selfs in liberale kringe, is nie net die gevolg van haar persoonlikheid of die verskille met die Suid-Afrikaanse liberalisme of die verwydering van haar kiesers nie, maar ook weens haar posisie as 'n liberale "aktivis". Sy het haar nie net besig gehou met die filosofering oor Suid-Afrika se unieke rassevraagstuk of oor hoe dit opgelos kon word nie. Haar belangrikste taak, waarin sy al haar energie gestort het, was haar parlementêre pogings om die lewensomstandighede van die swarte te verbeter of om enige politieke en rasse-onverdraagsaamheid te beveg. Tóg is dit juis die "filosowe", persone soos Macmillan,[4] Brookes, Hoernlé en Marquard, wat onthou word. Die mate waarin Ballinger misken word, blyk uit 'n konferensie wat in Oktober 1985 by die Universiteit van Londen ter ere van die honderjarige herdenking van Macmillan se geboorte gehou is. Ongeag die feit dat sy een van Macmillan se briljantste studente en lojaalste ondersteuners was, is haar naam slegs drie maal in die referate vermeld. Daarteenoor is 'n afsonderlike referaat aan C.W. de Kiewiet, historikus en nog 'n Macmillan-protégé, gewy.[5] Ironies genoeg was Ballinger die een wat tot die bitter einde rassisme en ongeregtigheid beveg het, terwyl Macmillan en De Kiewiet Suid-Afrika verlaat het.

------------------------

4 Tereg wys P. Rich daarop dat Macmillan in vergelyking met Ballinger nie 'n "ardent political campaigner" was nie, maar 'n voorstander van beredeneerde boeke, artikels en seminare. H. Macmillan, S. Marks (reds): Africa and empire. W.M. Macmillan, historian and social critic, pp. 207-208.

5 H. Macmillan, S. Marks (reds): Africa and empire. W.M. Macmillan, historian and social critic, pp. 91-102.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ballinger se eensame stryd van 23 jaar in die Parlement teen apartheid en segregasie spreek van durf, moed en integriteit en verdien 'n plek in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Terwyl ander liberale moed verloor het, het sy in 'n tydperk waarin liberalisme deur baie Suid-Afrikaners as verfoeilik verwerp is, op haar pos gebly in die stryd vir 'n demokratiese Suid-Afrika. 'n Aanhaling van Willem die Swyger, wat Paton op die LP toegepas het, geld ook vir Ballinger:

> "... it is not necessary to hope in order to undertake, and it is not necessary to succeed in order to persevere."[6]

'n Besondere kenmerk van Ballinger se politieke loopbaan was haar toewyding en vaardigheid as parlementariër, ondanks moeilike omstandighede. Dit op sigself ken aan haar 'n plek in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis toe. Ballinger het hierdie talent dan ook aangewend in belang van die vrou en sy kan tereg as 'n baanbreker vir vroueregte beskou word, alhoewel sy nooit 'n militante of selfs aktiewe feminis was nie. Weens haar optrede in die Volksraad en as 'n lid van die Mielieraad, wat soveel respek afgedwing het, het sy as 'n wegbereider vir vroue in die skeptiese en manlik gedomineerde openbare lewe gedien. Die meerderheid blanke vroue het dus na Ballinger, alhoewel hulle haar politieke filosofie verwerp het, as hul inspirasie en as hul verteenwoordiger in die Parlement opgesien. In 1951 het selfs Die Huisgenoot, 'n vurige NP-ondersteunende tydskrif, haar genader om iets oor die vrou in die Suid-Afrikaanse politiek te skryf.[7] Dit was nie net vroue nie, maar ook jong liberaaldenkendes in die dertiger- en veertigerjare, byvoorbeeld Zach de Beer, wat deur haar parlementêre optrede geïnspireer is om self polities aktief te raak.

------------------------

6 Alan Paton: Save the beloved country, p. 256.

7 M. Ballinger: Mev. V.M.L. Ballinger, L.V., sê die vrou se politieke kombuistyd is verby, (Die Huisgenoot, 18 Mei 1951).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die terrein waar Ballinger egter haar grootste merk gemaak het, was as 'n onvermoeide en onbaatsugtige verteenwoordiger van haar kiesers. Vóór 1936 is talle Oos-Kaapse LV's met die steun van swartes verkies, waarna hulle hul swart ondersteuners se belange geïgnoreer het. Ná Ballinger se verkiesing in 1937 het die Oos-Kaapse swartes wél 'n verteenwoordiger gehad wat ongekwalifiseerd na haar kiesers se belange omgesien het. In 'n beperkte mate het sy en haar mede-naturelleverteenwoordigers selfs daarin geslaag om hul kiesers se lewensomstandighede te verbeter. Hier kan verwys word na haar bydrae in die verkryging van hoër lone en pensioene vir swartes. Aansluitend daarby het Ballinger haar as 'n kampvegter vir swart politieke regte onderskei, terwyl sy ook as die Parlement se gewete ten opsigte van die swartmense van Suid-Afrika gedien het.

Ballinger se stryd namens haar kiesers het aangesluit by haar stryd om die handhawing van die beginsels van liberalisme in Suid-Afrika. Deur haar toedoen is die flikkerende vlam van Suid-Afrikaanse liberalisme aan die lewe gehou. Net so het haar optrede as 'n liberale parlementariër die weg voorberei vir die latere LP en PP. Ballinger het dus 'n reuse-bydrae gelewer om die ideaal van 'n veelrassige en demokratiese Suid-Afrika aan die lewe te hou. Dit kan as die belangrikste bydrae van haar politieke loopbaan beskou word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## BRONNELYS


I. PRIMêRE BRONNE

A. Persoonlike en ander versamelings en dokumente

a. *Sentrale Argiefbewaarplek*

Generaal J.C. Smuts-versameling.
NTS 9675, Lêer 617/400.
JuS 267, Lêer 3/1064/18.

b. *Natalse Argiefbewaarplek*

Boedel van John Hodgson, (nr. 368/1927).

c. *Meester van die Hooggeregshof, Kaapstad*

Boedel van V.M.L. Ballinger, (nr. 1149/80).
Boedel van W.G. Ballinger, (nr. 4975/74).

d. *Departement van Binnelandse Sake*

Sterftesertifikate van W.G. Ballinger en V.M.L. Ballinger.

e. *Argief van die Mielieraad*

Lêer ten opsigte van aanstellings van lede tot die Mielieraad.

f. *Somerville-kollege (Oxford)*

Amptelike studenterekord van M. Hodgson.
Amptelike uitknipselboek van Somerville-kollege.

g. *Universiteit van Suid-Afrika*

Z.K. Matthews-versameling.
Verenigde Party-versameling.
Frank Waring-versameling.
C.F. Stallard-versameling.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

h. *Universiteit van die Witwatersrand*

Ballinger-versameling.

J.D. Rheinallt Jones-versameling.

Liberal Party Records (mikrofilm).

Liberal Party (South Africa), Transvaal Province Division Records, 1959 - 1963 (mikrofilm).

Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge-versameling.

A.B. Xuma-versameling.

J. Howard Pim-versameling

E.T. Stubbs-versameling

i. *Universiteit van Kaapstad*

V.M.L. Ballinger-versameling.

W.G. Ballinger-versameling.

L. Marquard-versameling.

D.B. Molteno-versameling.

O.D. Wollheim-versameling.

j. *Universiteit van Pretoria*

M.D.C. de Wet Nel-versameling.

k. *Instituut vir Eietydse Geskiedenis*

E.G. Jansen-versameling.

C.R. Swart-versameling.

Nasionale Party van die OVS-versameling.

l. *Killie Campbell Africana-Biblioteek*

D.M. Buchanan-versameling.

m. *Rhodes House, Oxford*

London Group on African Affairs.

n. *Hull Central Library*

Winifred Holtby-versameling.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

o. <u>*Argief van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Kaapland)*</u>

Hugenote-Kollege-versameling.

p. <u>*Mev. M. Macmillan - Dorchester-on-Thames (Private besit)*</u>

W.M. Macmillan-versameling.

q. <u>*Mev. J.M. Stuart (Private besit)*</u>

W.H. Stuart: The Schreiners, (Ongepubliseerde familiegeskiedenis).

r. <u>*Johannesburgse Openbare Biblioteek (Africana-afdeling)*</u>

A. Hepple: The South African Labour Party 1908-1958, A memoir, (Ongepubliseerde manuskrip).

B. <u>Gepubliseerde Primêre Bronne</u>

Van der Poel, J. (red.): <u>Selections from the Smuts papers</u>, vol. vi, (Cambridge, 1973).

C. <u>Amptelike publikasies</u>

Debatte van die Volksraad 1932, 1938, 1949.
House of Assembly Debates, 1938-1960.
Debatte van die Senaat, 1949.
Senate Debates, 1958.
Staatskoerant, 1936, 1937, 1948.
Ciskeian General Council: Proceedings at the Session 1948.
Verbatum report of the proceedings of the Natives Representative Council, 14th and 15th August 1946.

D. <u>Wette</u>

Die Naturelleverteenwoordigingswet, Wet no. 12 van 1936.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

II. SEKONDêRE BRONNE

A. Boeke


Ballinger, M.: From union to apartheid. A trek into isolation, Cape Town, 1969.

Barlow, A.: That we may tread safely, Cape Town, 1960.

Barnard, S.L., Marais, A.H.: Die Verenigde Party: Die groot eksperiment, Durban, Pretoria, 1982.

Basson, J.L.: J.G. Strijdom - Sy politieke loopbaan van 1929 tot 1948, Pretoria, 1980.

Benson, M.: Tshekedi Khama, London, 1960.

Berlin, I. Russian thinkers, London, 1984.

Beyers, C.J. (red.): Dictionary of South African biography, vol. III, Cape Town, 1977.

Black, C.E., E.C Helmreich: Twentieth century Europe, Vierde uitgawe, New York, 1972.

Blackwell, L.: Farewell to parliament, Pietermaritzburg, 1946.

Botha, J.: Verwoerd is dead, Cape Town, 1967.

Bozzoli, B.: (red) Township and protest: Studies in the social history of the Witwatersrand, Johannesburg 1979.

Brittain, V.: The women at Oxford, London, 1960.

Brittain, V.: Testament of friendship, London, 1940.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Brookes, E.H.: RJ. In appreciation of the life of John David Rheinallt Jones and his work for the betterment of race relations in Southern Africa, Johannesburg, 1953.

Brookes, E.H.: The colour problems of South Africa, Lovedale, 1934.

Brookes, E.H.: A South African pilgrimage, Johannesburg, 1977.

Bunting, B.: Moses Kotane, South African revolutionary, London, 1975.

Butler, J., Elphick, R., Welsh, D. (reds): Democratic Liberalism in South Africa. Its history and prospect, Cape Town, 1987.

Cloete, B.: Die lewe van senator F.S. Malan (President van die Senaat), Johannesburg, 1946.

Clarke, J.: Like it was, The Star 100 years in Johannesburg, Kimberley, 1987.

Coetzer, P.W., Le Roux, J.H. (reds): Die Nasionale Party, Deel 4, Bloemfontein, 1986.

Currey, R.F.: Rhodes University 1904-1970, A chronicle, Grahamstown, 1970.

Davenport, T.R.H.: South Africa. A modern history, Johannesburg, 1987.

De Villiers, D. en J.: Paul Sauer, Kaapstad, 1977.

Driver, C.J.: Patrick Duncan. South African and Pan-African, London, 1980.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Du Plessis, W.: Die goue draad, Johannesburg, 1970.

East London centenary 1848-1948, Official souvenir brochure.

Egeland, L.: Bridges of understanding, Cape Town, 1977.

Friedman, B.: Smuts, a reappraisal, Johannesburg, 1975.

Gerhart, G.M.: Black power in South Africa. The evolution of an ideology, California, 1979.

Haigh, S.: Strangers may be present, Cape Town, 1951.

Hancock, W.K.: The fields of force 1919-1950, Cambridge, 1968.

Hellman, E.: Handbook on race relations in South Africa, Cape Town, 1949.

Henderson, R.H.: An Ulsterman in Africa, Cape Town, 1949.

Hepple, A.: Verwoerd, Harmondsworth, 1967.

Hindson, D.C. (red.) Working papers on southern African studies, vol. 3, Johannesburg, 1983.

Hodgson, M.L. & Ballinger, W.G. Indirect rule in southern Africa, (no. 1), Basutoland, Lovedale, 1931.

Hoernlé, R.F.A.: South African native policy and the liberal spirit, Pietermaritzburg, 1939.

Holy Rosary Convent, Commemorative Magazine 1867-1982.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hooper, C.: Brief authority, Cape Town, 1989.

Ingham, K.: Jan Christian Smuts, The conscience of a South African, Johannesburg, 1986.

Joubert, D.: Brandpunte 5. Die Kaapse stemreg. Verteenwoordiging vir swart en bruin in 1936, Kaapstad, 1974.

Joubert, D.: Brandpunte 6. Met iemand van 'n ander kleur, Kaapstad, 1974.

Karis, T., Carter, G.M.: From protest to challenge, vol. 2, Hope and challenge 1935-1952, Stanford, 1987.

Kenny, H.: Architect of apartheid. H.F. Verwoerd - an appraisal, Johannesburg, 1980.

Kentridge, M.: I recall, Johannesburg, 1959.

Krüger, D.W.: The making of a nation, Johannesburg, 1971.

Lacey, M.: Working for boroko, Johannesburg, 1981.

Lategan, F.V.: Skrywers in woord en beeld, Johannesburg, 1979.

Lawrence, J.: Harry Lawrence, Cape Town, 1978.

Lewsen, P.: Voices of protest, Johannesburg, 1988.

Lipton, M.: Capitalism and apartheid in South Africa, 1910-1986.

Lodge, T.: Black politics in South Africa since 1945, Johannesburg, 1983.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Long, B.K.: In Smuts's camp, London, 1945.

Luthuli, A.: Let my people go, Glasgow, 1978.

Macmillan, H., Marks, S. (reds): Africa and empire. W.M. Macmillan, historian and social critic, London, 1989.

Macmillan, M.: Champion of Africa. The second phase of the work of W.M. Macmillan, 1934-1974, Long Wittenham, 1985.

Macmillan, W.M.: My South African years, Cape Town, 1975.

Marks, S., & Trapido, S.: The politics of race, class and nationalism in twentieth-century South Africa, New York, 1987.

Matthews, Z.K. Freedom for my people, Cape Town, 1981.

McCracken, J.L.: The Cape Parliament 1854-1910, Oxford, 1967.

Mielieraad 1935-1985, Pretoria, 1986.

Muller, C.F.J. (red.): Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis, Pretoria, 1980.

Munger, E.S. (red.) The Afrikaners, Cape Town, 1979.

Murray, B.K.: Wits, the early years, Johannesburg, 1982.

Mweli Skota, T.D.: The African yearly register being an illustrated national biographical dictionary (Who's Who) of black folks in Africa, Johannesburg, s.j.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Nicholls, G.H.: South Africa in my time, London, 1961.

Nienaber, P.J.: Hier is ons skrywers, Johannesburg, 1949.

Parlementêre register 1910-1961, Volksraad, 1970.

Paton, A.: Hofmeyr, Cape Town, 1964.

Paton, A.: Journey continued, Cape Town, 1988.

Paton, A.: Save the beloved country, Johannesburg, 1988.

Perham, M.: African apprenticeship, New York, 1974.

Reitz, D.: No outspan, London, 1942.

Rhoodie, N.J., Venter, H.J.: Die apartheidsgedagte, Pretoria, 1960.

Rich, P.B.: White power and the liberal conscience. Racial segregation and South African liberalism 1921-1960, Johannesburg, 1984.

Robertson, J.: Liberalism in South Africa 1948-1963, Oxford, 1971.

Roux, E.: Time longer than rope, Wisconsin, 1978.

Rodseth, F.: Ndabazabantu. The life of a Native Affairs administrator, Johannesburg, 1984.

Saunders, C.: The making of the South African past major historians on race and class, Cape Town, 1988.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Scher, D.: Donald Molteno: "Delizintaba - He-who-removes-mountains", Johannesburg, 1979.

Schoeman, B.: My lewe in die politiek, Johannesburg, 1978.

Schoeman, B.M.: Van Malan tot Verwoerd, Kaapstad, 1973.

Schoeman, B.M.: Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976, Pretoria, 1977.

Scholtz, G.D.: Dr. Hendrik Frensch Verwoerd 1901-1960, Johannesburg, 1974.

Scholtz, G.D.: Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe 1888-1940, Johannesburg, 1944.

Segal, R.: Political Africa, A who's who of personalities and parties, London, 1961.

Solomon, B.: Time remembered, Cape Town, 1968.

South African Law Report 1950, Deel IV.

South African who's who 1925-1926.

Spottiswoode, H.: South Africa the road ahead, Cape Town, 1960.

Strangwayes-Booth, J.: A cricket in the thorn tree. Helen Suzman and the Progressive Party, Johannesburg, 1976.

Stultz, N.M.: The Nationalists in opposition, Cape Town, 1974.

Tabata, I.B.: The awakening of a people, Nottingham, 1974.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tatz, C.M.: Shadow and substance in South Africa: A study in land and franchise affecting Africans 1910-1960, Pietermaritzburg, 1962.

Thompson, L.M.: The unification of South Africa 1902-1910, Oxford, 1960.

Van der Byl, P.: Top hat to velskoen, Cape Town, 1973.

Van der Byl, P.: The shadows lengthen, Cape Town, 1973.

Van Rooyen, J.J.: Die Nasionale Party. Sy opkoms en oorwinning - Kaapland se aandeel, Kaapstad, 1956.

Van Wyk, A.: Vyf dae, Oorlogskrisis van 1939 - 'n Spanningsverhaal uit S.A. se geskiedenis, Kaapstad, 1985.

Walker, O.: Kaffirs are lively, London, 1948.

Walshe, P.: The rise of African nationalism in South Africa, London, 1982.

Wickins, P.L.: The ICU of Africa, Cape Town, 1978.

Wilks, T.: Douglas Mitchell, Durban, 1980.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

B. Tydskrifaftikels

Alexander, N.: Aspects of non-collaboration in the Western Cape 1943-1963, (Social Dynamics, vol. 12, nr. 1, 1986).

Ballinger, M.: "Catholic social doctrine and the native in South Africa", (Catholic Times of South Africa, Maart 1937).

Ballinger, M.: "Native life in South African towns", (Journal of the Royal African Society, Julie 1938).

Ballinger, M.: "Some problems of the control of native education", (The Transvaal Educational News, April 1939).

Ballinger, M.: "The rehabilitation of Bantu life", (Catholic Times of South Africa, Junie 1939).

Ballinger, M.: Die oorlog en die "halwe ape", (Trek, 21 November 1941).

Ballinger, M.: "Why farmers are short of labour", (The Farmer's Weekly, 24 Junie 1942).

Ballinger, M.: "Post-war reconstruction and native policy", (South African Journal of Science, Junie 1943).

Ballinger, M.: "Killing a market", (South African Industry and Trade, September 1944.

Ballinger, M.: "Industry versus trade", (South African Industry and Trade, Oktober 1944.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ballinger, M.: "A scientific approach to the problem of post-war employment and the non-European", (South African Journal of Science, Februarie 1945).

Ballinger, M.: "Skilled versus unskilled labour", (South African Industry and Trade, April 1945.

Ballinger, M.: "Mass illiteracy and our industrial future", (South African Industry and Trade, April 1946).

Ballinger, M.: "The industrial colour bar in South Africa", (African World, November 1946).

Ballinger, M.: "Mev. V.M.L. Ballinger, L.V. sê die vrou se politieke kombuistyd is verby", (Die Huisgenoot, 18 Mei 1951).

Ballinger M.: "Revival of the liberal tradition", (The Forum, Junie 1952).

Ballinger, M.: "This crisis is different", (The Forum, Junie 1952).

Ballinger, M.: "South Africa's last five years", (African World, Maart 1953).

Ballinger, M.: "Apartheid and the African worker", (African World, Oktober 1955).

Ballinger, M.: "African land and property rights", (Africa South, April-Junie 1957).

Ballinger, M.: "Native representatives to go. Another disastrous step back", (The Forum, Mei 1959.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ballinger, M.: "As I see it", (The Forum, Januarie 1960).

Ballinger, M.: "South Africa's crisis year", (African World, Augustus 1960).

Botha, A.: "Waarnemer van die geskiedenis", (De Kat, Februarie 1989).

Davenport, T.R.H.: The Triumph of Colonel Stallard: The transformation of the Natives (Urban Areas) Act between 1923 and 1937, (Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, nr. 2, November 1970).

Edgecombe, D.R.: "The non-racial franchise in Cape politics, 1853-1910", (Kleio, Junie 1978).

Forum: Liberalism in South Africa, (Social Dynamics, vol. 10, nr. 1, 1984).

Friedgut, A.J.: "Crusader for economic sense", (The Forum, 6 April 1946).

Gell, C.W.M.: "Liberal Party - A reply", (The Forum, Februarie 1956).

Hodgson, M.: "The Hottentots in South Africa: A problem in labour and administration", (South African Journal of Science, 1924).

Horn, P.: Donald Molteno and South African liberalism, (Social Dynamics, vol. 5, nr. 2, 1979).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Horton, J.W.: "South Africa's joint councils: Black-White co-operation between the two World Wars", (Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, November 1972).

Kallaway, P.: F.S. Malan, the Cape liberal tradition, and South African politics 1908-1929, (Journal of African History, nr. 1, 1974).

Legassick, M.: Race, industrialization and social change in South Africa: The case of R.F.A. Hoernlé, (African Affairs, vol. 75, 1976).

MacCarthy, H.: "How SA nurses achieved self-government", (SA Verpleegsterstydskrif, Februarie 1948).

Marais, D.: "The voice of ten million", (Milady, Julie 1955).

Mdledle, B.B.: "A tribute to the late Gordon K. Hemming, M.P.", (The South African Outlook, 1 Mei 1947).

Moodie, Durban T.: The South African state and industrial conflict in the 1940's", (The International Journal of African Historical Studies, vol. 21, nr. 1, 1988).

Rich, P.: Liberalism and ethnicity in South African politics, (African Studies, vol. 35, nr. 3-4, 1976).

Roth, M.: "If you give us rights we will fight": Black involvement in the Second World War, (Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, nr. 15, 1983).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Scher, D.M.: "Teaching and making history. The remarkable career of Margaret Ballinger", (Kleio, vol. XIII, 1981).

Schoeman, P.J.: "Territoriale segregasie enigste doeltreffende naturelle beleid vir Suid-Afrika", (Wapenskou, Junie 1941).

Van der Merwe, W.: Die Berlynse Sending en "Apartheid" in Suid-Afrika, (Historia, vol. 32, nr. 1, 1987).

*Outeurs anoniem*

"Margaret Ballinger. Crisis point in a brilliant career", (The Forum, 10 November 1950).

"Liberal Party analysed", (The Forum, Desember 1956).

"Opening of 'Elukhanyisweni'", (The South African Outlook, 2 Junie 1941).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

C. <u>Ongepubliseerde seminare en toesprake</u>

Brown, P.: "The Liberal Party", (A chronology with comment, Liberal Party workshop, 17-19 July 1985, Institute of Social and Economic Research, Rhodes University).

Davenport, T.R.H.: The Smuts government and the Africans, 1939-48. (University of London, Institute of Commonwealth Studies. Collected seminar papers, vol. 5, 1974).

Everatt, D.: "'Frankly Frightened': The Liberal Party and the Congress of the People", (Paper delivered at the Institute for Social and Economic Research, Rhodes University, 14 April 1987).

Haggei, D.: "The story of African self help", (Mei 1986).

Kinkead-Weekes, B.: Donald Molteno and the politics of "native representation" in Cape Town, 1936-48. (Africa seminar, Centre for African Studies, University of Cape Town, 6 September 1989).

Legassick, M.: The rise of modern South African liberalism: Its assumptions and its social base. (Institute of Commonwealth Studies, University of London, g.d.).

Lodge, T.: Patrick Duncan and radical liberalism, (Centre for African Studies, Africa seminar: collected papers, Universiteit van Kaapstad, vol. 1/1978).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Macmillan, H.: "'Paralyzed Conservatives'. W.M. Macmillan, the social scientists, and 'the common society', 1923 - 1948", (Conference to mark the centenary of the birth of W.M. Macmillan, 4-5 Ocober 1985, Institute of Commonwealth Studies, University of London).

Smit, A.P., Wessels, A.: "Fagan and Tomlinson: Twee perspektiewe ten opsigte van verstedeliking", (Konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging, Universiteit van Stellenbosch, 1987).

Van Rensburg, E.J.: Fabianisme, Universiteit van Pretoria, 1983.

D. Ongepubliseerde proefskrifte, verhandelinge en skripsies

Bell, M.M.S.: The politics of administration: A study of the career of Dr D.L. Smit with special reference to his work in the Department of Native Affairs, 1934 - 1945, (M.A.-verhandeling, Rhodes Universiteit, 1978).

Bouch, R.J.: The South African Party and the National Party in the Eastern Cape 1919-1924, (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand, 1979).

Bridgman, F.B.: The native franchise in the Union of South Africa, (Ph.D., Yale University, 1939).

Cameron, J.T.: An analysis of Smuts's attitude towards Hertzog's 'Native Bills' from 1926 to 1936, (M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1982.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Fick, A.J.: Die Dominiumparty in Suid-Afrika, 1934-1948, (D.Litt. et Phil., Universiteit van Suid-Afrika, 1979).

Grundlingh, L.W.F.: The participation of South African blacks in the Second World War, (D.Litt. et Phil., Randse Afrikaanse Universiteit, 1986).

Haasbroek, D.J.P.: Die ontstaan van die nie-blanke stemreg en die verskansing daarvan in die Suid-Afrika-Wet van 1909, (D.Phil., Universiteit van Stellenbosch, 1957).

Haines, R.J.: Dr Edgar H. Brookes and the liberalism of the 1930s, (B.A. Hons.-skripsie, Universiteit van Natal, 1975).

Haines, R.J.: The opposition to General J.B.M. Hertzog's segregation bills, 1925-1936: A study in extra-parliamentary protest, (M.A.-verhandeling, Universiteit van Natal, 1978)

Haines, R.J.: Politics of philanthropy and race relations: The joint Councils of South Africa, 1921-1955, (Onvoltooide D.Phil. Universiteit van Londen).

Higgs, C.A.: The political thought and career of Edgar H. Brookes, (M.A.-verhandeling, Queens University, 1984).

Krikler, J.M.: The South African Party and Cape franchise 1926-1936, (B.A. Hons.-skripsie, Universiteit van Kaapstad, 1980).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Kruger, H.B.: Die politieke aspekte van Generaal J.B.M. Hertzog se naturellebeleid vanaf unifikasie tot aan die einde van sy parlementêre loopbaan, (D.Phil., Universiteit van Suid-Afrika, 1976).

Naidoo, J.: W.M. Macmillan: South African historian, (M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1983).

Rich, P.B.: The dilemmas of South African liberalism: White liberals, racial ideology and the politics of social control in the period of South African industrialization, 1887 to 1943, (D.Phil., Universiteit van Warwick, 1979).

Roth, M.: The Natives Representative Council, 1937-1951, (D.Phil., Universiteit van die Witwatersrand, 1987).

Scher, D.M.: The disenfranchisement of the coloured voters, 1948-1956, (D.Litt. et Phil., Universiteit van Suid-Afrika, 1983).

Udeman, E.: The published works of Margaret Livingstone Ballinger, (Bibliografie, Universiteit van die Witwatersrand, 1968).

E. <u>Pamflette</u>

Ballinger, M.: All Union politics are native affairs, (Pamflet van die Friends of Africa, 1945).

Ballinger, M.: The constitutional and political issues, (Chaos -- or co-operation?, (Pamflet uitgereik deur die Civil Rights League 1951.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Molteno, D.B.: The betrayal of native representation, (South African Institute of Race Relations, 1959, 1958).

New Africa Pamphlet no. 4, Political representation of Africans in the Union, (South African Institute of Race Relations, 1942).

F. <u>Koerante</u>

Arthur Barlows Weekly, 1945,
Contact, 1960
Daily Dispatch, 1937, 1948
Die Burger, 1938-1960
Die Oosterlig, 1948
Die Transvaler, 1948-1950
Die Volksblad, 1948-1950
Eastern Province Herald, 1948, 1960
Imvo Zabantsundu, 1937, 1948
Inkululeko, 1948
Inkundla Ya Bantu, 1948
Liberal News, 1954
Rand Daily Mail, 1938-1960
Manchester Guardian, 1938
Saturday Post, 1948
Sunday Times, 1946, 1948, 1950, 1960, 1961
The Bantu World, 1937, 1947
The Cape Argus, 1938-1960
The Cape Times, 1938-1960
The Daily Representative, 1937, 1945, 1948
The Guardian, 1938, 1944, 1945, 1948
The Mercury (King William's Town), 1948
The Natal Advertiser/Daily News, 1927, 1938-1960
The Natal Mercury, 1938-1960
The Natal Witness, 1938-1960
The Star, 1938-1960
Umlundi we Nyanga, 1937
Umteteli wa Bantu, 1937, 1942, 1945-1948.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

III. ONDERHOUDE

| | |
|---|---|
| F.Barnard | 2Junie 1988 |
| J. Basson | 12 Desember 1986 |
| M.C. Botha | 4 Desember 1986 |
| J.L. Buchanan | 13 Julie 1988 |
| B. Bunting | 15 Februarie 1989 |
| B.Curran | 18 Desember 1986 |
| Z. de Beer | 22 September 1986 |
| W. du Plessis | 4 Desember 1986 |
| A. de Villiers | 2 Februarie 1989 |
| R. de Villiers | 14 Desember 1986 |
| J. Gibson | 18 Desember 1986 |
| D. Haggei | 4 Augustus 1986 |
| S. Haigh | 20 Januarie 1989 |
| H. Jaff | 7 Augustus 1986 |
| C.R. Jones | 27 April 1989 |
| C.A. Kimber | 8 Maart 1989 |
| J.S. Labuschagne | 1 Augustus 1986 |
| L.B. Lee-Warden | 15 Desember 1986 |
| P. Lewsen | 1 September 1986; 25 Januarie 1989 |
| M. Macmillan | 20 Februarie 1989 |
| F. Malan | 29 September 1987 |
| J.A. Marais | 31 Julie 1986 |
| H. Martins | 6 Augustus 1986 |
| F.B. Moore | 7 Maart 1989, 2 Junie 1989 |
| V. Raw | 4 Augustus 1987 |
| T.C. Robertson | 1 Augustus 1988 |
| A.E.P. Scheepers | 29 Mei 1989 |
| G.D.L. Schreiner | 12 Mei 1989 |
| C. Searle | 11 Julie 1988 |
| H., Snitcher | 4 Mei 1989 |
| W. Stanford | 17 Desember 1986 |
| J. Steytler | 30 Desember, 1986 |
| P.J. Schoeman | 8 April 1986; 23 Januarie 1987 |
| E. Stott | 13 November 1987 |
| H. Suzman | 2 Augustus 1986; 9 Januarie 1989 |
| J. Unterhalter | 30 November 1987 |
| F.A. van Jaarsveld | 1 Oktober 1987 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

| | |
|---|---|
| J. Waring | 1 Augustus 1988 |
| D. Welsh | 3 Februarie 1989 |
| O.D. Wollheim | 16 Desember 1986; 2 Augustus 1986 |

Prof. J.B. Britz met J.E. Potgieter

D. Scher met mev. M. Molteno - 16 Februarie 1976.

IV. KORRESPONDENSIE

| | |
|---|---|
| A. Bloomberg | 16 Februarie 1987 |
| P. Brown | 11 September 1986 |
| F. Epstein | 31 Desember 1987 |
| Sir De Villiers Graaff | 29 Augustus 1986 |
| G. Hughes | 29 Julie 1987; 19 Oktober 1987 |
| J.S. Labuschagne | 14 Augustus 1986 |
| E.G. Malan | 1 Oktober 1987 |
| L. Martin | 2 September 1987 |
| H. Oppenheimer | 26 Augustus 1986 |
| A. Paton | 22 Augustus 1986 |
| R. Swart | 15 September 1986 |
| O.D. Wollheim | 14 Augustus 1986; 3 Desember 1987 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## OPSOMMING


### DIE POLITIEKE LOOPBAAN VAN MARGARET BALLINGER



Kandidaat : Frances Alexander Mouton
Departement : Geskiedenis
Promotor : Dr. D.H. Heydenrych
Graad : D.Phil.



Margaret Ballinger is op 11 Januarie 1894 as die jongste kind van Lilias en John Hodgson in Glasgow, Skotland, gebore. In 1904 het die gesin na Suid-Afrika geëmigreer. Na 'n briljante skoolloopbaan het sy 'n M.A. in Geskiedenis aan Oxford behaal, waarna sy 'n senior lektrise in Geskiedenis by die Universiteit van die Witwatersrand was. Haar akademiese loopbaan is in 1935 weens haar huwelik met die bekende vakbondleier, William Ballinger, beëindig omdat getroude vroue nie toegelaat is om permanente betrekkinge te beklee nie. Hierna het Ballinger haar tot die politiek gewend. Alhoewel sy geen parlementêre ambisies gehad het nie en die Naturelleverteenwoordigingswet van 1936 ten sterkste geopponeer het, het sy haar wél in 1937 in die Oos-Kaapse naturellekieskring as 'n kandidaat van die "African National Congress" verkiesbaar gestel. Dit was in terme van haar politieke filosofie om van alle geleenthede gebruik te maak om segregasie in Suid-Afrika te beveg. Ballinger het die setel teen sterk opposisie op 'n merkwaardige wyse verower en 23 jaar lank verteenwoordig.

In die Volksraad het Ballinger haar as 'n briljante parlementariër onderskei en sy het 'n reputasie opgebou as een van Suid-Afrika se bekwaamstes ooit. Aansluitend daarby het sy haar as 'n onvermoeide verteenwoordiger van haar kiesers se belange onderskei. Dit, tesame met haar stryd as 'n onwrikbare opponent van enige rasse- of politieke onverdraagsaamheid, het Ballinger 'n internasionaal bekende persoonlikheid gemaak. Hierdie prestasie het egter heelwat moed, durf en opofferings van haarr as 'n


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

onafhanklike vereis. Dat sy wél bereid was om hierdie opofferings vir haar ideaal van 'n veelrassige en demokratiese Suid-Afrika te maak, blyk uit haar leierskap van die Liberale Party - 'n Party wie se stigting sy geopponeer het, terwyl sy ook nie die leierskap daarvan begeer het nie.

Die tragedie van Ballinger se politieke loopbaan was dat sy in 1960 met haar gedwonge uittrede kragtens die Wet op die Bevordering van Bantoe-Selfbestuur (1959) prakties geïsoleer en verwerp was. Vir die toenemende militante swartes was sy té gematig, terwyl sy weer vir die blankes van Suid-Afrika té radikaal was. Hierdie isolasie is vererger deur die feit dat sy nooit deel van die liberale hoofstroom was nie. In die twintiger- en dertigerjare is sy as té radikaal geag, terwyl sy teen die vyftigerjare as té konserwatief geoordeel is. Dat haar uittrede saam met die geweldpleging en noodtoestand van 1960 moes val, was 'n bitter pil vir Ballinger. Sy het gevoel dat sy in al haar politieke doelwitte gefaal het. Die teenoorgestelde is egter waar, deurdat Ballinger die vlam van Suid-Afrikaanse liberalisme en die ideaal van 'n veelrassige demokrasie in Suid-Afrika tydens haar merkwaardige parlementêre loopbaan aan die lewe gehou het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## SUMMARY

## MARGARET BALLINGER'S POLITICAL CAREER

Candidate : Frances Alexander Mouton
Department : History
Promoter : Dr D.H. Heydenrych
Degree : D.Phil.

Margaret Ballinger was born in Glasgow, Scotland, on 11 January 1894 and was the youngest child of Lilias and John Hodgson. The family emigrated to South Africa in 1904. After a brilliant school career, she completed an M.A. in History at Oxford and thereafter became a senior lecturer in History at the University of the Witwatersrand. Her academic career ended in 1935 due to her marriage to the well-known trade union leader, William Ballinger, as married women were not allowed to hold permanent posts. After this Ballinger devoted herself to politics. Although she had no parliamentary ambitions, and strongly opposed the Representation of Natives Act of 1936, she made herself available as an African National Congress candidate in the Eastern Cape native electoral circle in 1937. This was a result of her political philosophy to use every opportunity to fight segregation in South Africa. Ballinger won the seat in spite of strong opposition and represented it for a period of 23 years.

In the House of Assembly Ballinger distinguished herself as a brilliant parliamentarian and was reputed to be one of South Africa's most able politicians. In addition, she proved to be an untiring representative of her voters. This, together with the fact that she opposed any racial or political intolerance, made Ballinger an internationally known personality. This achievement took a lot of courage and sacrifices from her as an independent. That she was prepared to make these sacrifices in order to 7

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

achieve her ideal of a multiracial and democratic South Africa, is shown by her leadership of the Liberal Party - a party whose founding she opposed and whose leadership she did not seek.

The tragedy of Ballinger's political career was that she was politically isolated and rejected by her constituents at the time of her forced retirement in terms of the Promotion of Bantu Self Government Act of 1959. She was too moderate for the increasingly militant blacks, and too radical for the whites of South Africa. This isolation was aggravated by the fact that she never was part of the liberal main stream. During the twenties and thirties she was considered to be too radical, and during the fifties she was regarded as being too conservative. The fact that her retirement coincided with the violence and the state of emergency of 1960 was a bitter one for Ballinger. She felt that she had failed in all her political goals. However, the opposite is true, as Ballinger in fact kept the flame of South African liberalism and the ideal of a multiracial and democratic South Africa burning throughout her amazing parliamentary career.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021